UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

JACOBS, JOHAN

# *SECHABA* AS MONDSTUK IN DIE ANC SE STRYD TEEN BLANKE OORHEERSING, 1967-1989

DPhil UP 1992

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SECHABA AS MONDSTUK IN DIE ANC SE STRYD TEEN BLANKE OORHEERSING, 1967-1989

deur

JOHAN JACOBS

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad D.Phil
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Universiteit van Pretoria, PRETORIA

November 1992

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUDSOPGAWE

*LYS VAN AFKORTINGS* iii

*DANKBETUIGING* 1

*VOORWOORD* 2

*HOOFSTUK 1*
DIE LOODSING EN BEDRYF VAN SECHABA 5

*HOOFSTUK 2*
PROPAGANDA: 'n ALGEMENE PERSPEKTIEF 21

*HOOFSTUK 3*
AANWENDING VAN SECHABA TER MOBILISERING
VAN STEUN IN SUID-AFRIKA:

- A: VROUE EN VROUE-ORGANISASIES 58
- B: JEUG EN STUDENTE 78
- C: KERKE EN TEOLOGIE 92
- D: NASIONALISME 108

*HOOFSTUK 4*
SECHABA SE ROL IN DIE VELDTOG OM DIE
FREEDOM CHARTER TE VERPOPULARISEER 116

*HOOFSTUK 5*
SECHABA SE ROL TER BEREIKING VAN DIE ANC
SE STRATEGIESE DOELWIT EN IDEOLOGIE 138

*HOOFSTUK 6*
SECHABA SE ONTLEDING VAN AFRIKANERS
EN DIE APARTHEIDSTELSEL 182

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*HOOFSTUK 7*
SLOTBESKOUING 231

*BRONNE* 237

*OPSOMMING* 246

*SUMMARY* 248

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| *ANC:* | AFRICAN NATIONAL CONGRESS |
| *AZAPO:* | AZANIAN PEOPLE'S ORGANISATION |
| *BCMA:* | BLACK CONSCIOUSNESS MOVEMENT OF AZANIA |
| *BPC:* | BLACK PEOPLES' CONVENTION |
| *CPC:* | COLOURED PEOPLE'S CONVENTION |
| *DDR:* | DUITSE DEMOKRATIESE REPUBLIEK |
| *FEDSAW:* | FEDERATION OF SOUTH AFRICAN WOMEN |
| *FEDTRAW:* | FEDERATION OF TRANSVAAL WOMEN |
| *IDASA:* | INSTITUTE FOT A DEMOCRATIC SOUTH AFRICA |
| *KPSA:* | KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA |
| *MWT:* | MARXIST WORKERS' TENDENCY |
| *NF:* | NATIONAL FORUM |
| *NP:* | NASIONALE PARTY |
| *NUK:* | NASIONALE UITVOERENDE KOMITEE |
| *PAC:* | PAN AFRICANIST CONGRES |
| *SACTU:* | SOUTH AFRICAN CONGRESS OF TRADE UNIONS |
| *SAIC:* | SOUTH AFRICAN INDIAN CONGRESS |
| *SAIRV:* | SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR RASSE AANGELEENTGHEDE |
| *SAKBR:* | SUIDER-AFRIKAANSE KATOLIEKE BISKOPPERAAD |
| *SAKP:* | SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY |
| *SAP:* | SUID-AFRIKAANSE POLISIE |
| *SARK:* | SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE |
| *SASO:* | SOUTH AFRICAN STUDENTS ORGANISATION |
| *SAW:* | SUID-AFRIKAANSE WEERMAG |
| *SAYCO:* | SOUTH AFRICAN YOUTH CONGRESS |
| *UDF:* | UNITED DEMOCRATIC FRONT |
| *USSR:* | UNIE VAN SOWJET SOSIALISTIESE REPUBLIEKE |
| *WRK:* | WêRELD RAAD VAN KERKE |
| *ZANU:* | ZIMBABWE AFRICAN NATIONAL UNION |
| *ZAPU:* | ZIMBABWE AFRICAN PEOPLE'S UNION |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**DANKBETUIGING**

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om my opregte dank teenoor die personeel van die volgende instansies uit te spreek: Die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad, die Merensky-biblioteek van die Universiteit van Pretoria en die Staatsbiblioteek in Pretoria.

'n Spesiale woord van dank aan my studieleier, dr JEH Grobler, wat die heelpad saam met my beweeg, my van raad van onskatbare waarde bedien en my met sy entoesiasme vir die vak besiel het. Aan al my vriende en kollegas, in besonder Ando Donkers, wat belangstelling in my navorsing getoon en my met raad en daad bygestaan het, wil ek my opregte waardering betuig. 'n Spesiale dankie aan Elsabé Düring.

Ten slotte wil ek die grootste dankie vir my ouers reserveer wat my met hulle liefde, begrip en geduld ondersteun het. Dit is so beskik dat my vader nie die resultaat van my navorsing met my kan deel nie. Daarom dra ek graag hierdie studie aan sy nagedagtenis op.

J JACOBS
OKTOBER 1992

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## VOORWOORD

Die ontbanning van die African National Congress (ANC) en ander organisasies op 2 Februarie 1990 het bekende implikasies op politieke terrein vir Suid-Afrika ingehou. Dit het egter ook gevolge vir navorsers meegebring deurdat 'n magdom inligting wat voorheen ontoeganklik geag is, eensklaps binne bereik geplaas is. Die ANC se amptelike mondstuk, Sechaba, is een van daardie inligtingsbronne wat meer toeganklik geword het.

Sechaba is sedert sy loodsing gedurende 1967 met wat gewissel het vanaf geamuseerdheid en belangstelling tot agterdog en afsku deur Suid-Afrikaners bejeën. Die belangrikste rede hiervoor was dat veral blanke Suid-Afrikaners daarvan oortuig was dat die ANC verteenwoordigend was van alles wat verwerplik is en dus vyand nommer een was. Alles wat met die organisasie te make gehad het, insluitende Sechaba, was dus as taboe beskou. Daarteenoor het swart Suid-Afrikaners veral na 1976 met groter belangstelling en entoesiasme van die ANC begin kennisneem en is die uiteenlopende persepsies oor die organisasie versterk.

Die ANC het Sechaba benut om onder meer internasionaal en nasionaal met sy ondersteuners en steunbasis te kommunikeer - veral om ANC-lede en simpatiseerders oor denke binne die organisasie ingelig te hou. As sodanig het dit 'n eerstehandse blik op die ontwikkeling en groei (op alle vlakke, insluitende op ideologiese gebied) van die ANC gebied. Vanweë die aard van die bedrywighede waarvoor Sechaba benut is, sowel as die aard van die ANC as rewolusionêre organisasie, kan die blad as 'n tipiese voorbeeld van 'n propagandamedium bestempel word.

Die doel van hierdie studie is om die ANC se aanwending van sy amptelike mondstuk, Sechaba, aan die hand van geselekteerde temas te ontleed en vas te stel tot watter mate die blad met sukses aangewend is. In dié proses sal die aard van Sechaba, dit wil sê of dit 'n nuusblad, smeertydskrif of propagandamedium was, die aard van die onderwerpe wat daarin aangespreek is, die ontwikkeling van Sechaba oor jare heen en hoe die blad deur sy teikengroep ervaar is, onder die loep kom. Omrede enige sodanige ondersoek 'n aspek soos propaganda, met gepaardgaande invloede soos openbare mening,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


oorreding en massamedia op die voorgrond plaas, word 'n algemene perspektief oor daardie onderwerpe ook aangebied - veral met die doel om die ANC se aanwending van Sechaba daarteen te toets.

Uiteraard word die navorser deur konflikterende standpunte rakende die sukses al dan nie van Sechaba gekonfronteer. Sodanige standpunte weerspieël meermale die betrokke deelnemer aan die debat se ideologiese standpunt en word sodanige standpunte tot 'n groot mate van hulle benuttingswaarde ontneem. So byvoorbeeld word uit ANC-geledere beweer dat Sechaba met genoegsame sukses aangewend is om die blad 'n ereplek in die organisasie se geskiedenis van verset teen blanke oorheersing te laat beklee. Vir die opponente van die ANC (beide blank en swart) was Sechaba egter sinoniem met die verspreiding van leuens en halwe waarhede - die blad is kortweg as 'n irrelevante propagandamedium afgemaak. Die toetsing van beide kategorieë standpunte word ook in hierdie studie onderneem.

In bestaande studies oor die ANC word hoogstens sydelings na Sechaba verwys en het die blad bloot as bron of verwysing in sodanige studies gefigureer. Bykans dieselfde situasie geld vir navorsing wat in Suid-Afrika oor propaganda as onderwerp gedoen is. Die studieveld oor beide die rol van Sechaba in die ANC se stryd teen blanke oorheersing en oor propaganda lê, wat die Suid-Afrikaanse situasie betref, dus grootliks braak. JC Malan se Propaganda en oorreding wat reeds gedurende 1973 voltooi is, is een van die min uitsonderings in hierdie verband.

Sekondêre bronne oor die rol van Sechaba in die ANC se strategie bestaan, soos hierbo aangedui is, glad nie. Soortgelyke bronne oor propaganda is, met die uitsondering van die gemelde werk van Malan, tot studies wat in die VSA en Brittanje gedoen is beperk. Veral GS Jowett en V O'Donnell se Propaganda en persuasion en Jacques Ellul se Propaganda. The formation of men's attitudes, is nuttig in hierdie verband. Ander sekondêre bronne oor swart versetgeskiedenis in Suid-Afrika is waar moontlik geraadpleeg met die doel om uitlatings wat in Sechaba gemaak is, te korreleer.

Hierdie studie berus egter in 'n hoë mate op primêre bronne en wel op uitgawes van Sechaba. Alle bekende uitgawes van die blad wat tussen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Januarie 1967 en Desember 1989 verskyn het, insluitende enkele spesiale uitgawes ('n totaal van 243 uitgawes), is in hierdie studie verreken.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## HOOFSTUK EEN

## DIE LOODSING EN BEDRYF VAN SECHABA

Nadat die ANC gedurende 1960 verbode verklaar is, het die organisasie ondergronds beweeg. Onder daardie omstandighede het die eksterne missie van die ANC wat in Dar-es-Salaam gesetel was, die beplannings-, organiserings- en leierskapsfunksies van die organisasie se stryd teen blanke oorheersing in Suid-Afrika oorgeneem. Een van die eerste take wat deur daardie leierskader as prioriteit geïdentifiseer is, was om 'n inligtings- en propagandaveldtog van stapel te stuur. Ter bereiking van dié doel sou die loodsing van 'n tydskrif of gereelde joernaal hoog op die voorkeurlys van die ANC wees.[1]

In 'n gedenkartikel om Sechaba se twintigste bestaansjaar gedurende 1987 te herdenk, is die redes vir die aanvanklike loodsing van die blad as volg weergegee: *"There was a need for an ANC journal to be distributed internationally, a journal that would be the voice of the ANC, that would put forward our policies and rally support for the liberation struggle of the people of South Africa."*[2]

In die eerste uitgawe van Sechaba (Januarie 1967) is aangekondig dat die blad daarna sou streef om, benewens as internasionale pleitbesorger van die ANC op te tree, ook as forum te dien waarvandaan die vrese, verwagtinge en standpunte van die *"oppressed, voiceless, landless and rightless African people"* in Suid-Afrika verkondig kon word.[3] Sechaba (of "nasie") sou na bewering in dié opsig van ander nuusblaaie verskil deurdat dit nie op kommersiële sukses ingestel sou wees nie, maar op die onthulling van die "wreedhede" wat onder apartheid teen swartes gepleeg is.[4] As sodanig sou dit as die "mondstuk van die armes" figureer wat totaal van die hulp van vriende vir sy voortbestaan afhanklik sou wees.[5] As amptelike mondstuk van die

---

1. *L Terekhov: "Sechaba: 20 Years of struggle for freedom", in Asia and Africa Today, No 3, 1987, p36.*
2. *Sechaba, May 1987, p27.*
3. *Sechaba, January 1967, p1.*
4. *Ibid.*
5. *Sechaba, December 1968, p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

African National Congress[6] sou Sechaba se selfopgelegde take wees om as 'n *"vehicle of truth the racists will not tell"*[7] en as verkondiger en verdediger van 'n gewelddadige rewolusie in Suid-Afrika op te tree; om aktief aan die stryd self deel te neem en om te verseker dat simpatiekgesindes in beide Suid-Afrika en in die internasionale arena oor die "ware" toestande in Suid-Afrika ingelig word.[8] Dit alles was daarop afgestem om die ANC se gestelde ideaal van 'n nie-rassige demokrasie in Suid-Afrika te verwesenlik.[9]

Die loodsing van 'n propagandablad was ook om twee verdere redes belangrik. Eerstens het die Suid-Afrikaanse regering se optrede teen die ANC en ander swart nasionalistiese organisasies die vestiging en bedryf van 'n mondstuk in die binneland van Suid-Afrika onmoontlik gemaak. Tweedens sou so 'n blad een van die ANC se sogenaamde "internasionalistiese" funksies kon verrig deurdat 'n konstante vloei veelfasettige inligting oor gebeure in Suid-Afrika en ten opsigte van die vordering van die bevrydingstryd aan die internasionale gemeenskap gebied kon word. 'n Internasionale veldtog om die land te isoleer en terselfdertyd solidariteit met die ANC te kweek, sou sodoende moontlik gemaak word.[10]

Die loodsing van Sechaba deur die ANC is heelhartig deur Suid-Afrikaners in ballingskap gesteun. 'n Brief van ene NH Nyadioe-Mokgatle uit Brittanje, wat in die Junie 1967-uitgawe van Sechaba verskyn het, dien ter illustrasie: *"I throw my hat into the air and dance with joy that the African's voice and views will be heard by the ordinary progressive people all over the world."*[11]

Ook vooraanstaande wêreldleiers, waaronder Indira Ghandhi van Indië[12] en Eduardo Mondlane (President van Frelimo), het hulle blydskap met die loodsing van Sechaba uitgespreek. Hulle is deur swart leiers in Suid-Afrika, waaronder YM Dadoo (President van die South African Indian Congress) en Reginald September (Algemene Sekretaris van die Coloured People's

---

6. *Sechaba, January 1967, p10.*
7. *Sechaba, September 1967, p18.*
8. *Sechaba, December 1968, p1.*
9. *Sechaba, December 1967, p1.*
10. *L Terekhov: "Sechaba: 20 Years of struggle for freedom", in Asia and Africa Today, No 3, 1987, p36.*
11. *Sechaba, June 1967, p17.*
12. *Sechaba, January 1967, p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Convention) gesteun in hulle hoop dat Sechaba tot die wêreldwye afkeur in apartheid sou bydra.[13] In latere jare is boodskappe ter ondersteuning van onder meer indiwiduele lede van die Ierse Republikeinse Leër[14] en die Kommunistiese Party van Amerika[15] ontvang.

Dit dien vermeld te word dat Sechaba nie die eerste blad was wat deur die ANC gebruik is nie. Die organisasie het inderwaarheid reeds met sy stigting in 1912 'n koerant, bekend as Abantu-Batho, benut. Hierdie koerant het egter gedurende 1931 ten gronde gegaan. Francis Meli, een van Sechaba se latere redakteurs, het die ondergang van Abantu-Batho aan die houding van die blank-beheerde kommersiële koerante van daardie tyd toegeskryf. Volgens hom het daardie koerante hulleself deur Abantu-Batho se pro-ANC standpunte bedreig gevoel.[16]

Die eerste paar jaar van Sechaba se bestaan was problematies. Die redes hiervoor was nie net dat die ANC verban en talle van sy leiers in gevangeneskap was nie, maar ook dat die beginsels waarvoor die organisasie hom beywer het uit voeling was met die tydsgees wat in Suid-Afrika geheers het - aldus Meli.[17]

Die grootste kopseer vir die ANC gedurende die eerste dekade van Sechaba se bestaan was egter die koste wat met onder meer die verspreiding van die blad gepaard gegaan het. Reeds in die eerste uitgawe van Sechaba is dit duidelik gestel dat die koste om Sechaba te publiseer die inkomste wat uit die verkope daarvan verhaal is, oorskry het. Om dié rede is daar van meet af aan op donasies van alle "demokrate" gereken om toe te sien dat Sechaba kon bly voortbestaan.[18] Die blad moes dus 'n fyn berekende balans handhaaf wat veral sy volume betref. Ekstra bladsye om belangwekkende gebeure in Suider-Afrika te dek, (byvoorbeeld die ANC/ZAPU-veldtog in die Wankie-

---

13. *Sechaba, February 1967, pp14-15.*
14. *Sechaba, June 1989, pp29-30.*
15. *Sechaba, May 1986, p13.*
16. *Weekend Argus, 5/5/1990: "'No room for tribal chauvinism in new SA'".*
17. *The Star, 7/5/1990: "ANC Sechaba paper may be done in SA".*
18. *Sechaba, January 1967, p10.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

gebied, Rhodesië gedurende 1967), het meermale hernude pleidooie om finansiële hulp genoodsaak.[19]

Namate die ANC die fokus van Sechaba meer na die binneland van Suid-Afrika verplaas en sodoende 'n verlaagde appél op internasionale belangstelling gerig het, het die finansiële posisie van die blad verder versleg. Daar is eers gepoog om deur die verkoopprys van Sechaba te verlaag die sirkulasiesyfers op te stoot.[20] Dit het gefaal. Boonop het die ANC gedurende die vroeë sewentigerjare deur 'n finansiële krisistyd gegaan. Dit het noodgedwonge tot 'n verlaagde subsidie aan sy *"Departement of Information and Publicity"*, wat vir Sechaba se publikasie verantwoordelik was, gelei. Hierdie omstandighede, tesame met hoër Britse postariewe wat gedurende 1971 in werking getree het,[21] het byna tot die sluiting van Sechaba gelei.

Verskeie moontlike metodes is aan die hand gedoen om fondse vir die blad in te samel, waaronder beroepe dat anti-apartheidsorganisasies nouer by verkope van die blad betrokke moes raak,[22] dat donateurs gewerf moes word,[23] dat Sechaba tydens optogte en betogings teen die Suid-Afrikaanse regering verkoop moes word en dat Sechaba aan boekwinkels en op universiteitskampusse bekendgestel moes word.[24] Van sy kant af het die ANC ook besparingsmaatreëls van stapel gestuur. Die voltydse personeel wat vir die publikasie van Sechaba verantwoordelik was, is op 'n stadium tot twee verminder. Meer vrywillige werkers se dienste is benut[25] en uitgawes van twee of meer maande is soms in een publikasie vervat.[26] (Dit dien vermeld te word dat die personeel wat fisies vir Sechaba verantwoordelik was, nooit meer as vyf was nie - vier in London en een in Oos-Berlyn.[27]) Hierbenewens is ander ANC-publikasies wat merendeels oor spesifieke onderwerpe gehandel

---

*19. Sechaba, November 1967, p1.*
*20. Sechaba, January 1969, p2.*
*21. Sechaba, June 1971, p11.*
*22. Sechaba, September 1967, p18.*
*23. Sechaba, December 1968, p1.*
*24. Sechaba, December 1969, p24.*
*25. Sechaba, January 1969, p2.*
*26. Sechaba, June 1973, p32.*
*27. The Star, 7/5/1990: "ANC paper Sechaba may be done in SA".*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


het, waaronder publikasies oor die vakbondwese in Suid-Afrika en die ANC se taktiese en strategiese beleidsdokumente, te koop aangebied.[28]

Hierdie toedrag van sake is in 'n spesiale bylae tot die Sechaba van Oktober 1974 as *"most unsatisfactory"* beskryf. Die ANC het deur die bylae om die begrip en voortgesette steun van sy ondersteuners gepleit en aangedui dat alles moontlik gedoen word om te verseker dat Sechaba maandeliks en op datum versprei sou word.[29] Op die korttermyn sou die blad egter steeds tot so 'n mate finansieel gekniehalter wees dat daar in die uitgawe van Augustus-September 1975 aangekondig is dat Sechaba vanaf Januarie 1976 as 'n kwartaalblad sou verskyn.[30] Dit sou eers na die ontploffing van swart verset in die laaste jare van die sewentigs en die gepaardgaande opbloei van binnelandse en internasionale steun vir die ANC wees dat Sechaba op 'n gesonder finansiële voet geplaas kon word. Vanaf Januarie 1979 het die blad weer maandeliks verskyn.[31]

Gegewe die feit dat die druk van Sechaba gratis in die Duitse Demokratiese Republiek (DDR of Oos-Duitsland) gedoen is (die ANC was slegs vir die verspreidingskoste verantwoordelik) maar dat die blad finansieel steeds onder druk was, is dit duidelik dat die ANC in geheel finansieel kwesbaar was en dat Sechaba spesifiek swaar deur enige onvoorsiene gebeurlikheid getref sou word. Hierdie situasie sou eers gedurende die tagtigerjare stabiliseer en kon geen verwysing na finansiële probleme na 1979 gevind word nie.

Dié nuut verworwe finansiële stabiliteit, tesame met die nuwe fase wat die ANC se stryd teen blanke oorheersing na 1976 binnegegaan het, het ook ander newe-effekte gehad. Een van die belangrikste hiervan was 'n interne debat in ANC-geledere oor die toekomstige rol van ANC-geïnspireerde propaganda en dus van sy amptelike mondstuk Sechaba. As vertrekpunt is dit gestel dat Sechaba nie kommentaar op aangeleenthede rakende die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) sou lewer nie, maar bloot daaroor verslag sou

---

*28. Sechaba, June 1971, p14.*
*29. Sechaba, Special Number, October 1974, (ongenommer).*
*30. Sechaba, August/September 1975, p39.*
*31. Sechaba, January 1979, p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

doen.[32] Dit sou voortaan ook merendeels as gespreksforum vir ANC-lede dien om hul standpunte te stel en as medium om ANC-beleid bekend te maak.

Weens die invloed van die noodmaatreëls op die binnelandse pers na 1985, het die ANC dit as prioriteit gestel dat al sy propaganda-mondstukke se optrede gekoördineer moes word met die doel om *"concrete and creative guidance, with data, strategies and slogans"* aan die mense van Suid-Afrika te lewer.[33] Op dié wyse sou 'n betekenisvolle uitdaging aan die Regering gerig kon word ondanks die werking van die noodmaatreëls. *"We, speaking from the underground, and unrestrained by considerations of legality, need to be able to speak directly to the masses, show our presence among the people, and analyse local and specific problems within the national context and the perspective of people's war."*[34] Dit is duidelik dat gestreef is na die aanwending van veral Sechaba as forum vir debatte, om kritiek op owerheidsoptrede te lewer en as politieke opvoedingsmiddel om enersyds 'n massa-bewustheid te skep en andersyds te dien as *"the central theoretical and policy-determining basis"* vir die ANC se stryd.[35]

Die onderstaande aanhaling van Meli waarin hy Sechaba se doelwitte gedefinieer en aangedui het op welke wyse gepoog is om dit te verwesenlik, is insiggewend omdat dit 'n blik bied op die wyse waarop die ANC die blad probeer benut het: *"As propagandists we present people with ideas, reasons, arguments, etc, we spread, explain, formulate ideas, teachings, theoretical propositions, political theories and knowledge. We inform, comment, analyse so as to influence people to our position. In other words, we transform theoretical knowledge into mass consciousness. This presupposes knowledge of the concrete situation at home, the mentality and psychology of our people and the specific interests of the people to whom we address ourselves. We strive to destroy the enemy in a form understandable and acceptable to the people. We speak a simple language which is African in content and English*

---

*32. Sechaba, October 1988, p1.*
*33. Sechaba, February 1989, p27.*
*34. Sechaba, December 1988, p12.*
*35. Sechaba, April 1987, p9.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*in form. As agitators, we urge our people to do something, to go on demonstrations, strikes. We show what concrete actions should be taken."*[36]

Tydens 'n gesprek met Selby Msimang, die laaste redakteur van Sechaba, het dit aan die lig gekom dat die maandblad die laaste keer in Desember 1990 verskyn het.[37] Voordat hy gedurende 1989 die redakteurskap by Francis Meli (wie se regte naam Allan Madolwana was)[38] oorgeneem het, het Msimang soos die geval met al die personeellede van die ANC se "Department of Information and Publicity" was, insette vir byna al die ander ANC-publikasies gelewer. Benewens Msimang (vanaf Oktober 1990 tot die einde van daardie jaar) en Meli het slegs twee ander persone, naamlik Joe Matthews (slegs vir enkele maande gedurende 1967) en MP Naicker (tot en met sy dood in 1977), die pos van redakteur van Sechaba tussen 1967 (met die blad se loodsing) en Desember 1990 beklee.

Soos hierbo aangedui is, het Sechaba sy beslag in Dar-es-Salaam gehad. Vir die eerste twee en 'n halwe jaar van die blad se bestaan is dit dan ook vanuit dié stad behartig. Daarna is die publikasie se aktiwiteite na London verskuif, grootliks vanweë die feit dat dié stad die sentrum was wat as versamelpunt vir emigrés uit Suid-Afrika gedien het.[39]

Die eertydse Duitse Demokratiese Republiek (DDR) het egter deurgaans, vanaf Januarie 1967 tot Oktober 1990, die druk van Sechaba gratis behartig.[40] Dié werk is by een van die DDR se staatsbeheerde drukkerye, die Erich Weinertdrukkery, in Neubrandenburg gedoen. Slegs die laaste twee uitgawes van Sechaba (November en Desember 1990) is in Suid-Afrika self gedruk. In Sechaba is dit duidelik gestel dat die onafgebroke steun van die "Afro-Asiatiese Solidariteitskomitee" van die Duitse Demokratiese Republiek

---

36. L Terekhov: "Sechaba: 20 Years of struggle for freedom", in Asia and Africa Today, No 3, 1987, p36.
37. Die gesprek met Msimang het op 18 Februarie 1991 by die ANC se "Department of Information and Publicity" se kantore in Johannesburg plaasgevind.
38. The Citizen, 11/10/1990: "Sechaba editor dies".
39. L Terekhov: "Sechaba: 20 Years of struggle for freedom", in Asia and Africa Today, No 3, 1987, p36.
40. H Adam: "A false lament..." In Die Suid-Afrikaan, April/Mei 1991, p10. (Onderhoud met Eric Singh wat tussen 1968 en 1979 nou met Sechaba gemoeid was.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

gedurende die voorafgaande twintig jaar deurslaggewend vir die voortbestaan van Sechaba was,[41] steun wat onvermydelik in die blad se redaksionele beleid neerslag sou vind. Omdat die drukwerk die ANC nie 'n sent gekos het nie en die DDR altyd bereid was om die werk te laat doen, het Msimang die verskynsel gedurende die middel en laat sewentigs, toe twee of meer uitgawes van Sechaba soms in een kopie vervat is, aan 'n skaarsheid van inligting uit Suid-Afrika toegeskryf en nie aan die ANC se benarde finansiële posisie gedurende dié tydperk nie. Indien 'n maandelikse uitgawe dus gedruk sou word, sou dit op internasionale gebeure moes konsentreer wat ANC-ondersteuners in Suid-Afrika kon frustreer. *"So it was better to try and crowd the number of issues and print what we had on South Africa. It was thus out of consideration for South Africans."*[42]

Teen die einde van die tagtigerjare is daar maandeliks twintig duisend kopieë van Sechaba gedruk en internasionaal versprei.[43] Die ANC het, volgens sy eie oordeel, konserwatief bereken dat ongeveer vyf persone elke kopie gelees het en dat minstens een honderd duisend mense oor die wêreld heen elke maand met die joernaal en die ANC kennis gemaak het. Met verloop van tyd het ook meer en meer biblioteke en boekwinkels Sechaba ontvang. Dit, tesame met die verspreidingsmoontlikhede wat mettertyd uit die groei van die ANC se ondergrondse strukture[44] en die daarstelling van georganiseerde vakbondstrukture in Suid-Afrika ontstaan het, het daartoe bygedra dat die aantal persone wat Sechaba teen 1989 maandeliks gelees het, drasties toegeneem het en na die ANC se oordeel ongetwyfeld meer as een honderd duisend beloop het. Namate die ANC se gewildheid in die binneland toegeneem het, het die metodes waardeur Sechaba versprei is, ook meer verbeeldingryk geword. So byvoorbeeld is gevra dat mense wat 'n kopie van Sechaba klaar gelees het, dit in onder meer treine moes laat sodat ander belangstellendes dit kon optel, lees en verder versprei.

---

*41. Sechaba, May 1987, p27.*
*42. Persoonlike mededeling deur Msimang, 1991/02/18.*
*43. Weekend Argus, 5/5/1990: "'No room for tribal chauvinism in new South Africa'".*
*44. L Terekhov: "Sechaba: 20 Years of struggle for freedom", in Asia and Africa Today, No 3, 1987, p36.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Van die twintig duisend gedrukte kopieë is aanvanklik ongeveer die helfte vir die internasionale gemeenskap geoormerk. Dié toedrag van sake was die gevolg van die feit dat Sechaba oorspronklik as die internasionale mondstuk van die ANC bestem is en dat 'n publikasie in pamfletvorm, getiteld Mayibuye, vir verspreiding in Suid-Afrika bedoel was. Die ANC het die verantwoordelikheid vir die verspreiding van die meeste Sechabas aan intekenaars op homself geneem. Hierdie kopieë is vanaf die DDR na die ANC se hoofkantoor in London gestuur vanwaar dit gepos is. Besendings na die ANC se kantore in daardie lande waar die organisasie verteenwoordiging geniet het, is egter regstreeks uit die DDR versend. Die onderskeie ANC-kantore het dan dié Sechabas in hulle onderskeie gebiede versprei.

In die ANC se hoofkantoor in London was slegs vier persone teen 1989 vir die publisering en versending van Sechaba verantwoordelik. (Dié syfer het soms so laag as twee persone gedaal.[45]) Vrywilligers, veral persone uit Suid-Afrika wat in Brittanje in ballingskap was, het soms met die versending van Sechaba gehelp. Origens moes die vier voltydse werkers maandeliks minstens een artikel elk tot die totaal van twaalf tot veertien artikels per uitgawe bydra. Die meeste van die ander artikels is deur ANC-lede (meestal in ANC-kampe in Angola en Tanzanië), akademici en sogenaamde kulturele werkers wat die organisasie goedgesind was en as gasskrywers geklassifiseer kan word, geplaas.[46] Al die voltydse joernaliste het relevante ervaring en opleiding gehad - hetsy as voormalige werknemers by onder meer The Citizen in Johannesburg, of die Morning Star en Anti-Apartheid News in London.[47]

Wat die logistiek rondom die publisering van Sechaba betref, het die ANC volgens sy eie oordeel, nie veel probleme ervaar nie - selfs al was die organisasie se hoofkantoor in London, die drukkery in die DDR en Sechaba se teikengehoor (veral sedert die Soweto-onluste van 1976) grotendeels in Suid-Afrika. Die metode wat gevolg is, het daarvoor voorsiening gemaak dat die voltooide en geproefleesde artikels per koerier vanaf London na die DDR gestuur is. Die ANC se verteenwoordiger in Berlyn het die artikels ontvang

---

*45. Sechaba, January 1969, p2.*
*46. Weekend Argus, 5/5/1990: "'No room for tribal chauvinism in new SA'".*
*47. Persoonlike mededeling deur Msimang, 1991/02/18.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


en die DDR se "Solidariteitskomitee" het dit na Neubrandenburg geneem - 'n rit van ongeveer twee ure. Nadat Sechaba gedruk is, is die omgekeerde van dié proses deurloop.

Sechaba is op twee wyses in Suid-Afrika versprei: Eerstens is dit deur die ANC se ondergrondse strukture, of deur Suid-Afrikaners wat buurstate soos Botswana en Mosambiek besoek het, ingesmokkel. Die tweede manier was om kopieë per pos vanuit Brittanje na organisasies in Suid-Afrika te stuur. Sechaba is slegs na indiwidue gestuur indien alle moontlike voorsorgmaatreëls getref is om die indiwidu te beskerm, byvoorbeeld deur kopieë vanaf verskillende poskantore in London te versend.[48]

Daar bestaan min twyfel dat die ANC 'n hoë prioriteit aan Sechaba verleen het - veral gedurende die laaste jare van die blad se bestaan. As sodanig het Sechaba 'n belangrike rol gespeel wat die ANC se strategie met sy gedrukte propagandamedia betref het: Hoewel die joernaal oorspronklik as die internasionale mondstuk van die ANC moes optree en met verloop van tyd 'n moet vir biblioteke reg oor die wêreld geword het,[49] het die organisasie gaandeweg begin om Sechaba aan te wend om ANC-lede in Suid-Afrika op hoogte te hou van verwikkelinge in die organisasie. Veral as forum waardeur verskeie kwessies gedebatteer kon word, het Sechaba toenemend 'n ereplek onder ANC-ondersteuners ingeneem. Mayibuye het gedurende hierdie tydperk die rol van medium om slegs amptelike beleid oor te dra, vervul. Sechaba kon dus met reg as die populêre ANC-spreekbuis bestempel word.[50]

Die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee het, soos hierbo aangedui is, oorspronklik voorsien dat Sechaba as die organisasie se internasionale stem sou optree. Selfs nadat hierdie primêre taak van Sechaba verander het, het die NUK daarvan seker gemaak dat slegs bekwame persone aangestel is om die organisasie se amptelike mondstuk te bedryf. Die gevolg hiervan was dat die NUK ten nouste by die aanstelling van die redakteur en die personeel van Sechaba betrokke was. As sodanig het Msimang, en voor hom Meli, as

*48. Persoonlike mededeling deur Msimang, 1991/02/18.*
*49. H Adam: "A false lament..." In Die Suid-Afrikaan, April/Mei 1991, p10. (Onderhoud met Eric Singh wat tussen 1968 en 1979 nou met Sechaba gemoeid was.)*
*50. Persoonlike mededeling deur Msimang, 1991/02/18.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



redakteur van Sechaba ook die pos van "Deputy Director of the Department of Information and Publicity" beklee. (Die hoof van dié departement gedurende beide se ampstermyn was Thabo Mbeki.) Die redakteur van Sechaba is egter deurgaans toegelaat om selfstandig op te tree en net wat die inhoud van die redaksionele kommentaar betref het, is 'n ogie oor hom gehou. Die gevolg hiervan was dat die redakteur aan weinig of geen vorm van sensorskap blootgestel is nie.[51] Vanweë die aard van Mayibuye se opdrag, het Mbeki egter as 'n tipe hoofredakteur daarvan opgetree en het hy op 'n bykans direkte wyse bepaal watter tipe artikels daarin geplaas sou word.

Van die redakteur van Sechaba is verwag om deurentyd op hoogte van ANC-beleid en strategie te wees. Na aanleiding van hierdie oorwegings is die redaksionele beleid van die blad bepaal. Indien daar onsekerheid oor 'n kwessie bestaan het, is van die redakteur verwag om dit met die NUK uit te klaar. *"I was thus expected to write an editorial that could cater for any future eventuality."*[52] Tog moes die feit dat Sechaba die amptelike orgaan van die ANC was, te alle tye in gedagte gehou word. Slegs amptelike ANC-beleid kon dus gereflekteer word en indien enige berig wat van dié beleid verskil (of geïnterpreteer kon word dat dit verskil), geplaas sou word, is dit onder die opskrif "Discussion Article" gedoen om aan te dui dat dit die standpunt van 'n indiwidu was. Op hierdie wyse is gepoog om 'n interne debat in ANC-geledere te stimuleer.

Die ANC het dit in geen stadium oorweeg om Sechaba as winsgewinde projek te probeer bedryf nie. Daar is inderwaarheid aan die internasionale verteenwoordigers van die organisasie verlof toegestaan om deur verkope van Sechaba te poog om geld in te samel wat in plaaslike projekte, wat deur die takke en streke in die buiteland geïnisieer is, geploeg kon word. Bykans geen fondse wat op hierdie manier geïn is, het die ANC se hoofkantoor bereik nie. Om dié rede is swaar op donasies van simpatiseerders gesteun as 'n bron van inkomste. Sechaba is dus uitsluitlik as propaganda-instrument aangewend om enersyds ANC-lede polities op te voed en andersyds internasionale steun te mobiliseer. Die feit dat aanvaar is dat alle ANC-verklarings en aankondigings ook in Sechaba sou verskyn (waaronder die organisasie se jaarlikse verklaring

---

*51. Persoonlike mededeling deur Msimang, 1991/02/18.*
*52. Persoonlike mededeling deur Msimang, 1991/02/18.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

op 8 Januarie - algemeen as sy "nuwejaarsboodskap" bekend), ondersteun hierdie afleiding.

Msimang gaan akkoord met die afleiding dat 'n terugblik op Sechaba tot 1967 sekere tendense uitlig wat die temas wat daarin aangespreek is, betref. Die eerste fase waardeur kort na die loodsing van die blad beweeg is, is deur optimisme oor die militêre aksies in Rhodesië waaraan die ANC (in alliansie met die Zimbabwe African People's Union (ZAPU)) deelgeneem het, gekenmerk. Hierdie optimisme is deur gebeure soos die stigting van die South African Students' Organisation (SASO) in 1968 en die ANC se eerste Nasionale Konferensie, wat deur die organisasie se buitelandse missie gereël is en gedurende 1969 in Morogoro, Tanzanië plaasgevind het, ondersteun. 'n Tweede fase het in die vroeë sewentigs begin en het tot 1976 geduur. Hierdie fase is deur regeringsonderdrukking gekenmerk en in Sechaba is groter klem gelê op Afrika en pleidooie dat nie aan die Vorster-regering se versoeke vir die aanknoping van détente gehoor gegee moes word nie. Na 1976, tot en met die vroeë tagtigs, is die ANC deur talle mense wat Suid-Afrika verlaat het, sowel as die herverskyning van bekwame leiers soos Joe Qabi, met nuwe geesdrif vervul. Hierdie nuwe geesdrif het ook in Sechaba neerslag gevind deurdat minder klem daarna op internasionale aktiwiteite gelê is. Die blad het meer en meer tot sy reg begin kom deur as forum vir politieke debatte en middel om ANC-lede polities op te voed, op te tree. Msimang het hierdie tendensveranderinge aan die *"usual development processes within the ANC"* toegeskryf, eerder as dat Sechaba se redaksie of die organisasie se NUK formeel op aanpassings besluit het.[53] Wat wel soms gebeur het, is dat die NUK versoek het dat 'n debat wat ooglopend gestagneer of op 'n dooie punt afgestuur het, gestaak moes word.

'n Spesifieke oogmerk van Sechaba was aanvanklik om onder meer internasionale versetaksies teen apartheid (soos die sanksieveldtogte en boikotaksies teen Suid-Afrikaanse produkte) te koördineer. Namate die joernaal se fokus na Suid-Afrika self verskuif het, het die invloed daarvan op Suid-Afrika (soos gehoop is) dermate toegeneem dat Sechaba toenemend as 'n spieëlbeeld van swart Suid-Afrikaners se persepsies ten opsigte van bevryding

---

*53. Persoonlike mededeling deur Msimang, 1991/02/18.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

bestempel kon word. Gedurende die sestiger- en sewentigerjare is aan "bevryding" as iets in die verre toekoms gedink; die tagtigerjare daarenteen, is deur optimisme gekenmerk wat die bereiking daarvan betref het en dit is in Sechaba gereflekteer. Een van die redes hiervoor was dat ANC-lede deur hulle optrede binne en buite Suid-Afrika gesorg het dat nader aan bevryding beweeg is, terwyl Sechaba se beriggewing daaroor die rewolusionêre vuur verder gestook het. Die lesers van Sechaba kon dus met dit waaroor verslag gelewer is, identifiseer - veral sedert die middel-tagtigerjare toe mense uit Suid-Afrika meer gereeld die ANC se hoofkantoor en Sechaba se kantore in London begin besoek en die organisasie eerstehands oor gebeure in die land ingelig het. Dit is voorts duidelik dat die ANC van mening was dat genoeg mense in Suid-Afrika Sechaba gelees het om 'n verskil in die organisasie se stryd te kon maak. *"Who will deny the terrific role played by Sechaba...in countering the apartheid propaganda dished out by Pretoria and its allies? The columns of Sechaba...presented the horror of apartheid in its proper colour...It became the mouthpiece of the struggling people of South Africa."*[54] As verder in ag geneem word dat die aantal kopieë van die blad wat na die "Frontliniestate" gestuur is, konstant gestyg het (in stede van versending na ander wêrelddele) en dat talle van dié kopieë onvermydelik hulle weg na Suid-Afrika gevind het, is die bewering hierbo aangehaal nie vergesog nie. Verder is daar min gevalle bekend waar persone wat kopieë van Sechaba die land binnegesmokkel het, weens die besit van verbode literatuur in hegtenis geneem is. Die ANC het dus (met reg) aangeneem dat die boodskap wat deur Sechaba uitgedra is, suksesvol by sy teikengehoor uitgekom het. Die feit dat die blad die bekendste en oudste van die ANC se propaganda-organe was, het ook daartoe bygedra dat ANC-lede geheg daaraan geword het. Ondersteuners van die organisasie het Sechaba as 'n bron van inligting oor Suid-Afrika, vertolk uit 'n ANC-oogpunt, beskou en hierdie maandelikse evaluering deur die ANC (as die bekendste Suid-Afrikaanse versetbeweging) van die situasie in Suid-Afrika het met verloop van tyd 'n bykans onmisbare strydmiddel in sy optrede teen blanke oorheersing geword.

---

*54. H Adam: "A false lament..." In Die Suid-Afrikaan, April/Mei 1991, p10. (Onderhoud met Eric Singh wat tussen 1968 en 1979 nou met Sechaba gemoeid was.)*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Uit 'n ANC-oogpunt gesien was die enigste kopseer sover dit die publikasie van Sechaba betref het, die probleme wat soms met die druk daarvan gepaardgegaan het. Hierdie swakpunt het tweërlei probleme geïmpliseer: Enersyds is die druk van die blad deur vrywilligers in die DDR behartig wat daartoe gelei het dat die ANC hom genoop gevoel het om enige kritiek op hulle werk te beperk. Andersyds het die lang draaityd (die tyd wat verlore gaan tussen die skryf van die artikels en die verspreiding van die afgehandelde produk) die relevansie van dit wat in Sechaba verskyn het, in die gedrang gebring. Die gevolg hiervan was dat 'n gebeurtenis wat in Januarie plaasgevind het, soms eers in die uitgawes van Maart of April gedek is. Die draaityd is mettertyd tot 'n maand verkort. Indien 'n soortgelyke projek onder soortgelyke omstandighede deur die ANC aangepak sou word, sou die organisasie (volgens Msimang) die lesse wat uit die publisering van Sechaba geleer is met vrug kon toepas - veral met die oog daarop om toe te sien dat dit wat publiseer word, meer relevant en tydig is.[55]

Hoewel die leemte wat deur Sechaba se sluiting gelaat is volgens ANC-beplanning deur die verspreiding van 'n "opgekikkerde" Mayibuye gevul sou word, het die besef wel bestaan dat die ANC veral internasionale steun as gevolg van die sluiting van Sechaba sou verloor. Die belangrikste area waarop die ANC egter die verlies van Sechaba sou voel, was dat die organisasie 'n gewilde en gerespekteerde forum vir politieke debatvoering verloor het. Ondanks die feit dat voorsien is dat Mayibuye op dieselfde wyse sou funksioneer, het die ANC verwag dat van Sechaba se voormalige lesers se inligtingsbehoeftes nie op 'n ewe effektiewe wyse deur die nuwe blad aangespreek sou word nie. Tog was die ANC se besluit om die werksaamhede van Sechaba op te skort weens finansiële oorwegings geneem. (Daar is tot die besef gekom dat die organisasie nie langer twee nuusblaaie kon bekostig nie.) Daarom is voorsien dat ANC-ondersteuners hulle mettertyd by die besluit sou berus.[56]

Ter afsluiting kan daar, wat die evaluering van Sechaba se invloed betref, volstaan word met die opmerkings van Lodge en Terekhov. Lodge wys naamlik daarop dat die ANC Sechaba, veral gedurende die tagtigerjare, tot 'n

---

*55. Persoonlike mededeling deur Msimang, 1991/02/18.*
*56. Persoonlike mededeling deur Msimang, 1991/02/18.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


groter mate benut het om sy steunbasis deur middel van *"strident and jargonised prose"*[57] tevrede te probeer hou. Sodanige propaganda was - aldus Lodge - in kontras met die *"gentle and courteous language of diplomacy and discussion with outsiders"*[58] waardeur "buitestanders", waaronder die organisasie se donateurs en Westerse kritici, deur die ANC gepaai is. Sechaba is dus benut om die balans tussen die lojaliteit van die ANC se steunbasis teenoor die voortgesette ondersteuning van ander lande en organisasies te probeer handhaaf.

Terekhov skilder 'n rooskleuriger prentjie van Sechaba as hy beweer dat die blad deur sy hele bestaan as die enigste geloofwaardige bron van inligting oor Suid-Afrika beskou is - 'n sogenaamde *"encyclopedia of South African reality"*.[59] As sodanig het die blad na bewering nie net die "ware feite" aangaande gebeure in Suid-Afrika oorgedra nie, maar het dit ook oor ANC-bedrywighede in die land verslag gelewer en gepoog om "pro-imperialistiese" propaganda teen te werk.[60]

Terekhov se lof vir die aktiwiteite van Sechaba was sekerlik oordrewe. Tog werp dit 'n blik op wat die oogmerke met die blad was en tot watter mate daardie oogmerke verwesenlik is: Sechaba is gestig met die doel om as die ANC se amptelike mondstuk en propagandamedium te dien. Die blad is dienooreenkomstig deur die ANC benut.

Die ANC het, soos dit uit die voorafgaande blyk, in die vier en twintig jaar van Sechaba se bestaan sonder uitsondering hoë verwagtinge daarrondom gekoester. Volgens sy eie oordeel het die blad al die doelwitte wat deur die ANC gestel is, verwesenlik. Sechaba was verder by magte om saam met die veranderende eise wat die NUK aan die een kant en die organisasie se ondersteuners aan die ander kant gestel het, te ontwikkel. Dit kan as een van die grootste prestasies van die blad gereken word. Daar kan dus met 'n

---

57. *Tom Lodge: "State of exile: The African National Congress of South Africa, 1976 - 86", in P Frankel et al (eds), State, resistance and change in South Africa, p246.*
58. *Ibid.*
59. *L Terekhov: "Sechaba: 20 Years of struggle for freedom", in Asia and Africa Today, No 3, 1987, p37.*
60. *Ibid.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


redelike mate van sekerheid gekonstateer word dat daar in Msimang se oordeel dat Sechaba internasionaal en plaaslik vir 'n lang tydperk in swart versetpolitiek as die enigste bron van inligting oor Suid-Afrika uit 'n ANC-oogpunt erken is, 'n mate van waarheid opgesluit lê.

Die feit dat daar nie op 'n wetenskaplike wyse bepaal kan word wat die werklike impak van Sechaba op swart politiek in Suid-Afrika of die blad se internasionale gehoor was nie, werp egter in 'n sekere opsig twyfel oor die ANC, by monde van Msimang, se beweringe. Sover dit die blad se internasionale impak betref, bestaan daar heelwat aanduidings (hoewel nie wetenskaplik verifieerbaar nie) dat Sechaba se werksaamhede met sukses bekroon was. Die mate waarin Suid-Afrika teen 1989 geïsoleer was, dien byvoorbeeld ter illustrasie daarvan.

Navorsers van Suid-Afrikaanse swart versetgeskiedenis word egter in hierdie opsig gedwing om hulle op omstandigheidsgetuienis te verlaat. Sodanige getuienis sluit in dat Sechaba die bekendste van al die propaganda-organe (van beide die ANC en ander verbode organisasies) was en dat die staat tydens verhore teen beweerde ANC-lede swaar op aanhalings uit die blad gesteun het. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die invloed van Sechaba in Suid-Afrika self met verloop van tyd toegeneem het en dat dit na 1976, maar veral sedert ongeveer 1985, met verhoogde belangrikheid beklee was.

Die wyse waarop die organisasie Sechaba gebruik het, sowel as 'n poging om die sukses daarvan te evalueer, vorm die basis van hierdie studie. Alvorens daarmee voortgegaan kan word, is dit nodig om 'n algemene blik op propaganda te werp. Die doel daarmee is om Sechaba op grond van algemeen aanvaarde beginsels en kenmerke van propaganda te ontleed, aan sodanige beginsels en kenmerke te toets en vas te stel of die blad as propagandamedium tipeerbaar is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK TWEE

## PROPAGANDA: 'N ALGEMENE PERSPEKTIEF

Standpunte rakende propaganda weerspieël die wyd uiteenlopende invalshoeke in soverre dit die studie daarvan betref. Verder word navorsers deur 'n verwarrende aantal teorieë rakende onder meer die invloed van propaganda gekonfronteer. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n kort samevatting van sommige van die bestaande literatuur oor die onderwerp te verskaf ten einde die ANC se benutting van Sechaba as propagandamiddel in perspektief te plaas.

Irion se ietwat moedelose opmerking dat *"as things stand now, we know woefully little about propaganda"*[1] weerspieël die opinie van menige wat hulle in daardie studieveld begeef het. Een van die belangrikste redes daarvoor is ongetwyfeld dat die studie van propaganda en oorreding interdissiplinêre ondersoek vereis en veronderstel.[2] Verdere redes in hierdie verband het te make met die subjektiewe vertrekpunte van akademiese navorsers, sowel as die negatiewe las wat die term propaganda weens historiese faktore dra. Sover dit die vertrekpunte van navorsers betref, wissel die oordeel wat in bestaande akademiese werke oor propaganda uitgespreek word vanaf Jacques Ellul se oordeel dat *"(propaganda) is which is with us forever, and only with the all-prevailing effects that flow from propaganda can the technological society hold itself together and further expand"*,[3] tot Murty se standpunt dat propaganda nie net 'n onmisbare metode is om verandering teweeg te bring nie, maar selfs noodsaaklike verandering in die wêreld fasiliteer deurdat dit klem op die gebruik van vreedsame metodes plaas.[4] Volgens Qualter word die studie van propaganda, ten slotte, deur die negatiewe konnotasies wat aan die term geheg word, bemoeilik. Die rede hiervoor is dat die term vir die meeste mense sinoniem geword het met *"a device for destroying the credibility of opponents - arguments labelled propaganda can be dismissed as invalid, dishonest, and unworthy of further attention"*.[5]

1. FC Irion: Public opinion and propaganda, p737.
2. GS Jowet and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p116.
3. J Ellul: Propaganda. The Formation..., pi.
4. BS Murty: The international law of propaganda..., p82.
5. TH Qualter: Opinion control in democracies, p107.

1702656

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos hieronder aangedui word, kan propaganda as 'n vorm van kommunikasie beskryf word. Ten einde die propagandafenomeen te verstaan, is dit dus noodsaaklik dat enkele opmerkings rakende kommunikasie gemaak word.

Breedweg gesproke is alle mense afhanklik van kommunikasie omdat onsekerheid daardeur aangespreek en opgelos word. Deur inligting uit te ruil of te bekom, leer mense hulle omgewings ken. Wanneer die luisteraar of ontvanger van die boodskap die boodskap egter as betwisbaar beleef, sal die kommunikasieproses onsuksesvol wees.[6]

Vir die doeleindes van hierdie studie word volstaan met die volgende drie definisies van kommunikasie:

* *"Kommunikasie is...sosiale interaksie."*[7]

* *"Communication is a convergence process in which sender and receiver, either through mediated or nonmediated means, create and share information."*[8]

* *"(Kommunikasie) word...beskou as 'n noodsaaklike sosiale transaksie of uitruilproses waardeur mense onder mekaar gedagtes uitruil en sodoende betekenis gee aan hul eie en mekaar se wêreldbeskouings."*[9]

Tydens die kommunikasieproses is die volgende vyf elemente sonder uitsondering aanwesig: 'n Kommunikeerder, 'n mededeling, 'n oordragmedium, 'n ontvanger en reaksie op die mededeling. Die bekende kommunikasiekundige, Harold Laswell, het hierdie elemente in 'n nou reeds bekende definisie saamgevat toe hy die kommunikasieproses beskryf het as *"who says what in which channel to whom with what effect?"*[10] Dit is dus duidelik dat

6. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, pp21-23.
7. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO, 1973), p37.
8. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p14.
9. NW du Bois: Die massamedia en demokrasie in etnies-heterogene samelewings (Ongepubliseerde MA, US, 1985), p9.
10. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO, 1973), p2.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


kommunikasie slegs suksesvol kan wees as dit al die genoemde elemente tot 'n suksesvolle geheel saamsnoer om sodoende te verseker dat die boodskap ontvang en aanvaar word. Sodanige suksesvolle kommunikasie *"is most likely to happen when it is related to an individual's needs and wants at the moment, when it is in harmony with valued group norms and loyalties, when the source is 'trustworthy', when the message is itself in an 'accepted' form, and where the message indicates how the suggestion might be translated into action and obstacles overcome".*[11]

In die moderne samelewing word die openbare kommunikasiefunksie grotendeels deur die sogenaamde massamedia behartig. Du Bois beskryf hierdie tipe media as tegnologiese kanale van kommunikasie waardeur 'n bepaalde boodskap die (politieke, sosiale, en ander) optrede van 'n indiwidu (of groep) beïnvloed. Hy beweer voorts dat die massamedia organisatoriese instellings is waarvan die werking oorsake en gevolge vir die gemeenskap inhou.[12] Die tipes massamedia sluit in gedrukte media (koerante, tydskrifte en boeke), uitsaai media (radio en televisie), rolprente, video-kassette, laserskywe, video-telefone en kommunikasiesatelliete.[13]

Sover dit media-inhoud betref, speel twee faktore 'n rol. Die eerste word beskryf as instrumentele determinante en behels die benutting van massamedia deur politieke, sosiale en ekonomiese rolspelers om eie belange te bevorder. Dit wil sê, daar word gepoog om indiwiduele en gemeenskaplike werklikheidspersepsies so te struktureer dat politieke gedrag in die verlangde rigting gestuur word.[14] Die ANC se motiewe wat onderliggend tot die loodsing van Sechaba was, is 'n klassieke voorbeeld in hierdie verband. Die tweede determinant van media-inhoud is die operasionele beperkings van massamedia. *"The mechanics of assembling a newspaper or television program affect both the content and the mode of presentation. The newsman's concept of news introduces a factor into his normal process of selective*

---

*11. TH Qualter: Opinion control in the democracies, pp80-81.*
*12. NW du Bois: Die massamedia en demokrasie in etnies-heterogene samelewings (Ongepubliseerde MA, Universiteit van Stellenbosch, 1985), p21.*
*13. Ibid., p10.*
*14. NW du Bois: Die massamedia en demokrasie in etnies-heterogene samelewings, (Ongepubliseerde MA, Universiteit van Stellenbosch), p42.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*exposure, perception, and retention which does not afflict the non-journalist."*[15] Beide hierdie determinante beklemtoon die feit dat daar 'n fyn lyn tussen media-verslaggewing en die bedryf van propaganda bestaan.

Daar bestaan twee denkrigtings rakende die invloed van massamedia. Die eerste is dat dit die houdings van gehore beïnvloed en kan verander; die ander standpunt is dat die media hoogstens mense se houdings oor gegewe onderwerpe kan versterk[16] (die resultaat van sogenaamde selektiewe blootstelling).[17] Iewers tussen hierdie uiterste standpunte lê die waarheid aangaande die werklike invloed van massamedia se werking opgesluit. Du Bois se gevolgtrekking in hierdie verband is insiggewend. Volgens hom lei die werking van massamedia tot aanpassings op minstens agt terreine van persone se werklikheidspersepsies:

- Selektiewe werklikheidspersepsies: Die media dis 'n oorvereenvoudigde konstruksie van die werklikheid op.

- Onkritiese denke: Blootstelling aan 'n vloedgolf inligting via die media bedwelm die gemiddelde indiwidu en lei tot passiewe kennis van 'n situasie - nie aktiewe deelname nie.

- Versterk bestaande persepsies: Die media hou beide "afwykende" en "normale" gedragspatrone, sowel as die "korrekte" response daarop voor wat bydra tot 'n proses van wedersydse versterking en amplifikasie van norme en gedragspatrone.

- Wantroue en politieke magteloosheid: Die media dra veral nuus wat gelaai is met politieke kritiek of konflik oor. Dit lei tot wantroue en politieke magteloosheid by die gehoor.

- Paradigmatiese gelykmaking: Die media maak dit makliker vir mense om hulle eie menings met dié van die gemeenskap te laat konformeer

---

*15. Ibid., pp50-51. (Aangehaal uit die Eisenhower-kommissie van ondersoek na burgerlike onrus in die VSA.)*
*16. WP de Klerk: "The press and political change in South Africa", in DJ van Vuuren ea: Change in South Africa, p334.*
*17. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, pp90-91.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

en bied aan die publiek die middele om hulle plek in die samelewing te help definieer.

- Persepsieverandering: Die media mag mense se persepsies verander.

- Konflikbeeld van die werklikheid: Media-inhoud word gekenmerk deur die beklemtoning van konflik.

- Persepsiële manipulasie: Politieke entrepreneurs benut soms die media om gehore se persepsies sodanig te beïnvloed dat hulle hul politieke doelstellings kan bereik.[18]

Hierdie invloed van die media en gepaardgaande vergrote belangrikheid daarvan word ondersteun deur die volgende kenmerke van moderne massamedia: Dit is 'n kommunikasiemiddel wat steeds belangriker word (die totstandkoming van die sogenaamde *"global village"* dien ter illustrasie); dit versprei boodskappe op grootskaal; dit is goedkoop; meer en meer mense het toegang tot die massamedia; mense word meer afhanklik van die media vir inligting, en die massamedia is soms die enigste bron van politieke inligting vir indiwidue.[19] Dit skep uiteraard 'n uitbuitbare situasie vir die propagandis.

Ten einde die werkswyse van massamedia in ons samelewing te illustreer, het Szecskö die volgende humoristiese skets voorgehou: *"If, in the era of television, Moses had wanted to proclaim the Ten Commandments of Mount Sinai, the cameras would have been certain to appear. 'What have you got', is what television would ask. 'The Ten Commandments!', Moses would say. 'Sum the whole thing up in a minute and a half!' he would be told. They would spent the whole night working on it and by morning the news item would go out: 'Today at Mount Sinai Moses came down with Ten Commandments, of which the most important three are...'"*[20]

---

18. NW du Bois: Die massa-media en demokrasie in etnies-heterogene samelewings (Ongepubliseerde MA, Universiteit van Stellenbosch), pp74-78.
19. Ibid., pp38-39.
20. E Katz and T Szecskö (eds.): Mass media and social change, p5. (Voorwoord.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Media word algemeen met politiek in verband gebring deur middel van die konsep van politieke kommunikasie. (Hierdie vorm van kommunikasie kan as die uitsluitlike doel van Sechaba bestempel word.) Media speel dus 'n politieke rol via hulle inhoud. Deur middel van hierdie rol is die media van kritieke belang vir politici, propagandiste en alle indiwidue of organisasies wat belang by oorreding of persepsieverandering het. Hoewel faktore soos selektiewe blootstelling hierdie funksie mag beperk, bestaan daar volgens Milburn voldoende bewys dat *"(o)ver the long term...mass media will exert a considerable influence on individuals' knowledge and opinions"*.[21] Hierin word hy, met sekere voorbehoude betreffende die inhoud, beskikbaarheid en geloofwaardigheid van die massakommunikasiemedia, deur Malan ondersteun.[22]

Vervolgens kom die proses van oorreding onder die loep. Die geskiedenis van oorreding kan tot antieke Griekeland teruggespeur word waar dit die belangrikste metode was om mag te bekom of om sake in howe te voer. Daar is van alle Grieke verwag om geskoolde redenaars te wees. Hierdie tradisie is later in Rome voortgesit. Cicero het aldaar vyf elemente van oorredende spraak geïdentifiseer, naamlik om getuienis en argumente te ontdek of te fabriseer, dit te organiseer, stylvol te stileer, te memoriseer en dit ten slotte voor te dra.[23] Klassieke oorreding, *"that of the good man speaking well"*, is gedurende die Middeleeue en Renaissance laat herleef, terwyl latere filosowe soos Francis Bacon tot die verfyning daarvan bygedra het.[24]

Die doel wat deur middel van oorreding nagestreef word, is om persone se opvattinge, persepsies en houdings op 'n vrywillige grondslag te verander. *"Both parties - persuader and persuadee - in the interaction will perceive the change due to persuasion as mutually beneficial."*[25] Om hierdie rede is oorreding 'n meer neutrale konsep as propaganda. Responsvorming, responsversterking of responsverandering vind dus plaas as die resultaat van

---

21. MA Milburn: Persuasion and politics..., p141.
22. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), p110.
23. CU Larson: Persuasion. Reception and responsibility, p9.
24. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p32.
25. Ibid., p28.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

'n interaktiewe proses.[26] Gesien teen hierdie agtergrond kan die volgende twee definisies van oorreding voorgehou word:

- *"...persuasion is defined...as the co-creation of a state of identification or alignment between a source and a receiver that results from the use of symbols."*[27]

- *"(Persuasion is) a complex, continuing, interactive process in which a sender and a receiver are linked by symbols, verbal and non-verbal, through which the persuader attempts to influence the persuadee to adopt a change in a given attitude or behaviour because the persuadee has had perceptions enlarged or changed."*[28]

Dit behoort voorts gestel te word dat oorreding een van demokrasie se waardevolste bondgenote is omdat indiwidue slegs oorreed is wanneer hulle oortuig is om 'n stel houdings ten gunste van 'n ander stel te laat vaar.[29] Indiwidue stem dus in om oortuig te word en word nie gedwing nie.[30] Murty wys egter daarop dat oorreding en dwang (*"coercion"*) die twee uiterstes op 'n kontinuum waarin strateë hulle kommunikasiepogings bedryf, verteenwoordig. Tussen hierdie twee uiterstes is daar 'n hele aantal alternatiewe opsies en is dit soms moeilik om te bepaal waar die een begin en die ander eindig.[31]

'n Hele aantal teorieë waarmee gepoog is om die oorredingsproses te verklaar, bestaan. Omdat sodanige teoretiese ondersoeke buite die sfeer van die ondersoekveld van hierdie studie val, word volstaan met Larson se opmerking dat dit blyk dat die bestaan van minstens die volgende omstandighede die kanse op suksesvolle oorreding verbeter. Eerstens vind oorreding meestal plaas in gevalle waar beide kante 'n gelyke kans en regverdige toegang tot die media gehad het. Tweedens vind oorreding plaas

---

*26. Ibid., pp25-26.*
*27. CU Larson: Persuasion. Reception and responsibility, p10.*
*28. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p24.*
*29. GR Miller: "On being persuaded", in ME Roloff and GR Miller: Persuasion: New Directions..., pp14; 16.*
*30. CU Larson: Persuasion. Reception and responsibility, p10.*
*31. BS Murty: The international law of propaganda, pp31-32.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

wanneer die ware agendas (doelwitte en doelstellings wat bereik wil word) van beide kante bekend is. Derdens, en ten slotte, vind oorreding plaas wanneer kritiese ontvangers teenwoordig is - ontvangers of gehore wat alle inligting versigtig weeg en finale oordeel terughou totdat alle relevante data geïn is.[32] Hieruit blyk dit dat propagandiste, waarby die ANC en sy benutting van Sechaba ingesluit is, nie in oorreding in die demokratiese sin van die woord belangstel nie.

Die doel wat meestal deur middel van prosesse soos oorreding (en propaganda) nagestreef word, is om houdingsveranderings by gehore, teikens of indiwidue teweeg te bring.[33] 'n Houding kan gedefinieer word as 'n persoon se algemene gevoel oor 'n saak wat positief (ek hou daarvan) of negatief (ek hou nie daarvan nie) mag wees.[34] Daarom is Qualter se opmerking dat *"attitude change implies a change in something fundamental"*[35] nie onvanpas nie.

Sover dit die gehoor of teiken van propaganda (of massakommunikasie) betref, het Jowett en O'Donnell daarop gewys dat die ontstaan van nuwe massakommunikasiemiddele tot die ontstaan van 'n nuwe historiese fenomeen - die massagehoor - gelei het.[36] Breedweg gesproke kan hierdie gehoor vir die doeleindes van propaganda in twee kategorieë verdeel word, naamlik interne (binnelandse) en in eksterne (buitelandse) gehore of teikens.[37] Lerner wys egter daarop dat propagandateikens in tye van oorlog in vier kategorieë verdeel kan word, te wete die vyand, geallieerdes, neutrales en die tuisfront. *"To the enemies, propaganda strategy centres around the theme of their ultimate defeat; to the allies, the stress is on loyalty, unity, ultimate triumph; to the neutrals propagandists stress their righteousness...the home front is constantly reminded of the need for effort and sacrifice to achieve victory."*[38]

---

*32. CU Larson: Persuasion. Reception and responsibility, p11.*
*33. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p27.*
*34. MA Milburn: Persuasion and politics..., p8.*
*35. TH Qualter: Opinion control in the democracies, p74.*
*36. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p65.*
*37. BS Murty: The international law of propaganda..., p44.*
*38. D Lerner: Paper bullets..., p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Dit dien voorts vermeld te word dat moderne propaganda slegs in tegnologiese gevorderde gemeenskappe met vrug toegepas kan word. Die rede hiervoor is dat sodanige propaganda slegs suksesvol kan wees indien dit op spesifieke groepe gerig word om sodoende te verhoed dat die boodskap sy trefkrag verloor.[39] (Dít veronderstel die aanwesigheid van gevorderde massakommunikasiemiddele.) Dit spreek vanself dat so 'n situasie makliker in 'n outoritêre staat bereik kan word. In hierdie verband het Murty daarop gewys dat die bewindhebbers in so 'n staat die omgewing na hulle sin kan orden of minstens kan verhoed dat teenstrydige inligting die burgery bereik.[40] Die uiterste manifestasie van die suksesvolle toepassing van sodanige strategie is die ontstaan van 'n sogenaamde *"mob psychology"* waartydens geweld en ander anti-sosiale dade gepleeg word as die gevolg van algemene histerie.[41]

Niccolo Machiavelli was een van die eerste politieke filosowe wat die term "openbare mening" gebruik het. In sy *"Discourses"* het hy naamlik onder meer opgemerk dat *"a wise man will not ignore public opinion in regard to particular matters, such as the distribution of offices and preferment".*[42] Openbare mening kan in kort opgesom word as die som van beskouinge wat persone oor sake huldig wat die gemeenskap raak. Dit is egter 'n amorfe, wisselende en verwarrende begrip wat aan konstante aanpassings onderworpe is.[43] Om hierdie redes en omdat strateë en propagandiste meestal doelbewus probeer om houdings op so 'n wyse te orden dat dit hulle belange die beste dien,[44] vorm openbare mening 'n belangrike onderafdeling van die studie van propaganda.

Ellul het heelwat aandag aan laasgenoemde aspek geskenk. Volgens hom vertoon openbare mening die volgende eienskappe: Die inligting wat mense bereik en wat die vorming van openbare mening ten grondslag lê, is indirekte inligting; openbare mening word altyd deur kanale (organisasies en dies meer)

---

*39. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p66.*
*40. BS Murty: The international law of propaganda..., p61.*
*41. CU Larson: Persuasion. Reception and responsibility, p365.*
*42. MA Milburn: Persuasion and politics..., pp13-14.*
*43. U Strauss: "Some definitions of public opinion", in D Katz, ea (eds): Public opinion and propaganda, p50.*
*44. D Chaney: "Public opinion and social change", in E Katz and T Szecskö (eds): Mass media and social change, p116.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

uitgedruk en ten slotte word dit gevorm deur 'n groep mense wat onmoontlik dieselfde ondervinding op dieselfde wyse beleef het, dit volgens dieselfde kriteria beoordeel het of dieselfde kulturele agtergrond het nie. Hierdie kenmerke van openbare mening skep die ideale teelaarde vir propaganda deurdat propaganda *"crystalizes that opinion from the pre-conscious individual state to the conscious public state"*.[45] Propaganda help dus om 'n kunsmatige openbare mening te skep en 'n situasie kom sodoende tot stand waarvolgens indiwidue die openbare mening as hulle eie aanvaar en hul persoonlike oordeel ten koste daarvan laat vaar.[46] Die feit dat die propagandis indiwidue met eenvoudige, spesifieke opinies oor selfs die mees komplekse probleme konfronteer,[47] moedig hierdie proses aan. Die inligting wat in Sechaba aangebied is, ondersteun hierdie afleiding.

Dit behoort benadruk te word dat ander faktore, waaronder biologiese (honger, pyn, ensovoorts) en fisiese (uitdagings uit die omgewing) faktore,[48] ook openbare mening mag beïnvloed. Tog is Ellul se argumente wat die belangrikste rol in hierdie verband aan propaganda toeken, oorweldigend. Voorts dien dit vermeld te word dat ondanks die feit dat openbare mening nie 'n stabiele gegewe is nie, dit 'n belangrike rol in enige staat speel omdat regerings die produk van openbare mening is. Die volgende uitspraak van Napoleon, soos dit deur Ellul aangehaal is, is hier van besondere belang: *"Power is based on opinion. What is government not supported by opinion? Nothing."*[49] Die doel met propaganda blyk dus te wees om deur middel van die media geselekteerde boodskappe aan 'n spesifieke gehoor te kommunikeer met die doel om openbare mening op 'n besondere wyse te beïnvloed.

Die fenomeen bekend as propaganda kom vervolgens onder die loep. Vir die doeleindes van hierdie studie geskied die ondersoek aan die hand van 'n aantal subtemas.

- Geskiedenis van propaganda: Die woord propaganda is afgelei van die Latynse woord *"propagare"* wat beteken om te ontwikkel, verleng, uit

45. J Ellul: Propaganda. The formation..., pp101-102.
46. Ibid., p171.
47. Ibid., p205.
48. FC Irion: Public opinion and propaganda, pp41; 44.
49. J Ellul: Propaganda. The formation..., p123.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te brei en ook om te vergroot. Cicero, die Romeinse skrywer, het in sy geskrifte die woord dikwels gebruik in die konteks om op die uitbreiding van die grense van die Romeinse provinsies of die verlenging van die duur van 'n oorlog te dui.[50]

Die term propaganda het sy gebruik in Engels (en die meeste ander tale) aan die *"Sacra Congregatio de Propaganda Fide"* te danke. Hierdie vereniging is gedurende Junie 1622 deur pous Gregorius XV gestig met die doel om die Rooms-Katolieke geloof in die Nuwe Wêreld te versprei en in die Ou Wêreld te versterk. Met verloop van tyd het die term egter negatiewe konnotasies verwerf en het dit teen die middel-agtiende eeu sinoniem met *"a term of reproach to secret associations for the spread of opinions and principles which (were) viewed by most governments with horror and aversion"*[51] geword.

- <u>Definisies van propaganda:</u> In die mees neutrale sin dui die woord propaganda, soos hierbo aangedui is, op die dissimenering van sekere idees. Die betekenis van die woord as sodanig het sy oorsprong in die voormelde Latynse begrip, *"congregatio de propaganda fide"*, wat beteken het dat 'n instelling gestig en getaak is om die Rooms-Katolieke geloof te propageer of te versprei. Sodanige gebruik van die woord het die betekenis daarvan negatief gekleur en het dit vir die meeste mense sinoniem met leuens, verdraaiings, manipulasie en selfs breinspoeling geword.[52]

'n Hele aantal moderne definisies van die begrip propaganda is uit die literatuur onderskeibaar. Die onderstaande is enkele voorbeelde daarvan:

* *"Propaganda is the deliberate and systematic attempt to shape perceptions, manipulate cognitions, and direct behaviour to achieve a response that furthers the desired intent of the*

---

50. JC Malan: <u>Propaganda en oorreding</u> (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), p2.
51. TH Qualter: <u>Opinion control in the democracies</u>, p107.
52. GS Jowet and V O'Donnell: <u>Propaganda and persuasion</u>, p15.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*propagandist."*[53] As sodanig is propaganda *"a communicative form with potential to create change".*[54]

* *"Propaganda is an attempt, either unconsciously or as part of a systematic campaign by an individual or group holding certain beliefs or desiring certain ends, to influence others to adopt identical attitudes."*[55]

* *"Propaganda is a set of methods employed by an organised group that wants to bring about the active or passive participation in its actions of a mass of individuals, psychologically unified through psychological manipulations and incorporated in an organisation."*[56]

* *"Propaganda is a campaign of mass persuasion."*[57]

* *"Propaganda is die oorredingsmetode waardeur die propagandis sy onbekende (of ongewilde) abstrakte idees oordra aan die publiek, gewoonlik met behulp van die massakommunikasiemedia, met die doel om die publiek tot sy sienswyse oor te haal en tot handeling aan te spoor wat ooreenstem met sy wil."*[58]

* *"(Propaganda is the) deliberate attempt by the few to influence the attitudes and behaviour of the many by the manipulation of symbolic communication."*[59]

* *"Propaganda is an attempt to influence opinion and conduct...in such a manner that the persons who adopt the opinions and*

---

53. Ibid., p16.
54. Ibid., p216.
55. AJ MacKenzie: Propaganda boom, p35.
56. J Ellul: Propaganda. The formation..., p61.
57. CU Larson: Persuasion. Perception and responsibility, p36.
58. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), p14.
59. TH Qualter: Opinion control in the democracies, p124.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*behaviour indicated to do so without themselves making any definite search for reasons."*[60]

- <u>Doel van propaganda:</u> Ook wat hierdie aspek betref, bestaan wyd uiteenlopende opvattings. Sodanige opvattings sluit onder meer dié van Qualter in wat beweer het dat propaganda soms 'n nuttige doel dien deurdat dit help om die massa by die hoofstroom van die gemeenskap in te skakel deur inligting oor te dra. Hy verwys na hierdie aanwending van propaganda as deel van 'n *"enlightenment process"*.[61] Teenoor hierdie siening het verskeie navorsers beweer dat propaganda meestal ter bereiking van minder edel doelstellings aangewend word. Beide MacKenzie[62] en Jowett en O'Donnell[63] het dit onomwonde gestel dat die doel met propaganda is om die belange van die propandis te bevorder en dat die belange van die ontvanger bykans glad nie figureer nie. (Die doel waarvoor <u>Sechaba</u> aangewend is, stem hiermee ooreen.) Ook Malan[64] ondersteun laasgenoemde standpunt as sy aandui dat propaganda niks anders is as werwing nie en dat dit op die beïnvloeding van die openbare mening afgestem is. Sy gaan selfs so ver as om te beweer dat propaganda *"ook ingespan kan word om sosiale kontrole toe te pas"*.[65]

  'n Volgende standpunt aangaande die plek wat propaganda in moderne state beklee behels dat propaganda ingespan word as 'n metode om konflikte te wen sonder die voer van gewelddadige en duur oorloë.[66] As sodanig word propaganda dus met dieselfde status as diplomasie en militêre mag as instrumente van buitelandse beleid beklee. Terwyl diplomate oorreding en beloftes gebruik en militariste op geweld staatmaak, benut propagandiste intellektuele oortuigings, morele oordele en emosionele voorkeure om 'n staat se doelwitte na te streef.

---

60. FC Bartlett: "The aims of political propaganda", in D Katz, ea (eds): <u>Public opinion and propaganda</u>, p464.
61. TH Qualter: <u>Opinion control in the democracies</u>, p125.
62. AJ MacKenzie: <u>Propaganda boom</u>, p34.
63. GS Jowett and V O'Donnell: <u>Propaganda and persuasion</u>, p23.
64. JC Malan: <u>Propaganda en oorreding</u> (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), p10.
65. <u>Ibid.</u>, p36.
66. TH Qualter: <u>Opinion control in the democracies</u>, p111.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*"(P)ropaganda...endeavours to mold the minds of men directly rather than through the intermediary of the manipulation of interests or physical violence."*[67] Die ANC het hierdie standpunt kennelik onderskryf. Die organisasie het naamlik die propagandaveldtog wat namens hom deur onder meer Sechaba gevoer is as komplementerend en ondersteunend tot sy stryd op ander tereine, waaronder die gewapende aanslag en die internasionale isolering van Suid-Afrika, beskou.

Die laaste kategorie standpunte wat die doel van propaganda betref, word die beste deur Murty en Ellul opgesom. Volgens Murty het die propagandis vier oogmerke deur sy optrede ten doel. Eerstens poog hy om eise, verwagtinge en identifikasies van sy gehoor te verander of te versterk; tweedens poog hy om die gehoor se aandag te behou; derdens (en belangrikste) poog hy om 'n nood tot aksie by die gehoor te skep, en vierdens kanaliseer hy die emosies, sowel as die optrede van die gehoor volgens sy behoeftes.[68] Ellul ondersteun dié standpunte, maar lê swaarder klem op die feit dat propaganda optrede of aksies wil ontlok: *"The aim of modern propaganda is no longer to modify ideas, but to provoke action. It is no longer to change adherence to a doctrine, but to make the individual cling irrationally to a process of action. It is no longer to lead to a choice, but to loosen the reflexes. It is no longer to transform an opinion, but to arouse an active and mythical belief."*[69]

- Beskrywing van propaganda: Verskillende navorsers beskryf propaganda op uiteenlopende wyses. Sodanige beskrywings verklap meestal heelwat oor die betrokke navorser se invalshoek met betrekking tot die onderwerp. So byvoorbeeld haal Irion vir Edward L Bernays aan wat beweer het dat propaganda nooit sal uitsterf nie omdat intelligente mense besef dat dit 'n metode is waarmee orde uit 'n inligtingschaos geskep kan word.[70] Malan ondersteun hierdie standpunt as sy opmerk

---

67. HJ Morgenthau and KW Thompson: Politics among nations..., p353.
68. BS Murty: The international law of propaganda..., p50.
69. J Ellul: Propaganda. The formation..., p25.
70. FC Irion: Public opinion and propaganda, p733.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

dat 'n sekere mate van enersdenkendheid (wat deur propaganda nagestreef word) noodsaaklik is ten einde orde in die samelewing te verseker.[71] Dit behoort dus aanvaar te word dat politiek en propaganda *"zijn een twee-éénheid, en deze eenheid is even oud als de menslijke samelewing"*.[72]

Minder positiewe beskrywings van propaganda oorheers egter akademiese navorsing daaroor. In sodanige literatuur word propaganda soms beskryf as 'n direkte en onsubtiele metode wat daarop gemik is om opposisie te vernietig, konflikterende standpunte op die agtergrond te dwing en die gehoor met die illusie te laat dat op eie stoom tot die gewensde gevolgtrekking gekom is.[73] *"The evils of propaganda arise from the easy transition from bias to distortion; the urge to conquer not so much by the merits of the propagandist's case as by the defects, real or imaginery, of his opponents."*[74] Propaganda is voortvloeiend hieruit ook al beskryf as 'n instrument om die simbole wat indiwidue se denke struktureer, deur middel van dreigemente en beloftes te probeer manipuleer.[75] Morgenthau en Thompson het egter daarop gewys dat propaganda nie slegs 'n stryd tussen goed en sleg, waarheid en leuens impliseer nie, maar ook 'n stryd tussen mag en mag. *"In such a struggle virtue and truth do not prevail simply upon being communicated. They must be carried upon the steady stream of political policy that makes them both relevant and plausible."*[76]

- Werking van propaganda: Qualter se opmerking dat 'n aantal veranderlikes wat as 'n eenheid moet figureer nodig is om propaganda te laat slaag, is insiggewend. Hierdie veranderlikes is 'n gehoor, kommunikasie wat deur 'n spesifieke medium plaasvind, omgewings- en kulturele faktore en die tyd en plek waartydens die proses plaasvind.[77]

---

71. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), p37.
72. M Schneider: "Enkele omperkingen over politieke propaganda in heden en verleden", in Anon: Pers, propaganda en openbare mening, p82.
73. AJ MacKenzie: Propaganda boom, p48.
74. Ibid., p35.
75. D Lerner, Paper bullets..., p1.
76. HJ Morgenthau and KW Thompson: Politics among nations..., p358.
77. TH Qualter: Opinion control in the democracies, p110.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Jowett en O'Donnell se ondersoek na die propagandaproses het vergelykbare resultate opgelewer. Hulle het die bestaan van sosio-kulturele faktore en die belangrikheid daarvan in die propagandaproses as 'n gegewe aanvaar en vyf elemente van die proses self nader belig. Die eerste hiervan is die bestaan van 'n instelling wat organisatories en finansieel gesproke sterk genoeg is om propaganda te inisieer of aan te moedig. Die tweede element is propaganda-agente wat die propagandaboodskap namens die instelling direk of indirek deur die media versprei. Die derde element is die media wat op grond van die tipe boodskap en die verlangde resultate deur die agente geselekteer word. Die vierde element is die bestaan van 'n sosiale netwerk wat die boodskap vanaf die media ontvang en dit onder die gemeenskap versprei. Hierdie netwerk mag die vorm van meningsvormers, klein groepies mense of selfs indiwidue wat mag meehelp om gerugte te versprei, aanneem. Die vyfde en laaste element van die propagandaproses is die publiek of 'n gedeelte van die publiek van wie 'n sekere reaksie verwag word. Die publiek mag die propagandaboodskap ignoreer, glad nie ontvang nie, skepties of wantrouig daaroor wees, standpunt daarvoor of daarteen inneem of op die (vir die propagandis) korrekte wyse reageer.[78]

- Propaganda en oorreding: Sekere navorsers oor die onderwerp verkies dat die term "oorreding" in stede van propaganda gebruik word. Die rede hiervoor is dat oorreding geen waarde-oordele impliseer nie. In die studie van oorreding, veral die teorie daarvan soos dit in antieke Griekeland neergelê is, word klem op die nastrewing van waarheid, sowel as die ware motief van die oorreder en besorgdheid oor die welstand van die gehoor geplaas.[79]

Propaganda en oorreding is egter in die gedagtes van die meeste mense nog nie suksesvol geskei nie. Tog bestaan daar sekere onderskeidende kenmerke: Die eerste is dat geslaagde oorreding die rangskikking van inligting op so 'n wyse impliseer dat dit die ontvanger

---

*78. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, pp213-216.*
*79. Ibid., p32.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

van die mededeling se aandag trek en behou en hom tot handeling aanspoor wat met die wil van die oorreder saamstem. Daarteenoor is geslaagde propaganda die selektiewe aanbieding van inligting sodat dit die beste moontlike indruk op die publiek maak.[80] Tweedens is oorreding 'n interaktiewe proses wat op die bevrediging van beide die oorreder en ontvanger se behoeftes gerig is terwyl propaganda slegs die bevrediging van die propagandis se belange nastreef.[81] Ten slotte neem partye wat poog om ander te oorreed aan dat die gehoor ook aan argumente wat die teenstrydige opinie verteenwoordig, blootgestel is, terwyl propagandiste meestal op die sukses van eensydige argumentering staatmaak.[82]

- Beginsels van propaganda: 'n Hele aantal sogenaamde beginsels vir suksesvolle propaganda is oor jare heen geformuleer. Hier word volstaan met Morgenthau en Thompson se bondige samevatting van wat hulle as noemenswaardige beginsels beskou en vier beginsels wat deur Qualter geïdentifiseer is.

  Die beginsels wat deur Morgenthau en Thompson voorgehou word, is die volgende:

  * Suksesvolle ideologieë in die geskiedenis (soos fascisme en bolsjevisme) was suksesvol nie omdat hulle noodwendig die waarheid verkondig het nie, maar omdat geglo is dat dit die waarheid was. Voorts het dit aan mense gebied wat hulle verwag het - beide in terme van kennis en aksie.[83]

  * Mense is net ontvanklik vir sekere idees, op sekere tye en volgens die omstandighede waaronder hulle leef.[84]

---

80. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), pp113-114.
81. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p13.
82. Ibid., p28.
83. HJ Morgenthau and KW Thompson: Politics among nations..., p353.
84. Ibid., p354.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

* 'n Duidelike beeld van wat bereik wil word, watter metodes aangewese is, wat die aspirasies van die teikengroep is en wat die kapasiteit van die beplande aksie is om die verlangde veranderinge teweeg te bring, moet gevorm word.[85]

Qualter het die volgende vier beginsels vir effektiewe propaganda geïdentifiseer:

* Propaganda is suksesvol wanneer dit iets propageer wat die meerderheid graag wil hoor. Ook die ANC het deur middel van Sechaba probeer sorg dat sy boodskap ooreengestem het met die behoeftes van sy steunbasis.

* Absolute aandag moet geskenk word aan wat, hoe en aan wie propaganda gekommunikeer gaan word.

* Propaganda oorvereenvoudig kwessies en mag dus teen die demokratiese ideaal van 'n goed ingeligte elektoraat werk.

* Propaganda moet vooruit beplan word.[86]

- Eienskappe en kenmerke van propaganda: Die feit dat propaganda voorgee om informatiewe kommunikasie te wees terwyl dit in werklikheid met 'n versteekte motief geskied, is sekerlik die belangrikste eienskap daarvan. Gekoppel hieraan is die doel van die onbekende of versteekte propagandis gewoonlik om enersyds die inligtingsvloei na die gemeenskap te beheer met dié implikasie dat hy, andersyds, openbare mening probeer bestuur.[87] Wanneer enige propagandablad - insluitende Sechaba - bestudeer word, behoort hierdie feit deurentyd in aanmerking geneem te word.

  Voorts kan daar op grond van Ellul se werk ook 'n aantal eienskappe van propaganda uitgeken word. Dit sluit in dat moderne propaganda 'n

---

85. *Ibid.*, p356.
86. TH Qualter: *Opinion control in the democracies*, p138.
87. GS Jowett and V O'Donnell: *Propaganda and persuasion*, pp33-35.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wetenskap geword het, op beide die indiwidu en die massa gerig word, dit totaal is (alle tipes media word ingespan), 'n kontinue en langdurige proses is, goed georganiseer moet wees en dat dit moet lei tot 'n aksie deur die ontvanger.[88] Al die laasgenoemde eienskappe word deur Ellul die eksterne eienskappe van propaganda genoem.

Op grond van ervarings wat hy in die Tweede Wêreldoorlog opgedoen het, hou Bruner die volgende eienskappe van propaganda voor: Met propaganda word probeer om die teiken se geloof in tradisionele inligtingsbronne te verbreek; dit poog om verdeeldheid in die "vyand" se geledere te skep; dit oordryf die bestaan van sogenaamde krisisse; dit stimuleer skuldgevoelens; dit streef na die vestiging van 'n sogenaamde "vyfde kolonne"; dit stimuleer fatalisme en, ten slotte, poog dit om vrees in opposisiegeledere te laat posvat.[89] In sy ontleding van Afrikaners en die apartheidstelsel, het Sechaba 'n doelbewuste poging aangewend om minstens sommige van bogenoemde propaganda-ideale te verwesenlik.

Larson se standpunt in hierdie verband stem ooreen met die voorafgaande, terwyl hy verder daarop wys dat propaganda meestal probeer om mense se houdings te verander, dat dit altyd vir iets en teen iets anders is en dat propaganda, in die woorde van Goebbels, *"becomes ineffective the moment we are aware of it"*.[90] Die uiteensetting van Malan bied moontlik die beste opsomming van die eienskappe en kenmerke van die propagandaboodskap. Volgens haar word daardie boodskap gekenmerk deur vereenvoudigings, veralgemenings, herhalings, suggesties en oordrag (prosesse wat op die beginsel van assosiasie berus), sowel as slagspreuke en propaganda van die daad (optogte en betogings).[91]

---

*88. J Ellul: Propaganda. The formation..., pp 3; 6; 9; 17; 21; 25.*
*89. JS Bruner: "The dimensions of propaganda...", in D Katz, ea (eds): Public opinion and propaganda, pp493-495.*
*90. CU Larson: Persuasion. Perception and responsibility, p359.*
*91. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), pp121-136.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Wat duidelik uit die voorafgaande blyk, is dat daar soos die geval met bykans al die fasette van propaganda as studieveld is, nie 'n duidelik identifiseerbare stel eienskappe en kenmerke is nie. Die eienskappe en kenmerke wat wel voorgehou word, weerspieël die onderskeie navorsers se eie ervarings van en subjektiewe oordele oor propaganda.

- Propagandastrategieë: Dit behoort in gedagte gehou te word dat geen klinkklare resep vir 'n effektiewe propagandaveldtog bestaan nie. Nie net sal elke veldtog verskil wat inhoud betref nie, maar sal dit ook byvoorbeeld verskil wat betref die benutting van verskillende tipes media en ander metodes om die gehoor te bereik.[92]

  Die metodes of hulpmiddels wat tot die propagandis se beskikking is, is talryk. Enkele voorbeelde sluit in die skepping van stereotipes (of bevooroordeelde waarnemings[93]) van die opponerende party, die skepping of uitbouing van mites (sterk gekleurde en irrasionele gelowe wat in die samelewing bestaan[94]), die benutting van simbole (die benutting gedurende die Franse Rewolusie van die begrippe "vryheid, "gelykheid" en "broederskap" dien ter illustrasie[95]), die benutting van woede - beide ter beskrywing van die status quo en ter bevordering van die emotiewe konnotasies waarmee dit meestal beklee word[96] en ten slotte die uitbuiting van emosies wat latent in elke nasie of groep aanwesig is.[97] Sodra die propagandis oordeel dat hy genoegsaam op die gehoor se emosies gespeel en 'n "skuldige" aan hulle uitgewys het, kan hy oorgaan tot pogings om die gehoor tot aksie te probeer oorhaal.[98]

  Die metode wat meestal in laasgenoemde verband benut word is dat die gehoor meegedeel word dat hulle in 'n voordelige/nadelige posisie is en dat die voorgestelde plan van aksie hulle voordeel sal

---

92. BS Murty: The international law of propaganda, p49.
93. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), p107.
94. J Ellul: Propaganda. The formation..., p40.
95. BS Murty: The international law of propaganda..., p15.
96. Ibid., p21.
97. AJ MacKenzie: Propaganda boom, p42.
98. CU Larson: Persuasion. Perception and responsibility, pp364-365.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

verseker/nadele sal oorkom/die situasie sal verbeter.[99] MacKenzie wys egter weereens daarop dat die tegniek wat gevolg word hier van situasie tot situasie sal verskil en dat veral die samestelling van die gemeenskap of teiken 'n rol in die bepaling van 'n strategie sal speel.[100] Inligting wat subjektief geïnterpreteer is, feite wat verdraai is, nuwe "feite" wat geskep of teenstrydige feite wat onderdruk word, kenmerk die propagandis se kommunikasie gedurende hierdie fase. Nuwe simbole, mites, en dies meer word ook aan die gehoor gebied met die doel om die propagandis se doelwit aanloklik voor te stel. Sodra die doelwit op hierdie wyse "verkoop" is, behoort die gehoor 'n impuls te ontwikkel om op te tree[101] en kan die propagandis sy propagandaveldtog as suksesvol beskou.

In Sechaba is dieselfde strategie gevolg: Stereotipes is van onder meer Afrikaners gevestig; mites is geskep waarvan die proses wat tot die aanvaarding van die Freedom Charter gelei het ter illustrasie dien; simbole soos Mandela, ander martelaarsfigure soos Solomon Mahlangu en die Freedom Charter is daargestel en woede en emosies oor bestaande en gewaande verontregtings wat die beweerde gevolg van apartheid was, is aan die ANC se ondersteuners voorgehou. Die Freedom Charter is ten slotte ook as die beliggaming van die ANC se toekomsvisie verabsoluteer.

- Vereistes vir suksesvolle propaganda: As vertrekpunt behoort dit gestel te word dat propaganda *"by itself has no power over an individual. It needs certain existing, pillars of support...these pillars are the individual's need for propaganda".*[102] Voorts bestaan daar ook nie 'n direkte verband tussen die inhoud van en hoeveelheid propaganda en die effek wat dit op 'n gehoor het nie.[103] Die vereistes vir suksesvolle propaganda kan moontlik beskryf word as dat dit gesien, verstaan, onthou en aan die hand daarvan opgetree moet word.[104]

---

*99. BS Murty: The international law of propaganda..., p50.*
*100. AJ MacKenzie: Propaganda boom, p36.*
*101. BS Murty: The international law of propaganda..., pp51-52.*
*102. J Ellul: Propaganda. The formation..., p138.*
*103. TH Qualter: Opinion control in the democracies, p131.*
*104. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p163.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Tog het verskeie navorsers so ver gegaan as om te probeer om 'n aantal spesifieke vereistes te identifiseer. Murty het in hierdie verband ses items uitgesonder. Hy beskou naamlik die aard (kredietwaardigheid) van die kommunikator, die mate waartoe die boodskap met die gehoor se bestaande persepsies ooreenstem, omgewingsfaktore (onsekerheid teenoor sekerheid), groepsdruk, die boodskap se inhoud en die mate waartoe die propagandis bestaande kommunikasiekanale beheer as van deurslaggewende belang.[105] In sy sewe beginsels of vereistes vir suksesvolle propaganda wat deur MacKenzie voorgehou word, plaas hy meer klem op die aard van die propagandaboodskap. Volgens hom is die eerste vereiste dat die boodskap herhaal moet word, tweedens moet dit "kleurvol" wees (feite en besonderhede oor persoonlikhede bevat), derdens moet dit ten minste 'n greintjie waarheid bevat, vierdens moet dit om 'n slagspreuk gebou word, vyfdens behoort dit op die bereiking van 'n spesifieke doel afgestem te wees, sesdens moet die ware motief vir die propagandaveldtog verskuil gehou word en ten slotte is die tydsberekening van die kommunikasie-aksie belangrik.[106] 'n Ontleding van die propaganda wat deur Sechaba gevoer is, bevestig dat ANC deur bewustelik of onbewustelik bogenoemde beginsels toe te pas, tot 'n redelike mate daarin geslaag het om sy teikengroep te bereik.

- Propaganda-analise: Die probleem waarmee navorsers of ontleders van propaganda se invloed gekonfronteer word, is dat die werklikheid nie vir navorsingsdoeleindes "gedupliseer" kan word nie. Dit sluit in dat 'n situasie nie gerekonstrueer kan word sonder propaganda se invloed nie en dat die predisposisie van die gehoor meestal onbekend bly. Hierdie metodologiese probleme het Qualter laat opmerk dat as 'n propagandaveldtog 'n positiewe gevolg het, dit aan geluk en nie aan wetenskaplikheid nie, toegeskryf moet word![107]

Die eerste poging van propaganda-analiste om 'n lys kriteria saam te stel waarvolgens die effek van propaganda kwansuis gemeet sou kon

---

105. *BS Murty: The international law of propaganda..., pp64- 66.*
106. *AJ MacKenzie: Propaganda boom, pp50-77.*
107. *TH Qualter: Opinion control in the democracies, p132.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


word, het die tekortkominge en subjektiwiteit van daardie analiste weerspieël. Indien 'n boodskap positief aan die hand van een of meer van die volgende kriteria getoets is, so is beweer, was dit propaganda. Die kriteria (wat uit die 1930's dateer) was *"name calling"* (gee aan iets 'n slegte naam), *"glittering generalities"* (assosieer 'n boodskap met iets positiefs), *"transfer"* (benut 'n kredietwaardige persoon om 'n negatiewe boodskap oor te dra), *"testimonial"* (gerespekteerde persoon steun 'n idee), *"plain folks"* (spreker oortuig 'n gehoor hy is een van hulle), *"card stacking"* (selektering van feite om 'n idee goed te laat vertoon) en *"band wagon"* ("almal doen dit in elk geval").[108]

Hierdie eerste pogings tot propaganda-analise is tydgenootlik getipeer as sou die analiste slegs besorg gewees het oor die voortbestaan van demokrasie, dat hulle gewone burgers wou toerus met insig oor propaganda, dat hulle die publiek as te goedgelowig beskou het en dat die mag van propaganda as bykans onweerstaanbaar voorgehou is.[109] Daarom word dit as gediskrediteer voorgehou.

'n Veel moderner perspektief word deur Jowett en O'Donnell voorgehou. Hulle het die volgende vrae geformuleer om die stadia van (of kriteria vir) propaganda te identifiseer:

* Wat is die ideologie agter of die doel van die propagandaveldtog?

* In watter konteks vind dit plaas?

* Wie is die propagandis?

* Wat is die struktuur van die organisasie agter die propagandaveldtog?

* Wie is die teiken of gehoor?

---

*108. Ibid., p9.*
*109. DO Sears and RE Whitney: "Political persuasion", in I de S Pool and W Schramm (eds): Handbook of communication, pp253-254.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

* Watter media word op watter wyse benut?

* Watter spesiale tegnieke word benut?

* Wat is die teiken/gehoor se reaksie op die onderskeie tegnieke?

* Watter teenpropaganda word gevoer?

* Wat is die effek van die propagandaveldtog?[110]

Indien al hierdie vrae met betrekking tot 'n propagandaveldtog gevra en beantwoord is, behoort analiste 'n betroubare beeld daarvan te kan vorm.

Die feit bly egter staan dat ontledings van die effek van propaganda op losse skroewe rus. Ook wat die effek van Sechaba se propagandaveldtog betref, word die navorser gedwing om hom op omstandigheidsgetuienis staat te maak wanneer hierdie aspek onder die loep geplaas word.

- Noodsaaklikheid van propaganda: Ellul verwerp die idee dat propaganda die werk van 'n sluwe paar indiwidue is. Volgens hom het die indiwidu 'n behoefte aan propaganda terwyl die staat 'n behoefte het om propaganda te maak.[111] 'n Verskeidenheid redes word ter ondersteuning van sy standpunt voorgehou.

  So ver dit die behoefte van die staat om propaganda te maak betref, wys Ellul daarop dat die moderne staatsbestel ingewikkeld geword het maar dat indiwidue steeds daaraan wil deelneem. Die staat het dus 'n behoefte en plig om indiwidue deur kommunikasie (wat noodwendig subjektief is) betrokke te hou.[112] Verder word demokratiese regerings deur eksterne druk gedwing om teenpropaganda, gerig op die tuisfront,

---

*110. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p154.*
*111. J Ellul: Propaganda. The formation..., p121.*
*112. Ibid., pp121; 126-127.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

te benut. (Die behoefte van totalitêre regerings om propaganda te gebruik is voor die hand liggend).[113]

Wat die nood van indiwidue vir propaganda betref, wys Ellul daarop dat indiwidue deur komplekse vraagstukke en volumes inligting gekonfronteer word wat 'n volwassenheid verg waarop min indiwidue kan aanspraak maak. Slegs deur gekondenseerde inligting te oorweeg kan die gemiddelde indiwidu sin uit die chaos maak. Sodanige inligting, wat ook as 'n beskermende sluier vir die indiwidu dien,[114] neem die vorm van propaganda aan. Die slotsom waartoe Ellul kom is dat die *"politician who uses (propaganda) is not a monster; he fills a social demand"*.[115]

Die vraag kan ook gevra word of Sechaba nie in 'n inligtingsbehoefte van sommige, ANC-gesinde swartmense beantwoord het nie. Om die finansiële uitgawe wat die blad vir die ANC beteken het te regverdig, moes 'n behoefte daarvoor bestaan het - 'n behoefte wat die ANC geoordeel het dat slegs hy kon vul.

- Effek van propaganda: Daar bestaan eenstemmigheid dat daar geen wetenskaplike manier betaan om die effek van propaganda te bepaal nie. Die rede hiervoor is dat daar geen situasie bestaan waar geen propaganda voorkom nie[116] en dat vergelykende ondersoeke dus onmoontlik is. Wat egter wel duidelik is, is dat persone wat aan propaganda onderwerp is nie ongeskonde na afloop van die proses is nie. Sodanige persone se opinies, houdings en denkpatrone is minstens somtyds deur propaganda beïnvloed en verander. In Ellul se woorde is *"(p)ropaganda's effect...(that) it produces profound changes"*.[117] Hoe omvangryk die invloed van propaganda is of hoeveel mense bereik word is egter nie bepaalbaar nie.

---

113. *Ibid.*, p133.
114. *Ibid.*, pp139-140.
115. *Ibid.*, p160.
116. *TH Qualter: Opinion control in the democracies, p139.*
117. *J Ellul: Propaganda. The formation..., p161.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Vir Ellul is dit voor die hand liggend dat propaganda effektief is. Hy is die mening toegedaan dat propaganda op elke vlak van die moderne samelewing teenwoordig is, dat geen gebeurtenis die resultaat van een enkele stukkie propaganda is nie, maar dat die aanwesigheid van propaganda die deurslaggewende faktor is. *"Obviously, propaganda does not exist by itself. But without it, nothing would happen. It really starts the engine. And once the movement is underway, propaganda keeps it going, directs it, and ensures its success."*[118] Die geldigheid van hierdie standpunt is, hoewel insiggewend, aanvegbaar. In die lig van die gestelde struikelblokke by die ondersoek van propaganda behoort Ellul se standpunt dus as slegs 'n standpunt beoordeel te word.

Enige poging om die invloed van 'n spesifieke propagandaveldtog of -medium, soos byvoorbeeld Sechaba, te ontleed, gaan uiteraard onder dieselfde hindernisse as wat hierbo aangedui is, gebuk.

- Gevolge van propaganda: Die gevolge van moderne propaganda op internasionale verhoudinge is volgens Morgenthau en Thompson ingrypend. Na hulle oordeel het propaganda die tradisionele stelsel van sosiale verhoudinge tussen state vernietig. Dit het daartoe gelei dat state meer egosentries te werk begin gaan het wat tot selfsugtige magsopbou en jaloerse beskerming van eie belange aanleiding gegee het. Volgens hierdie argument het propaganda die magsbalans tussen state, wat oor eeue opgebou is, vernietig.[119]

  Die gevolge van propaganda vir indiwidue is ewe omvattend. Die volgende opmerking van Berger, soos dit deur Jowett en O'Donnell aangehaal is, illustreer hierdie feit: *"Propaganda preserves within people outdated structures of feeling and thinking whilst forcing new experiences upon them. It transforms them into puppets..."*[120] Terselfdertyd bly die frustrasies wat sodoende opgewek word, uit die propagandis se oogpunt polities gesproke skadeloos. Die feit dat die

---

*118. Ibid., pp289-290.*
*119. HJ Morgenthau and KW Thompson: Politics among nations..., pp358-359.*
*120. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p163.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


indiwidu sodoende van sy potensiaal om selfstandig te dink en op te tree ontneem word, is die belangrikste gevolg van propaganda want, indien die slagoffer van een soort propaganda ontneem word, sal hy bloot na 'n ander soort soek om homself die moeite te spaar om 'n eie oordeel jeens die onderwerp ter sprake te vorm.[121] *"Under the influence of propaganda (the individual) always takes the easy way, the path of least resistance..."*[122] - aldus Ellul.

Daar bestaan geen bewyse dat die invloed van Sechaba so ingrypend was nie.

- Beperkinge op propaganda: Die eerste beperking waaroor menige propagandaveldtogte gestruikel het, is die bestaan van standhoudende houdings, voorkeure en stereotipes wat enige inligting wat dit nie bevestig nie, sal verwerp. Propaganda sal dus die effektiefste wees indien dit populêre sentimente ondersteun.[123] Verdere beperkinge op propaganda sluit in heersende tendense in 'n gemeenskap waarteen 'n boodskap nie mag indruis nie, dat die boodskap rekening moet hou met aanvaarde feite en nie net op idees mag staatmaak nie, dat die tydsberekening en tydsduur van die propagandaveldtog korrek moet wees en dat probeer moet word om rekening te hou met die gehoor se reaksie ('n onmoontlike voorspelling) om die boodskap waarlik suksesvol te maak.[124]

Ten slotte wys Qualter daarop dat die sukses van propaganda afhang van die graad van sensorskap, wat in elke gemeenskap voorkom,[125] en wat noodwendig die effektiwiteit van Sechaba as verbode maandblad in Suid-Afrika beïnvloed het, asook van die verhouding tussen die propagandis en die beleidsformuleerders. So byvoorbeeld ag militariste die invloed van moreel en sielkundige oorlogvoering gering in verhouding tot die invloed van suiwer militêre optrede.[126] Indien die

121. J Ellul: *Propaganda. The formation...*, p170.
122. *Ibid.*, p178.
123. TH Qualter: *Opinion control in the democracies*, p137.
124. J Ellul: *Propaganda. The formation...*, pp295-296; 298.
125. TH Qualter: *Opinion control in the democracies*, p146.
126. *Ibid.*, p143.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


propagandis nie toegang tot beleidsformulering het nie, sal hy nie beleid kan beïnvloed nie en sal die invloed van sy optrede noodwendig beperk wees.

- Redes vir die verwerping van propaganda: Die ontduiking of verwerping van propaganda word as 'n goed geoefende gedragswyse beskou. Dit is bekend dat propagandaboodskappe wat vir spesifieke groepe bedoel is en wat 'n teenoorgestelde standpunt handhaaf, moeilik die gewensde resultate oplewer. Sodanige groepe *"evade points of view which are at odds with their own by the simple expedient of not exposing themselves to such views"*.[127] Een van die redes hiervoor mag bloot wees dat die propagandis se boodskap 'n algemeen aanvaarde kulturele waarheid wat in 'n gemeenskap geld, opponeer[128] en dat die gehoor nie geneë is daarmee dat die fondamente waarop hulle gemeenskap gebou is, aangetas word nie.

  Ander redes waarom propaganda verwerp of ontduik word, sluit die volgende in: Sommige gemeenskappe openbaar min belangstelling in sake van die dag en stel hulleself selektief bloot aan inligting of propaganda. Gemeenskappe benut soms verdedigingsmeganismes om hulle teen propaganda te probeer beveilig, waaronder ondersoeke na die propagandis se kredietwaardigheid en die verwerping van inligting wat nie met hulle predisposisies ooreenstem nie.[129] Gehore verstaan soms bloot nie die boodskap nie. Soms word die boodskap verwerp. Toehoorders wat te subjektief is, verander soms die boodskap om by hulle verwysingsraamwerk in te pas. Soms is die boodskap te ingewikkeld. Boodskappe word soms verwerp omdat die aanvaarding daarvan indiwidue in konflik met die groep sal plaas. Sommige persone is gekondisioneer om boodskappe te ontwyk omdat hulle 'n verskeidenheid rolle in die gemeenskap moet speel en boodskappe soms

---

*127. E Cooper and M Jahoda: "The evasion of propaganda...", in D Katz, ea (eds): Public opinion and propaganda, p313.*
*128. GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, p109.*
*129. DO Sears and RE Whitney: "Political persuasion", in I de S Pool and W Schramm (eds): Handbook of communication, p257.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


met van daardie rolle bots.[130] Laastens interpreteer mense dieselfde boodskap op verskillende wyses en nuwe inligting verander nie noodwendig houdings nie.[131]

Soms vernietig propaganda volgens Ellul nie net demokratiese idees nie, maar ook demokratiese optrede. Hy moedig indiwidue aan om propaganda te verwerp *"in the name of a very profound reality: the possibility of choice and differentiation, which is the fundamental characteristic of the individual in the democratic society"*.[132]

- Propaganda: Leuens teenoor die waarheid: Sedert die beweerde suksesse van propaganda tydens die Eerste en Tweede Wêreldoorloë bekend geword het, het die negatiewe konnotasies wat aan die term geheg is, verstewig. Die idee het by die Geallieerdes ontstaan dat die vyand (Duitsland en sy bondgenote) propaganda bedryf het en dat inligtings- of kommunikasie-aksies wat deur hulleself geloods is, dus nie propaganda kon wees nie.[133] Hierdie geloof was op verkeerde aannames gegrond. Slegs deur te aanvaar dat propaganda 'n wettige en selfs noodsaaklike rol in die moderne politieke proses te speel het, kan die waarde daarvan vanuit 'n meer objektiewe oogpunt ontleed word.[134]

Die sukses van propaganda berus tot 'n groot mate op die verspreiding van ten minste gedeeltelik korrekte inligting deur 'n agent wat altyd kredietwaardig moet wees. In die Suid-Afrikaanse situasie het onder meer die ANC daardie rol deur middel van Sechaba probeer vervul. Die probleem so ver dit propagandiste en die waarheid betref is dat die identifisering van leuens 'n sekere mate van kennis van die onderwerp verg. By die meeste mense is sodanige kennis oor enige gegewe onderwerp waaroor propaganda bedryf word, afwesig. Omdat

130. E Cooper and M Jahoda: "The evasion of propaganda...", in W Schramm and DF Roberts (eds): The process and effects of mass communication, pp289-297.
131. HH Hyman and PB Sheatsley:"Some reasons why information campaigns fail", in D Katz, ea (eds): Public opinion and propaganda, p528.
132. J Ellul: Propaganda. The formation..., p255.
133. TH Qualter: Opinion control in the democracies, p113.
134. Ibid., p124.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

leuens vertel word met die doel om te mislei[135] en omdat die waarheid meestal op welke wyse ookal na vore kom, is dit gewoontlik nie in die propagandis se belang om hom op leuens te verlaat nie. (Vergelyk ook die beginsels van propaganda soos dit deur Goebbels geformuleer en hierbo beskryf is.)

- Soorte propaganda: Die bekendste indeling van propaganda is een waarvolgens 'n onderskeid tussen sogenaamde wit, grys, swart en sub- of fasiliterende propaganda getref word. Volgens hierdie indeling word wit propaganda gekenmerk deur die feit dat die bron van inligting bekend en die inligting waar is. Die doel daarmee is om kredietwaardigheid met die gehoor op te bou. Grys propaganda impliseer dat die bron bekend of onbekend en die inligting se korrektheid twyfelagtig is. Die meerderheid van Sechaba se inhoud kan as sodanig geklassifiseer word. Dit word meestal benut om 'n opponent in die verleentheid te stel. Wanneer vals inligting deur 'n onbekende of verkeerdelik erkende bron verskaf word, word swart propaganda versprei. Dit staan ook as disinformasie bekend en word benut om 'n opponent te verswak.[136] Sub of fasiliterende propaganda is kommunikasie wat gevoer word met die doel om oor 'n lang tydperk 'n positiewe gesindheid jeens 'n potensiële propagandis te kweek, *"an activity that is designed to keep lines open and to maintain contacts against the day when they will be needed for propaganda purposes"*.[137]

Aan die hand van Thomson hou Qualter 'n indeling van propaganda voor op grond van die onderwerpe wat daardeur aangespreek word. Hiervolgens word sewe soorte propaganda onderskei:

* Politieke propaganda: Dit is die bekendste vorm wat ten behoewe van partye en sake gevoer word en wat beroepe op aspekte soos nasionalisme, patriotisme en lojaliteit insluit.

---

135. *Ibid.*, pp114-115.
136. *GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, pp17-18.*
137. *Ibid.*, p20.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


* Ekonomiese propaganda: Dit sluit alle vorme van propaganda in wat daarop gemik is om mense aan te moedig om goedere te koop, verkoop of op te gaar.

* Militêre propaganda: Propaganda gerig op die ondermyning van die vyand se moreel en die opbou van moreel onder eie magte.

* Diplomatieke propaganda: Dit is propaganda wat gemik is op die bevordering van vriendskap of vyandigheid teenoor potensiële bondgenote of slagoffers.

* Didaktiewe propaganda: Dit is die opvoeding van die gemeenskap om onder meer in vrede saam te leef, siektes te bekamp en anti-sosiale optrede te beveg. Dit word gewoonlik deur die owerheid bedryf.

* Ideologiese propaganda: Dit kan beskryf word as die *"violent upsetting and rebuilding of people's minds"*[138] ter bereiking van ideologiese doelwitte.

* Ontsnappingspropaganda: Dit is die katarsis-funksie van propaganda - pogings om emosionele energie te kanaliseer, *"the offering of bread and circuses to redirect the attention of a dissatisfied population"*.[139]

Ellul verkies om propaganda in 'n viertal kategorieë te verdeel, te wete:

* Politieke propaganda: Tegnieke wat deur regerings, groepe of partye gebruik word om die publiek se gedrag te verander; teenoor

---

*138. TH Qualter: Opinion control in the democracies, p128.*
*139. Ibid.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Sosiologiese propaganda: Die penetrasie van 'n ideologie deur middel van die sosiologiese konteks waarbinne dit plaasvind - dit wil sê 'n spontane ontwikkeling.[140]

* Agitasie propaganda: Optrede deur 'n party wat probeer om die regering of die bestaande orde omver te werp; teenoor
  Integrasie propaganda: Propaganda wat konformiteit bevorder. Dit kom veral in die Westerse wêreld voor waar op totale gehoorsaamheid aan sekere gedragspatrone staatgemaak word.[141]

* Vertikale propaganda: Propaganda wat deur 'n leier gemaak word om mense onder hom te beïnvloed; teenoor
  Horisontale propaganda: Dit is 'n tipe integrasie propaganda deurdat dit binne 'n groep plaasvind met die doel om groepskonformiteit te bewerkstellig.[142]

* Rasionele propaganda: Dit is propaganda wat op feite gebaseer is; teenoor
  Irrasionele propaganda: Propaganda wat, hoewel dit ook feite mag bevat, op emosie staatmaak.[143]

Die advertensiewese het, ten slotte, ook nuwe soorte propaganda opgelewer. Hoewel hierdie tegnieke, bekend as *"sublimale projeksie"* en *"diepte manipulasie"*, volgens Murty op onetiese beginsels berus, verdien dit tog vermelding. Die tegnieke bestaan uit appélle wat op diepgewortelde en universele menslike begeertes gerig word.[144]

Die laaste aspek wat onder die loep geplaas word, is die rol wat die propagandis in die propagandaproses speel. Ter aanvang kan dit gestel word dat elke mens die potensiaal besit om 'n propagandis te wees, omdat elke mens immers op sekere terreine invloed uitoefen en vriende of familie daaroor kan beïnvloed. Die mate van beïnvloeding word ook tot 'n groot mate

140. J Ellul: Propaganda. The formation..., pp62-63.
141. Ibid., pp71; 75-76.
142. Ibid., pp79-81.
143. Ibid., pp84-85.
144. BS Murty: The international law of propaganda..., p206.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

deur die propagandis se persoonlikheid bepaal.[145] Voorts kan 'n propagandis 'n indiwidu of 'n groep wees wat as eenheid funksioneer.

Twee tipes propagandiste kan onderskei word. Die eerste is daardie persone wat propaganda skep (primêre propagandiste), terwyl die tweede tipe daardie persone is wat propaganda deurvoer (sekondêre propagandiste). Beide tipes propagandiste mag doelbewus propaganda skep of deurstuur, maar mag ook onbewus wees dat hulle dit doen. Sekondêre propagandiste is voorts gewoonlik ook opinieleiers, waaksaam, polities aktief en besit leierseienskappe. Die belangrikheid van hul rol in die propagandaproses is dat hulle die oorspronklike propagandaboodskap vertolk voordat hulle dit aan die gehoor oordra.[146]

Die implikasie verbonde aan die benaming propagandis is gewoonlik, soos ook die geval met die term propaganda is, dat die betrokke persoon agterbaks en anti-sosiaal moet wees.[147] Dit is nie waar nie. Schneider se aanhaling van Aldous Huxley illustreer hierdie punt: *"(D)e propagandist (is) de man...die een reeds bestaande stroom kanaliseert en...hij graaft tevergeefs als daar geen water is."*[148]

Kenmerke van die propagandis wat deur Malan geïdentifiseer is, sluit in dat hy 'n drang na mag moet hê, selfbeheersing aan die dag kan lê, met mense kan omgaan, met die publiek kan identifiseer, oor organisasievermoë beskik en buigsaam en aggressief moet wees.[149] Al die voorafgaande kenmerke (of sommiges daarvan) word deur die propagandis benut om goedkeuring te werf vir 'n onbekende of ongewilde beleid of saak. *"Sy doel is om die openbare mening te verander, sodat die publiek in ooreenstemming met sy wil sal optree."*[150]

---

145. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), p45.
146. Ibid., pp44-45.
147. Ibid., p41.
148. M Schneider: "Enkele opmerkingen over politieke propaganda in heden en verleden", in Anon: Pers, propaganda en openbare mening, p90.
149. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), pp46-56.
150. Ibid., p149.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die mag van 'n propagandis, die *"vermoë van een individu of groep om die handelswyse van ander individue of groepe te verander in die rigting wat eersgenoemde verlang"*,[151] berus op vyf moontlike grondslae: Die mag van beloning, die mag wat uit dwang spruit, mag wat op grond van kultuurvorme beoefen word (wanneer B voel dat hy dit wat A voorstel "behoort" te doen), mag as gevolg van identifikasie (bewondering van sekere eienskappe van die propagandis) en mag weens deskundigheid.[152]

Die optrede van die propagandis in die praktyk neem 'n aanvang sodra hy homself in 'n magsposisie bevind. Sy optrede kan in twee woorde opgesom word, naamlik beplanning en kontrole. Die beplanningsfunksie sluit die selektering en disseminering van simbole in, terwyl hy die inligtingsvloei en die opbou of afbreek van groepe beheer.[153] Hierdie beplannings- en kontrolefunksie sluit ook kennisname van en reaksie op optrede van opponente in met die doel om die oorhand te verkry en te behou.[154]

Die taak van die propagandis is, gesien teen die voorafgaande, dus nie maklik nie. Een van die mees voor die hand liggende faktore wat buite sy beheer is en sy taak bemoeilik, is dat politieke en sosiale omstandighede in enige gemeenskap aan onverwagte fluktuasies onderworpe is. Nog meer onvoorspelbaar is die emosionele faktor wat telkens ter sprake kom wanneer met mense gewerk word.[155] Meer spesifieke faktore wat die mag van die propagandis bepaal en beperk is die volgende:

- As 'n gemeenskapsleier behou die propagandis nie altyd die graad van intieme kontak met die publiek wat wenslik is nie.

- Indien die propagandis te veel op dwang staatmaak sal weerstand teen oorreding onder die gehoor opbou.

---

151. Ibid., p58.
152. Ibid., pp59-60.
153. BS Murty: The international law of propaganda..., p27.
154. Ibid., p57.
155. AJ MacKenzie: Propaganda boom, p49.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

- Die propagandis moet sekerheid ten opsigte van die standpunte wat hy wil oordra, sowel as van sy eie vermoëns hê. Iemand wat self onseker is kan nie 'n ander oortuig nie.

- Die propagandis moet die standaarde en doelstellings van die groep wat hy wil oorreed deel, want 'n buitestander se oorredingskrag is gewoonlik laag.

- Hoe wettiger (geregverdig) die pogings van die propagandis is om iemand te oorreed, hoe makliker sal hy dit doen.

- 'n Propagandis wat nie geloofwaardig of kredietwaardig is nie, sal dit moeilik vind om ander persone te oorreed.[156]

Opsommenderwys kan die volgende opmerkings oor propaganda gemaak word. Propaganda is so oud soos die mens self. Die kragte wat later sou lei tot die daarstelling van die massamedia, die skepping van openbare mening en pogings om dit te beïnvloed deur houdingsveranderinge teweeg te bring, het hulle oorsprong by die eerste mensagtige diere wat in primitiewe tye byeengekom het vir warmte en beskerming. Daarna, oor talle eeue heen, is 'n stelselmatige ontwikkelingsgang gevolg. Rookseine, kleitablette, die drukpers[157], radio en televisie het komplementêr tot die gesproke woord begin optree om mense in te lig. Saam met hierdie inligtingsfunksie het doelbewuste pogings om indiwidue en groepe te beïnvloed ook hulle verskyning gemaak.

Die subdissipline wat propaganda as uitsluitlike studieveld het, het eers gedurende die 1930's ontwikkel toe 'n groep sosiale wetenskaplikes in die VSA die sogenaamde *"Institute for Propaganda Analysis"* gestig het. Dié Instituut het heelwat baanbrekerswerk verrig, maar is kort na die Tweede Wêreldoorlog ontbind.[158]

---

*156. JC Malan: Propaganda en oorreding (Ongepubliseerde MA, PU vir CHO), pp60-62.*
*157. W Schramm (ed): Mass communication, pp3-4.*
*158. B Silverstein: "Towards a science of propaganda",in Political psychology. Journal of the International Society of Political Psychology, Vol 8, No 1, 1987.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die belangrikste probleem wat die Instituut ondervind het en wat tot vandag toe studies oor propaganda kniehalter, is dat dit insette van 'n veeltal dissiplines impliseer. Dit sluit sielkunde, joernalistiek, staatsleer, kommunikasiekunde, onderwys, semantiek en sosiologie in. Die gevolg daarvan is dat 'n basiese stel vakkundige literatuur, 'n stel tegnieke om propaganda en die gevolge daarvan te ontleed, sowel as kontak tussen navorsers oor die onderwerp steeds ontbreek.[159] Dit laat die kontemporêre navorser met die dilemma dat geen klinkklare gevolgtrekkings oor die invloed van die talle veranderlikes wat op propaganda inwerk, of die uitkoms daarvan gemaak kan word nie.[160] Daar kan hoogstens aangedui word dat dit blyk dat propaganda meer invloed op mense se houdings en gedrag uitoefen as wat vroeër gedink is, maar dat daardie invloed nie so omvattend is as wat propagandiste voorheen op aanspraak gemaak het nie.[161]

Hier word, laastens, met enkele veralgemenings volstaan. Die eerste is dat propaganda die onafwendbare resultaat van die moderne tegnologiese gemeenskap is en dat dit so 'n sentrale rol in die gemeenskapslewe speel dat ekonomiese en politieke ontwikkeling daarsonder moeilik denkbaar is.[162] Verder skep propaganda onverwagte bondgenote (byvoorbeeld ver-regses en Rooms-Katolieke wat beide teen aborsie gekant is), dit vervul 'n inligtingsfunksie, propaganda verdeel mense in opponerende kampe, die verspreiding daarvan word deur tegnologiese ontwikkelinge gefasiliteer en propaganda is nie noodwendig 'n euwel nie. (Die feit dat mense positief op propagandaboodskappe reageer selfs al weet hulle dit is propaganda, is bewys hiervan.)[163] *"It (propaganda) can only be evaluated within its own context according to the players, the played upon, and its purpose."*[164]

Dieselfde veralgemenings oorheers noodwendig ook die navorser se bevindinge as dit by die toetsing van Sechaba aan die voorafgaande kenmerke van

---

159. *Ibid.*
160. *BS Murty: The international law of propaganda..., plxviii.*
161. *TH Qualter: Opinion control in the democracies, p144.*
162. *J Ellul: Propaganda. The formation..., p160.*
163. *GS Jowett and V O'Donnell: Propaganda and persuasion, pp216-217.*
164. *Ibid., p217.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

propaganda kom. Wat wel duidelik uit die getuienis blyk, is dat Sechaba 'n tipiese voorbeeld van 'n propagandamedium was wat op 'n beproefde wyse deur 'n propagandis (die ANC) benut is.

Teen hierdie agtergrond oor propaganda word die res van die studie aangepak. Die bostaande dien om die ANC se benutting van sy amptelike mondstuk, Sechaba, in perspektief te plaas. Die mate waarin die ANC in sy doel met Sechaba as amptelike mondstuk en propagandamiddel geslaag het, kom in die hieropvolgende hoofstukke onder die loep.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

## HOOFSTUK DRIE

## AANWENDING VAN SECHABA TER MOBILISERING VAN STEUN IN SUID-AFRIKA

### 3.A VROUE EN VROUE-ORGANISASIES

Deur artikels in Sechaba waarin die vroue van Suid-Afrika aangespreek is, het die ANC telkens daarop gewys dat vroue se verset teen eers kolonialisme en later apartheid dateer uit die agtiende eeu. Hiervolgens het vroue toe reeds sy aan sy met hulle mans in die *"Wars of Resistance"* teen die koloniale owerhede geveg - 'n tradisie wat gedurende die negentiende eeu onder leiding van veral die "Ethiopian Church" die eerste roeringe van swart nasionalisme help aanblaas het.[1] Hoewel vroue gedurende dié tydperk as individue en as sodanig ongekoördineerd opgetree het, het hulle wel 'n belangrike bydra gelewer. Veral ene Miss Kincoln, wat glo uit Suid-Afrika afkomstig was en tydens die eerste ontmoeting van die "Pan-Africanist Association" in 1897 in London tot tesourier van die Assosiasie verkies is, is in Sechaba as baanbreker in dié verband voorgehou.[2] Odendaal se verwysing na 'n Mrs Kinloch wat tydens die "Pan Africanist Association" se eerste ontmoeting gedurende September 1897 tot tesourier van die Assosiasie verkies is, met H Mason van die Wes-Indiese eilande as voorsitter, staaf ondanks die verskil in spelling en status van die persoon onder bespreking oënskynlik Sechaba se bewering.[3]

Die geskiedenis van vroue se deelname in die vroeë swart versetpolitiek het in 1912 met die stigting van die ANC 'n nuwe wending geneem. Nie net het 'n vrou, Charlotte Maxeke, 'n rol in die stigting van die organisasie gespeel nie,[4] maar is vroue se versetaksies (waaronder die anti-pasveldtog van 1913)[5] op 'n meer gestruktureerde wyse aangepak.

---

1. *Sechaba, August 1969, p3.*
2. *Sechaba, November/December 1972, p13.*
3. *A Odendaal: Black protest politics in South Africa to 1912, pp86-87.*
4. *Sechaba, August/September 1975, p37.*
5. *Sechaba, August 1981, p2.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die stigting op inisiatief van Charlotte Maxeke van die Bantu Women's League in 1919 as 'n filiaal van die ANC[6] en dié liggaam se invloed op die besluit van die Regering in 1923 om vroue van die dra van passe vry te stel,[7] kan nie misken word nie. Nadat die stryd om vroue van die bepalings van die paswette vrygestel te kry geslaag het, het 'n periode van politieke berusting ingetree. Vroue het in dié tydperk (1924-1942) hul gewig agter veral die vakbondwese ingegooi - 'n ontwikkeling wat weldra tot 'n politieke bewustheid aanleiding sou gee.[8]

Hoewel Sechaba onduidelik is wat betref die stigtingsdatum van die ANC se Women's League en twee moontlike datums voorhou, naamlik 1943[9] en 1948,[10] is dit duidelik dat die optrede van dié organisasie met agting binne ANC-geledere bejeën is. Lodge werp egter meer lig op die onsekerheid. Volgens hom het die ANC se NUK gedurende 1943 'n resolusie aanvaar waarvolgens 'n Youth League en 'n Women's League gestig moes word. Die Women's League het egter eers in 1948 van die grond af gekom toe 'n tak in Sophiatown, Johannesburg, gestig is.[11] Tydens die vergadering gedurende 1943 waarop die resolusie dat onder meer 'n Women's League gestig moes word aanvaar is, is Madie-Hall Xuma (Amerikaans-gebore vrou van die ANC-president) tot die League se eerste president verkies.[12]

Die doelwitte van die Women's League was onder meer om swart vroue by die stryd te betrek, probleme wat vroue se lewens versuur het aan te spreek en om toe te sien dat die wette wat die lewens van vroue as vroue en as lede van die swart gemeenskap gereguleer het, afgeskaf word.[13] Onder leiding van Ida Mtwana het die organisasie spoedig 'n bykans oorheersende rol in die pasveldtogte van die 1950's teen die paswette, wat na 1948 deur die

---

6. *Ibid., p4.*
7. *Sechaba, August 1986, p10.*
8. *Sechaba, August 1969, p4.*
9. *Sechaba, August 1981, p6.*
10. *Sechaba, November/December 1972, p14.*
11. *T Lodge: Black politics in South Africa since 1945, p141.*
12. *C Walker: Women and resistance in South Africa, p89.*
13. *Sechaba, August 1981, p6.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Nasionale Party-regering rasionaliseer is en waaraan ook vroue onderhewig gemaak is, begin speel.[14]

Dit het spoedig geblyk dat 'n oorkoepelende nasionale vroue-organisasie gestig moes word om die aktiwiteite van anti-apartheidsgesinde vroue te koördineer - 'n organisasie waarby blankes ook betrokke kon raak. Voorbereidings vir die stigting van so 'n organisasie is gedurende 1953 deur bekende vroue-aktiviste soos Florence Matomela, Frances Baard en Ray Alexander van stapel gestuur. Wells krediteer egter vir Alexander, 'n blanke en lid van die "Women's International Democratic Federation", as die enkel belangrikste dryfkrag agter die stigting van die Federation of South African Women.[15] Op 17 en 18 April 1954 het 150 afgevaardigdes van oor die hele land in Johannesburg byeengekom en 'n organisasie gestig wat later as die Federation of South African Women (FEDSAW) bekend sou staan.[16] (Hoewel in die literatuur kortweg na die organisasie as FSAW verwys word, word die moderne afkorting FEDSAW hier verkies.) FEDSAW is, volgens Sechaba, gestig *"for the purpose of uniting all women in common action for the removal of all political, legal, economic and social discrimination"*.[17] Die feit dat Ida Mtwana tot president van FEDSAW verkies is en dat die uitvoerende bestuur van die organisasie deur bekende ANC-lede of -gesindes, soos Lilian Ngoyi, Florence Matomela en Ray Alexander[18] oorheers is, dien ter stawing van die vermoede dat FEDSAW voortaan as spreekbuis van die ANC se vrouelede sou dien. Dit dien verder vermeld te word dat die ANC ook betrokke was by die bekendstelling van die stigtingsvergadering deurdat briewe aan alle ANC-kantore gestuur is waarin vroue aangemoedig is om by FEDSAW betrokke te raak. [19] Die passtelsel ('n aspek waaraan die ANC op daardie stadium heelwat aandag verleen het) was dan ook die eerste prioriteit wat deur FEDSAW aangespreek is.

---

*14. Sechaba, November/December 1972, p14.*
*15. JC Wells: The history of Black women's struggle... (Unpublished PHD, Columbia University), p295.*
*16. Sechaba, April 1989, p18.*
*17.. Ibid., p20.*
*18. Ibid.*
*19. JC Wells: The history of Black women's struggle... (Unpublished PHD, Columbia University), p296.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Tydens die stigtingsbyeenkoms van FEDSAW is 'n dokument aanvaar wat as die belangrikste produk van die hele inisiatief beskou kan word. Hierdie sogenaamde Women's Charter is in die vorm van 'n manifes, wat die resultaat van insette deur al die afgevaardigdes was, versprei.[20] Sechaba se kommentaar 'n kwarteeu later was die volgende: *"It was felt that such a charter was necessary in order to assert women's rights although they should be subordinated to the main struggle for equality."*[21] Uit die inhoud van die manifes blyk dit dat gepoog is om vroue se posisie in die bevrydingstryd aan vroue self, maar ook aan die res van die gemeenskap te verduidelik, sowel as om aan te dui dat vroue as lede van die onderdrukte klas net soveel as mans onder apartheid gely het.[22] Ida Mtwana is tot president en Ray Alexander tot sekretaresse van die nuwe organisasie verkies. Hulle is gedurende 1956 deur onderskeidelik Lilian Ngoyi en Helen Joseph opgevolg.[23]

Wells wys ook daarop dat vroue nie net 'n leidende rol in die organisering van die Congress of the People (25-26 Junie 1955 te Kliptown) gespeel het nie, maar ook dat twee prominente vroueleiers, Helen Joseph en Josie Palmer, daardie byeenkoms waartydens die Freedom Charter aangeneem is, toegespreek het.[24] 'n Afsonderlike dokument in die vorm van 'n inset, getiteld: *"The womens' demands for the Freedom Charter"*, is dan ook tydens die Congress of the People deur FEDSAW ingedien.[25]

Die vroue se anti-pasoptrede het op 9 Augustus 1956 'n hoogtepunt bereik. Op dié dag het sowat 20 000 vroue volgens Sechaba aan 'n opmars na die Uniegebou in Pretoria deelgeneem met die doel om 'n petisie aan premier JG Strydom te oorhandig.[26] Sederdien word 9 Augustus elke jaar as "Suid-Afrikaanse Vrouedag" herdenk en is elke Augustus-uitgawe van Sechaba aan

---

*20. Vir 'n volledige weergawe van die "Women's Charter", sien R Suttner and J Cronin: 30 Years of the Freedom Charter, pp161-165.*
*21. Sechaba, April 1989, p21.*
*22. New Nation, 8-14 February 1991.*
*23. T Lodge: Black politics in South Africa since 1945, p142.*
*24. JC Wells: The history of Black women's struggle... (Unpublished PHD, Columbia University), pp300-301.*
*25. R Suttner and J Cronin: 30 Years of the Freedom Charter, pp167-171.*
*26. Sechaba, August 1967, p2.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

vroue gewy. Die lied wat die vroue tydens die geleentheid gesing het, *"Strydom you have struck a rock once you have touched a woman"*,[27] is met verloop van tyd vermitologiseer totdat dit 'n ereplek in die versetkultuur beklee het. Lodge beweer egter dat slegs sowat 2000 vroue aan die opmars deelgeneem het. Hy beweer voorts dat, hoewel die inisiatief by FEDSAW ontstaan het, die organisering en deurvoering van die opmars by die blanke Congress of Democrats en die ANC se Women's League en nie FEDSAW nie, berus het.[28] Sodanige weerlegging van inligting wat in Sechaba weergegee is, veral in soverre aansprake van massasteun daarin vervat is, dui op die aard van Sechaba as propagandamedium.

Die betekenis van 9 Augustus vir die ANC is tweeledig: Enersyds het dit sy lede in ballingskap herinner om nie hulle pogings om internasionale steun te werf vir die vroue in Suid-Afrika se stryd teen apartheid, te verslap nie.[29] Andersyds was dit 'n *"time to remember our struggle and commit ourselves to the total defeat of the racist rulers in our country."*[30] Meer nog, dit moes dien as 'n aanduiding dat vroue nie brose wesens was nie, maar in staat was om 'n gelykwaardige aandeel in die stryd te hê.[31] Vir die statuur van FEDSAW binne die Kongres-alliansie, die versamelnaam vir 'n aantal anti-apartheidsorganisasies gedurende die vyftigerjare te wete die ANC, Congress of Democrats, Coloured People's Convention en South African Indian Congress, het die gebeurde van 9 Augustus 1956 egter ook veel beteken. Dit het voorts die organisasie in staat gestel om aan die owerhede te toon dat FEDSAW *"could reasonably claim to be taken seriously as a political organisation"*.[32]

Na die verbanning van die ANC en PAC in 1960, het vroue ook onder die onderdrukkende maatreëls van die Regering deurgeloop. Pasproteste is genadeloos hanteer - tot so 'n mate dat die meeste vroue geforseer is om passe te dra.[33] Nie almal het egter hiermee akkoord gegaan nie en talle

27. C Walker: Women and resistance in South Africa, p195.
28. T Lodge: Black politics in South Africa since 1945, p143.
29. Sechaba, August 1969, p4.
30. Sechaba, August 1970, p16.
31. Sechaba, August 1967, p3.
32. C Walker: Women and resistance in South Africa, p196.
33. Sechaba, August 1986, p11.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


vroue het by die nuutgestigte Umkhonto we Sizwe aangesluit of aktief aan die sogenaamde "underground" se aktiwiteite begin deelneem.[34] Verder was die eerste persoon in Suid-Afrika wat in huisarres geplaas is nie net 'n vrou nie, naamlik Helen Joseph, maar kon Sechaba in 1972 rapporteer dat vroue 'n al hoe belangriker rol in al die manifestasies van die stryd begin speel het.[35] Daarom is tot die gevolgtrekking gekom dat *"(o)ur history...has taught us that wherever struggle is, there is the place for women"*.[36]

'n Besondere wyse waarop Sechaba die lesse van die verlede aan sy (vroue-) lesers oorgedra het, was deur middel van foto's en gedigte. Foto's is veral gebruik om aan te toon hoe vroue "Suid-Afrikaanse Vrouedag" jaarliks gevier en hoe hulle hulself in die bevrydingstryd laat geld het deur deelname aan betogings, gewapende aksies en stakings.[37] Gedigte is ook aangewend om die verskillende wyses waarop vroue in die stryd betrokke was te belig - hetsy as "weduwees" van trekarbeidermans,[38] as bannelinge in die buiteland,[39] as leierfigure (veral Lilian Ngoyi),[40] as vegters in die voorste linie binne Suid-Afrika teen onder meer die passtelsel[41] en as moeders van die "geslag van 1976".[42]

Benewens oproepe aan vroue in die binneland om hulle betrokkenheid by die stryd te verskerp (waaraan hieronder aandag geskenk word), het Sechaba klem gelê op die lot van vroue wat as gevolg van hul politieke aktiwiteite hulself in gevangenisse bevind het. In verslae deur voormalige politieke gevangenes, soos dié van Jean Middleton oor die Barberton Vrouegevangenes,[43] en algemene verslae oor die lewe in gevangeneskap,[44] is 'n neerdrukkende prentjie van mishandeling, sielkundige foltering, gebrek aan mediese hulp en

---

*34. Sechaba, August 1968, p2.*
*35. Sechaba, November/December 1972, p16.*
*36. Sechaba, August 1969, p4.*
*37. Sechaba, August 1985, pp16-17; Sechaba, August 1987, pp16-17; Sechaba, August 1988, pp16-17; Sechaba, July 1986, pp16-17.*
*38. Sechaba, March 1985, p31.*
*39. Sechaba, December 1983, p32.*
*40. Sechaba, August/September 1974, p38.*
*41. Sechaba, June 1984, p32.*
*42. Sechaba, March 1979, p10.*
*43. Sechaba, October - December 1974, p34.*
*44. Sechaba, February 1986, pp28-30.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

internasionale inspeksies, arbitrêre gesagsuitoefening en totale isolasie geskilder.[45] Voor die afskaffing van die passtelsel is veral die werking en die Polisie se toepassing daarvan vir die oorgrote meerderheid van vroue se arrestasies verantwoordelik gehou.[46]

Die tagtigerjare het 'n doelbewuste poging om blanke vroue by die ANC se aktiwiteite te betrek, ingelui. Veral die optrede van die Black Sash, wat as *"veteran fighters for justice and peace"* bestempel is,[47] is as navolgingswaardige voorbeeld voorgehou. Die Black Sash is gedurende 1955 deur 'n aantal oorwegend Engelssprekende middelklas vroue gestig en het oorspronklik bekendgestaan as die "Women's Defence of the Constitution League" - 'n naam wat die organisasie se aanvanklike aktiwiteite belig het.[48] Op sy beurt het die Black Sash dit as doelwit gestel om alle blanke Suid-Afrikaners in te lig oor wat die ware toedrag van sake in hulle land is sover dit hul swart landgenote betref het.[49] Vir dié doel is van veral gevallestudies, wat onder meer in Sechaba gepubliseer is, gebruik gemaak. Volgens Walker was die ANC se opgewondenheid oor die Black Sash en dié organisasie se oënskynlik simpatieke houding egter misplaas. Die Black Sash was na haar mening inherent 'n konserwatiewe organisasie waarvan die lede 'n afkeur in die Kongres-alliansie gehad het.[50]

'n Verdere metode wat aangewend is om blanke vroue van die bestaande politieke orde te probeer vervreem, was negatiewe beriggewing oor die rol van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) in Suidwes-Afrika/Namibië en in swart woonbuurte in Suid-Afrika geplaas is. In Sechaba is beweer dat die SAW blanke seuns in *"mindless killers"* verander het wat ongewapende swartes moes vermoor.[51] Ook wat Suidwes-Afrika/Namibië betref is aangedui dat *"(y)our sons have no business there! You don't want them to be there, where they are sure to meet their death."*[52] Tydens 'n IDASA-geborgde konferensie

45. *Sechaba, October - December 1974, p34; Sechaba, February 1986, pp28-30.*
46. *Sechaba, August 1970, p17.*
47. *Sechaba, December 1981, p15.*
48. *C Walker: Women and resistance in South Africa, p173.*
49. *Sechaba, February 1980, p7.*
50. *C Walker: Women and resistance in South Africa, p174.*
51. *Sechaba, February 1987, p11.*
52. *Sechaba, December 1981, p11.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

in Harare op 20-22 April 1989, wat deur afgevaardigdes van vrouegroepe uit Suid-Afrika, lede van die ANC sowel as lede van die ZANU-PF Women's League bygewoon is, is onder meer op dié tema voortborduur. 'n Lid van die ANC se afvaardiging het in antwoord op 'n vraag rakende die ANC se anti-dienspligveldtog met 'n teenvraag aan blanke moeders gereageer en versoek dat hulle hulself as volg moes afvra: *"Whose South Africa are your sons defending, and against whom?"*[53]

Tydens dieselfde konferensie het die ANC- en ZANU PF-lede by blanke vroue gepleit om hul bevoorregte posisie in Suid-Afrika te benut *"to advance the cause of freedom..."*[54] Ter bereiking van dié doel is voorgestel dat vroue oor die kleurskeidslyn heen moes uitreik, hindernisse moes afbreek en deur met mekaar in gesprek te tree moes sorg dat alle Suid-Afrikaners behoorlik oor die toestand in hulle land ingelig word.[55]

In artikels rakende swart vroue in Suid-Afrika, het Sechaba merendeels aandag geskenk aan die ekonomiese en sosiale probleme waarmee hulle daagliks gekonfronteer is. Hoewel aangetoon is dat swart vroue in die stede as gevolg van die werking van die apartheidstelsel uitgesluit en onderdruk is,[56] is vroue op die platteland se haglike posisie meer intens belig. Klem is veral op hulle lae inkomste (as plaaswerkers en huisbediendes), swak behuising, lae opvoedingspeil en dies meer gelê.[57] Veral die gevolge van die trekarbeiderstelsel op die tradisionele stam- en gesinsopset en die gevolglike ekstra las op die skouers van swart vroue, is uitgesonder.[58] Hierdie las is soms, volgens Sechaba, deur die vader se aanhouding as gevolg van politieke oortredings of oortredings van apartheidswette vergroot deurdat sy naasbestaandes sonder enige nuus oor hom, in onsekerheid en sonder 'n vaste inkomste moes klaarkom.[59]

---

*53. Sechaba, July 1989, p15.*
*54. Ibid., p14.*
*55. Ibid., pp14-15.*
*56. Sechaba, August/September 1974, pp35-39.*
*57. Sechaba, August 1968, pp9-10.*
*58. Sechaba, August 1987, p18.*
*59. Sechaba, August 1968, p11.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Vanweë hulle tradisioneel ondergeskikte sosiale status, het swart vroue die lewe van 'n ewigdurende afhanklike, wat onder werkreservering en laer sosiale mobiliteit gebuk gegaan het, in die oë gestaar.[60] Hoewel aanvaar is dat hierdie posisie deels deur middel van beter onderwysgeleenthede aangespreek sou kon word, is vroue in Sechaba ook aangemoedig om self te probeer om die gedagtes en optrede wat hulle in *"bondage"* gehou het te ontgroei as 'n voorvereiste vir die realisering van hulle eie en die ANC se volle potensiaal.[61]

Aangesien die werksaamhede van FEDSAW sedert die sestigerjare deur inperkings en ander vorme van Regeringsoptrede so te sê lamgelê is, is daar gedurende 1980 deur vroue in Transvaal besluit om 'n organisasie met dieselfde doelwitte daar te stel. Die Federation of Transvaal Women (FEDTRAW) het op hierdie wyse tot stand gekom. Die organisasie het spoedig begin om swart vroue op die onderwys- en arbeidsterreine, op die platteland en ten opsigte van griewe soos hoë huur en algemene verkoopbelasting te mobiliseer.[62] Ook Sechaba was hierin aktief en het aan die hand van die volgende prominente kwessies swart vroue verder gedurende die vroeë en middel tagtigerjare gemobiliseer:

- Die implementering van die driekamerparlementêre stelsel.[63]
- Die lot van huisbediendes wat as *"domestic slavery"* getipeer is.[64]
- Gesinsbeplanning: *"The regime's emphasis on family planning is an integral part of its policy of black population control...It has been fiercely resisted, for in a land where a child's survival is so precarious, many children increase the chances of at least some reaching adulthood."*[65]

Hierdie mobiliseringsveldtogte was volgens die ANC der mate suksesvol dat Oliver Tambo in die ANC se nuwejaarsboodskap op 8 Januarie 1985 reeds kon

---

60. Sechaba, *August/September 1974, pp30, 32.*
61. Sechaba, *June 1986, p23.*
62. Sechaba, *April 1984, p30.*
63. Sechaba, *October 1984, p8.*
64. Sechaba, *September 1983, pp24-25.*
65. Sechaba, *August 1987, p22.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


beweer dat vroue op alle terreine van die stryd ten volle geïntegreer is.[66] Hierdie situasie is onder meer toegeskryf aan die suksesvolle *"conscientising"* van vroue[67] wat in 'n gewilligheid om self fisies te begin betrokke raak, uitgemond het. Die rol van vroue in die organisering van 'n wegbly-aksie in Mamelodi op 21 November 1985, is onder meer deur Sechaba ter stawing hiervan voorgehou.[68] Daar kon dus met reg opgemerk word dat ten spyte van *"enormous hardships faced by black women in South Africa, they have not simply become victims of apartheid"*,[69] en dat vroue teen die einde van die tagtigerjare bereid was om soortgelyke opofferings as mans te maak ter bereiking van bevryding. In ten minste teorie het die ANC daarin geslaag om aan vroue hul regmatige plek in die organisasie toe te ken. Die praktyk het egter, soos weldra aangetoon sal word, by die teorie afgesteek.

Die bevrydingstryd wat deur die ANC teen apartheid gevoer is, is soms aan die stryd vir vrouebevryding ("women's lib") gekoppel. Hoewel Walker "women's lib" bestempel het as die uitsluitlike domein van middelklasvroue[70] met die implikasie dat dit nie op die terrein van die Suid-Afrikaanse bevrydingstryd tuisgehoort het nie, is 'n ander boodskap deur Sechaba oorgedra. Reeds in die uitgawe van Junie 1970 het 'n bydraer tot Sechaba beweer dat die stryd in Suid-Afrika nie net vir gelyke regte tussen mense van verskillende rasse of geslagte was nie, maar dat dit 'n transformasie van die totale gemeenskap ten doel gehad het.[71] Vroue het besef dat daar rasse, klasse en ekonomies faktore was wat aangespreek sou moes word omdat die status quo deur mans (deur middel van wette) tot voordeel van mans daargestel is.[72] Die gevolg hiervan was dat swart vroue onder 'n driedubbele juk gebuk gegaan het, te wete as swartes, as vroue en as werkers, terwyl hulle as lede van die werkersklas boonop deur hulle mans en deur die kapitalistiese stelsel onderdruk is. Hierop het Sechaba opgemerk dat *"(T)he great majority of women have become vassals of vassals"*.[73] Soos dit uit die onderstaande opmerking van 'n ongeïdentifiseerde prominente figuur in die

66. *Sechaba, March 1985, p7.*
67. *Sechaba, April 1988, p7.*
68. *Sechaba, December 1988, p15.*
69. *Sechaba, August 1987, p22.*
70. *C Walker: Women and resistance in South Africa, p15.*
71. *Sechaba, June 1970, p15.*
72. *Sechaba, August/September 1975, p31.*
73. *Sechaba, June 1970, p16.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Women's League blyk (soos deur Walker aangehaal is), het talle swart vroue egter ook besef dat hulle bevryding as vroue ondergeskik was aan die bevryding van swartes en werkers: *"I don't think the ANC Women's League can liberate women. To assume that it can, that is ignoring political reality. It is true that as a national liberation movement the ANC's priority is national liberation..."*[74]

Die argument dat vroue net in 'n sosialistiese staat werklik vry sal wees, is op alle vroue in Suid-Afrika, blank en swart, van toepassing gemaak. Blanke vroue se posisie is beskryf as sou hulle op 'n "pedestal" geplaas gewees het, *"(a) pedestal based on false and mythical bourgeois standards."*[75] Sechaba het dit gestel dat blanke vroue nooit vry sou kon wees alvorens hulle swart geslagsgenote se posisie nie ten goede verander het nie. Voordat dìt egter kon gebeur sou die swart vrou, wat boonop onder die bepalings van drie verskillende regstelsels (Tradisionele, Naturelle - die verskil tussen dié twee benaminge word nie verder in Sechaba belig nie - en Westerse stelsels) resorteer het, waarvan nie een haar ware invloed in die swart gemeenskap erken het nie,[76] se posisie eers aangespreek moes word.

Die tweede argument waarop die oproep om groter vroueregte gebaseer was, was dat vroue weens hul getalle en beïnvloedingsrol groter deelname aan die ANC se stryd moes hê. Om dié doel te bereik is aanbeveel dat "'n rewolusie in 'n rewolusie" geloods moes word sodat vroue as gelyke vennote aan die verwagte rewolusie kon deelneem.[77] Hieruit spreek dit, volgens Sechaba, duidelik dat swart mans nie net deel van die *"exploitation pecking order"*[78] was nie, maar ook dat vroue op grond van geslag gelyke geleenthede in die ANC ontsê is. Lilian Ngoyi het hierdie argument ook tydens die stigtingsvergadering van FEDSAW (April 1954) opgehaal. Tydens dié geleentheid het sy onder meer gesê dat daar meer vroue aanwesig sou gewees het as dit nie was vir *"the husbands who kept back many of the women...the husbands talked of democracy but did not practice it..."*[79] Om

---

74. C Walker: Women and resistance in South Africa, pxvi.
75. Sechaba, September 1972, p5.
76. Ibid., p7.
77. Ibid., p8.
78. Sechaba, June 1970, p16.
79. C Walker: Women and resistance in South Africa, p158.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dié situasie te verbeter is gepleit dat vroue onder meer in leierskapsposisies opgeneem, beter in MK verteenwoordig en toegelaat moes word om die ANC tydens byvoorbeeld seminare te verteenwoordig.[80] Indien 'n pamflet wat gedurende 1978 in Suid-Afrika versprei is egter as verteenwoordigend van die ANC-leierskorps se siening oor vroue se betrokkenheid beskou kon word, moet aanvaar word dat daar wel na gelyke behandeling van die geslagte gestreef is. In die pamflet is dit gestel dat die ANC geveg het vir die daarstelling van 'n staat waarin alle vorme van diskriminasie, *"including sex discrimination and sexism will be outlawed forever".*[81]

Uit artikels in Sechaba blyk dit dat daar teen die middel tagtigerjare nog nie daarin geslaag is om die ANC van seksisme en ander vorme van diskriminasie teen vroue te suiwer nie. *"This can be explained in part, by the male chauvinism which has been the bane of colonial liberation movements..."*[82] - dit ten spyte van die feit dat dit in die ANC algemeen aanvaar is dat die sukses of mislukking van die stryd af sou hang van die mate waarin daar geslaag is om so 'n breë front moontlik teen die Regering daar te stel. Daar is selfs so ver gegaan as om te beweer dat swart vroue geen motivering sou hê om aan die stryd te bly deelneem indien hulle nie verseker kon word dat die Suid-Afrika waarvoor hulle hul beywer het, gelyke regte en geregtigheid vir hulle sou oplewer nie.[83]

In 'n artikel in die Desember 1984-uitgawe van Sechaba, het Phyllis Jordan (vermoedelik die vrou van die ANC se NUK-lid Pallo Jordan) die bestaan van 'n anti-vroue-gevoel in ANC-geledere aan twee faktore toegeskryf: Eerstens 'n vrees onder mans dat hulle deur vroue van hul mag beroof sou word en tweedens *"our fear of addressing...retrograde customs and traditions which lies at the root of people's opposition to the issues of women's emancipation."*[84] Ten einde dié agterstand van vroue aan te spreek, is daarop aangedring dat vroue meer geleenthede moes ontvang vir verdere opleiding, dat hulle vertrou moes word met die verantwoordelikheid vir besluitneming,[85]

---

80. *Sechaba, May 1971, p22.*
81. *Sechaba, Second Quarter 1978, p5.*
82. *Sechaba, December 1984, p3.*
83. *Ibid.*
84. *Sechaba, December 1984, p14.*
85. *Sechaba, June 1986, p24.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

maar ook dat vroue hul eie lot moes aanspreek *"by our throwing off the tattered garment of submissiveness and obedience to men".*[86] Hieruit is dit duidelik dat die propagering van vroue se bevryding ("women's lib") ten einde vroue te mobiliseer, teen die einde van die tagtigerjare nie veel vrugte afgewerp het nie.

Desnieteenstaande is die rol wat vroue in die stryd teen apartheid gespeel het, telkens deur Sechaba as gelykwaardig aan die bydrae van mans beskryf.[87] *"When the women began to play a significant role in our liberation struggle, the ANC grew in volume and content - and, one may add, in militancy."*[88] Om dié rede is klem op die mobilisering en organisering van vroue as voorvereiste vir die sukses van die ANC se beoogde rewolusionêre oorname gestel.[89] 'n Verdere rede wat aangevoer is om te verduidelik waarom vroue by die ANC se aktiwiteite betrokke behoort te geraak het, was dat vroue net deur self verantwoordelikheid vir hulle eie lot te aanvaar, hul las houdbaar sou kon maak. *"In short they should be fully involved and found everywhere the ANC sounds the clarion call."*[90]

Reeds gedurende 1978 het Sechaba, aan die hand van uitlatings van eerwaarde Manas Buthelezi tydens 'n begrafnis in Soweto, nege terreine geïdentifiseer waarop vroue hulself kon laat geld. Dit het onder meer behels dat hulle fisies by geweldpleging (as lede van MK) betrokke kon raak; deel moes neem aan stakings en betogings; slagoffers van polisiegeweld moes versorg; leiding moes neem by begrafnisse; steun vir die ANC moes werf; veldtogte teen byvoorbeeld die aanhouding van politieke gevangenes moes organiseer en steun in die buiteland en rekrute vir MK moes werf.[91] Die ANC het by monde van Sechaba voorgestel dat vroue rondom plaaslike of gelokaliseerde griewe gemobiliseer moes word. Dit het ingesluit ontevredenheid met die swart onderwysstelsel, gedwonge verskuiwings en kinderarbeid.[92] (Veral gedurende 1979, die "Internasionale Jaar van die Kind",

---

86. *Sechaba, December 1984, p12.*
87. *Sechaba, August 1969, p3.*
88. *Sechaba, March 1984, p1.*
89. *Sechaba, February 1984, p6.*
90. *Sechaba, August/September 1985, p35.*
91. *Sechaba, Third Quarter 1978, p47.*
92. *Sechaba, August 1979, p17.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

het laasgenoemde prominensie geniet.) Die hoë verwagtinge wat in hierdie verband van die potensiële invloed van swart vroue gekoester is, is gedurende 1982 deur Desmond Tutu in sy hoedanigheid as sekretaris van die SARK as volg verwoord: *"Men will catch the disease of determination from you...Sisters, mothers, women, our liberation is in your hands. Men and the nation are waiting for you to say that you have had enough."*[93]

In sy nuwejaarsboodskap op 8 Januarie 1984, het Oliver Tambo namens die ANC se NUK aangekondig dat 1984 as die *"Year of the Women of South Africa"* bekend sou staan.[94] Sodoende is vir die eerste keer op 'n konkrete wyse erkenning aan die rol van vroue in die ANC se stryd teen apartheid verleen. Sechaba het die aankondiging as 'n eerbetoon aan vroue, *"that mighty detachment of our revolutionary struggle for national liberation and social emancipation"* bestempel,[95] terwyl Gertrude Shope (hoof van die ANC se Women's League) in 'n verklaring op 8 Maart 1984 op die verantwoordelikheid wat die aankondiging op vroue se skouers gelê het, gewys het.[96] Vroue-aktiviste in Suid-Afrika was verheug oor die ANC se besluit en Frances Baard (stigterslid van die UDF en FEDTRAW) het hierdie nuwe optimisme in Sechaba opgesom toe sy opgemerk het dat *"(w)e are on the march for freedom. If anyone stand in front of us, we are going to crush them."*[97]

Die ANC se tevredenheid met die aktiwiteite van die vroue gedurende 1984, is by monde van Oliver Tambo in die organisasie se nuwejaarsboodskap vir 1985 uitgespreek. Hulle is vir hul optrede op alle fronte geloof en die res van die gemeenskap is beveel om alle moontlike hulp aan vroue te verleen *"so that they can play their rightful role as co-fighters and co-liberators of our motherland"*.[98]

Die hernude geloof van die ANC in die potensiaal van vroue en van vroue in hulself, sou gedurende die laaste helfte van die tagtigerjare een van die

---

*93. Sechaba, June 1980, p28.*
*94. Sechaba, January 1984, p1.*
*95. Ibid.*
*96. Sechaba, April 1984, p6.*
*97. Sechaba, October 1984, p10.*
*98. Sechaba, March 1985, p7.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


kenmerke van Sechaba se aanslag teen apartheid wees. In sy nuwejaarsboodskap vir 1987, het die ANC na die vroue as *"titans of our struggle"* verwys van wie wonderwerke verwag is in hulle pogings om hulself en die res van die onderdrukte massa te bevry.[99] Vroue se betrokkenheid by die stryd het dus nou formeel 'n dualistiese aansien aangeneem: Enersyds sou hulle as deel van die breë bevolking aktief met die werksaamhede van gemeenskapsorganisasies gemoeid wees (byvoorbeeld in die verset van die inwoners van Oukasie naby Brits teen inkorporering by Bophuthatswana).[100] Andersyds sou hulle in vroue-organisasies soos FEDTRAW met die stryd om vroueregte gemoeid wees maar steeds binne die breë raamwerk van die ANC se verset teen die Regering opereer.[101]

Hierdie deurlopende en allesomvattende betrokkenheid by die stryd het vroue noodwendig in die openbare oog geplaas en onder die owerhede se aandag gebring. As sodanig is hulle swaar deur die afkondiging van 'n noodtoestand in die land gedurende 1985 getref en is talle aktiviste ondermeer in aanhouding geplaas.[102] Dit, tesame met anti-sosiale en kriminele gedrag wat, volgens Sechaba, die gevolg van apartheid was,[103] het die vroue in die binneland voor nuwe uitdagings geplaas, uitdagings wat na bewering suksesvol aangespreek is. Teen 1989 kon vroue met reg aanspraak gemaak het daarop dat hulle bydrae tot die stryd die eng etikettering van "women's lib" afgeskud het, dat hulle bewys gelewer het dat hulle tot dieselfde as mans in staat was en dat die stryd om die emansipasie van vroue nie mans se posisie bedreig het nie maar eerder 'n onskeidbare band met die bevrydingstryd as sodanig gevorm het. *"The women's struggle is a struggle for the realisation of the full potential of all people."*[104]

Hoewel die ANC wel pogings aangewend het om die stryd van vroue teen apartheid op 'n ideologiese (anti-kapitalistiese) lees te skoei,[105] het dit oënskynlik nie veel tot die sukses met die mobilisering van vroue bygedra

---

*99. Sechaba, February 1987, p11.*
*100. Sechaba, May 1987, pp7, 11.*
*101. Sechaba, September 1989, pp17-18.*
*102. Sechaba, September 1987, p4.*
*103. Sechaba, August 1987, p22.*
*104. Sechaba, September 1989, p19.*
*105. Sechaba, January 1980, p23.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


nie. Veel suksesvoller was verwysings in Sechaba na historiese- en martelaarsfigure - beide uit die Suid-Afrikaanse (*"like Chaka's women-warriors of old, they join battle against the foe..."*)[106] en wêreldgeskiedenis (deur verwysings na Rosa Luxemburg van Duitsland en Le Rieng van Viëtnam).[107] Gedurende die beginfase van die gewelddadige aanslae deur Umkhonto we Sizwe is vroue aangemoedig om nie net by MK aan te sluit nie,[108] maar ook om in die binneland behulpsaam te wees sodra die terroriste-oorlog (gekenmerk deur sabotasie-aanslae) in 'n guerrilla-aanslag sou verander.[109]

Die verskerping van die gewelddadige aanslag in die post-1976-era het 'n ooreenstemmende veldtog om vroue vir MK te werf, opgelewer. In die bladsye van Sechaba is dit onder meer duidelik gestel dat vroue geregtig was op deelname aan die gewapende stryd en dat hulle deelname dié las meer eweredig onder die onderdruktes sou versprei.[110] Die mate van sukses waarmee die veldtog bekroon is (veral gedurende 1984 in die *"Year of the Women"*) spreek uit die ANC se nuwejaarsboodskap vir 1985. Hieruit blyk dit dat talle vroue op die ANC se oproep reageer het en is dit as die beste wyse om die jaar te gedenk, bestempel.[111]

Soos die geval was met die ANC se pogings om deur middel van Sechaba ander segmente van die bevolking te mobiliseer, het die organisasie ook in sy beroepe op vroue om aan die stryd deel te neem, swaar op die voorbeeld van vrouefigure uit die ANC se geskiedenis gesteun. Hierdie figure kan op grond van die tydperk waartydens hulle aktief was en hul tipe betrokkenheid in vier groep verdeel word: Vroue wat met die stigting van die ANC en die organisasie se vroeë aktiwiteite gemoeid was, waaronder Charlotte Maxeke,[112] verteenwoordig die eerste groep. Die volgende groep kan as gewone vroue wat op haarwortelvlak by ANC-aktiwiteite sedert 1940 betrokke geraak het, beskryf word. Om dié rede is hul name nie algemeen bekend nie,

106. *Sechaba, August 1968, p10.*
107. *Sechaba, September 1969, p17.*
108. *Sechaba, June 1971, p6.*
109. *Sechaba, August 1970, p17.*
110. *Sechaba, Third Quarter 1978, p50; Sechaba, June 1980, p28; Sechaba, September 1983, p25.*
111. *Sechaba, March 1985, p7.*
112. *Sechaba, August 1980,pp23-26.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

maar beklee figure soos Annie Silinga,[113] Dora Tamana[114] en Joyce Sikakane[115] 'n ereplek in ANC-geledere. Die derde groep vroue kan beskryf word as wêreldbekende figure waarvan sommige soos Irene Mkwayi,[116] Albertina Sisulu[117] en Winnnie Mandela[118] vanweë die hoë profiel wat deur hulle mans gehandhaaf is op die voorgrond gedwing is, of ander soos Lilian Ngoyi[119], Dulcie September[120] en Ruth First[121] of wat as gevolg van hulle eie aktiwiteite die oog gevang het. Die vierde en laaste groep vroue is verteenwoordigend van die nuwe geslag aktiviste wat sedert 1976 na vore getree het, waaronder Lindiwe Sisulu[122] en Caesarina Mokhoere.[123]

Deur telkens in Sechaba na dié figure se betrokkenheid, lyding en deursettingsvermoë te verwys, is vroue aangemoedig om hulle voorbeeld te volg. Met verwysing hierna, het Getrude Shope gedurende September 1987 tydens 'n internasionale konferensie ter ondersteuning van vroue in Suid-Afrika, in 'n toespraak wat deels in Sechaba opgeneem is as volg reageer: *"Now comrades, the mantle has fallen on us, not only to emulate the example these heroines have set for us, but to ensure that their sacrifices have not been in vain, and the cherished goal of a non-racial democratic South Africa for whose achievement they have dedicated their lives, is achieved in the shortest possible time."*[124] Die ANC het deur middel van Sechaba vroue dit op die hart gedruk dat hul rol voorheen belangrik was, maar altyd steeds belangriker geword het.[125]

---

113. *Sechaba, September 1984, pp29-30.*
114. *Sechaba, October 1983, pp30-32.*
115. *Sechaba, January 1974, pp23-24.*
116. *Sechaba, March 1989, p30.*
117. *Sechaba, October 1988, pp19-21; Sechaba, January 1984, pp1-3.*
118. *Sechaba, June 1971, p6; Sechaba, September 1986, pp26-28.*
119. *Sechaba, August 1967, p1; Sechaba, August 1982, pp16-19.*
120. *Sechaba, May 1988, pp30-31.*
121. *Sechaba, October 1982, pp25-29.*
122. *Sechaba, Second Quarter 1979, pp26-29.*
123. *Sechaba, December 1988, pp13-15.*
124. *Sechaba, November 1987, p28.*
125. *Sechaba, August 1969, p5.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die betrekking van die internasionale gemeenskap in die ANC se stryd teen apartheid is vanaf sy verbode verklaring in 1960 met onblusbare ywer deur die organisasie nagestreef. Reeds gedurende 1967 is die eerste oproep deur middel van Sechaba aan internasionale vroue-organisasies gedoen om druk op hulle regerings uit te oefen ten einde wapenverkope aan Suid-Afrika te staak, Suid-Afrikaanse produkte te boikot en materiële steun aan die ANC te lewer.[126] Hierdie oproep is gedurende daaropvolgende jare by verskeie internasionale konferensies en "solidariteitsbyeenkomste" herhaal.[127]

Die ANC se vroue-seksie was ook gemoeid met die monstering van Afrikasteun teen premier BJ Vorster se dêtente-beleid jeens Afrika gedurende die vroeë sewentigs. Vir dié doel het ook die ANC se vroue-seksie van Sechaba gebruik gemaak: *"The women of South Africa appeal to you to extend your hand of friendship and support to us - the suffering people of South Africa - and not to those who continue to oppress us."*[128] Afrikasteun is verder voortdurend gemonster deur ander bevrydingsbewegings op die kontinent, waaronder SWAPO, en die ANC se eie optrede te verbind[129] en as pogings om Afrika finaal van kolonialisme te verlos, te tipeer. Afrikastate was ook gemoeid met die fasilitering van die enigste twee ANC "National Womens' Conferences" wat gedurende die tagtigerjare deur die ANC se eksterne missie gereël is. Tydens die eerste konferensie, wat vanaf 10 tot 14 September 1981 in Luanda, Angola, plaasgevind het, is gepoog om vroue in ballingskap tot die stryd te herverbind, die situasie in Suid-Afrika te ontleed en vroue aan te moedig om tot die gewapende stryd toe te tree.[130] Die tweede konferensie, wat tussen 1 en 6 September 1987 ook in Luanda plaasgevind het, het die verradikalisering van die ANC as geheel in die voorafgaande ses jaar weerspieël. Die rol van vroue in massaverset, terreuraanslae en massa-mobilisasie het aandag geniet.[131]

---

*126. Sechaba, August 1967, p1.*
*127. Sechaba, August/September 1975, pp40-41 ("World Conference for International Women's Year", Mexiko-stad); Sechaba, July 1982, pp29-32 (Solidariteits-byeenkoms in Brussel, gereël deur Verenigde Nasies.)*
*128. Sechaba, June/July 1975, p11.*
*129. Sechaba, November 1985, p20.*
*130. Sechaba, December 1981, pp8-10.*
*131. Sechaba, November 1987, pp27-30.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die tagtigerjare het 'n meer kragdadige benadering tot die mobilisering van internasionale steun opgelewer. Van ANC-kant is gepoog om onder meer deur wêreldwye deelname aan feestelikhede ter herdenking van 8 Maart as Internasionale Vrouedag die ANC as die enigste en ware verteenwoordiger van die inwoners van Suid-Afrika in die oë van die internasionale gemeenskap te vestig.[132] Andersyds is deelname aan konferensies deur die stel van radikale standpunte, soos dat vroue in Suid-Afrika slegs deur 'n totale oorgawe van mag tevrede gestel sou word[133] en die beskrywing van die Suid-Afrikaanse regering in die somberste terme gekenmerk.[134] Die maksimum propagandawaarde is, ten slotte, uit toekennings wat tydens sulke geleenthede aan Suid-Afrikaanse vroue oorhandig is, waaronder Winnie Mandela se verering met 'n toekenning deur die World Federation of Democratic Women wat gedurende Junie 1987 namens haar deur Adelaide Tambo in Moskou ontvang is,[135] geput.

Lodge se opmerkings betreffende die bydrae van swart vroue tot die versetveldtogte van die vyftigerjare kan, ten slotte, op hulle bydrae tot swart versetpolitiek in geheel van toepassing gemaak word. Volgens hom was daardie vroue se optrede *"a highly conservative rebellion..."*, meestal gegrond op matriargale oorwegings.[136] Hierin word Lodge deur Walker ondersteun as sy met verwysing na die anti-pasveldtogte van die vyftigerjare beweer dat die *"women who defied the reference book units were not demonstrating consciously for freedom or equality; one of the strongest reasons why women were opposed to passes was that they were seen as a direct threat to the family".*[137] Vroue het skynbaar geoordeel dat apartheidsmaatreëls (soos die paswette) hulle regte negatief beïnvloed het en dus hul tradisionele status in gevaar gestel het. Tog is vroue sodoende by polities-gekleurde aktiwiteite betrek en kan met reg beweer word dat die saad vir die latere vestiging van 'n volwaardige politieke bewussyn daarmee onder hulle gesaai is. Pogings tot die aanwakkering en benutting van hierdie grootliks dormante politieke

---

*132. Sechaba, March 1984, p1; Sechaba, April 1984, p4.*
*133. Sechaba, November 1985, p22.*
*134. Sechaba, September 1987, p4.*
*135. Sechaba, August 1987, p15.*
*136. T Lodge: Black politics in South Africa since 1945, p151.*
*137. C Walker: Women and resistance in South Africa, pxix.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


bewussyn het deurentyd een van Sechaba se belangrikste aktiwiteite verteenwoordig.

Hoewel vroue in hierdie verband voortdurend deur die ANC as gelyke vennote in die bevrydingstryd beskryf is en teen 1989 in sommige gevalle as sodanig gefigureer het (veral in die binneland), het vroue se potensiaal op ander gebiede, veral wat die bekleding van leiersposisies betref, steeds grootliks dormant gebly. Die feit dat hierdie situasie ondanks uitgebreide pogings deur Sechaba om die teendeel te bewerkstellig, voortbestaan het, kan as 'n mislukking vir die blad en 'n aanklag teen die ANC beskou word.

Die pogings wat deur Sechaba aangewend is om vroue te mobiliseer, kan ten slotte as 'n tipiese voorbeeld van die werking van 'n propagandablad bestempel word. Daardie pogings, waaronder die publisering van slegs 'n verdraaide beeld van die werklikheid, konsentrasie op emosionele kwessies wat die teikengroep na aan die hart gelê het en die herhaling van gekose kommunikasietemas, het egter nie die, uit 'n ANC-oogpunt, gewensde resultate opgelewer nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## 3.B JEUG EN STUDENTE

Onder die term "jeug" het die ANC nie net mense wat jonger as 'n spesifieke ouderdom was geklassifiseer nie. Ook studente is daarby ingesluit *"...(and students are not just those who are studying but includes those who work to pay for their school fees); it includes the unemployable (partly because of apartheid, educational qualification, poverty of the parents, etc); the disabled young girls and women; those young kids who sell newspapers and work because their parents cannot pay the fees".*[1]

Dit is verder opmerklik dat die organisasie voor die studente-geïnspireerde opstande van 1976 'n heelwat laer premie op die rol van studente binne Suid-Afrika geplaas het as op die rol van hulle eweknieë in ballingskap. Die rede hiervoor skyn te wees dat geglo is dat uit die geledere van die studente wat uit Suid-Afrika gevlug het, die jeugleiers vir die studente in Suid-Afrika sou kom (op dieselfde wyse as wat die leiers van die ANC die leiding in die verset teen apartheid vanuit die buiteland geneem het). Volgens Thabo Mbeki, wat teen die laat sestigerjare die hoof van die ANC se Youth and Student Section was, het die jeug in ballingskap die volgende take gehad: Daar moes toegesien word dat hulle in kontak met die mense van Suid-Afrika bly om op hoogte van dié mense se probleme en behoeftes te bly; 'n politieke bewussyn moes onder die bannelinge gehandhaaf word; die veldtog om Suid-Afrika te isoleer moes deur hulle gelei word,[2] en nadat hul studies voltooi is, moes die studente sorg dat hulle die vaardighede wat bekom is, aanwend om die administrasie van "bevryde gebiede" in Suid-Afrika oor te neem of om by Umkhonto we Sizwe aan te sluit.[3]

Sechaba het dit duidelik gestel dat Suid-Afrikaanse studente wat weens hul politieke oortuigings gedwing is om in die buiteland te studeer, 'n belangrike keuse sou moes maak, naamlik *"...to decide whether they shall live as immigrants or temporary exiles...The youth and students are but like plants*

1. Sechaba, November 1982, p14.
2. Sechaba, March 1967, p9.
3. Sechaba, March 1968, p14.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


*that can only blossom and flourish if they have their roots deep in the soil. Our revolutionary soil is the broad masses and workers."*[4]

Na die landwye studente-onrus in 1976, is die ANC tot 'n herevaluasie van sy strategie, sover dit onder meer die jeug betref, geforseer. Dié nuwe jeugstrategie het steeds die organisasie se oorkoepelende strategie ondersteun en dit is duidelik gestel dat *"(o)ur goal is seizure of power through armed struggle and our weapons are guns and pens".*[5] Aan die jeug is die taak opgedra om "rewolusionêre" te help vorm - persone wat lojaal aan die ANC was, wat bereid was om die leiding te neem en wat aan die saak waarvoor die ANC geveg het, geglo het. *"Our revolution needs a new man, a man who is physically, psychologically prepared to face the war situation in which we find ourselves..."*[6]

'n Verdere faset waaruit die ANC se strategiese aanpassing na 1976 blyk, is die rol wat voor die datum en daarna aan die jeug in die organisasie se teoretiese raamwerk vir die omverwerping van die blanke bewind toegeken is. Hoewel erken is dat die jeug in eie organisasies georganiseer behoort te word, is daar voor 1976 meer klem op hulle aandeel aan die stryd as deel van die massa (saam met onder meer vroue en werkers) geplaas.[7] *"Without linking our political fate with the organised Black working mass, we as youth will be isolated and ultimately dispersed."*[8] Dit spreek duidelik uit die uitgawes van <u>Sechaba</u> gedurende die vroeë sewentigs dat die vrees by die ANC bestaan het dat swart studente vanweë "intellektuele snobisme" hulself as verwyderd van die massa sou beskou. Studente is dit op die hart gedruk dat *"nowhere in history has a stratum of students and intellectuals brought about a revolution, revolutions are brought about by the toiling masses - embracing revolutionary intellectuals".*[9] Die rol wat die ANC, namens die swart massa, dus aan die studerende swart jeug toegeken het, was om as die intellektuele swart elite, as leiers op politieke en militêre vlak, instrumenteel

---

4. *<u>Sechaba</u>, October 1969, p22.*
5. *<u>Sechaba</u>, Fourth Quarter 1978, p1.*
6. *<u>Ibid</u>.*
7. *<u>Sechaba</u>, November/December 1972, p2.*
8. *<u>Sechaba</u>, July 1973, p20.*
9. *<u>Sechaba</u>, July 1973, p12.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


te wees in die verkryging van politieke mag - met die medewerking van die massa.[10]

Wat die jeug se deelname aan gewelddadige aksies betref, het die ANC dit duidelik gestel dat hulle die grootste verantwoordelikheid van al die segmente van die bevolking in dié verband gehad het.[11] Hierdie geloof in die jeug se rol as lede van MK is reeds tydens die ANC se Konsulterende Konferensie te Morogoro, Tanzanië (25 April tot 1 Mei 1969) bevestig.[12] Veral by wyse van Sechaba en in pamflette wat klandestien in Suid-Afrika versprei is, is hierdie boodskap onder ANC-lede versprei. So byvoorbeeld is 'n pamflet wat gedurende 1971 versprei is, met die volgende opmerking afgesluit: *"Everyone must know that a war means that you must kill. The hour has come! Youth, you are the hope of our long-suffering people. Get ready for battle."*[13]

'n Metode wat voor en na 1976 aangewend is om die swart jeug onder die vaandel van die ANC te verenig, was om daarop te wys dat die ANC, anders as die Swart Bewussynsgeoriënteerde jeuggroepe (wat veral tot 1979 prominent in swart woonbuurte was), in die Freedom Charter 'n duidelike politieke program aan sy ondersteuners gebied het. Van die jeug is verwag om dié *"revolutionary theory"* in *"revolutionary practice"* te omskep.[14]

Uit Sechaba blyk dit dat die ANC onverhoeds deur die gebeure (en die intensiteit daarvan) van 1976 betrap is. Daarom is die volgende opmerking van Legum (soos deur Motlhabi aangehaal) na aanleiding van die gebeure van daardie jaar insiggewend: *"Anything that is organised in South Africa is affected; and anything that is effective is spontaneous."*[15] Nie net is daar geen vooraf verwysing na of doelbewuste aanhitsing tot opstand te vinde nie, maar is daar tussen 1977 en 1980 onverwags min daarna in Sechaba verwys. Die volgende dien ter illustrasie van die trant van dié verwysings: In 1977 is

---

10. *Sechaba, March 1974, p23.*
11. *Sechaba, March 1968, p14.*
12. *Sechaba, October 1969, p22.*
13. *Sechaba, March 1971, p9.*
14. *Sechaba, Third Quarter 1976, p17.*
15. *M Motlhabi: The theory and practice of Black resistance to apartheid..., p104.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


daar gemeld dat die opstande gelei is deur mense wat in jare nog kinders was, maar in *"courage, and political awareness, they are heroes"*.[16] 'n Verdere verwysing na die opstande het in die ANC se nuwejaarsboodskap vir 1979 gemanifesteer toe die jeug as die "fokuspunt" van die voortgesette onrus beskryf is.[17]

Die fase na 1976 is deur klem op die organisering van die jeug in ANC-gesinde jeugorganisasies gekenmerk. Reeds in sy nuwejaarsboodskap vir 1981 het Oliver Tambo namens die ANC die trant van die organisasie se jeuggerigte propaganda gestel toe hy as volg opgemerk het: *"The youth must be drawn in even greater numbers into the ANC and Umkhonto we Sizwe, inside and outside the country, to become part of the disciplined vanguard forces of our revolution."*[18] Daar sou gepoog word om aan hulle die taktiek en strategie van die ANC te verduidelik omdat geglo is dat dit die enigste wyse was om te verseker dat hulle trou aan die stryd sou bly. Dit waarvoor die jeug sedert 1976 geveg en opgeoffer het, is as deel van die rewolusionêre fondament waarvandaan die finale aanslag teen apartheid geloods sou word, beskou.[19] Al wat van die ANC verwag is, aldus Sechaba, was om die riglyne waarrondom jeugorganisasies jeugdiges kon mobiliseer (soos dit in die Freedom Charter saamgevat is) neer te lê[20] en dié organisasies dan toe te laat om hul lede se talent en kreatiwiteit te benut om die probleme wat op die pad na 'n rewolusie gelê het, te help oplos.[21]

Die res van die tagtigerjare het in die teken van dié strategie gestaan: Die ANC het deur middel van Sechaba bloot die swart jeug aangemoedig om hulleself te organiseer en het enige aksies wat hieruit gevloei het en teen die vernietiging van die status quo gemik was, verwelkom.[22] As sulks is na die jeug as die *"shock troops of the revolution"* verwys.[23] Die sukses wat met hierdie taktiek behaal is, veral sover dit die ontwrigting van swart

---

*16. Sechaba, Third Quarter 1977, p17.*
*17. Sechaba, April 1979, p3.*
*18. Sechaba, March 1981, p10.*
*19. Sechaba, April 1981, pp11-12.*
*20. Ibid., p12.*
*21. Sechaba, March 1981, p10.*
*22. Sechaba, March 1985, p6.*
*23. Sechaba, February 1987, p10.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

onderwys betref,[24] het teen 1989 as een van die ANC se mees imponerende suksesse in die binneland bekend geword.

Die wyse waarop die jeug hulle rol in die stryd teen apartheid met verdrag geïntensifeer het, spreek duidelik uit Sechaba. Hoewel daar vroeër ook sprake was van jeugdiges se deelname aan anti-apartheidsoptrede, waaronder die skoleboikotte van die 1950's, is hulle deelname aan anti-Regeringsoptrede in Sechaba tot 1969 teruggespeur. In daardie jaar het Suid-Afrika, soos die geval in Europa en die VSA was, 'n vlaag studente-onluste beleef,[25] wat tot ongeveer 1974 sporadies opgevlam het. Gesien uit 'n ANC-oogpunt, was hierdie aksies van belang deurdat dit die eerste tekens van suksesvolle mobilisering van studente rondom anti-Regeringsentimente verteenwoordig het - ondanks die feit dat die redes waarom gemobiliseer is van kampus tot kampus en skool tot skool verskil het. Ook die ideologiese vertrekpunte waarrondom georganiseer is, het vanaf groeiende Swart Bewussynsentimente tot die organisering van pro-Frelimo byeenkomste (met pro-Marxistiese ondertone) gewissel.[26]

Indien die studente-onluste van die vroeë sewentigs die eerste tekens van georganiseerde jeug- en studente-betrokkenheid by anti-apartheidsoptrede verteenwoordig het, het die gebeure gedurende 1976 dié deel van die bevolking onlosmaaklik daaraan verbind. Wat mettertyd as die *"Soweto Uprising"* bekend geword het, het egter nie net *"ever-lasting glory to the martyrs of the...uprising"*[27] meegebring nie, maar het ook die ANC met (onverdiende) invloed, steun en prestige beklee.

Veral die toevloei van jeugdiges na Umkhonto we Sizwe, na die *"ranks of the people's army"*,[28] is in Sechaba aangemoedig en dit is benadruk dat slegs deur by MK aan te sluit, dié *"stone throwing and molotov cocktail swinging youngsters"* in *"skilled, well-trained disciplined revolutionary fighters"* sou verander.[29] Deur die lot van martelaarsfigure, soos Solomon Mahlangu[30] ('n

---

*24. Sechaba, February 1989, p11.*
*25. Sechaba, August 1970, p7.*
*26. Sechaba, June 1973, p6.*
*27. Sechaba, July 1982, p1.*
*28. Sechaba, October 1982, p8.*
*29. Sechaba, July 1982, p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

jeugdige lid van MK wat in Suid-Afrika gevang, ter dood veroordeel en in 1979 tereggestel is) as navolgingswaardig voor te hou, is die jeug tot selfs groter opofferings aangespoor. Hulle insette op onder meer die arbeidsfront,[31] in gemeenskapsorganisasies ("civics"), boikotaksies en die bevordering van dissipline en 'n rewolusionêre ingesteldheid onder ANC-lede, is ook bepleit.[32]

Namate die optrede van jeug- en studente-organisasies met toenemende sukses bekroon is, het die ANC die klem van daardie organisasies se aktiwiteite probeer verskuif. Voortaan sou hulle primêre en openlike doel wees om Suid-Afrika onregeerbaar te maak. In hierdie verband verteenwoordig die ANC se nuwejaarsboodskappe in 1985, 1986 en 1987 insiggewende getuienis. In sy boodskap vir 1985, getiteld *"Render South Africa Ungovernable"*,[33] het Oliver Tambo namens die ANC die jeug vir hul optrede ten spyte van Regeringsonderdrukking geprys. Hy het die jeug as die *"pride of the nation"* bestempel wat die eer verdien het om die *"young lions"* genoem te word.[34] In die boodskap vir die daaropvolgende jaar is die jeug verder vereer deurdat aangekondig is dat 16 Junie voortaan as *"South African Youth Day"* herdenk sou word. *"We are confident that our Youth and students, through the length and breadth of our country, will prove themselves worthy of this national honour. We owe these young lions of our struggle."*[35]

In die ANC se nuwejaarsboodskap vir 1987 is die jeug se ongeduld met die pas waarteen bevryding geskied het, as verstaanbaar tipeer - gegewe die opofferings wat hulle gedurende die voorafgaande 11 jaar gemaak het. Hulle is egter aangemoedig om met dieselfde ywer voort te veg, *"...you must...act as the yeast, to energise and dynamise all people...You must act as a disciplined revolutionary force...committed to the strategic and tactical perspective of united mass action..."*[36] Sechaba het ten slotte, wat die rol van die jeug in die stryd teen blanke oorheersing betref, aangedui dat hulle

---

30. *Sechaba, October 1982, p2.*
31. *Sechaba, November 1982, p10.*
32. *Sechaba, October 1982, pp8-10.*
33. *Sechaba, March 1985, p5.*
34. *Ibid.*
35. *Sechaba, March 1986, p4.*
36. *Sechaba, February 1987, p10.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

optrede die sogenaamde morele hoë grond aan die ANC besorg het. *"The brutality of the regime has been matched by the dignity of those (including the youth) whose protests it seeks to crush."*[37] Hierdie gunstige posisie is verwerf deur, volgens Sechaba, die gedissiplineerde en gekoördineerde optrede van die jeug sedert 1967 in die binneland.

Soos hierbo vermeld is, het die ANC gedurende die post-1976-era klem op die organisering van die jeug in organisasies gelê. Dit is gesien as die enigste wyse waarop effektiewe optrede teen die Regering onderneem sou kon word. Die stigting van die South African Youth Congress (SAYCO) gedurende 1987 is as sodanig met blydskap deur die ANC by monde van Sechaba begroet.[38] Soortgelyke beriggewing oor die organisering van die jeug, sowel as klem op die invloed van sosio-maatskaplike euwels op hulle (euwels soos kinderarbeid, alkoholmisbruik en hongersnood, wat as die nalatenskap van apartheid beskryf is), het die bladsye van Sechaba gedurende dié tydperk deurspek.[39]

Gedurende die sewentigerjare was dit egter nie die geval nie. In sy beriggewing oor die aktiwiteite van die jeug en studente gedurende dié tydperk, het Sechaba op veral vier aspekte gekonsentreer:

- Stelsel van Bantoe Onderwys: Dié stelsel is onder meer as *"a system worked out to produce only slaves for the white South African economy"*[40] en *"3rd rate education designed to support an unjust system"*[41] beskryf. Hierin is die ANC deur skrywers soos Herbstein ondersteun toe hy opgemerk het dat *"nowhere are the misplaced ideals of Afrikaner nationalism seen to be better in effect than in the working of Bantu Education"*.[42] Fatima Meer het Bantoe Onderwys as *"education for barbarism"* bestempel, aangedui dat dit uiteindelik tot die vernietiging van apartheid sou lei en beweer dat dit *"produced the generation of Steve Biko and the ideology of Black Consciousness"*.[43]

---

37. Sechaba, November 1987, p24.
38. Sechaba, September 1987, pp6-8.
39. Sechaba, January 1980, pp6-7; Sechaba, October 1979, pp9-15.
40. Sechaba, August 1979, p17.
41. Sechaba, Second Quarter 1978, p5.
42. D Herbstein: White man, we want to talk to you, p84.
43. F Meer: Higher than hope..., p54.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Gedurende die tagtigerjare is die ANC se veldtog teen Bantoe Onderwys verder verskerp onder die vaandel van 'n aandrang op *"education for liberation"*,[44] die eerste voorbeeld in Sechaba waar hierdie later bekende strydkreet gebruik is.

- Onrus op nie-blanke universiteitskampusse: Ondanks die feit dat die ANC se Youth League teen die vyftigerjare in onaktiwiteit verval het, het Sechaba die beweerde aktiwiteite van die League se tak op die kampus van die Universiteitskollege van Fort Hare bestempel as versinnebeelding van die groeiende militantheid onder swart studente gedurende die 1970's.[45] Die redes vir die opstande daar en op die kampusse van die Universiteite van Wes-Kaapland en van die Noorde gedurende dieselfde tydperk (1970-1975), is beskryf as sou dit sentreer rondom diskriminasie teen nie-blanke studente wat in minderwaardige onderrig uitgemond het.[46] *"(T)he fundamental complaint...is that the Government is ramming down Black throats what it considers to be good for them. Nationalist imperialism and paternalism combine to frustrate their aspirations."*[47] Byeenkomste wat op die meeste swart universiteitskampusse gereël is ter ondersteuning van die bewindsoorname van Frelimo in Mosambiek (1974), is volgens Sechaba weens die paternalistiese houding van die Regering jeens swartes verbied.[48] Die feit dat daar enigsins sprake van verhoogde militantheid en politieke bewustheid op die kampusse was, het egter volgens Sechaba implikasies gehad wat ook buite die kampusse gevoel is. Die rede hiervoor was dat die studente se optrede meer en meer op die aanspreek van die "ware" oorsake van die lyding van swartes gerig was en as sodanig 'n sigbare aanduiding van die groeiende rewolusionêre klimaat in die land as geheel was.[49]

- Die South African Students Organisation (SASO): SASO is gedurende 1969 te Turfloop (Universiteit van die Noorde) gestig. Dié organisasie

---

44. *Sechaba, August 1980, p12.*
45. *Sechaba, July 1973, pp10-12.*
46. *Sechaba, June 1974, p4.*
47. *Sechaba, October - December 1973, p31.*
48. *Sechaba, January 1975, p6.*
49. *Sechaba, May 1975, p3.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


het vanaf sy stigting sy primêre taak gesien as een waarvolgens hy verantwoordelik was vir die *"conscientisation"* van swart gemeenskappe.[50] SASO het die Swart Bewussynsideologie ondersteun soos dit uit sy slagspreuk: *"I am oppressed and therefore Black"*, blyk.[51] Teen 1972 was SASO die onbetwisde verteenwoordiger van Suid-Afrika se swart studente en kon hy op 'n ledetal van sowat 8000 aanspraak maak.[52] Hoewel SASO 'n ideologie verkondig het wat deur die Charteristies-gesinde ANC as mededingend in die stryd om massasteun beskou is, het Sechaba met lof oor die organisasie en sy aktiwiteite verslag gelewer en dit onder meer as 'n *"uncompromising voice"* bestempel.[53] In hierdie verband is dit interessant om kennis te neem van Nolutshungu se bewering dat SASO homself nie as in kompetisie met die ANC of die PAC gesien het nie en daardie organisasies inderwaarheid as die *"legitimate spokesmen of the people"* bestempel het.[54] Hiervolgens moes SASO dus komplementerend tot die ANC en PAC optree. Nadat die Regering gedurende 1973 onder die bepalings van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme teen die leiers van SASO, waaronder Strini Moodley en Saths Cooper opgetree het[55], het Sechaba onder meer om massa-optrede ter ondersteuning van dié *"true patriots"* gepleit.[56] Die rede vir die ondersteuning wat die ANC aan SASO gelewer het, lê moontlik daarin opgesluit dat die ANC enige manifestasie van organisering teen die Regering as 'n oorwinning vir die anti-apartheidsbeweging (waarvan die ANC homself as leier beskou het) geïnterpreteer het. Die feit dat strenger Regeringsoptrede teen SASO en 'n verdere Swart Bewussynsorganisasie, die Black People's Convention, volgens SC Nolutshungu talle jong aanhangers van die Swart Bewussynsideologie meer ontvanklik vir Marxisme gemaak het,[57] kon ook 'n rol in hierdie verband gespeel het.

---

*50. Lodge: Black politics in South Africa since 1945, p323.*
*51. Sechaba, October 1982, 17.*
*52. D Herbstein: White man, we want to talk to you, p70.*
*53. Sechaba, September 1972, p16.*
*54. SC Nolutshungu: Changing South Africa..., p149.*
*55. Sechaba, July 1977, p4.*
*56. Sechaba, June/July 1975, p27.*
*57. SC Nolutshungu: Changing South Africa..., p159.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


- Werker/Studente-alliansie: Volgens Sechaba het die alliansie tussen werkers en die jeug sy oorsprong in die bykans universele verwerping van die Bantoe Onderwysstelsel gehad.[58] Die alliansievennote, wat beide onder kolonialisme (blanke oorheersing) gely het,[59] het komplementerend tot mekaar opgetree: Die werkers het 'n onmisbare skakel (as die "massa") in die ANC se oorhoofse strategie verteenwoordig, die jeug die *"dynamic, articulate sector of the population"*, terwyl beide na die bereiking van bevryding gestreef het.[60]

Die invloed van apartheid op die jeug en studente en hulle kennismaking met gesagstrukture as gevolg van hul politieke aktiwiteite, het gedurende die laat tagtigerjare telkens aandag in Sechaba ontvang. As vertrekpunt is dit gestel dat die wyse waarop 'n samelewing sy kinders behandel, sy ware aard belig. As sodanig is die apartheidstelsel bestempel as een waarin swart kinders se lot geïgnoreer en hulle in 'n stryd om oorlewing gedompel is.[61] 'n Hele geslag swart kinders het, volgens Sechaba, in 'n gemeenskap waarin geweld 'n alledaagse verskynsel was, grootgeword.[62] Die resultaat hiervan was dat die swart jeug hulle gedrag by hul abnormale omstandighede aangepas het: *"They have different values. No longer are local football players or Bruce Lee of the movies their heroes. They know now only of the Mandelas, the Sisulus and the Tambos."*[63] Hulle het opgegroei in 'n gemeenskap wat geen waarde aan 'n menselewe geheg het nie en omdat kinders aan die gemeenskap teruggee wat hulle ontvang het, is 'n bose en gewelddadige kringloop in swart woonbuurte gevestig.[64]

Swart jeugdigdes wat onder die bepalings van die noodtoestand (wat gedurende die middel-tagtigerjare in Suid-Afrika afgekondig is) aangehou is, het na bewering geensins voorkeurbehandeling in hulle plekke van aanhouding geniet nie. Die ANC het by monde van Sechaba twee aspekte in hierdie

---

58. *Sechaba, June 1981, p1.*
59. *Sechaba, July 1973, p21.*
60. *Sechaba, November/December 1972, p2.*
61. *Sechaba, November 1987, p23.*
62. *Sechaba, March 1986, p4.*
63. *Sechaba, August 1987, p22.*
64. *Sechaba, November 1987, p26.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


verband geïdentifiseer ten einde die swart bevolking as geheel tot die maak van besware daaroor aan te moedig: Eerstens het die jeugdiges in tronke met geharde misdadigers te doen gekry en tweedens het die Regering tydperke van aanhouding na bewering probeer gebruik om die *"hearts and minds"* van die jeugdiges deur middel van sielkundige beïnvloeding te wen. Veral nadat 'n spesiale fasiliteit vir die aanhouding van jeugdiges op 1 April 1986 by die Leeuwkop-gevangenis naby Johannesburg geopen is, het die ANC se kommer oor die lot van jeugdiges in aanhouding toegeneem.[65] Na aanleiding hiervan het die ANC by monde van Oliver Tambo gedurende 1987 homself tot die "bevryding" van kinders as voorvereiste vir die bereiking van totale bevryding gestel. *"More over, our concern for the children, the inheritors of our future, cannot be postponed until the day we achieve our liberation."*[66]

Bostaande beriggewing van Sechaba, waarin beide die behandeling van swart jeugdige gevangenes op die normale wyse, sowel as voorkeurbehandeling aan sodanige gevangenes veroordeel is, weerspieël die blad se propagandistiese aanwending: Die propagandis kan niks positiefs van sy teiken sê nie en dit blyk dat wat die Suid-Afrikaanse regering ookal sou doen, in Sechaba aan kritiek onderwerp is.

Die ANC het dus nie geskroom om die jeug, die sogenaamde *"young lions"*, uit te buit of aan te wend ter bevordering van politieke ideale nie. Die organisasie was egter ook nie ongeneë om dieselfde jeugdigdes as die "slagoffers van apartheid" voor te hou sodra hulle weens hul politieke aktiwiteite met die owerhede gebots het nie.

Die ANC het nooit deur middel van Sechaba 'n doelbewuste poging aangewend om blanke studente en jeugdigdes van die meriete van die organisasie se standpunte te probeer oortuig nie. Hoewel Engelstalige blanke studente se deelname aan die landwye studente-onrus gedurende 1969-70[67] en die gesprek tussen die National Union of South African Students (NUSAS) en die ANC gedurende 1986 verwelkom is,[68] was verdere melding rakende blanke

---

*65. Sechaba, December 1986, p28.*
*66. Sechaba, November 1987, p26.*
*67. Sechaba, August 1970, pp7-8.*
*68. Sechaba, July 1986, pp28-29.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


studente en onderwysverwante aangeleenthede bykans sonder uitsondering negatief van aard. Die aard van die opvoeding wat blanke kinders ontvang het, is as indoktrinerend, rasse-eksklusief[69] en vergelykbaar met dit wat die *"notorious Hitler Youth"* ontvang het, bestempel,[70] terwyl NUSAS (as 'n blank-oorheersde organisasie) as onmagtig om die aspirasies en belange van swart studente te artikuleer, beskryf is.[71]

Die ANC het deur middel van Sechaba op veral twee direkte wyses steun onder jeugdiges en studente in die binneland probeer monster. Die eerste van hierdie metodes was om fotos van jeugdiges wat teen apartheidstrukture opgetree het[72] of wat na 'n periode van aanhouding vrygelaat is,[73] te plaas. Sodanige persone en hulle optrede is as navolgingswaardige voorbeelde voorgehou. Die tweede metode was om die geskiedenis van die ANC Youth League en 'n populêre weergawe van die gebeure in 1976, sowel as van die figure wat by beide betrokke was, te verpopulariseer.

Die ANC Youth League is na aanleiding van 'n NUK-resolusie wat gedurende 1943 aangeneem is op 10 September 1944 in Johannesburg gestig.[74] Anton Lembede (President), Oliver Tambo (Sekretaris), Walter Sisulu (Tesourier) en Nelson Mandela en Anton Mda (Lede) is tydens die stigtingsvergadering in leiersposisies verkies.[75] Dié organisasie se suksesvolle pogings om die ANC in geheel van die Youth League se radikale standpunte te oortuig, is deur Sechaba as lofwaardig voorgehou.[76] Dit is opvallend dat Sechaba verkeerdelik berig het dat Mandela die Youth League se eerste sekretaris was en dat die League gedurende April 1944 gestig is. Die optrede van die *"generation of*

---

69. *Sechaba, January 1967, p13.*
70. *Sechaba, March 1975, p14.*
71. *Sechaba, October 1972, pp17-18; Sechaba, January 1973, pp2-5.*
72. *Sechaba, October 1985, pp16-17; Sechaba, June 1986, pp16-17.*
73. *Sechaba, June 1987, pp16-17,; Sechaba, November 1987, pp16-17.*
74. *"Trumpet Call To Youth!", (announcing meeting of September 10 1944), in T Karis en GM Carter (eds): From protest to challenge...Vol 2, p308.*
75. *TK Ranuga: Marxism and nationalism in South Africa (Azania)... (Unpublished Ph.D, Brandeis University), p151.*
76. *Sechaba, October 1981, pp15-20.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*'43"* het, volgens Sechaba, daartoe gelei dat die ANC opgebou is tot die *"unchallenged vehicle of the national aspirations of the African people."*[77]

Die studente-geïnspireerde opstande van 1976 is as die *"outlines of the coming revolution"* beskryf.[78] Dit is duidelik gestel dat dié gebeure nie bloot *"riots"* was nie, maar gekoördineerde versetpogings wat teen *"instruments of indoctrination"* (biersale, polisievoertuie, ensovoorts) gemik was.[79] As sodanig het 16 Junie 1976 'n keerpunt in die swart versetpolitiek verteenwoordig omdat Suid-Afrika sederdien nog nie weer vrede beleef het nie.[80] Bo en behalwe dit, was die gebeure in Soweto ook om die volgende redes van belang: Eerstens was dit 'n bewys dat die bevrydingstryd nooit gestuit sou kon word nie. Tweedens was die gebeure 'n voorbeeld van hoe 'n vonk (die instelling van Afrikaans as medium van onderrig) die kruitvat van die rewolusie kan laat ontplof en, derdens, het dit ter stawing van die ANC se vermoede dat die blanke minderheidsregering "voete van klei" gehad het, gedien.[81]

Ten slotte het Sechaba sedert 1967 getrou oor enige byeenkoms waaraan lede van die ANC se Youth Section of ander goedgesinde jeugleiers deelgeneem het, verslag gedoen. Die doel hiermee was enersyds om aan te toon dat die ANC universeel as die ware verteenwoordiger van die mense van Suid-Afrika erken is. Andersyds is die forums wat sodoende tot die organisasie se beskikking gestel is, optimaal ter bevordering van sy internasionale beeld en ter verkondiging van sy beleidstandpunte benut. Die ANC se jeugverteenwoordigers het onder meer die byeenkomste van die "World Federation of Democratic Youth" (Junie 1982 in Tsjeggo-Slowakye),[82] die eerste "Pan African Youth Festival" (Julie 1973, Tunisië),[83] sowel as die tweede "Pan African Youth Festival" (Augustus 1982, Libië),[84] bygewoon en Sechaba het getrou daaroor verslag gedoen. Die temas wat tydens dié geleenthede deur ANC-sprekers aangeraak is, het sentreer om die propagering

---

*77. Sechaba, March 1974, p23.*
*78. Sechaba, June 1988, p26.*
*79. Sechaba, Third Quarter 1977, p13.*
*80. Sechaba, June 1986, p18.*
*81. Sechaba, June 1988, p20.*
*82. Sechaba, August 1982, pp26-32.*
*83. Sechaba, October - December 1973, pp34-37.*
*84. Sechaba, December 1983, pp27-29.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

van die isolasie van Suid-Afrika,[85] sowel as wyses waarop buitelandse jeugorganisasies tot die ANC se stryd teen blanke oorheersing kon bydra.[86] Die ANC se Youth Section het verder tussen 1967 en 1989 altesaam vier jeugkonferensies gereël. Dit het in 1971 in die Duitse Demokratiese Republiek, 1977 in Moskou (USSR), 1980 in Hongarye[87] en Augustus 1982 by die Solomon Mahlangu Freedom College in Tanzanië plaasgevind.[88] Oor al dié konferensies en veral die besluite wat geneem is, is berig gelewer.

Dit blyk dat die ANC se strategie, sover dit die jeug betref, na 1976 aangepas is. Sedert die gebeure wat gedurende daardie jaar in Soweto begin het, het die organisasie doelbewus gepoog om die voorheen latente rewolusionêre potensiaal van die jeug en studente te benut. Hierin was die ANC dermate suksesvol dat met reg gekonstateer kan word dat die mate waarin geslaag is om die jeug by die bevrydingstryd te betrek, een van die organisasie se uitstaande prestasies was. Dit dien egter vermeld te word dat die ANC in sy mobilisering van die swart jeug, ironies genoeg, veel by die aktiwiteite van sy "ideologiese opponent", die Swart Bewussynsgroepering, gebaat het. Gerhart bevestig dat die invloed van daardie ideologie een van die aanleidende oorsake van die 1976-onluste was - onluste wat tot 'n herlewing in die ANC in ballingskap sou lei.[89]

Die oënskynlike sukses waarmee tot die jeug gespreek is, berus grootliks op die populêre boodskap wat deur Sechaba en ander ANC-propagandawapens uitgedra kon word. Deur byvoorbeeld by die jeug, wat direk en byna daagliks met onpopulêre apartheidstrukture soos die Bantoe-onderwysstelsel in aanraking was, aan te dring op boikotaksies en radikale optrede daarteen, is 'n tema wat die jeug direk geraak het aangeraak. Deur sy boodskap by die behoeftes van sy teikengroep aan te pas, het Sechaba dus daarin geslaag om 'n belangrike en groot segment van veral die stedelike swart bevolking vir die ANC oor te wen.

---

*85. Sechaba, March 1967, p9.*
*86. Sechaba, March 1968, p15.*
*87. Sechaba, November 1982, p10.*
*88. Sechaba, October 1982, p2.*
*89. GM Gerhart: Black power in South Africa..., p2.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

## 3.C KERKE EN TEOLOGIE

Deur middel van Sechaba het die ANC meermale daarop gewys dat die organisasie sedert sy stigting in 1912 hegte bande met die Christelike Kerk gehandhaaf het. Dit is veral beklemtoon dat talle van die ANC se stigterslede kerkleiers of predikante was.[1] Die Kerk en teologie in die algemeen is daarom met 'n groot mate van selfvertroue deur die ANC as mobiliseringsmiddel aangewend.

Enige voorbeelde van wanoptrede (volgens ANC-oordeel) deur veral die drie Afrikaanse susterskerke is meedoënloos deur Sechaba uitgebuit: Indien swartes nie by die begrafnis van 'n blanke kollega toegelaat is nie of indien Afrikaners die kerk as 'n *"exclusive whites only club"*[2] benut het, het Sechaba dit in geen onsekere terme nie as onchristelik uitgewys. Bewyse dat die susterskerke internasionaal die wind van voor gekry het weens hul pro-apartheidstandpunte, waaronder die skenking van 'n onbekende bedrag deur koningin Juliana van Nederland gedurende 1971 aan die Wêreldraad van Kerke (WRK) se veldtog teen rassisme, is as ondersteuning van die ANC se stryd teen die Suid-Afrikaanse regering vertolk.[3]

Ook die Rooms-Katolieke Kerk is by geleentheid in Sechaba van "ondersteuning van apartheid" beskuldig. Hierdie beskuldiging, na aanleiding van 'n protes-dokument wat deur vyf swart priesters van die Kerk opgestel is, het ingehou dat daardie Kerk onder meer opvattinge van *"baasskap"* en *"miessiesskap"* goedgepraat het. Daar is bygevoeg dat swartes tot hoër ampte in die kerk toegelaat moes word en nie bloot *"glorified altar-boys"* moes bly nie.[4]

Hierdie beklemtoning van onregverdige praktyke in die kerke in Suid-Afrika is veral 'n kenmerk van die vroeër uitgawes van Sechaba. Die volgende fase waardeur beweeg is, was om enersyds aan te dui dat daar wel 'n "swart teologie" bestaan het - onafhanklik van blanksentriese teologie - en andersyds

---

1. *Sechaba, October 1987, p12.*
2. *Sechaba, February 1968, p9.*
3. *Sechaba, May 1971, pp10-11.*
4. *Sechaba, April 1970, pp6-7.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

dat daar wye steun in die Suid-Afrikaanse binneland vir die ANC se standpunt oor godsdiens en teologie bestaan het.

Sechaba het oënskynlik die South African Student's Organisation (SASO) se definisie van "swart teologie" wat as volg lui, onderskraag: *"(It) is essentially a re-examination of the Black man's religious make-up and an attempt to unite the Black man to God...an essential theology that grapples with the black man's day to day life experience."*[5] Alan Boesak het hierdie definisie ondersteun toe hy swart teologie bestempel het as *"the black people's attempt to come to terms theologically with their black situation. It seeks to interpret the gospel in such a way that the situation of blacks will begin to make sense."*[6] Oosthuizen voeg egter 'n verdere dimensie toe tot beskouings van swart teologie. Hy voer naamlik aan dat dit 'n reaksie was en is teen 'n onbekende, onaangepasde en Westers-georiënteerde kerk wat, soos ook in Sechaba aangedui is, nie met swartes se wêreldbeskouing rekening gehou het nie. *"It was Afro-Christianity on the march not only based on an unwritten theology of indigenous communication but a theology which was and still is, deeply concerned with the material well-being of each member in these churches."*[7]

Die oorsprong van die ewolusie van swart teologie was, volgens Sechaba, die ontstaan van kerkgroepe en sektes waarvan die groep wat as die "Ethiopians" bekend gestaan het, die bekendste was. Oosthuizen werp meer lig op hierdie aspek. Volgens hom was die eerste swart teoloog van naam Nehemiah Tile, 'n voormalige Wesleyaanse evangelis wat in 1884 die eerste sogenaamde onafhanklike kerk, die Tembu Church, gestig het. Die feit dat politieke (rasgebaseerde) motiewe 'n rol in dié stigtingsproses en die opbloei van swart teologie in die algemeen gespeel het, word nie deur Oosthuizen betwyfel nie. Hy sonder die Ethiopian Movement (waarin Tile se kerk later opgegaan het) uit as die mees polities-bewuste stroming van die onafhanklike kerkbeweging. Twee ander groeperinge, te wete die "Zionists" en die "Apostolic Faith

---

*5. Sechaba, January 1975, p5.*
*6. AA Boesak: Farewell to innocence, p13.*
*7. GC Oosthuizen: "Black Theology as a factor in reform"", in E Wainwright and B Wakabayashu (eds): South Africa: Reform or Revolution, p28.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Mission", het die meer konserwatiewe of gematigde vleuel in die vroeë swart teologie verteenwoordig.[8]

Sechaba het die ontstaan van hierdie en ander soortgelyke groepe beskou as 'n simptoom van 'n diepgewortelde verset teen die *"colonialists' missionary crusade"*,[9] 'n teken van ontevredenheid en 'n bewys dat swartes wel uit 'n sterk godsdienstige en kulturele tradisie kon put. As sodanig was die onafhanklike swart kerke die vrug van 'n *"positive desire to adopt the message of the church to the heritage of the Africans"*.[10] Hierin word Sechaba deur ander navorsers ondersteun. Volgens Goba het die onafhanklike swart kerke, ondanks talle gebreke, 'n dinamiese en kragtige Christelike invloed in Afrika uitgedra. Voorts kan dié kerke ook beskou word as die unieke manifestering van 'n *"painful tension which exists between the Christian mythos and the African culture"*, aldus Goba.[11] Die feit dat dié kerke aktuele sake (soos die kleurskeidslyn, werkloosheid en die grondkwessie) aangespreek het, is in Sechaba as voldoende bewyse ter stawing van sodanige opvattinge beskou.[12]

Enige afwyking van bogenoemde, vir die ANC aanvaarbare optrede, is striemend in Sechaba veroordeel. Die bekendste voorbeeld van so 'n teregwysing het plaasgevind nadat biskop Lekganyane van die Zionist Christian Church homself gedurende 1981 en 1982 by verskeie geleenthede met eerste minister PW Botha en talle tuislandleiers geassosieer het.[13]

Dit dien egter vermeld te word dat dit die Swart Bewussynsgroepering was, by name SASO, wat swart teologie sedert die laat sestigerjare sy prominente posisie in die *"struggle"* laat inneem het. Daardie verwikkeling was, volgens Nolutshungu, in ooreenstemming met SASO se strewe om onafhanklike swart

---

*8. Ibid., pp30-31.*
*9. Sechaba, September 1981, p26.*
*10. Ibid.*
*11. B Goba: An agenda for Black theology..., p49.*
*12. Sechaba, September 1981, p26.*
*13. Sechaba, February 1981, pp28-29.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

optrede aan te moedig en alle sodanige aktiwiteite onder sy beheer te laat plaasvind.[14]

Sechaba het deur telkemale die Suid-Afrikaanse staat met Nazi-Duitsland te vergelyk, tot 'n groot mate daarin geslaag om internasionaal 'n afkeur in die Regering te kweek. So byvoorbeeld is ooreenkomste tussen die apartheidstelsel en Nasionaal-Sosialisme uitgewys, waaronder die geloof dat die "volk" 'n misie van God ontvang het om te vervul, dat die "volk" se bloed suiwer gehou moes word, die gebruik van pasboeke, klem op staatsveiligheid en 'n aandrang dat die kerk hom tot "hemelse dinge" moet beperk en geen kritiek op die regering mag lewer nie.[15] Deur hierdie beeld van die staat (wat volgens Sechaba deur die meerderheid kerke in Suid-Afrika ondersteun is, hetsy eksplisiet of implisiet) te koppel aan die Afrikaanse kerke se beweerde afsydige houding jeens die lot van swartes,[16] het Sechaba gepoog om kerkgroepe in Suid-Afrika se steun ten behoewe van die "stryd" te wen.

Hierdie proses van monstering van binnelandse kerksteun het eers teen die middel tagtigerjare werklike momentum gekry. So byvoorbeeld het Oliver Tambo in sy nuwejaarsboodskap vir 1984 die volgende oproep, wat oorspronklik tydens die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) se Nasionale Konferensie in 1983 geformuleer is, herhaal: *"When peace is broken or threatened by injustice, the Christian has a responsibility to work for peace, to work for righteousness, but striving to rectify what is unrighteous, injust."*[17] Daaropvolgende besoeke deur onder meer afvaardigings van die Evangelies-Lutherse Kerk[18] en die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskopperaad (SAKBR)[19] aan die ANC in Lusaka, waarin steun vir daardie organisasie en sy doelwitte uitgespreek is, illustreer die sukses waarmee die ANC se mobiliseringsaksies op hierdie terrein bekroon is. Teen die einde van 1989 is daar dan ook in 'n *"National Executive Committee Statement on the current situation"* spesiale melding van die rol van kerke en kerkleiers gemaak na

14. SC Nolutshungu: Changing South Africa. Political considerations, p156.
15. Sechaba, October 1971, pp14-15.
16. Sechaba, October - December 1973, p26.
17. Sechaba, March 1984, p9.
18. Sechaba, January 1987, p11.
19. Sechaba, August 1986, p24.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aanleiding van hul rol in die vlaag van protesoptogte en onrus wat Suid-Afrika op daardie stadium geteister het.[20]

In aansluiting hierby het Sechaba kontemporêre kerkleiers soos biskop Desmond Tutu[21] en eerwaarde Trevor Huddleston[22] gedurende die tagtigerjare as navolgingswaardige voorbeelde voorgehou. Veral Tutu is as die *"one person who embodies (the) change in the attitude of the churches"* bestempel.[23] Figure soos kanon James Arthur Calata[24] en vader Ambrose Reeves[25] se aktiwiteite is by geleentheid deur Sechaba in die kollig geplaas terwyl dieselfde eer 'n eertydse Anglikaanse biskop vir Kimberley, vader Crowther,[26] gedurende die sestigerjare te beurt geval het.

Dit is opmerklik dat kerkleiers ook leidende rolle in verskeie internasionale anti-apartheidsgroepe gespeel het. Benewens die bekende voorbeeld van Huddleston, wat vir jare voorsitter van die Britse "Anti-Apartheid Movement" was, het die International Defence and Aid Fund onder leiding van kanon L John Collins, wat soos Huddleston ook ondervinding in Suid-Afrika opgedoen het, sedert die vyftigerjare heelwat prominensie aan die lot van swartes in Suid-Afrika verleen, onder andere deur middel van artikels wat in Sechaba gepubliseer is.[27]

Die tagtigerjare en die intensifisering van die ANC se mobilisering van kerke en kerklikes, het ook 'n gepaardgaande verbreding van die teikengroep waarop die proses gemik was, opgelewer. Veral as gevolg van die rol wat Moslems gedurende die tydperk in onder meer die UDF in die Wes-Kaap gespeel het,[28] het Sechaba meer prominensie aan die rol van Moslems in die "stryd" begin verleen. Bekende militante Moslemleiers, soos Maulana Farid Essack, se uitsprake en standpunte is as 'n gevolg hiervan deur middel van Sechaba wêreldkundig gemaak. Die verbondenheid van beduidende getalle Suid-

---

*20. Sechaba, November 1989, p3.*
*21. Sechaba, December 1984, pp16-18.*
*22. Sechaba, April 1984, pp26-30.*
*23. Sechaba, December 1984, p16.*
*24. Sechaba, September 1983, p31.*
*25. Sechaba, February 1980, pp22-26.*
*26. Sechaba, September 1967, p1.*
*27. Sechaba, January 1969, pp14-15.*
*28. Sechaba, March 1986, p21.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Afrikaanse Moslems aan die "stryd" onder leiding van die ANC spreek duidelik uit die volgende aanhaling in Sechaba, afkomstig uit 'n referaat wat Essack gedurende Desember 1988 in Londen gelewer het: *"Every single church grouping - with the exception of the Afrikaner churches is under the leadership of people who have, to varying degrees, identified with the liberation struggle."*[29]

Teenoor hierdie klaarblyklike golf van binnelandse steun, is Regeringsoptrede teen kerke en kerkleiers as futiel en onderdrukkend voorgehou. Veral die werksaamhede van die *"Kommissie van Ondersoek na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke"*,[30] wat by die publiek as die Eloff-kommissie van Ondersoek bekendgestaan het en wat tussen 1981 en 1982 onder voorsitterskap van regter CF Eloff ondersoek na die voortgesette bestaan van die SARK ingestel het, is vir kritiek uitgesonder. In sy kapasiteit as Sekretaris-Generaal van die SARK, het Tutu getuienis voor die kommissie afgelê. Sechaba het gedeeltes van sy getuienis gepubliseer, waaronder sy bewering dat die sake wat deur die kommissie ondersoek is teologies van aard was en niks met die SARK as sodanig te doen gehad het nie. Tutu het prontuit beweer: *"We are under trial for being Christian and that by a government which claims to be Christian."*[31] Hy het dit voorts duidelik gestel dat hy die kommissie vanweë sy samestelling - dit het uit net blankes met geen teologiese ervaring nie bestaan - as onbevoeg vir sy taak beskou het en dat hy, Tutu, nie as gevolg van die ondersoek van sy anti-apartheidsentimente sou afsien nie.[32] Tutu het met die slotopmerking van sy getuienis voor die kommissie weereens 'n aanduiding gegee dat die kerk 'n belangrike strydperk vir die anti-apartheidsmagte geword het toe hy gesê het dat *"it is evident that the State and the Church as a whole are set on a collision road that will only end with the total elimination of apartheid and the national liberation of all the oppressed and exploited people in our beloved country."*[33] Dit is vanselfsprekend dat Sechaba aan hierdie uitspraak prominensie verleen het.

---

*29. Sechaba, January 1989, p6.*
*30. RP 74/1983: Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.*
*31. Sechaba, May 1984, p25.*
*32. Sechaba, June 1984, pp20, 26.*
*33. Sechaba, May 1984, p26.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Ook wat die internasionale arena betref, het Sechaba op 'n gereelde basis aangedui tot watter mate kerke en kerkgroepe die ANC se stryd teen apartheid gesteun het. Die vroeë sewentigerjare het onder meer die groei van bewegings in Brittanje en die VSA gesien wat teen voortgesette beleggings van kerkorganisasies in maatskappye, met belange in Suider-Afrika, geagiteer het. Die Church of Scotland is reeds gedurende 1970 met sodanige druk gekonfronteer toe die argument deur die Edinburgh's Students Christian Movement geopper is dat voortgesette betrokkenheid van kerke by maatskappye met belange in Suider-Afrika, 'n *"aura of respectability"* aan Portugese kolonialisme en Rhodesiese en Suid-Afrikaanse onderdrukking verleen het.[34] Soortgelyke druk op aandeelhouers en soortgelyke argumente is gedurende dieselfde tydperk deur die Church Project on US Investments in Southern Africa in die VSA toegepas.[35] Die beweging in die VSA het egter, anders as in Brittanje, ook klem op die sosiale verantwoordelikheid van maatskappye in hulle kontak met Suider-Afrika geplaas en het hul reg as aandeelhouers op inspraak in die formulering van maatskappye se beleid, ter bereiking van hulle doelwitte benut.[36]

Gedurende die eerste byeenkoms van die World Alliance of Reformed Churches in Augustus 1970 in Nairobi, Kenia, het die drie Afrikaanse susterskerke met die eerste vlaag van 'n nuwe tipe internasionale druk te doen gekry. Hoewel 'n mosie dat die grootste van die susterskerke, die NG-kerk, weens sy regverdiging van apartheid as 'n "onchristelike" kerk gebrandmerk moes word, afgekeur is,[37] was dit maar die voorloper van 'n veldtog wat regdeur die sewentiger- en tagtigerjare momentum opgebou het.

Dieselfde veldtog het ook twee ander fasette ingesluit, naamlik die aktiewe ondersteuning van sogenaamde bevrydingsbewegings en die rasionalisering van die gebruik van geweld deur dié bewegings. Reeds tydens 'n vergadering van die WRK se Uitvoerende Komitee gedurende Augustus 1970 in Frankfurt, Wes-Duitsland, is fondse aan bevrydingsbewegings in Suider-Afrika toegeken. Hoewel dit slegs 120 000 dollar beloop het en net vir die versterking van die

---

*34. Sechaba, September 1971, p16.*
*35. Sechaba, October - December 1974, p23.*
*36. Sechaba, May 1974, p20; Sechaba, April 1975, p9.*
*37. Sechaba, November/December 1970, p30.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


bewegings se organisatoriese vermoëns geoormerk was, het Sechaba daarop gewys dat dit heelwat simboliese waarde gehad het.[38] Dieselfde argument is deur Sechaba gebruik in sy ontleding van die skenking van koningin Juliana aan die WRK in 1971,[39] waarna hierbo verwys is. Sechaba het die geleentheid gebruik om, in die lig van hierdie skenkings, die internasionale gemeenskap daarop te wys dat swart mense hulp nodig gehad het om hulle lot te verbeter; dat *"the alternative to being aligned with those who use violence to resist oppression seems to be...alignment with those who use violence to defend their own privilige and affluence..."*,[40] en dat geweld wêreldwyd as onvermydelike middel aanvaar moes word om ongeregtigheid met geregtigheid te vervang.[41]

Verdere argumente wat aangevoer is om die gebruik van geweld meer aanvaarbaar vir internasionale kerkgroepe te maak, het daarop gesinspeel dat die Suid-Afrikaanse regering deur sy beweerde onderdrukking van swartes 'n onverklaarde burgeroorlog ontketen het. In so 'n situasie is, volgens Sechaba, versteurings van die oppervlakkige kalmte noodsaaklik en onafwendbaar want *"stable and lasting peace can only be built on social justice"*.[42] As bewyse hiervan is aangevoer dat die Regering staatsgeweld gepleeg het,[43] waarvan die trekarbeiderstelsel en gedwonge verskuiwings maar net twee manifestasies was. Hierdie staatsgeweld is meermale in Sechaba as *"crimes against humanity"* of *"war crimes within the meaning of the Nuremburg (sic) principles"* getipeer.[44] Hieruit het die argument gevloei dat die kerk, wat histories die sogenaamde *"just war theory"* ter regverdiging van oorloë deur Europese monargieë gepredik het, dieselfde maatstaf moes gebruik in sy beoordeling van die rewolusionêre neigings van onderdruktes. *"The poor and oppressed are deprived of any theological support for their aggressivity."*[45] 'n Selfs sterker argument in hierdie verband is deur Tambo in 'n toespraak voor die World Consultation of the World Council of Churches gedurende Junie 1980 voorgehou. Volgens Tambo is swartes in Suid-Afrika telkens deur die

---

38. *Ibid.*, p31.
39. *Sechaba*, May 1971, p10.
40. *Sechaba*, November/December 1974, p31.
41. *Sechaba*, May 1971, p11.
42. *Sechaba*, April 1971, p9.
43. *Sechaba*, February 1971, p6.
44. *Sechaba*, November 1971, p6.
45. *Ibid.*, p7.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

kerk verraai deurdat die kerke aktief gehelp het om kolonialisme en rassisme toe te pas en swartes gelukkig te hou deur beloftes van saligheid - maar eers na die dood.[46] Dit was dus die plig van die kerke om deel van die "stryd" te word deur aktiewe morele en materiële steun aan die ANC te lewer. *"Only thus can the Church be true to its professed ideals, tend to the needs of all its flock, both material and spiritual and once more claim with justification to personify the body of "Christ the Liberator."*[47]

Aanhangers van die Swart Bewussynsideologie het 'n verdere dimensie tot bogenoemde argumente toegevoeg. Hulle het naamlik beweer dat "blanke" kerke swartes se wil tot verset ondermyn het deur aan swartes te leer dat saligheid nie net in Christus te vinde was nie, maar ook in die blanke se beskawing wat na bewering hand aan hand daarmee gegaan het. Die gevolg hiervan was na bewering dat swartes gedwing is om minderwaardig te voel - 'n gevoel wat versterk is deurdat gehamer is op die veronderstelling dat "swart" gelyk was aan "boosheid" en dat onderdanigheid eerbaar was.[48]

'n Laaste argument ter verdediging van geweld as opsie in die oë van die kerk is gedurende Januarie 1989 deur die ANC se hoofverteenwoordiger in die Verenigde Koninkryk en Ierland, Mendi Msimang, in 'n toespraak voor swart Amerikaanse kerkleiers in Washington DC verwoord. Hiervolgens het die Suid-Afrikaanse regering die reg om te regeer verloor deurdat die basis van sy legitimiteit, naamlik die toestemming van die meerderheid van die inwoners van die land, geërodeer is. Volgens internasionale reg is die Regering dus as onwettig bestempel.[49] Te meer nog was die stryd teen apartheid, volgens Msimang, op stewige teologiese fondamente gebou en was die Regering se argument dat hy Suid-Afrika teen kommunisme beskerm het, vals. *"Our problems in South Africa are not caused by communists who claim to be atheists, but by capitalists who claim to believe in God. The challenge is not how to evangelise Eastern Communists, but how to liberate Western Christians."*[50] Hierdie stelling is 'n tipiese voorbeeld van sogenaamde bevrydingsteologie (wat hieronder bespreek word). 'n Soortgelyke stelling kom

46. *Sechaba, November 1980, pp21-22.*
47. *Ibid., p25.*
48. *D Herbstein: White man, we want to talk to you, p69.*
49. *Sechaba, March 1989, p9.*
50. *Ibid., p10.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

in artikel 73 van The Road to Damascus voor, waar beweer word dat *"communism, whatever real faults it may have, is...used as a scapegoat. The war against communism is treated as a holy war or crusade."*[51]

Die mate waartoe die ANC daartoe bygedra het om Christene in die Weste van hul pasifistiese houding te "bevry", spreek duidelik uit 'n resolusie wat aanvaar is tydens die WRK se sesde Algemene Vergadering wat gedurende Julie-Augustus 1983 in Vancouver, Kanada, gehou is. Volgens die resolusie is apartheid onregverdigbaar en is Christene versoek om apartheid in al sy vorme te opponeer, om organisasies soos die ANC aktief te ondersteun, druk toe te pas om verpligte, omvattende sanksies teen Suid-Afrika ingestel te kry en *"to denounce any theological justification of apartheid as a heretical perversion of the gospel"*.[52] 'n Selfs sterker bewoorde besluit is tydens 'n ontmoeting van kerkleiers uit alle wêrelddele, insluitende Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en verteenwoordigers van die ANC en Swapo in Lusaka, Zambië, gedurende Mei 1987 geneem. Volgens dié besluit het die Suid-Afrikaanse regering sy Godgegewe opdrag om vir die beswil van al die mense van die land te regeer, versaak. Daarom was die Regering en sy "besetting" van Suidwes-Afrika onwettig. Daar is verklaar dat die aanwesige kerkleiers hulself verbind het *"to work for the removal of the present rulers who persistently usurp the stewardship of God's authority"*.[53]

Uit die trant van artikels in Sechaba is dit duidelik dat die ANC teen ongeveer 1980 daarvan oortuig was dat hy die Afrikanerkerke se legitimiteit in die oë van die wêreld vernietig het; dat hy daarin geslaag het om die noodsaaklikheid dat sy eie agenda vir die "bevryding" van Suid-Afrika so gou moontlik geïmplementeer moes word, op die harte van die meeste simpatiek gesinde kerkleiers te druk; en dat hy wye internasionale steun vir sy standpunte en metodes geniet het. Oliver Tambo se oproep tot Moslems en Christene, in sy nuwejaarsboodskap op 8 Janaurie 1987 om tot die voorgrond van stryd toe te tree,[54] dien ter stawing hiervan. Die middel wat in daardie

---

*51. The Road to Damascus..., p15.*
*52. Sechaba, October 1983, p19.*
*53. Sechaba, July 1987, pp21-22.*
*54. Sechaba, March 1987, p12.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

stryd aangewend sou word om die rol te definieer wat kerkgroepe en kerklui in die aanslag teen apartheid moes speel, staan as bevrydingsteologie bekend.

Die term "teologie van die rewolusie" is, sover bekend, die eerste keer in 1964 deur Martin Schröter gebesig in 'n verslag van 'n jeugkomitee tydens 'n sogenaamde Christelike Vredeskonferensie in Praag, Tsjeggo-Slowakye.[55] Daar word algemeen aanvaar dat bevrydingsteologie sy beslag in Latyns-Amerika gedurende die laat sestigerjare gehad het. Dit is egter vir die eerste keer in die sogenaamde Medellin-dokument verwoord. Hierdie dokument ontleen sy naam aan 'n stad in Colombië waar 'n konferensie van Latyns-Amerikaanse biskoppe (CELAM) gedurende Augustus 1968 plaasgevind het. Die tema van dié konferensie was as volg: *"The Church in the Present-Day Transformation of Latin-America in the Light of the (Second Vatican) Council".*[56]

Uit die voorwoord tot die Medellin-dokument blyk dit duidelik dat die biskoppe geoordeel het dat Latyns-Amerika ryp was vir 'n totale transformasie, *"from the economic to the religious...It appears to be a time of zeal for full emancipation, of liberation from every form of servitude..."*[57] Kortweg kan bevrydingsteologie dus beskryf word as 'n poging om aan te dui dat God vir die armes en onderdruktes kant gekies het en dat om Christen te wees beteken het om deel van die bevrydingstryd te word.[58]

Volgens vader Fernando Cardenal, wat gedurende 1981 hoof van die Sandinista Jeugbeweging in Managua, die hoofstad van Nicaragua was, was bevrydingsteologie egter meer as dit: Dit was 'n poging om aan te dui dat, hoewel die Woord tydloos is, dit aanpasbaar by kontemporêre gebeure moes wees. *"This interpretation of the Gospel which gives answers to the problems of our times and our era, is what is understood as the theology of liberation."*[59] As sodanig het dit betrokkenheid van Christene en 'n afswering van die foute van die verlede geëis. Die belangrikste van hierdie "foute" was,

---

*55. JA Heyns: Teologie van die rewolusie, p10.*
*56. RM Brown: Theology in a new key..., p52.*
*57. Gustavo Gutiérrez: A Theology of Liberation..., pxvii.*
*58. The Kairos Document: Challenge to the Church, pp13-14.*
*59. Sechaba, August 1981, p22.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

volgens Cardenal, die *"concubinage which the Church maintained in many sectors and countries with capitalism"*.[60]

Ten einde bevrydingsteologie verder te definieer, kan die volgende beskrywing daarvan deur Belli (soos deur Grobler aangehaal) voorgehou word. Hiervolgens was bevrydingsteologie 'n poging om aan te dui dat *"liefde vir die onderdruktes deur rewolusionêre aksies uitgeleef kon word...(N)et 'n radikale verandering in die bestaande orde kon die armes uit hulle staat van onderdrukking red. Daarom was die aanblaas van rewolusie nie vreemd aan Christene nie, maar 'n taak van die Christene."*[61] Sodoende is die strydvraag rakende die kerk se houding jeens geweld tot 'n mate aangespreek en ten gunste van radikalisme (rewolusionêre betrokkenheid) beantwoord.

Boesak se siening van bevrydingsteologie ondersteun hierdie radikale sentimente: *"Theology is never objective or "neutral"...Any theology which does not take God's liberation of the poor and the oppressed as its central point of departure thereby excludes itself effectively from being a witness to the divine presence in the world. The point is...not whether theology is determined by interests, but whether it is being determined by the interests of the poor and the oppressed or by those of the oppressor."*[62]

Die Wêreldraad van Kerke (WRK) het tydens sy ontmoeting te Uppsala, Swede, gedurende 1968 en in sy daaropvolgende "Programme to Combat Racism" die beginsels van bevrydingsteologie grootliks aanvaar.[63]

Reeds gedurende 1980 het bydraers tot Sechaba hierdie argumente op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing gemaak. In die uitgawe van Mei 1980 is byvoorbeeld beweer dat kerkleiers in Suid-Afrika as deel van die heersersklas beskou is.[64] Hierdie redenasie is deur 'n voormalige Metodistepredikant, Cedric Mayson, in artikels in Sechaba verder verfyn.

---

*60. Ibid.*
*61. JEH Grobler: Die rol van bevrydingsteologie in politieke aktivisme... (Ongepubliseerde referaat), p6.*
*62. AA Boesak: Farewell to innocence, pp105-106.*
*63. A Hastings: "The Christian Churches and liberation movements in Southern Africa", in African Affairs, Volume 80, July 1981.*
*64. Sechaba, May 1980, p16.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Volgens Mayson was die Christelike geloof gebaseer op suiwer teologiese gronde, sonder rassistiese, finansiële, nasionalistiese, seksistiese of klasse-vooroordele. In teenstelling hiermee was Christelike kerke instellings gebaseer op Westerse kapitalisme en het dit al die gebreke van die stelsel weerspieël.[65] Gegewe die Suid-Afrikaanse situasie, het Mayson bevrydingsteologie as 'n uitdaging deur *"Christian revolutionaries"* aan die *"traditional command of Christendom by rightwing believers in the colonial imperialist mould"* beskryf.[66]

Verskeie gebeure oor 'n lang tydperk, waaronder die Sharpeville-insident, die groei van bevrydingsteologie en die 1976-opstande,[67] het volgens Sechaba die besef onder kerkleiers in Suid-Afrika help vorm dat hulle lidmate 'n kerk verlang het wat openlik vir die politieke, ekonomiese en sosiale "bevryding" van alle mense moes veg met die doel om 'n nuwe wêreldorde daar te stel.[68] Daar is, in die woorde van vader Michael Lapsley, (ANC-lid en hoof van die Anglikaanse kweekskool van die Universiteit van Lesotho), besef dat Christene te lank deur kapitaliste gekoöpteer is; dat Christenskap nie 'n politieke bloudruk gebied het nie en dat Marxisme die middele gebied het om die lesse wat die geskiedenis leer, te verstaan.[69] Hierin is Lapsley deur Mayson ondersteun toe hy beweer het dat die Bybel 'n vorm van sosialisme voorstaan wat die lot van armes probeer verlig.[70] Dit spreek dus, volgens Mayson, vanself dat "hervorming" van die apartheidstelsel nie genoeg was nie, want *"...the Kingdom of God is in the change business...The Kingdom demands a total change of objective, attitude, structure and method in human society, and that is not reform but revolution."*[71]

In die lig van bogenoemde het ook Christene in Suid-Afrika, aldus Lapsley, begin om hulle Bybels te lees in die lig van hul ervaring van onderdrukking en het hulle in opstand gekom teen 'n boodskap wat goeie vooruitsigte voorhou - maar eers nadat jy dood is.[72] Die gevolg van dié nuwe insigte was

---

65. *Sechaba, November 1983, p22.*
66. *Sechaba, September 1989, p27.*
67. *Sechaba, May 1980, p16.*
68. *Sechaba, November 1980, p24.*
69. *Sechaba, April 1982, pp9, 11.*
70. *Sechaba, November 1983, 23.*
71. *Ibid., pp23-24.*
72. *Sechaba, October 1989, p21.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n dokument getiteld: "The Kairos Document: Challenge to the Church". (Kairos beteken "die tyd het gekom", "die oomblik van waarheid is hier".[73]) Dié dokument, wat in April 1983 deur 152 verteenwoordigers van die meeste kerkgroepe in Suid-Afrika opgestel is, het eers gedurende 1987 melding in Sechaba ontvang.[74] Maar ondanks dié laat kennisname, het die Kairosdokument daarna gereelde en omvangryke publisiteit in Sechaba geniet. Daar is veral klem daarop gelê dat die dokument deur priesters en gewone lidmate op haarwortelvlak opgestel is en nie deur kerkleiers nie. Daar is, volgens Sechaba, deur die "gewone" mense aangedui dat hulle voortaan die kerk as 'n plek waar die stryd gevoer moes word, sou beskou. Die Kairosdokument is beskou as sou dit *"set a standard of revolutionary South African theology, and marked the trail that the church still has to travel before it can be a servant of the revolution"*.[75]

Verder het die dokument, soos die geval in Latyns-Amerika was, die tradisionele teologie in twyfel getrek - veral waar dit die status quo regverdig het. Hoewel rekonsiliasie steeds voorgestaan is, moes dit nie beteken het dat Christene onbetrokke tot die "stryd" kon wees nie. Dit het eerder 'n direkte konfrontasie met dit wat verkeerd is as 'n toenadering tot "sonde en die duiwel" geïmpliseer. Geregtigheid het dus 'n totale verandering, wat deur die mense van onder af geïnisieer moes word, van alle strukture behels. Voortaan sou ware Christene, dit wil sê aanhangers van bevrydingsteologie, nie meer met kosmetiese veranderings deur sogenaamde "onderdrukkers met 'n skuldige gewete" tevrede wees nie.[76]

Volgens die Kairosdokument was daar 'n behoefte aan 'n "profetiese teologie" wat ondubbelsinnig vir die onderdruktes kant kies.[77] Hierdie klem op 'n analise van die sosio-maatskaplike toestande in die land is ontleen aan die ervaring van die Latyns-Amerikaners. Sechaba het dit beklemtoon dat Christene gedwing word om kant te kies en het pasifisme is as 'n verskoning ter ondersteuning van rassisme bestempel.[78]

---

*73. The Kairos Document: Challenge to the Church, pp1-16.*
*74. Sechaba, October 1987, p13.*
*75. Sechaba, June 1988, pp9-10.*
*76. Sechaba, October 1987, p13.*
*77. The Kairos Document: Challenge to the Church, pp10-14.*
*78. Sechaba, October 1987, p15.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Deur middel van 'n volgende dokument waarin die beginsels van bevrydingsteologie (soos vervat in die Kairosdokument) aan die internasionale gemeenskap gestel is, naamlik: The road to Damascus: Kairos and Conversion, het Suid-Afrikaanse kerklui gepoog om hulle betrokkenheid in die stryd teen apartheid voor die internasionale gemeenskap te rasionaliseer.[79] Volgens The road to Damascus was die oorsaak vir die konflik in Suid-Afrika in kolonialisme en imperialisme geleë. Christenskap is na bewering as bewys vir die legitimiteit van Westerse state voorgehou. Aanhangers van bevrydingsteologie het egter die teenoorgestelde van hierdie argument as waar aanvaar, naamlik dat dit die ondersteuners van regsgesinde regerings was wat ketters was en nie daardie Christene wat met die stryd vir "nasionale bevryding" gemoeid was nie.[80] Sechaba het vanselfsprekend ook aan hierdie dokument prominensie verleen.

Die Regering se proklamasie op 24 Februarie 1988, waarvolgens die UDF en verwante organisasies se bedrywighede ingeperk is, het nie net as finale bewys vir radikales gedien dat alle vreedsame weë vir die beëindiging van apartheid geblokkeer is nie, maar ook dat dit voortaan kerkleiers se taak sou wees om as leiers van die "stryd" in die binneland op te tree.[81] Sechaba het aangevoer dat die kerk voorheen organisasies soos die ANC aangemoedig het om geweld as metode af te sweer, maar dat die afsluiting van alle vreedsame weë ter bereiking van verandering die kerk tot 'n heroorweging van sy posisie gedwing het. Eerwaarde Frank Chikane het die Regering se optrede vertolk as aanduidend dat verandering *"could only happen at the battleground, at a violent level..."*[82]

Teen die einde van die tagtigerjare was dit duidelik dat die ANC deur gebruikmaking van onder andere sy mondstuk Sechaba, daarin geslaag het om die meeste kerkgroepe in Suid-Afrika en in die buiteland van die

79. *Sechaba, September 1987, p29.*
80. *The Road to Damascus: Kairos and Conversion. (Hierdie dokument is mede-opgestel deur "Third World Christians from seven nations", kerklui uit Suid-Afrika, Kenia, Suid-Korea, Namibië, Nicaragua, El Salvador en die Filipyne.)*
81. *Sechaba, June 1988, p4.*
82. *Ibid., p5.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

regverdigheid van sy "stryd" te oortuig. Legitimiteit vir die gebruik van geweld ter bereiking van sy doelstellings en die aanwending van religie (deur middel van bevrydingsteologie) vir dieselfde oogmerke is ook bekom. Vir die Suid-Afrikaanse regering was die gevolge hiervan verreikend deurdat een van die fondamente waarop die Suid-Afrikaanse staatsbestel gevestig was, naamlik 'n Westerse godsdiensbeskouing, deur die ANC gekaap, gediskrediteer en téén hom begin gebruik is. Ook in laasgenoemde opsig kan die rol wat Sechaba vertolk het, nouliks oorskat word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

## 3.D NASIONALISME

JP Hendricks verskaf die volgende definisie van swart nasionalisme: *"African nationalism...could be defined as the reaction against the imposition of colonial rule by an alien group, and the desire of the indigenous inhabitants to terminate it."*[1] Die stigting van die ANC in 1912 kan dan ook as die vroegste noemenswaardige manifestasie van swart nasionalisme in Suid-Afrika bestempel word.[2] Teen 1960 was nasionalisme as 'n metode in die hande van die ANC om steun te mobiliseer egter, volgens Gerhart, *"a weapon...which has fallen into near-total disuse..."*[3]

As die spreekhuis van die ANC, 'n organisasie wat homself op sy verbondenheid aan swart nasionalisme geroem het, het Sechaba noodwendig klem op die ontwikkeling van nasionalistiese sentimente onder sy lesers geplaas.

Soos in die hieropvolgende bespreking duidelik sal word, het Sechaba se pogings om nasionalistiese sentimente onder swartes te ontwikkel merendeels op beproefde metodes, waaronder die prysing van swart letterkunde en die "herontdekking" van historiese figure, berus.

Die potensiaal wat Afrikasentriese geskiedskrywing in die aanblaas van swart nasionalisme inhou, is eers relatief laat deur die ANC by monde van Sechaba ontgin. In 'n resensie van Lewis Rupert, 'n Jamaikaanse historikus, se werk Marcus Garvey, Anti-Colonial Champion, het Sechaba se resensent in 1987 'n beroep op die mense van Afrika gedoen om hulle glansryke verlede te herontdek. Hierdie proses sou na bewering help om Afrika se sosiale en ekonomiese emansipasie van kolonialisme te verhaas en 'n historiese bewustheid te help vestig. *"What we are saying is that writing history is an obligation; a struggle against the forces of darkness and doom."*[4] Die

---

1. *JP Hendricks: A study of African leadership and political reactions in South Africa, 1936 - 1960 (Unpublished Ph.D, University of Michigan), p8.*
2. *GM Gerhart: Black power in South Africa..., p12.*
3. *GM Gerhart: Black power in South Africa..., p121.*
4. *Sechaba, October 1987, p30.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

propagering van hierdie tipe standpunt was egter die uitsondering eerder as die reël.

Letterkunde as medium om nasionalistiese sentimente aan te wakker, hetsy prosa, poësie, of algemene artikels oor beide, het egter sedert 1967 'n ereplek in Sechaba ingeneem. 'n Verdere oogmerk wat deur die plasing van letterkundige bydraes in Sechaba bereik is, was volgens Terekhov dat *"they introduce(d) broad sections of the world public to the revolutionary art of South African people and demonstrate(d) that their original culture continue(d) to live and develop even under the apartheid system, as a major weapon in the struggle for freedom"*.[5]

Reeds in die Desember-uitgawe van daardie jaar is 'n gedig deur Dennis Brutus oor die pas gestorwe voormalige ANC-president, Albert Lutuli, geplaas. Hierin is Lutuli se dade (onder meer sy verwerwing van die Nobelprys vir Vrede) besing, is hy as lig op die pad van bevryding voorgehou en is ANC-lede aangemoedig om soos Lutuli, ondanks talle terugslae, in die stryd te volhard.[6] Deur gereeld gedigte in Sechaba te publiseer het die redaksie gepoog om poësie as medium te benut om 'n "swartbewussyn" onder swartes te kweek deur hul "swart-wees" te verheerlik;[7] om die noodsaaklikheid van selfopheffing deur Afrikane van Afrika te benadruk;[8] om 'n liefde vir Suid-Afrika aan te wakker;[9] om optrede van die Regering, waarteen die ANC eksepsie geneem het, (byvoorbeeld die strooptog deur die Suid-Afrikaanse Weermag gedurende Desember 1982 op ANC-kantore in Maseru), aan te spreek;[10] en om die ANC se militêre vleuel (Umkhonto we Sizwe) se optrede te verheerlik. In laasgenoemde verband het Sechaba veral klem op die militêre tradisie van swartes in Suidelike Afrika gelê, 'n tradisie wat na bewering uiting gevind het in die optrede van onder meer Moshoeshoe, Makana, Dingaan en Sekhukhune.[11]

---

*5. L Terekhov: "Sechaba: 20 Years of struggle for freedom", in Asia and Africa Today, No 3, 1987, p37.*
*6. Sechaba, December 1967, p8.*
*7. Sechaba, November/December 1970, p29.*
*8. Sechaba, October - December 1973, p11.*
*9. Sechaba, January 1980, p32.*
*10. Sechaba, January 1983, pp30-31.*
*11. Sechaba, August/September 1975, p39.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

'n Tweedelige artikel[12] deur die ANC se hoofverteenwoordiger in Europa, Mazisi Kunene wat onderskeidelik in die Julie en Augustus 1968 uitgawes van Sechaba gepubliseer is, dien as sprekende voorbeeld van die klem wat die maandblad op literatuur as strydmiddel geplaas het. In hierdie artikel is dit benadruk dat Afrika se letterkunde op geen wyse minderwaardig was in vergelyking met byvoorbeeld Europese letterkunde nie,[13] dat dit 'n ander "boodskap" (indiwidu versus die gemeenskap met klem op dapperheid of weerloosheid) as Europese letterkunde (klem op geregtigheid) oordra[14] en dat dit dien as mondelinge metode waardeur die kontinent se geskiedenis bewaar word[15] - dit sluit prosa, poësie, musiek en drama in.

In 'n toespraak by 'n massabyeenkoms in Maputo op 14 Februarie 1982, het Oliver Tambo in aansluiting by bovermelde aangedui dat die mense van Afrika weer begin probeer het om hulle glansryke verlede te laat herleef deur soos in die pre-koloniale era as een groep op te tree. Hierdie Pan-Afrikanisme was, volgens Tambo, byna totaal deur die koloniseerders vernietig: *"Not only had we ceased to be one people, we had ceased to be people."*[16] Die noodsaaklikheid van swart eenheid en nasionalisme wat deur Tambo aangeroer is, was volgens Cap Zungu, die ANC se toenmalige hoofverteenwoordiger in Brittanje, nog altyd deur die organisasie gepropageer. In 'n toespraak gedurende Januarie 1979, wat in Sechaba gepubliseer is, het Zungu beweer dat die ANC se ideologie wat op swart nasionalisme berus het, eenheid op so 'n breë front moontlik impliseer het. Omdat hierdie ideologie in konflik tot kapitalisme gestaan het, het *"the nationalism of the ANC a deep and thorough-going revolutionary content as well as a profound anti-colonial and anti-imperialist content"* gehad.[17] Dit spreek dus vanself dat die ANC deur Sechaba sou poog om nasionalisme op enige wyse denkbaar aan te blaas ter bereiking van bekende ideologiese en strategiese doelwitte.

---

12. *Sechaba, July 1968, pp14-15; Sechaba, August 1968, pp14-18.*
13. *Sechaba, July 1968, p14.*
14. *Ibid., p15.*
15. *Sechaba, August 1968, p14.*
16. *Sechaba, April 1982, p14.*
17. *Sechaba, May 1979, p5.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Een van die metodes wat aangewend is, was om die geskiedenis van die ANC met swart verset sedert 1652 te probeer verbind. Daar is onder meer gereeld na die skermutselings tussen die Nederlandse setlaars aan die Kaap en Khoi- en Sanstamme in 1659 as die eerste *"war of resistance"* en na die daaropvolgende 250 jaar as 'n era van nimmereindigende *"armed struggle"* verwys as bewys hiervan. *"The ANC was the product of this glorious tradition. When it was formed in 1912, our people had learned the lessons of history re: overcoming the problems of fighting separately, at different times, using inferior weapons and lack of unity."*[18] In aansluiting hierby is kontemporêre "helde", waaronder die Suid-Afrikaanse versetleiers Lutuli, Mandela, Naicker, Salojee, Sisulu, Mbeki en Tambo se dade deurentyd as navolgingswaardig voorgehou.[19] Persone wat weens hul optrede gedood of in aanhouding was, is as *"martyrs of freedom"* bestempel wie deur hulle dade vir hulself *"eternal glory"* verwerf het.[20] In hierdie verband het die jeugdiges wat aan die 1976-opstande deelgeneem het, spesiale vermelding in Sechaba gemeriteer.[21]

Twee ander simbole wat aangewend is ter bevordering van nasionalisme dien vervolgens vermeld te word: Die eerste hiervan was die ANC se propagering van Nkosi Sikelel'i Afrika as alternatiewe volkslied en die tweede die heg van 'n alternatiewe betekenis aan 16 Desember as vakansiedag. Nkosi Sikelel'i is in 1897 deur Enoch Mankayi Sontonga gekomponeer terwyl SEK Mqhayi later nog sewe strofes bygevoeg het. Volgens Sechaba het die ANC se aanvaarding in 1925 van die lied as volkslied die *"strengthening and reinforcement of what we call a loyalty of a new type"* beteken.[22] Die lied is ook deur talle Afrikastate noord van die Limpopo as volkslied aanvaar. In Suid-Afrika het Nkosi Sikelel'i deel van die proteskultuur geword en is dit *"clearely associated with and (a symbol of) the struggle of our people for a democratic (country)"*.[23]

---

18. Sechaba, *January 1987, p1.*
19. Sechaba, *December 1971/January 1972, pp7-11.*
20. Sechaba, *February 1971, p5.*
21. Sechaba, *First Quarter 1977, p17.*
22. Sechaba, *March 1982, p24.*
23. Ibid., *p25.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die herdenking van 16 Desember as *"Heroes Day"* het nie net 'n geleentheid vir die hervertolking van die Slag van Bloedrivier beteken, waarvolgens die Voortrekkers as agterbaks en Dingane as goedhartig voorgestel is nie,[24] maar ook om die ANC se eie "helde" te onthou en die stryd te verpopulariseer. Sechaba het dit so verduidelik: *"On December 16 we always remember our fallen heroes - Solomon Mahlangu being one of them..."*,[25] maar ook daardie persone wat steeds onder moeilike omstandighede in die binneland voort "geveg" het. Veral die *"generation of Langa, Soweto, Gugulethu"*[26] is uitgesonder. In aansluiting hierby is aangedui dat die kontemporêre manifestasies van verset deur die ANC gelei is omrede tradisionele stamgebonde versetpogings, soos deur die Vendavolk aan die einde van die negentiende eeu, nie die gewensde uitwerking gehad het nie.[27]

Die Slag van Isandhlwana van 22 Januarie 1879 is onder meer deur die ANC herdenk deur 1979 as die *"Year of the spear"* te verklaar. Sechaba se kommentaar was: *"We commemorate this event not because we like to glorify the past. On the contrary, we draw various lessons from our past, lessons which help us to take decisions for the execution of the struggle today."*[28] Daar is aangedui dat die slag, waarin meer Britse offisiere gedood is as in die Slag van Waterloo,[29] plaasgevind het om Zoeloeland teen vreemde invallers te verdedig. Dit was dus 'n "geregverdigde oorlog".[30] Die lesse wat deur Sechaba uit die Slag van Isandhlwana geput is, was onder meer dat dit deel van die *"wars of resistance"* was wat die *"eternal bedrock on which our people's unity resides"* gelê het;[31] dat dit dui op swartes se geskiedenis van nie-oorgawe, opofferings en dissipline en as sodanig dien as inspirasie;[32] dat dit dui op die noodsaaklikheid van swart eenheid[33] en dat dit 'n uitdaging rig om die bevrydingstryd voort te sit omdat *"the wars of resistance are linked to the national liberation wars today"*.[34] Terekhov wys

24. *Sechaba*, *December 1980, pp24-28.*
25. *Sechaba*, *December 1981, p2.*
26. *Sechaba*, *December 1982, p7.*
27. *Sechaba*, *January 1986, p12.*
28. *Sechaba*, *April 1979, p1.*
29. *Sechaba*, *February 1979, p14.*
30. *Ibid.*, *p15.*
31. *Sechaba*, *May 1979, p16.*
32. *Sechaba*, *April 1979, p5.*
33. *Sechaba*, *May 1979, p18.*
34. *Sechaba*, *February 1979, p18; Sechaba, May 1979, p8.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ten slotte, wat hierdie kwessie betref, daarop dat die embleem van Umkhonto we Sizwe, naamlik 'n swart man met 'n skild en spies, in die linker boonste hoek van die voorblad van elke uitgawe van Sechaba verskyn het. Daardeur wou die ANC, aldus Terekhov, verseker dat die belangrikheid van die gewapende stryd, veral die sukses van Isandhlwana, nie vergeet word nie. Dit moes swartes laat *"believe in their final victory and (to) remain faithful to the memory of the Isandhlwana heroes".*[35]

Ter ondersteuning van bogenoemde is groot gewag van die rol van historiesbekende swart leiers in diens van die ANC gemaak. Persone soos John Langalibalele Dube,[36] professor ZK Matthews,[37] Albert Lutuli,[38] en Nelson Mandela, wat per geleentheid in Sechaba as die Simon Bolivar van Suid-Afrika bestempel is,[39] se optrede in diens van die ANC is in dié verband uitgesonder.

Spesiale eerbetoon is deurentyd in Sechaba vir bekende gestorwe swart leiers gereserveer. Wanneer 'n artikel oor so 'n leier verskyn het, is dit gewoonlik vergesel van opmerkings oor die lesse wat uit daardie persoon se lewe geleer kon word. So byvoorbeeld is die naam van die Zoeloekoning Cetshwayo na aanleiding van die Slag van Isandhlwana met vreesloosheid en dapperheid geassosieer;[40] die Basothokoning Moshoeshoe met die suksesvolle voer van die "stryd" op beide diplomatieke en militêre terreine;[41] die Zoeloekoning Shaka met ongeëwenaarde militêre vermoë;[42] die Zoeloehoofman Bambatha wat na aanleiding van die Bambatha-rebellie van 1906 in Natal bekendheid verwerf het, met bereidheid om teen onderdrukking te rebelleer;[43] die Pedi-koning Sekhukuni met opofferings en deursettingsvermoë ondanks skynbaar

---

*35. L Terekhov: "Sechaba: 20 Years of struggle for freedom", in Asia and Africa Today, No 3, 1987, p36.*
*36. Sechaba, January 1982, pp18-23.*
*37. Sechaba, March 1972, p19.*
*38. Sechaba, November 1982, pp26-29.*
*39. Sechaba, September 1983, pp3-9.*
*40. Sechaba, February 1979, p18.*
*41. Sechaba, October 1986, p9.*
*42. Sechaba, August 1987, p11.*
*43. Sechaba, April 1986, p20.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

onoorkombare hindernisse[44] en Xhosa-leier Makana met die noodsaaklikheid dat leiers deur praktiese dade en uit die voorste linie moet lei.[45]

Veral wat die optrede van Umkhonto we Sizwe betref, is daar in Sechaba klem op die militêre tradisie van swartes gelê. In 'n brief aan die redakteur het "Comrade Mzala" onder meer as volg in hierdie verband gereageer: *"Umkhonto we Sizwe is...logically carrying on from where Maqana, Sekhukuni, Magana and Bambatha left off; its combatants draw inspiration from our heroic ancestors and seek to honour them by proving...that what they fought for was not in vain - surely, if they were to wake up today, this (MK) is were their contribution would be."*[46] Na aanleiding van die voorbeelde van Dingane en Cetshwayo is swartes ook daarop gewys dat dié heldefigure, ondanks minderwaardige wapens, die blankes die stryd aangesê en in talle gevalle, waaronder te Isandhlwana, die beste daarvan afgekom het.[47]

Historiese figure is soms ook gebruik om politieke wins te behaal. In die polemiek wat gedurende die vroeë tagtigerjare rondom die moontlike inlywing van die Ingwavuma-distrik van KwaZulu by Swaziland geheers het, is daar byvoorbeeld in Sechaba gewys op die feit dat Dingane se oorskot in Ingwavuma begrawe lê. Dit is as rede aangevoer waarom die inlywing deur die ANC teengestaan is.[48]

Ten slotte is ook van fotos, sketse en spotprente gebruik gemaak, waarskynlik weens die potensiële emosionele impak daarvan op Sechaba se gehoor in Suid-Afrika, wat soms uit ongeletterdes of persone wat nie Engels magtig was nie, bestaan het. Op dieselfde wyse is na bewering ook daarin geslaag om nie-Engelssprekende lesers oorsee te help om die taalgrens in 'n mate te oorkom en te deel in die *"atmosphere and spirit of the struggle in South Africa"*.[49]

---

44. *Sechaba, October 1982, p24.*
45. *Sechaba, December 1979, p27.*
46. *Sechaba, June 1983, p26.*
47. *Sechaba, March 1971, p8.*
48. *Sechaba, September 1982, p2.*
49. *L Terekhov: "Sechaba: 20 Years of struggle for freedom", in Asia and Africa Today, No 3, 1987, p37.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Dit is duidelik dat die ANC as nasionalisties-gefundeerde organisasie geen steen onaangeroer gelaat het om soveel propagandamunt moontlik uit swartes se nasionalistiese gevoelens te slaan nie. In dié opsig het Sechaba, as die organisasie se amptelike mondstuk, 'n belangrike rol gespeel. Die relatief lae intensiteit van militêre optrede deur die ANC se militêre vleuel, sowel as die voortdurende gebrek aan eenheid ondanks die aangehaalde voorbeelde van historiese figure, is egter aanduidend daarvan dat pogings om swart nasionalisme aan te wakker, met die hoop dat dit die bereiking van eenheid in daardie geledere sou fasiliteer, teen 1989 relatief onsuksesvol was.

Waarin die organisasie wel geslaag het, was om nuwe helde en simbole aan swartes in Suid-Afrika voor te hou met die doel om nasionalisme aan te wakker. Hector Petersen, die eerste swarte wat op 16 Junie 1976 doodgeskiet is, Solomon Mahlangu, die Umkhonto we Sizwe-lid wat gedurende 1979 in Suid-Afrika tereggestel is, sowel as 16 Desember wat jaarliks as "Heldedag" herdenk is, is slegs enkele voorbeelde van sodanige alternatiewe simbole. Deur middel van die benutting van daardie simbole het Sechaba swart nasionalisme, of minstens 'n groepsgevoel in swart geledere, wat pro-ANC in inhoud en doel was, geskep. Beproefde propagandategnieke, waaronder herhaling van halwe waarhede en klem feite wat met emosie gelaai is, is ter bereiking van hierdie ideaal ingespan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

## HOOFSTUK VIER

## SECHABA SE ROL IN DIE VELDTOG OM DIE FREEDOM CHARTER TE VERPOPULARISEER

Die ANC het van meet af aan vir Sechaba, as sy amptelike mondstuk, ingespan om simbole van die organisasie se stryd, sowel as veldtogte ter verwesenliking van sy strategiese doelwitte te bevorder. Veral gedurende die laat sewentiger- en die tagtigerjare is heelwat aandag aan onder meer die ANC se veldtogte teen die dienspligstelsel en die doodstraf bestee. Die bekendste van hierdie veldtogte was egter sonder twyfel die poging om die Freedom Charter onder opeenvolgende geslagte in Suid Afrika en in die buiteland bekend te stel en te verpopulariseer. Sechaba het verskeie metodes aangewend om hierdie selfopgelegde opdrag tot uitvoer te bring.

Die ANC het reeds kort na die aanvaarding van die Freedom Charter besef dat hy daadwerklik moes optree ten einde te verseker dat die dokument nie bloot tot deel van sy versetgeskiedenis gerelegeer word nie, maar telkens aan die mense van Suid-Afrika en die internasionale gemeenskap as een van die organisasie se basiese beleidsdokumente voorgehou moes word. Die volgende standpunt van Oliver Tambo oor die plek van die Charter in die ANC se stryd teen blanke oorheersing, soos dit in 1971 in 'n onderhoud met Sechaba geformuleer is, was om dié rede teen 1989 steeds met relevansie beklee: *"Our programme of struggle is geared to what is known as the Freedom Charter, which is a statement of the objectives of our political struggle. It sets out the kind of South Africa we shall establish upon taking over power."*[1]

Reeds in een van die eerste uitgawes van Sechaba is aandag op die wyse waarop die Freedom Charter tot stand gekom het, gevestig. Veral die wyse waarop die Congress of the People, wat op 25 en 26 Junie 1955 te Kliptown buite Johannesburg plaasgevind het, gekonstitueer was, is as 'n voorbeeld van demokratiese besluitneming bestempel.[2] Die aanloop tot die Congress of the People en die formulering van die Freedom Charter as resultaat van die

1. *Sechaba, Special Issue, ongedateer (ongeveer 1971), p4.*
2. *Sechaba, December 1967, p15.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Congress, kan tot die ANC se Kaaplandse streekkonferensie te Queenstown in Augustus 1953 teruggespeur word. Tydens dié konferensie is die organisasie se NUK na aanleiding van 'n voorstel van ZK Matthews, wat destyds president van die ANC se Kaaplandse streek was,[3] versoek om met voorbereiding te begin *"for the organisation of a mass assembly of delegates elected by the people..."*[4] Hierdie voorstel is tydens die ANC se nasionale konferensie gedurende Desember 1953 aanvaar.[5] Sechaba het vier redes waarom daardie besluit geneem is aangedui: Eerstens het die Defiance Campaign, wat in 1952 onder die vaandel van die ANC geloods is, die noodsaaklikheid vir nouer samewerking tussen die ANC en die ander drie Kongres-bewegings, naamlik die South African Indian Congress (SAIC), die Coloured People's Congress (CPC) en die Congress of Democrats - 'n organisasie van blanke radikaliste - onderstreep. 'n Gesamentlike politieke program van aksie sou dié behoefte kon help bevredig.[6]

Tweedens is geglo dat die ANC se stryd teen blanke oorheersing teen 1953 'n nuwe fase binnegegaan het en dat die organisasie 'n duidelike beskrywing van die toekomstige "bevryde Suid-Afrika" moes bied.[7] Derdens het die ANC besef dat swartes in Suid-Afrika nie meer deur praatjies van "vryheid" tevrede gestel kon word nie: *"It was no longer good enough to know what we were against: apartheid, race discrimination, poverty...But what are we for?"*[8] Duidelikheid moes dus gebied word wat betref die doelwitte en metodes wat aangewend sou word om vryheid te laat realiseer.[9] Vierdens het die ANC, volgens Sechaba, geoordeel dat die tyd teen die middel vyftigerjare ryp was om aan die voorheen grootliks ongestruktureerde stryd 'n neergelegde politieke en ideologiese inhoud te verleen.[10] Ook ter bereiking van dié doel sou die Freedom Charter ingespan kon word.

---

3. R Suttner and J Cronin (eds): 30 Years of the Freedom Charter, p12.
4. Sechaba, July 1985, p2.
5. T Karis and GM Carter (eds): From protest to challenge...Vol3, p57.
6. Sechaba, October 1975, p8.
7. Sechaba, July 1969, p12.
8. Sechaba, June 1967, p5.
9. Sechaba, October 1982, p13.
10. Sechaba, Third Quarter 1978, p4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Hierbenewens kan twee ander redes identifiseer word waarom die tyd ryp was vir 'n Congress of the People. Brian Lapping het geoordeel dat die eise wat die versetbeweging voor 1954 gestel het negatief van aard was en neergekom het op *"begging relief from measures introduced by the government. The Freedom Charter was intended to set out the movement's positive objectives in a way that would be acceptable to all the partners in the semi-clandestine enterprise..."*[11] Ten slotte het die ANC, in die woorde van ZK Matthews, gehoop dat die Congress of the People sou meehelp met die *"instilling of political consciousness into the people and the encouraging of political activity"*.[12]

Tussen 1953 en 1955 het die Kongres-alliansie dus die Congress of the People Campaign geloods met die doel, in Sechaba se woorde, *"to draw the picture of our future in as much detail as we could"*.[13] Die veldtog het onder die vaandel van die ANC geskied. 'n Spesiale *National Action Committee* is vir hierdie doel gestig en etlike duisend sogenaamde *Freedom Volunteers* (of *"shock brigades"*) het van huis tot huis gegaan om voorstelle en eise in te samel en vergaderings te help reël waartydens die beplande Congress of the People bespreek is. Hierdie vrywilligers het kenmerkende khaki-kleurige uniforms gedra.[14] Op daardie wyse is gepoog om die mense van Suid-Afrika van die noodsaak vir sò 'n inisiatief bewus te probeer maak. Die *National Action Committee* het selfs 'n gereelde nuusbrief, *"Speaking Together"*, ter bereiking van hierdie doelwit versprei.[15]

Die embleem van die veldtog was 'n wiel met vier speke: Elkeen van die speke het een van die rasgebaseerde vennote in die Kongres-alliansie gesimboliseer.[16] Volgens Sechaba het die embleem teen 1955 op talle mure in Suid-Afrika gepryk en ook 'n prominente plek op die verhoog op 25 en 26 Junie 1955 beklee.[17] Ook die slagspreuk van die veldtog, *"a delegate from*

---

11. B Lapping: Apartheid. A history, p123
12. T Karis and GM Carter (eds): From protest to challenge...Vol3, p57.
13. Sechaba, June 1967, p5.
14. R Suttner and J Cronin (eds): 30 Years of the Freedom Charter, pp12-13.
15. J Grobler: A decisive clash?..., p109.
16. Ibid., p110.
17. Sechaba, June 1969, p2.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*every town, every suburb, every village"*, is na bewering suksesvol deur die *Joint Congress Committees*, wat bestaan het uit verteenwoordigers van die Kongres-alliansievennote en op streekvlak werksaam was, gepropageer.[18]

In die weke wat die Congress of the People voorafgegaan het, het 'n *Congress Commission* al die voorstelle en eise wat ingehandig is, deurgegaan, getabelleer en geklassifiseer.[19] Volgens Sechaba is die meerderheid mense van Suid-Afrika se "ideale grondwet" op dié wyse tot stand gebring en in die Freedom Charter verwoord.[20] Die Charter se finale bewoording is egter deur 'n klein komitee, waarvan die lede se name onbekend gebly het, behartig.[21]

Die Congress of the People is op Kliptown, ongeveer 24 kilometer suid van Johannesburg en dus buite daardie stad se magistraatsjurisdiksie, gehou. Persone van alle rasse kon dus teenwoordig wees sonder om vooraf permitte te moes bekom.[22] Die grond het aan 'n lojale Kongres-ondersteuner, Ismail Jarda, behoort. Volgens Sechaba sou hy hom nie laat intimideer het om die byeenkoms af te laat gelas nie.[23] Die byeenkoms is deur 2884 afgevaardigdes bygewoon, bestaande uit 2186 swartes, 320 Indiërs, 230 Kleurlinge en 112 blankes. Slegs 721 vroue was teenwoordig.[24] In sommige uitgawes van Sechaba is die aantal afgevaardigdes egter tot so hoog as 3500 gestel.[25] Tot soveel as 7000 toeskouers het na bewering elke dag se verrigtinge bygewoon.[26]

Die gebeure te Kliptown het nie sonder voorval geskied nie. Benewens 'n swaar Polisieteenwoordigheid tydens die verrigtinge en padblokkades en deursoekings voor sowel as na afloop van die byeenkoms,[27] het die Regering in Desember 1956 156 leiers van die Kongres-beweging, waarvan 105 swartes,

---

*18. Sechaba, June 1980, p3.*
*19. Sechaba, June 1967, pp5-6.*
*20. Sechaba, June 1980, p3.*
*21. J Grobler: A decisive clash?..., p109.*
*22. J Grobler: A decisive clash?..., p110.*
*23. Sechaba, June 1985, p5.*
*24. Mzala: "The Freedom Charter and its relevance today", in Selected writings on the Freedom Charter 1955-1985, p80.*
*25. Sechaba, July 1967, p6.*
*26. R Suttner and J Cronin (eds): 30 Years of the Freedom Charter, p86.*
*27. F Meer: Higher than hope, p58.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

23 blankes, 21 Indiërs en 7 Kleurlinge was, laat arresteer. Hulle is kort daarna weens onder meer hulle betrokkenheid by die gebeure aldaar van hoogverraad aangekla.[28] Almal is later vrygespreek.

Die byeenkoms op 25 en 26 Junie 1955 het egter nie die einde van die Freedom Charter-veldtog beteken nie. Daarna is naamlik honderde vergaderings landwyd gehou waartydens afgevaardigdes teruggerapporteer het en begin is om die Charter te verpopulariseer.[29] Hierdie optrede het nie lukraak geskied nie en ten einde die verpopularisering van die Charter te koördineer, is 'n sogenaamde *National Action Council* aangestel.[30]

Soos weldra aangedui sal word, het die ANC deur vergelyking van gebeure en toestande in Suid-Afrika met die beginsels soos dit in die Freedom Charter uiteengesit is, gepoog om die Charter as die enigste alternatief vir die apartheidstelsel voor te hou. Die inhoud van die Charter is egter ook op ander wyses onder opeenvolgende geslagte (binne- en buitelands) lewendig gehou. Die bekendste en voor-die-handliggendste van hierdie metodes was om kopieë daarvan beskikbaar te stel - ook deur middel van Sechaba. Tussen 1967 en 1989 is Sechaba by drie geleenthede vir dié doel benut.[31]

Die inhoud van die Charter is soms egter ook op indirekte wyse met die ANC se stryd in verband gebring deur onder meer klem daarop te lê dat dit 'n weerspieëling van toestande in Suid-Afrika was. *"It attempted to give a flesh and blood meaning, in the South African setting, to such words as democracy, freedom, liberty."*[32] As sodanig het dit nie net die basis vir die ANC se verdere optrede gelê nie,[33] maar ook as ideologiese en strategiese vertrekpunt vir latere geslagte gedien. Daarom kon Sechaba aanvoer dat *"(t)hese demands are not 'election manifestos', ambiguously worded to entrap and confuse the 'voter' only to be evaded and forgotten the moment the*

---

28. B Lapping: Apartheid. A history, p124.
29. R Suttner and J Cronin (eds): 30 Years of the Freedom Charter, p106.
30. F Meer: Higher than hope, p58.
31. Sechaba, June 1967, pp8-9; Sechaba, June 1969, pp12-13; Sechaba, July 1985, pp16-17.
32. Sechaba, June 1967, p13. (Aanhaling van Albert Lutuli.)
33. Sechaba, Third Quarter 1978, p5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*successful politicians gain office. These are bread and butter issues."*[34] Die ANC het die Freedom Charter ook as handelend met die politieke ordening van 'n post-apartheid Suid-Afrika beskou.[35] Hierdie standpunt is na die bekendmaking van die organisasie se sogenaamde Grondwetlike Riglyne gedurende 1988 sodanig aangepas dat dié Riglyne en die Charter daardie taak gesamentlik sou vervul.[36] Voorts het Sechaba daarop gewys dat die OAE in sy steun vir die Charter daarop aanspraak gemaak het dat die Charter in alle opsigte met die bepalings van die Handves van die Verenigde Nasies en die Universele Deklarasie van Menseregte ooreengestem het.[37]

Wat die ANC se voorhou van die Freedom Charter as ideologiese rigtingwyser betref, het Sechaba aangedui dat die Charter dit onomwonde gestel het dat *"The People Shall Govern!"* en dat die ANC dié standpunt ondersteun het.[38] In 'n artikel wat in 1979 in Sechaba verskyn het, het Thabo Mbeki dit verder gestel dat die opstellers van die dokument politieke volwassenheid aan die dag gelê het deur die fundamentele beleidsrigtings wat die ANC as leier van die Kongres-alliansie daarnà sou volg, te antisipeer.[39] Op daardie wyse is die fondamente vir 'n nuwe manier van lewe en samewerking, een sonder onderdrukking en uitbuiting, na bewering gelê. *"At this very moment the new system is being forged within the shell of the old."*[40] Die doel van die nuwe stelsel was, aan die hand van die ANC se strategiese doelwit (die oordrag van mag), om die totale politieke en ekonomiese bevryding van die onderdruktes te bewerkstellig met die Freedom Charter as riglyn. Dit het eenheid in rewolusionêre geledere geïmpliseer - 'n verskynsel wat uit 'n ANC oogpunt *"conditional to the acceptance of the Freedom Charter, a document of the people of South Africa"*[41] was - aldus "MK Cadre" in 'n brief aan die redakteur. Sechaba het dieselfde standpunt gehandhaaf en daarop gewys dat een van die lesse wat uit die stryd in Angola te leer was, die rol van "pro-Westerse" of "anti-kommunistiese" bewegings onder die loep geplaas het. Dié Angolese bewegings, UNITA en die FNLA, is aan die PAC in Suid-Afrika

34. Sechaba, September 1980, p4.
35. Sechaba, November 1980, p4.
36. Sechaba, December 1989, p29.
37. Sechaba, September 1980, p30.
38. Sechaba, July 1968, p17.
39. Sechaba, March 1979, p20.
40. Sechaba, August 1979, p8.
41. Sechaba, May 1982, p9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

gelyk gestel en daarvan beskuldig dat hulle geen rewolusionêre program gehad het nie en in die hande van die onderdrukkers gespeel het.[42] Daarteenoor is die ANC se rewolusionêre program in die Freedom Charter saamgevat.

Die ANC was een van die eerste organisasies wat die Charter formeel as deel van sy beleidsdokumente aanvaar het. Tydens 'n spesiale konferensie gedurende Maart 1956 het die ANC tot dié stap oorgegaan. Die besluit is egter nie eenparig geneem nie en het latente ontevredenheid in ANC-geledere na vore gebring deurdat die organisasie se "regtervleuel", wat kort daarna onder leiding van Robert Sobukwe sou wegbreek en die PAC sou vorm, die Charter <u>in toto</u> verwerp het.[43] Nogtans het die ANC se grondwet wat in 1958 hersien en aanvaar is, dit as een van die organisasie se doelwitte gestel *"(t)o strive for the attainment of universal adult suffrage and the creation of a united democratic South Africa on the principles outlined in the Freedom Charter."*[44] Hoewel aanvaar is dat dit 'n kragtige en saambindende dokument was, is erken dat die Charter nie alle vrae rakende die rewolusie en die ANC se stryd teen blanke oorheersing aangespreek het nie, maar dat slegs die inwoners van Suid-Afrika daaraan sou kon verander, indien nodig.[45] As sodanig het <u>Sechaba</u> dit na die bekendstelling van die ANC se Grondwetlike Riglyne in 1988 benadruk dat die Riglyne nie die Freedom Charter as die organisasie se basiese beleidsdokument vervang het nie, maar *"(a)re meant to carry the Freedom Charter forward, and to distil its essence in a set of Constitutional formulations especialy declaring what the (ANC) believes the foundations of government in a liberated (South Africa) should be."*[46]

Voorts het <u>Sechaba</u> veral gedurende die middel en laat tagtigerjare die Charter aangewend om die ANC se verradikaliserende rewolusionêre beleid te probeer regverdig. Bekende standpunte oor die inhoud van die Charter en die effek daarvan op die ANC se voortbestaan en handhawing van die leidende rol in die rewolusionêre aanslag,[47] is onder meer herbevestig. In 'n reeks

---

42. *<u>Sechaba</u>, Third Quarter 1976, p5.*
43. *R Suttner and J Cronin (eds): <u>30 Years of the Freedom Charter</u>, p112.*
44. *<u>Sechaba</u>, January 1979, p12.*
45. *<u>Sechaba</u>, May 1987, p21.*
46. *<u>Sechaba</u>, June 1989, p7.*
47. *<u>Sechaba</u>, August 1985, p31.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

"Discussion Articles" het onder meer Mzala egter op 'n geforseerde wyse probeer aantoon dat die Freedom Charter as part en deel van 'n oorkoepelende anti-imperialistiese rewolusionêre strategie beskou moes word.[48] Hy het op 'n ooglopende wyse probeer om veel meer in die bepalings van die Charter te lees as wat redelik aanvaar kon word. In 'n soortgelyke artikel in Sechaba het Jack Simons, 'n SAKP-veteraan, nader aan die waarheid beweeg toe hy tot die gevolgtrekking gekom het dat die opstellers van die dokument *"(w)ere radical liberals rather than socialist egalitarians"*[49] en dat die debat oor die beweerde bydrae van die Charter tot die ANC se rewolusionêre beleid dienooreenkomstig en versigtig benader moes word.

Die invloed van die Freedom Charter op die bevrydingstryd, wat onder leiding van die ANC gevoer is, was volgens Sechaba van groot belang. Hiervolgens het dit onder meer die oë van die onderdruktes in die land op die voorsiene einddoel van hulle stryd help vestig en hulle sodoende met hoop vervul.[50] As sodanig het die ANC erken dat 'n belangrike taak aan hom toevertrou is en dat die wense van sy ondersteuners, soos dit in die Charter vergestalt is, te alle tye as rigsnoer vir sy optrede sou dien.[51] Die dokument het teen die tagtigerjare selfs 'n meer betekenisvolle invloed op die stryd uitgeoefen deurdat dit as simbool gedien het waarrondom die ANC 'n verskeidenheid organisasies en individue kon mobiliseer.[52] Die ANC het hierdie selfgeskepte geleentheid met albei hande aangegryp en onder andere in Sechaba aangetoon dat die Charter enersyds deel van sy grondwet uitgemaak het, met die implikasie dat enige persoon of organisasie wat die Charter aanvaar het in die ANC welkom sou wees en dat dit andersyds 'n toekomsgerigte dokument was wat aangedui het hoe die bevryde Suid-Afrika waarna die ANC gestreef het, daar sou uitsien.[53] Sover dit die ANC betref het, het *"(l)ife itself (decreed) that the hopes and aspirations contained in the Freedom Charter must emerge victorious even in the face of the desperate armed resistance of the colonial and racist past..."*[54]

---

*48. Sechaba, September 1985, pp28-31; Sechaba, October 1985, pp22-31; Sechaba, August 1985, pp29-32.*
*49. Sechaba, June 1985, p8.*
*50. Sechaba, June 1967, p6.*
*51. Sechaba, February 1973, p20.*
*52. Sechaba, October 1980, p8.*
*53. Sechaba, June 1989, p7.*
*54. Sechaba, August 1987, p2.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Kort nadat die Freedom Charter in 1955 aanvaar is, is dit deur die ANC, SAKP, Congress of Democrats, SACTU (South African Congress of Trade Unions) en die CPC as hulle amptelike politieke program aanvaar. Sodoende is die dokument, volgens Sechaba, verhef tot *"one of the most famous documents of the history of man's struggle for freedom"*.[55] Daar is dus by implikasie aangedui dat die Charter die fondament gelê het vir die totale omverwerping van die apartheidbestel deurdat dit slegs in 'n bevryde en demokratiese staat geïmplementeer sou kon word.[56] Om hierdie rede het die ANC gewaarsku dat slegs 'n algehele verbintenis tot die Charter die verlangde resultate sou oplewer aangesien die Regering, uit hoofde van die feit dat hy belang gehad het in die instandhouding van apartheid, alles in sy vermoë sou doen om te verhoed dat die ANC in 'n posisie kom om sy ideale te laat realiseer.[57]

Die feit dat die Freedom Charter reeds in 1955 aanvaar is, het die ANC telkens onder kritiek laat deurloop wat die relevansie van die sogenaamde "verouderde" dokument in twyfel getrek het. Vergelyk in hierdie verband die kritiek op die Charter deur die National Forum wat gedurende die vroeë tagtigerjare as sambreelorganisasie vir Swart Bewussynsgroeperinge opgetree het.[58] Reeds gedurende 1969 het die ANC hom verplig gevoel om deur middel van Sechaba aan te dui dat die Charter steeds *"as fresh and relevant as ever"* was.[59] Hierdie standpunt is daarna gereeld herhaal en is daarop gewys dat die dokument onder meer 'n bloudruk vir 'n bevryde Suid-Afrika was wat eers tot sy reg in 'n post-apartheidbestel sou kom.[60] Hoewel aanvaar is dat die dokument wel sekere leemtes kon vertoon het, is enige beskuldigings wat daarop gesinspeel het dat die Charter uit pas met die veranderde situasie was, verwerp omdat *"the people's demand for freedom has not changed"*.[61] Nadat die ANC se NUK 1980 as die *"Year of the*

---

55. Sechaba, July 1969, p12.
56. Sechaba, June 1980, p4.
57. Sechaba, August 1987, p3.
58. Mzala: "The Freedom Charter and its relevance today", in Selected writings on the Freedom Charter 1955-1985, p78.
59. Sechaba, July 1969, p12.
60. Sechaba, October 1975, p8.
61. Sechaba, June 1980, p4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*Charter"* verklaar het, het 'n hernude belangstelling daarin ontstaan. Die gevolg was dat die Freedom Charter opnuut bespreek en die relevantheid van sy inhoud, volgens Sechaba, herbevestig is.[62] Teen die middel tagtigerjare het daar in ANC geledere (soos dit in Sechaba weerspieël is) dus eenstemmigheid geheers oor die feit dat die Freedom Charter steeds relevant was en dat die Kongres-alliansie se ideologiese denkrigting, soos dit daarin gekristalliseer het, steeds van krag was.[63]

In sy beriggewing oor die betekenis van die Freedom Charter vir die ANC het Sechaba veral vier argumente aangeraak: Eerstens is daarop aanspraak gemaak dat die blote bestaan van 'n dokument waarin die ANC se toekomsperspektief uitgespel word, die organisasie op 'n hoër vlak van politieke bewussyn as ander bevrydingsbewegings gedurende dieselfde tydperk geplaas het. Die bestaan van die Charter het dus in die praktyk gesorg dat die bevrydingstryd in diens van die mense van Suid-Afrika se kollektiewe wil gestel is en die kwelling van sommige ANC-lede wat van oordeel was dat die skreeu van slagspreuke nie meer voldoende was nie, is deur die daarstelling van 'n ware politieke program geakkommodeer.[64] Tweedens (en voortvloeiend uit bogenoemde) is dit gestel dat die aanvaarding van die Freedom Charter 'n keerpunt in die ontwikkeling van politieke denke in ANC-geledere aangedui het[65] - veral omdat gepoog is om die ware oorsake van die brandende kwessies wat swartes se lewens beïnvloed het, aan te spreek. Die Charter het naamlik op die noodsaaklikheid van 'n ware demokrasie (dit wil sê swart meerderheidsregering) in Suid-Afrika gewys en dus op die totale omverwerping van die bestaande sosiale struktuur gesinspeel.[66]

In die derde plek is die Freedom Charter as kern van 'n nuwe grondwet vir 'n bevryde *"People's Republic of South Africa"* beskou[67] omdat dit die tipe gemeenskap beskryf het wat die meerderheid van die inwoners van die land hulle voor beywer het.[68] Ten slotte is die Charter voorgehou as die een

62. *Sechaba, March 1981, pp5-6.*
63. *Sechaba, July 1985, p6.*
64. *Sechaba, October 1975, p8.*
65. *Sechaba, Third Quarter 1978, p3.*
66. *Sechaba, October 1982, p15 ("Discussion Article" deur "BN".)*
67. *Sechaba, October - December 1973, p54.*
68. *Sechaba, July 1984, p11.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

program wat deur al die belangrikste bevrydingsgesinde organisasies as die basis van hulle optrede aanvaar is. *"This is one of the greatest achievements of the liberation struggle in South Africa."*[69] As sodanig is dit benadruk dat die Freedom Charter die eiendom was van alle persone in die land wat teen apartheid gekant was, en nie net die ANC se beleid weerspieël het nie.[70] In Sechaba is dit voortspruitend hieruit by herhaling benadruk dat die Charter *"is not a static category neatly fitted in a strait-jacket, but a dynamic socio-political category..."*[71] wat deur die mense van die land aangepas kon word namate die stryd ontplooi het.

Die besluit van die ANC se NUK om 1980 as *"The Year of the Charter"* te verklaar, het veel tot 'n oplewing in belangstelling aangaande die Freedom Charter bygedra. In sy nuwejaarsboodskap vir daardie jaar het Tambo onder meer opdrag gegee dat miljoene kopieë van die Charter gedruk en versprei moes word sodat die mense van Suid-Afrika hulle verbintenis daarmee kon hernu.[72] Tambo kon in die daaropvolgende nuwejaarsboodskap aan die begin van 1981 daarop aanspraak maak dat sy opdrag uitgevoer is en dat die Charter sy ere-plek in die bevrydingskultuur sodoende herbevestig het.[73] In 1985 het ene "Nzawaza" in 'n "Discussion Article" in Sechaba beweer dat die herdenking van die Charter se vyf en twintigste bestaansjaar in 1980 *"had a snowballing effect inside the country, leading to an intensified political and ideological struggle. The Freedom Charter was 'revived', popularised, discussed and furiously debated and accepted by many organisations..."*[74] Ook gedurende 1985 het Sechaba 'n gedenkpublikasie, Selected writings on the Freedom Charter 1955-1985, die lig laat sien om die dertigste herdenking van die totstandkoming van die Freedom Charter te vier. Dit het grotendeels bestaan uit artikels wat reeds in Sechaba verskyn het en was die enigste sodanige inisiatief wat deur Sechaba geloods is.

---

69. *Sechaba, November 1968, p14.*
70. *Sechaba, July 1985, p6.*
71. *Sechaba, October 1985, p30 ("Discussion Article" deur Mzala.)*
72. *Sechaba, March 1980, pp10-12.*
73. *Sechaba, March 1981, p5.*
74. *Sechaba, April 1985, p19.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Hierbenewens is openbare vergaderings in onder meer London op 26 Junie 1980 gehou om die aanvaarding van die Charter te herdenk. Ook hieroor is volledig in Sechaba verslag gelewer,[75] terwyl die dokument se dertigste herdenking in 1985 deur Sechaba gevier is deur weergawes van ooggetuies wat die gebeure te Kliptown bygewoon het, te plaas.[76] 'n Kenmerk van ANC-geïnisieerde herdenkings van die Charter is dat die organisasie alles moontlik gedoen het om aan te toon dat hy enersyds die leiding in die bevrydingsproses geneem het en, andersyds, soos deur die Charter geïmpliseer is, steeds na die totale oorname van mag gestreef het.[77]

Gedurende die loop van 1980 het Sechaba twee boodskappe, afkomstig van sy internasionale bondgenote, betreffende die herdenking van die Charter se aanvaarding geplaas. In die twee boodskappe, vanaf Indira Gandhi[78] en die OAE,[79] is die ANC en die mense van Suid-Afrika met die geleentheid gelukgewens en lof toegeswaai sover dit die aard en inhoud van die Charter betref het.

Die ANC het by elke moontlike geleentheid die relevansie en invloed van die Freedom Charter beklemtoon. So byvoorbeeld is spesiale melding gemaak van die Charter as die fondament van die ANC se stryd tydens beide die konsulterende konferensies wat die ANC in ballingskap gehou het, te wete te Morogoro, Tanzanië in April-Mei 1969[80] en Kabwe, Zambië in Junie 1985.[81] Hierdie strategie is ook gevolg tydens ANC-optrede op ander internasionale forums, waaronder die ANC-georganiseerde Peoples of the World Unite against Apartheid for a Democratic South Africa-konferensie wat in Desember 1987 in Arusha, Tanzanië, gehou is.[82] By hierdie en ander soortgelyke geleenthede, waaroor daar nougeset in Sechaba verslag gelewer is, is dit op die teenwoordiges se harte gedruk dat die ANC reeds 'n beeld van die post-apartheid Suid-Afrika gehad het; dat dit in die Freedom Charter

---

75. *Sechaba, September 1980, pp3-9.*
76. *Sechaba, June 1985, pp2-6.*
77. *Sechaba, August 1987, p2.*
78. *Sechaba, August 1980, p26.*
79. *Sechaba, September 1980, p30.*
80. *Sechaba, July 1969, p2.*
81. *Sechaba, August 1985, pp4-6.*
82. *Sechaba, February 1989, pp1, 16.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gekristalliseer en dat dit die steun van die meerderheid Suid-Afrikaners geniet het.

Nie alle organisasies binne en buite Suid-Afrika het egter die Freedom Charter gesteun nie. Uit andersdenkende oorde het 'n stroom kritiek teen die dokument en die ANC gekom. Sechaba het ook hieroor berig. Veral die Swart Bewussynsgeoriënteerde organisasies se kritiek teen die Charter is van meet af aan met omsigtigheid deur die ANC hanteer. Dié kritiek is inderwaarheid deur die organisasie benut om aan te dui dat ware vryheid (van blanke oorheersing en kapitalisme) slegs bereik sou word indien die beginsels van die Freedom Charter toegepas kon word.[83] Nadat die Swart Bewussynsgroepering homself gedurende Junie 1983 in die National Forum herkonstitueer en kort daarna die sogenaamde Azanian Manifesto aanvaar het, het daar in Sechaba 'n reeks van vier "Discussion Articles" deur Mzala verskyn. Hierdie artikels, met as tema: "The Freedom Charter is our Lodestar",[84] het dit ten doel gehad om die Azanian Manifesto se kritiek op die Freedom Charter te ondersoek en die ideologiese begronding van die Manifesto in besonder, en die Swart Bewussyngroepering in die algemeen, in twyfel te trek. Hierin het Mzala tot 'n hoë mate geslaag.

Ook vanuit die linkerkant van die politieke spektrum is die ANC met kritiek op die Freedom Charter gekonfronteer. Sogenaamde "ultra-linkses" het die ANC gedurende die tagtigterjare daarvan beskuldig dat die organisasie die belange van die werkers in Suid-Afrika negeer het en dat die Charter tot 'n groot mate daarvoor verantwoordelik was. In reaksie daarop is hierdie sogenaamde "workerists" in Sechaba daarvan beskuldig dat *"they are united only in their attacks on the Freedom Charter and the ANC and those who stand with it, in the hollow booming of their empty slogans, and in their parasitism ..."*[85] Die meeste van hierdie "workerists" was in die sogenaamde Marxist Workers Tendency of the ANC verenig en is tydens die Kabwe-konferensie uit die ANC geskors.[86] P Hudson, 'n ooglopend linkse skrywer,

---

*83. Sechaba, May 1972, p19.*
*84. Sechaba, July 1985, pp2-7; Sechaba, August 1985, pp29-32; Sechaba, September 1985, pp28-31; Sechaba, October 1985, pp22-31.*
*85. Sechaba, May 1987, p22.*
*86. Sechaba, August 1985, pp18-24.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

het by 'n latere geleentheid egter die Charter teen ultra-linkses verdedig. Hy het naamlik daarop gewys dat die Freedom Charter nooit bedoel was as 'n dokument waardeur die belange van die werkersklas geprioretiseer moes word nie en dat die "stryd" breër as slegs in diens van die werkersklas beskou moes word.[87]

Kritiek uit regse (veral blanke) geledere op die Freedom Charter het ook nie agterweë gebly nie. Sodanige kritiek het veral op die beweerde kommunistiese inslag van die Charter gesinspeel. Die hoogverraadsaak waarin 156 lede van die Congress-beweging kort na die aanvaarding van die Freedom Charter tereggestaan het, was volgens Sechaba die eerste poging om die Freedom Charter as a *"document inspired by the works of Marx or Lenin"* voor te hou.[88] Daarna het die ANC dit telkens nodig gevind om aan te dui dat die Charter nie sy oorsprong in Moskou gehad het nie maar die resultaat van 'n demokratiese proses was.[89] Mzala het egter in 'n "Discussion Article" gedurende 1985 die gevoel van die meerderheid ANC-lede opgesom toe hy opgemerk het dat die *"Communist bogey has never deterred our people from upholding the principles of the Freedom Charter..."*[90] Vir hulle was die wyse waarop die dokument tot stand gekom het, sowel as die inhoud daarvan, na bewering genoeg bewys van die ANC se erns met die bevrydingstryd. Die feit dat kritici van die organisasie dit as kommunisties beoordeel het was dus, soos dit uit Sechaba blyk, nie van belang gewees nie. Benewens gewone berigte en "Discussion Articles", het Sechaba hierdie boodskap ook aan sy lesers oorgedra deur ANC-pamflette, wat in die buiteland en in Suid-Afrika versprei is, te plaas[91] en deur die positiewe hoedanighede van die Charter in gedigte te besing.[92]

---

*87. P Hudson: "Images of the future and strategies in the present: The Freedom Charter and the South African left", in P Frankel, N Pines and M Swilling (eds): State resistance and change in South Africa, pp273-274.*
*88. Sechaba, July 1987, p11.*
*89. Sechaba, December 1980, p14.*
*90. Sechaba, August 1985, p32.*
*91. Sechaba, February 1975, p5 (Transkripsie van 'n pamflet getiteld: "Vukani! Awake!".)*
*92. Sechaba, May 1980, pp31-32.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die voorafgaande dien ter illustrasie van beriggewing waardeur Sechaba op 'n formele wyse aandag aan die Freedom Charter geskenk het in 'n poging om dit te verpopulariseer. Die Charter is egter ook op 'n informele, terloopse en bykans subtiele wyse aan ANC-lede bekendgestel. Dit het die koppeling van die Charter (as die ANC se politieke program en toekomsperspektief) aan gebeure in Suid-Afrika behels met die doel om aan te toon hoe die artikels van die dokument in die praktyk toegepas sou word. Sodoende het Sechaba nie net daarin geslaag om die Charter bekend te stel nie, maar ook om die Regering, apartheid en selfs "hervorming" te diskrediteer.

Dié tipe beriggewing het soms algemene verwysings na die Freedom Charter se potensieel positiewe invloed op die land belig. Een van die bekendste voorbeelde hiervan het in 1982 voorgekom toe die ANC munt probeer slaan het uit die Regering se erkenning dat grensplase in Noordwes-Transvaal onbewoon was weens terroriste-aktiwiteite: *"We have always insisted that - to quote the Freedom Charter - our country will never be prosperous or free until all our people live in brotherhood, enjoying equal rights and opportunities. This exodus is a reflection of the unfulfilled ideals of the Freedom Charter".*[93] Soms is bloot in die algemeen na die beginsels waarna die ANC gestreef het en wat in die Charter uiteengesit is, verwys as die alternatief wat die organisasie in die plek van apartheid gestel het. So byvoorbeeld is verwysings na die Freedom Charter benut om rasverwante insidente wat in Suid-Afrika plaasgevind het op 'n treffende wyse aan lesers van Sechaba te kommunikeer.[94] Die meerderheid praktykgerigte verwysings na die Freedom Charter in Sechaba het egter spesifieke aspekte aangespreek:

- Onderwys: Die Regering is daarvan beskuldig dat hy 'n "fascistiese" onderwysstelsel in Suid-Afrika geïmplementeer het en dat die stelsel slegs omvergewerp sou kon word deur die hele apartheidbestel deur 'n gewapende magsoorname te vernietig.[95] Die onderwysstelsel wat in die plek daarvan ingestel sou word is, volgens Sechaba, reeds in die Freedom Charter beskryf,[96] terwyl dit as die plig van enige post-

93. *Sechaba, December 1982, p1.*
94. *Sechaba, June 1967, pp10-11; Sechaba, Special Issue, ongedateer (ongeveer 1971), pp3-6.*
95. *Sechaba, January 1980, p15.*
96. *Sechaba, April 1981, p12.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


apartheidregering gestel is om toe te sien dat alle Suid-Afrikaners dermate opgevoed en gelei moes word om al die Charter se beginsels te help realiseer.[97]

- Kerke en geloofsvryheid: Die Freedom Charter is beskryf as 'n "program van aksie" waardeur waardes wat in die Bybel positief voorgehou word, soos vrede, geregtigheid, liefde en wysheid, toegepas kon word.[98] Kerke is versoek om in die lig hiervan hulle rol in die sogenaamde bevrydingstryd te herevalueer en aktiewe deelnemers, in stede van bloot simpatieke toeskouers, te word.[99] Verder is aangedui dat die Charter se verbintenis tot geloofsvryheid twee aspekte toegelig het: *"It is a political statement that democracy preserves religious freedom, and a theological statement that religious pluralism is essential for democracy"*.[100]

- Ekonomie: Die opstellers van die Freedom Charter is in Sechaba as mense met 'n hoë mate van politieke en ideologiese volwassenheid beskryf omdat hulle reeds in 1955 aangedui het dat swartes in Suid-Afrika die produseerders van rykdom was, geëis het dat dié rykdom vir die beswil van werkers aangewend word en daarop aangedring het dat die gemeenskap aangepas moes word om dié ideale bereikbaar te maak. *"(T)his redefinition contains within it the theoretical basis of the Freedom Charter, the political program of the (ANC)."*[101]

- Gesondheid: Die Freedom Charter se bepaling dat *"(a) preventative health scheme shall be run by the state...."* is in Sechaba met die gesondheidsposisie van veral plattelandse swartes in Suid-Afrika vergelyk. Die gevolgtrekking waartoe gekom is, was dat die implementering van die Charter die enigste uitweg vir Suid-Afrikaners was wat die welsyn van hul landgenote op die hart gedra het.[102]

---

97. Sechaba, July 1984, p12
98. Sechaba, July 1980, p24.
99. Sechaba, November 1980, p25.
100. Sechaba, March 1989, p5.
101. Sechaba, March 1979, pp19-20.
102. Sechaba, March 1986, pp28-31.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

- Grond: Deur byvoorbeeld die lot van kleinboere in die Ciskei te ondersoek en dit met die relevante bepalings van die Freedom Charter te vergelyk, naamlik *"restrictions of landownership on a racial basis shall be ended, and all the land redevided amongst those who work it, to banish famine and land hunger"*,[103] het Sechaba op 'n effektiewe wyse op die noodsaaklikheid dat die Charter geïmplementeer moes word, klem gelê. Dít (so is beweer) sou slegs moontlik wees indien die apartheidstelsel omvergewerp word.[104]

- Mynbou: Gedurende 1987 het Sechaba die kollig op 'n aantal mynongelukke in Suid-Afrika geplaas. Die ongelukke is aan die mynbase se beheptheid met wins en 'n gepaardgaande negering van veiligheid toegeskryf. Hierdie toedrag van sake is met die Freedom Charter se artikel oor die onderwerp vergelyk: *"The national wealth of our country, the heritage of South Africans, shall be restored to the people; the mineral wealth beneath the soil, the banks and monopoly industry shall be transferred to the ownership of the people as a whole..."*[105]

- Werkers: Sechaba het aangevoer dat die Freedom Charter die beliggaming van die wense van die hele bevolking, insluitende die werkers, was. Die eise van werkers is egter ook afsonderlik aangespreek deurdat dit uitdruklik gestel is dat dit die plig van die staat was om werk aan sy burgers te verskaf. Dié verpligting was, volgens Sechaba, tydloos.[106] Die ANC se destydse radikaal-sosialistiese opvattings, soos dit gedurende die vroeë-tagtigerjare manifesteer het, spreek duidelik hieruit. Die opvatting was ook illustrerend van die kloof wat tussen die organisasie en die Regering bestaan het en wat op die botsing van sentraal-beheerde versus vryemark georiënteerde sienings neergekom het.

---

103. Sechaba, April 1980, p10.
104. Sechaba, October 1980, p28.
105. Sechaba, June 1987, p19.
106. Sechaba, December 1980, pp14, 16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

- Regstelsel: Die funksionering van sogenaamde volkshowe ("people's courts") is aan die hand van die Freedom Charter deur Sechaba gerasionaliseer. Hiervolgens is swartes wat by die howe betrokke was, beskryf as sou hulle bloot die bepalings van die Charter wat lui dat slegs ernstige misdade gestraf moes word en dat dié straf heropvoeding en nie wraak nie as doelwit moes hê, toegepas het. Verder is die polisie as beskermers van blankes en kapitaliste voorgehou wat nie in reg en geregtigheid belanggestel het nie.[107] Volkshowe het volgens dié redenasie 'n dringende behoefte bevredig.

- Kleurlinge: Sechaba het daarop gewys dat Kleurlinge op 'n stadium in Suid-Afrika se geskiedenis as "bruin Afrikaners" beskou is. Met verloop van tyd het hulle egter besef dat hulle ook werkers en onderdruktes is. Dié proses het na bewering in 1976 'n nuwe dimensie betree en is in 1983 (met die daarstelling van die driekamerparlement) gekonsolideer. Daarom het ook Kleurlinge, volgens Sechaba, in die Freedom Charter 'n raamwerk vir bevryding gevind.[108]

- Kultuur: Sechaba het die apartheidstelsel beskryf as 'n poging deur die blanke minderheidsregering om die kulturele behoeftes van swartes ter implementering van die tuislandstelsel te misbruik: *"If there is a reference to culture by the oppressors it is for the purpose of using it as an instrument to maintain our people in backwardness and ignorance."*[109] Die bepalings van die Freedom Charter wat lui: *"The doors of learning and culture shall be opened!"*[110], is daarmee vergelyk en is tot die gevolgtrekking gekom dat die Charter ook 'n *"all-embracing educational...programme"*[111] was.

- Heldefigure: Die bydraes van ANC-leiers tot die totstandkoming van die Freedom Charter is meermale in Sechaba besing. So byvoorbeeld is in 1987 hulde gebring aan Mandela en sy idees wat na bewering in die

---

*107. Sechaba, September 1989, p25.*
*108. Sechaba, November 1983, pp18-21.*
*109. Sechaba, Fourth Quarter 1977, p39.*
*110. Sechaba, June 1980, p17.*
*111. Ibid.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Charter gestalte gekry het.[112] Die feit dat Mandela en van die ander leiers, waaronder Kathrada, Sisulu, Mbeki, Motsoaledi, Gwala en Mlangeni, wat by die gebeure te Kliptown betrokke was weens hul optrede gevangenestraf opgelê is, het meegehelp om hulle status tot helde- en martelaarsfigure te verhoog - aldus Sechaba.[113]

- Rewolusionêre beleid: In 'n aantal "Discussion Articles" wat gedurende die tagtigerjare in Sechaba verskyn het, is gepoog om die rol wat die Freedom Charter in die ANC se rewolusionêre beleid gespeel het, te verduidelik. Ene "BN" het die bal aan die rol gesit toe hy beweer het dat die Charter, saam met die ANC se "Strategy and Tactics"-dokument van 1969, die organisasie se rewolusionêre doelwitte omskryf het.[114] Sipho Jama het hierop voortgebou deur die Charter te gebruik om die ANC se stryd teen blanke oorheersing as 'n "geregverdigde oorlog" te tipeer. Volgens hom het die Charter die ANC tot die daarsteling van 'n demokratiese staat met volle burger- en politieke regte vir al sy inwoners verbind en is dit as die *"right intention"* met die stryd vertolk.[115] Mashinini[116] en Mzala[117] het op hulle beurt daarop gewys dat die Charter die beginsels waarvolgens 'n post-apartheid Suid-Afrika regeer sou word, uitgespel het en dat dié beginsels teen 1986 reeds in sogenaamde "bevryde gebiede" in die binneland toegepas is. Ten slotte het Thando Zuma beweer dat die Freedom Charter *"people's power"* en nie *"power sharing"* nie voorgestaan het en as sodanig die ANC se destydse strategiese doelwit, naamlik *"armed seizure of power"*, ondersteun het.[118]

- Nasionale vraagstuk: Volgens Sechaba het die Freedom Charter die fondament vir die oplossing van die etniese en "nasionale" vraagstukke van Suid-Afrika gelê. Uit Sechaba blyk dit dat die ANC deur die begrip "nasionale vraagstuk" te gebruik, die aanspreek van die gevolge

---

112. *Sechaba, Third Quarter 1978, p2.*
113. *Sechaba, August 1987, p2.*
114. *Sechaba, October 1982, p11.*
115. *Sechaba, January 1985, pp19-20.*
116. *Sechaba, April 1986, pp26-29.*
117. *Sechaba, September 1986, pp11-14.*
118. *Sechaba, July 1988, p11.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

van swartes se onteiening onder apartheid te berde probeer bring het. Hierdie probleme sou volgens die ANC slegs in 'n demokratiese staat en deur die implementering van die Charter aangespreek kon word en het dit die oorname van politieke mag, sowel as ekonomiese emansipasie, veronderstel.[119]

- Selfdeterminasie: Onder die begrip "selfdeterminasie" het die ANC die gelykheid van alle etniese groepe, die bevrediging van hulle nasionale gevoelens en regte, tradisies, gebruike, aspirasies, vriendskappe en kenmerke, sowel as geleenthede om hulle eie taal en kultuur te ontwikkel, verstaan.[120] Volgens Sechaba het die Freedom Charter die raamwerk ter bereiking van al dié doelwitte gelê en het dit die ANC in staat gestel om potensieel netelige kwessies met gemak te hanteer.[121]

- Wettige regering: In die aanhef tot die Freedom Charter word dit duidelik gestel dat *"South Africa belongs to all who live in it"*. Hieruit vloei dit voort dat die enigste wettige basis waarop enige regering kon berus die wil van die meerderheid van die inwoners van die land is. Deur hierdie redenasielyn verder te volg het Sechaba enersyds daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse regering dus onwettig was en, andersyds, dat die Charter, as die produk van 'n demokratiese proses, die basis vir 'n waarlik demokratiese en wettige regering in die post-apartheid-fase gelê het.[122]

- Hervorming: Reeds in 1975 het die ANC gewaarsku dat die organisasie geen ander oplossing vir Suid-Afrika se probleme sou aanvaar as die beginsels wat in die Freedom Charter neergelê is nie.[123] Daarna is dit telkens herhaal dat die ANC van plan was om deur middel van die Charter te sorg dat die apartheidstelsel omvergewerp word en dat die Charter nie net die hervorming van die stelsel ten doel gehad het

---

119. *Sechaba*, *November 1980, pp2-3.*
120. *Sechaba*, *Third Quarter 1977, p5.*
121. *Sechaba*, *September 1982, p2.*
122. *Sechaba*, *December 1989, pp28-29.*
123. *Sechaba*, *April 1975, p5.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


nie.[124] Voorts is die Regering se bona fides met betrekking tot 'n onderhandelde skikking in twyfel getrek,[125] terwyl Sechaba herbevestig het dat die Charter reeds die basis waarop mag aan die meerderheid oorgedra moes word, hetsy deur onderhandeling of deur geweld, geïdentifiseer het.[126]

- Internasionale verhoë: ANC-sprekers het soms van internasionale forums gebruik gemaak om die Freedom Charter bekend te stel en te verpopulariseer. 'n Toespraak deur Thomas Nkobi (Tesourier-Generaal van die ANC) tydens 'n VN-gereëlde byeenkoms in Genéve, Switserland in Augustus 1983 dien ter illustrasie hiervan.[127] In sy toespraak, waaroor volledig in Sechaba verslag gelewer is, het Nkobi onder meer gesê dat die ANC ondanks sy verbanning daarin geslaag het om homself in die binneland te "wettig". Die belangrikste rede hiervoor was, aldus Nkobi, dat die ANC se politieke en rewolusionêre program, die Freedom Charter, *"has become the rallying point for all democratic forces in South Africa"*.[128]

Die feit dat die Freedom Charter teen 1989 aan die meeste Suid-Afrikaners bekend was en dat die dokument met sukses deur die United Democratic Front benut is ten einde binnelandse steun teen die Regering te mobiliseer, dui op die sukses waarmee die veldtog om die Charter te verpopulariseer, bekroon is. In hierdie proses is die organisasie ondersteun deur die feit dat hoeveel kritiek daar ook al was teen aansprake dat die Charter 'n samevatting van al die gekollekteerde eise van die gemeenskap verteenwoordig het, die Freedom Charter steeds die propagandapotensiaal gehad het dat dit inhoudelik 'n produk van 'n demokratiese proses was.[129]

Die rol wat Sechaba in hierdie proses vertolk het kan nouliks oorskat word. Die metodes wat in die proses deur die ANC se amptelike orgaan aangewend

124. *Sechaba, March 1980, p11.*
125. *Sechaba, February 1986, p32.*
126. *Sechaba, July 1982, p2.*
127. *Sechaba, October 1983, p10.*
128. *Ibid.*
129. *T de Jager: Swart Bewussyn as rewolusionêre filosofie (Ongepubliseerde D Phil, Universiteit van Pretoria), p203.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


is, was verbeeldingryk maar tog prakties genoeg om aanklank by die organisasie se steunbasis te vind. Ten slotte, en ter stawing hiervan, dien die volgende observasie van Hudson: Hy wys naamlik daarop dat die Freedom Charter teen 1988 so 'n belangrike plek in die Suid-Afrikaanse politiek beklee het dat daar 'n de facto-verpligting op alle politieke organisasies wat teen die Regering gekant was bestaan het om hulle posisie vis-á-vis die Charter te verklaar.[130]

Die ANC se benutting van Sechaba as propagandamedium het in die veldtog om die Freedom Charter te verpopulariseer duidelik gemanifesteer. Die Charter, wat teen die einde van die sewentigerjare in die praktyk tot 'n groot mate in die vergetelheid verdwyn het, is op 'n effektiewe wyse weer onder Suid-Afrikaners se aandag gebring. Die metodes wat aangewend is vertoon klassieke propagandistiese kenmerke, waarvan die voorhou van die Charter as alternatiewe beleidsriglyn en simbool waarrondom ideologiese, sowel as emosionele steun gewerf kon word, die duidelikste identifiseerbaar was. Sechaba is dus effektief in hierdie verband benut.

---

*130. P Hudson: "Images of the future and strategies in the present: The Freedom Charter and the South African left", in P Frankel, N Pines and M Swilling (eds): State resistance and change in South Africa, p259.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

## HOOFSTUK VYF

## SECHABA SE ROL TER BEREIKING EN IMPLEMENTERING VAN DIE ANC SE STRATEGIESE DOELWIT EN IDEOLOGIE

Gebeure gedurende die sestigerjare, of die "dekade van Afrika", het die ANC en sy ondersteuners met hoop vervul wat die bereiking van die organisasie se strategiese doelwit betref. Hierdie doelwit is in Afrika-verband die eerste keer formeel tydens die stigting van die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) in die organisasie se Manifes verwoord en het kortweg op 'n verbintenis tot die totale bevryding van Afrika van kolonialisme neergekom. Die ANC het hierdie doelwit reeds in 1968 formeel onderskryf: *"We shall carry on the fight no matter how long or difficult it may be. We shall win because Africa must be freed."*[1] Hierdie verbintenis tot die bevryding van (meer spesifiek) Suid-Afrika is weldra met verdere belangrikheid beklee toe Sechaba aangedui het dat die ANC die steun van die hele kontinent in sy stryd nodig gehad het omdat apartheid 'n bedreiging vir Afrika se voortbestaan ingehou het. Dié ideologies-gefundeerde argument, wat mettertyd een van die organisasie se propagandahoekstene geword het, is gerugsteun deur die redenasie dat die Suid-Afrikaanse regering noue bande met die kapitalistiese Westerse moondhede gehandhaaf het - 'n alliansie wat in die oordeel van die ANC daarna gestreef het om die ontluikende ideologie van "Afrika-sosialisme" te vernietig.[2]

Die ideologie, wat populêr as "Afrika-sosialisme" bekend sou word, is gedurende 1967 vir die eerste keer in die sogenaamde Arusha-deklarasie deur president Julius Nyerere van Tanzanië beskryf en tot dié land se amptelike beleid verhef. Sechaba het die ideologie as volg gedefinieer: *"Genuine socialists accepted the phrase to mean that, while the basic tenents of socialism are unchangeable, conditions in Africa are different from those in other parts of the world, and the paths to socialism in Africa would, therefore, be different."*[3] Die ANC het Nyerere se optrede as rewolusionêr bestempel en voorspel dat dit *"will go down in the annals of African history*

---

1. *Sechaba, December 1968, p3.*
2. *Sechaba, September 1971, p6.*
3. *Sechaba, May 1967, p10.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


*as the decisive clarion call to defend national sovereignty"* en dat dit sal dien as 'n oproep om die kontinent se volle potensiaal te verwesenlik.[4] As sodanig sou Tanzanië as voorbeeld dien waarna die propageerders van bevrydingsoorloë in Suider-Afrika kon streef en sou Afrika-sosialisme verhef kon word tot 'n verenigende faktor om al die inwoners in die gebied onder die vaandels van die onderskeie bevrydingsbewegings tot 'n eenheid saam te snoer.[5]

'n Verdere aspek waarrondom die "onderdrukte" inwoners van Suider-Afrika gemobiliseer is, was deur daarop te wys dat die destydse "onderdrukkers" in die gebied, naamlik die regerrings van Suid-Afrika, Rhodesië en Portugal, nou saamgewerk het en slegs deur soortgelyke eensgesinde optrede oorwin sou kon word. Teen 1970 kon die ANC deur middel van Sechaba verklaar dat die politieke en militêre alliansie wat met die Zimbabwe African People's Union (ZAPU) gesmee is, van krag tot krag gegaan het en dat op 'n deurlopende basis met FRELIMO (Mosambiek), die MPLA (Angola) en die PAIGC (Guinee) saamgewerk is.[6] Die eensgesindheid in die ANC/ZAPU-alliansie wat ideologie en die nastrewing van 'n gemeenskaplike strategiese doelwit betref, blyk uit die resultate van 'n gesamentlike vegadering van die twee organisasies se Nasionale Uitvoerende Komitees wat op 16 Januarie 1970 in Lusaka gehou is. Tydens hierdie byeenkoms, waaroor Sechaba volledig verslag gedoen het, is dit duidelik gestel dat die alliansie die bevryding van Afrika, maar ook die suksesvolle verloop van die internasionale stryd teen imperialisme ten doel gehad het.[7]

Die ANC het voortdurend aangevoer dat hy ook ten gunste was van nouer samewerking met ander organisasies, binne en buite Suid-Afrika, wat hulle vir die bevryding van die land beywer het.[8] Een van dié organisasies was die Pan Africanist Congress (PAC). Deur middel van Sechaba is dit egter duidelik gestel dat samewerking nie net ter bereiking van propaganda-oogmerke kon plaasvind nie en dat slegs met organisasies, insluitende die PAC, saamgewerk

---

4. *Sechaba, March 1967, p1.*
5. *Ibid., p8.*
6. *Sechaba, September 1970, p10.*
7. *Sechaba, April 1970, p20.*
8. *Sechaba, November/December 1972, p19.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


sou word indien sodanige groepe bewys van hulle teenwoordigheid onder die mense van Suid-Afrika kon toon.[9]

Die ideologie wat deur die PAC ondersteun is, te wete Afrikanisme, is as volg deur Anton Lembede gedefinieer: *"(It) is a higher step or degree of the self-expression of the African spirit, Africa through her spirit is using us to develop that higher quality of Africanism."*[10] Die eerste tree op pad na die stigting van die PAC is gedurende November 1958 gegee toe 'n ontevrede faksie onder leiding van PK Leballo uit die ANC geskors is. Die rede vir die wegsplintering was na bewering dat die ontevredenes gevoel het dat die ANC die ideologie van Afrikanisme versaak het. Die laaste strooi in hierdie verband was die ANC se aanvaarding van die Freedom Charter as 'n amptelike beleidsdokument. Hulle het die Charter onder meer op grond van die wyse waarop dit tydens 'n veelrassige byeenkoms aanvaar is, verwerp.[11]

Die formele stigting van die PAC het op 4-6 April 1959 in Orlando plaasgevind. Tydens daardie geleentheid is Robert Sobukwe (President-generaal), Potlako Leballo (Nasionale Sekretaris) en Abednego Ngcobo (Tesourier) in leiersposisies verkies.[12] Teen Augustus 1959, slegs vier maande na sy stigting, het die organisasie reeds op 24664 lede en 101 takke landswyd aanspraak maak.[13]

Vroeë verwysings na die PAC in Sechaba het sentreer om beskuldigings dat dié organisasie ten minste ten dele vir die bloedbad te Sharpeville in 1960 verantwoordelik was. Dié standpunt is gestaaf deur daarop te wys dat die PAC geweier het om saam met die ANC in 'n anti-pasveldtog te werk en dat dit die PAC se uittartende en ondeurdagte optrede in die aanloop tot, en op 21 Maart 1960 self was wat 'n ideale "verskoning" aan die Polisie gebied het om gewelddadig op te tree.[14]

---

9. *Ibid., p20.*
10. *RF Junior: Class and nationalism in South Africa... (Unpublished Ph.D, University of Notre Dame), p116.*
11. *TK Ranuga: Marxism and nationalism in South Africa (Azania)... (Unpublished Ph.D, Brandeis University), p221.*
12. *J Grobler: A decisive clash?..., p120.*
13. *GM Gerhart: Black power in South Africa..., p213.*
14. *Sechaba, April 1967, p2.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Eers na die Soweto-onluste van 1976 en die gepaardgaande toestroming van voornemende rekrute na waar bevrydingsbewegings hulle in Suid-Afrika se buurstate bevind het, het die ANC dit nodig geag om die PAC by monde van Sechaba aan te spreek. Tussen 1976 en 1981 is in beriggewing oor die PAC merendeels op verdagmaking betreffende dié organisasie se verbondenheid aan die rewolusionêre bevryding van Suid-Afrika gekonsentreer. Die PAC se optrede is as sonder 'n ideologiese fondament of rewolusionêre program bestempel. Hierdie toedrag van sake het na bewering daartoe gelei dat die organisasie as 'n agent van "imperialisme" ter bevordering van "kolonialisme" en "neo-kolonialisme" opgetree het en ANC-ondersteuners is daarop gewys dat *"...we must reject all tricks by imperialists to divide us."*[15] 'n Verdere beskuldiging wat voor die deur van die PAC gelê is, was dat die organisasie die belange van die opkomende swart middelklas verteenwoordig het deur die bevordering van *"national interests"* as 'n front voor te hou waaragter hul eie selfsugtige, sektariese oogmerke dan bevorder is.[16] *"(The PAC) have no roots in the struggle and though persistent like weeds trying to strangle the struggle, they only live as parasites on our backs or with food from our enemies."*[17]

Gedurende die tydperk 1981 tot 1985 - nà 1985 is bloot sydelings na die PAC verwys - is verwysings na die organisasie deur twee aspekte oorheers: Enersyds is die PAC se verkondiging van 'n *"narrow nationalism"*[18] en sy figurering as 'n sogenaamde "derde mag", wat steun van die ANC afgerokkel en sodoende die hand van die Regering versterk het,[19] as struikelblokke op die weg na bevryding bestempel. Andersyds is die ideologiese vertrekpunte van die Afrikanistiese beweging ontleed en as "vals" of "ontoereikend" bevind. In hierdie verband is aangedui dat soveel klem op eng nasionalisme en die miskenning van minderhede noodwendig tot die groei van eksklusiwisme en nasionalisme onder minderhede aanleiding sou gee. Voorts is die PAC gewantrou omdat hy 'n klasse-analise van die samelewing verwerp, die rol van blankes in die stryd misken en, volgens die ANC se oordeel, bloot in

*15. Sechaba, Third Quarter 1976, p6.*
*16. Sechaba, Third Quarter 1978, p6.*
*17. Sechaba, August 1979, p9.*
*18. Sechaba, June 1985, p9.*
*19. Sechaba, October 1985, p9.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

reaksie op apartheid of "blanke eksklusiwiteit" ontstaan het - sonder 'n selfstandige rewolusionêre program.[20] Die optrede van die PAC is daarom as 'n verdelende faktor in die bevrydingstryd beskou terwyl aanhangers van die Afrikanistiese ideologie daarvan beskuldig is dat hulle dié ideologie misbruik het as *"a sort of escape from discipline..."*,[21] verwysend na die dissipline, ideologies en andersyds, waaraan lede van die Charteristiese groepering na bewering voortdurend onderworpe was.

Die laaste algemene aspek waaroor die PAC in Sechaba oor die kole gehaal is, was die organisasie se aandrang daarop dat Suid-Afrika se naam na Azanië verander moes word. *"Politically, it is objectionable for a progressive national liberation movement to give any importance at all to name-changing at this stage (1977) of the struggle."*[22] Daar is aangedui dat selfs al sou 'n naamverandering oorweeg word, Azanië om veral twee redes nie die aangewese alternatief sou wees nie. Eerstens is dit deur konnotasies van "kulturele aggressie" soos kolonialisme, imperialisme en slawerny deurweek deurdat die naam uit die Persiese en Griekse era van koloniale heerskappy in Afrika dateer. Die betekenis van die woord "Azanië" in Grieks is "dorre/droë land" en in Persies dui dit op die swart gelaatskleur van die inwoners van 'n spesifieke gebied. Die gebied ter sprake het, tweedens, niks met moderne Suid-Afrika te make nie en is in 'n totaal ander gedeelte van Afrika geleë, te wete die kusvlaktes van kontemporêre Somalië, Kenia en Tanzanië. *"The word, in all its forms, has connoted racial contempt for over a thousand years, and is an unsuitable name for any part of Africa."*[23]

Alvorens gekyk word na die tweede filosofies-ideologiese denkrigting waarmee die ANC in Suid-Afrika ter werwing van massasteun gekonfronteer is, te wete Swart Bewussyn, behoort van De Jager se bevindinge oor die ooreenkomste tussen Afrikanisme en Swart Bewussyn kennis geneem te word. Volgens hom kan beide die ideologieë ten opsigte van hulle oorsprong teruggevoer word na die filosofieë van 'n aantal Afro-Amerikaanse denkers en die negritude-beweging van die 1920's. Gesien in die lig hiervan bestempel hy

---

20. *Sechaba, November 1981, pp17, 22-23.*
21. *Ibid., p22.*
22. *Sechaba, Third Quarter 1977, p64.*
23. *Ibid.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Pan-Afrikanisme as die voorloper van die Swart Bewussynsbeweging. Die ooreenkomste tussen die twee ideologieë sluit onder meer in die eksklusiewe karakter daarvan, die sentrale rol wat swart belange daarin speel en die verbondenheid aan outentieke Afrika-waardes en die Afrika-tradisie.[24]

Sechaba is tot 'n veel groter mate as wat die geval met Afrikanisme was, aangewend om oor die Swart Bewussynsideologie te berig, dit te ontleed en opinies daaroor te formuleer. Artikels oor dié onderwerp is deur onsekerheid oor die invloed van die ideologie op swartes in Suid-Afrika in die algemeen, en op ANC-lede in besonder, gekenmerk. Die rede hiervoor lê moontlik daarin opgesluit dat die Charteristies-georiënteerde ANC deur die groei van 'n nuwe beweging gekonfronteer is. Hierdie ontwikkeling word allerweë as die enkel belangrikste gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse politiek gedurende die periode 1967-1976 beskou - veral omdat die nuwe ideologie met 'n nuwe perspektief op die aard van versetpolitiek vorendag gekom het.[25] Die situasie is verder bemoeilik deurdat die Swart Bewussynsideologie sy verskyning in 'n vakuum op swart politieke terrein in Suid-Afrika, na die verbanning van die ANC en PAC, gemaak het.[26]

SASO se beskrywing van die Swart Bewussynsideologie as sou dit *"an attitude of mind, a way of life"* gewees het waarvolgens swartes hulleself as volwaardige burgers van Suid-Afrika moes laat geld het,[27] kan in kort as 'n raak beskrywing van die ideologie voorgehou word. Steve Biko het volgens Mosibudi Mangena, die latere president van die Black Consciousness Movement of Azania (BCMA), wat as die eksterne vleuel van die Swart Bewussynsbeweging funksioneer het, die volgende meer omvattende definisie van die ideologie voorgestaan: *"Black Consciousness is in essence the realisation by the black man of the need to rally together with his brothers around the cause of their oppression - the blackness of their skin - and to operate as a group in order to rid themselves of the shackles that bind them*

---

24. T de Jager: Swart Bewussyn as rewolusionêre filosofie (Ongepubliseerde D Phil, Universiteit van Pretoria), p44.
25. SC Nolutshungu: Changing South Africa..., p147.
26. TK Ranuga: Marxism and nationalism in South Africa (Azania)... (Unpublished Ph.D, Brandeis University), p247.
27. D Herbstein: White man, we want to talk to you, p66.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


*to perpetual servitude. It seeks to demonstrate the lie that black is an aberration from 'normal' which is white."*[28]

Die voorstanders van die Swart Bewussynsideologie het sedert die laat sestigerjare daarin geslaag om hulle standpunt wêreldkundig te maak en sodoende ook die ANC verplig om daarop te reageer. Oliver Tambo het gedurende 1972 vir die eerste keer die ANC se houding daaroor in Sechaba geformuleer. Hy het daarop gewys dat die ANC die beginsel van *"Power to the People"* voorgestaan het wat inderdaad *"Power to the Black People"* beteken het. Daarbenewens het hy met die aanhangers van die Swart Bewussynsideologie se definisie van "swart", as sou dit alle Suid-Afrikaners wat nie blank was nie, sowel as daardie blankes wat hulle met die lot van die onderdruktes vereenselwig het, akkoord gegaan het.[29] Hy het dit egter duidelik gestel dat vryheid vir swartmense in Suid-Afrika net sou realiseer indien al die onderdruktes (en hulle apologete) in die land onder die vaandel van die ANC en op grond van die beginsels van die Freedom Charter verenig word.[30]

Dit was eers met die stigting van die Black People's Convention (BPC) dat die beginsels van die Swart Bewussynsideologie in die Suid-Afrikaanse konteks nader omskryf sou word. Die BPC is gedurende Julie 1972 in Pietermaritzburg gestig. Van die organisasie se bekendste leiersfigure was Drake Koka, Saths Cooper en Mthuli Sheza.[31] Die BPC het dit van meet af aan gestel dat hy sou optree as mondstuk vir die onderdruktes aangesien hulle vanweë die werking van apartheid sonder 'n legitieme politieke stem gelaat is. Die beginsels wat deur die BPC gepropageer is, het op die volgende neergekom: Alle swartes in Suid-Afrika moes verenig word om hulle van fisiese en sielkundige onderdrukking te bevry; dat na 'n gemeenskap gestreef moes word waarin gelykheid en geregtigheid sou heers; dat op die ekonomiese beginsels van tradisionele swart kommunalisme voortgebou sou word en dat heersende godsdiensbeskouinge dermate aangepas moes word om

---

*28. M Mangena: On your own. Evolution of Black Consciousness..., p154.*
*29. Sechaba, May 1972, p20.*
*30. Ibid., p19.*
*31. GM Gerhart: Black power in South Africa..., p293.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

tot die sielkundige bevryding van swartes by te dra.[32] Daar sou dus daarna gestreef word om swartes te help om van hulle histories-toegedeelde rol as slawe en werktuie in die hande van die blanke koloniseerders ontslae te raak.[33]

Die vraag het onwillekeurig in ANC-geledere ontstaan of die nuwe beweging ondersteun of geopponeer moes word. Enersyds is daar in Sechaba aangevoer dat *"(T)he emergence of 'Black Consciousness' towards the end of the 1960's and its development in the 1970's (is) one of the most dynamic phenomena to have taken place in our country".*[34] Andersyds is beweer dat dit *"fills the temporary vacuum left by the outlawing of the militant organisations..."*[35] en dat dit dus in kompetisie met die ANC om die steun van swart Suid-Afrikaners sou tree. SASO-lede het egter, getrou aan die ideale van die Swart Bewussynsideologie waarvolgens swart eenheid nagestreef is, geglo dat Swart Bewussynsorganisasies hulleself nie kon of moes voorhou as alternatief tot die ANC of PAC nie.[36]

Desnieteenstaande het heftiger kritiek op die ideologie spoedig in Sechaba gevolg. Die aanhangers daarvan is telkens van te veel klem op swart nasionalisme deur byvoorbeeld die verkondiging van *"Black Power"* beskuldig,[37] daar is aangevoer dat dit die nasionale bevrydingstryd in Suid-Afrika nie in samehang met die wêreldwye "stryd teen kapitalisme" kon verklaar nie[38] en dat dit *"did not have a clear programme defining its goals and methods achieving them..."*[39] Net soos die geval met die PAC was, het die ANC soms sover gegaan as om te beweer dat die Swart Bewussynsgroepe se onversetlike houding jeens hulle ideologiese oortuigings met verloop van tyd eerder verdelend op die bevrydingstryd ingewerk het, hulle sodoende in

---

32. *Sechaba, October 1972, p18.*
33. *Sechaba, September 1972, p11.*
34. *Sechaba, Third Quarter 1978, p57.*
35. *Sechaba, October 1972, p22.*
36. *SC Nolutshungu: Changing South Africa..., p149.*
37. *Sechaba, February 1973, p21; Sechaba, June 1985, p9.*
38. *Sechaba, October 1972, p22.*
39. *Sechaba, Third Quarter 1978, p57.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

die Regering se hande gespeel het en "bondgenote van imperialisme" geword het.[40]

Dié dualisme in die ANC se hantering van en Sechaba se beriggewing oor die Swart Bewussynsideologie het gedurende die sewentigerjare gereeld gemanifesteer. In 'n brief aan die redakteur gedurende 1971 verskaf Ontisitse K Sethlapo nadere insig oor die probleme wat ANC-lede met die hantering van die Swart Bewussynsideologie ondervind het. Volgens Sethlapo was dit verbasend hoeveel ANC-lede ontsteld geraak het wanneer die meriete van dié ideologie bespreek is. Hy het die standpunt gehuldig dat die beginsels wat deur die ideologie verkondig is, universele aanklank onder alle swartes behoort te geniet het en dat die ANC deur die uitdaging gekonfronteer is om die Swart Bewussynsideologie se aanhangers te lei en te beskerm - en nie om hulle te verkleineer nie.[41] *"(O)ne has to suffer the daily humiliations that is the lot of our life experience inside South Africa to recognise the sacred message of Black Consciousness..."*[42] Hierin is die korrespondent deur 'n meningsopname, wat gedurende dieselfde tydperk deur die Suid-Afriaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIRV) onderneem is en waaroor Sechaba verslag gelewer het, gesteun. Volgens dié opname was die steun vir die ideologie teen 1973 wydverspreid en was dit duidelik dat dit nie 'n *"fever dreamed up by disenchanted Black intellectuals"* was nie.[43] Met hierdie inligting tot sy beskikking het Sechaba dit duidelik gestel dat hy hom (op daardie stadium) van enige uitsprake oor die vraag of die ideologie rassisties was al dan nie sou weerhou[44] - al was dié standpunt in direkte teenstelling met die kritiek wat, soos hierbo aangedui is, oor dieselfde aspek van die Swart Bewussynsideologie uitgespreek is.

Hierdie versigtigheid in ANC-geledere teen die middel sewentigerjare om standpunt vir of teen die Swart Bewussynsideologie in te neem is deur Lapping probeer verklaar toe hy daarop gewys het dat die ideologie *"was not*

---

*40. Sechaba, September 1979, p27; Sechaba, Fourth Quarter 1977, p16.*
*41. Sechaba, October - December 1973, p54.*
*42. Ibid., p55.*
*43. Sechaba, March 1973, p5.*
*44. Ibid.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


*an organisation, but a set of ideas that helped create a mood".*[45] Indien Kotze se bewering dat die Swart Bewussynsbeweging en by name SASO die primêre propageerders van swart teologie was, tesame met die feit dat godsdiens 'n belangrike rol in swart gemeenskappe gespeel het, beoordeel word,[46] kan die ANC se optrede selfs beter verstaan word. Gesien teen hierdie agtergrond kon kragdadige standpuntinname die ANC dus later in 'n netelige posisie geplaas het en gegewe die vloeibare aard van swart politiek in die sewentigerjare was die organisasie se versigtige reaksie moontlik strategies-gesproke die beste opsie.

Die studente-onrus wat nie-blanke universiteitskampusse in 1974 geteister het, het veel tot die populariteit van die Swart Bewussynsideologie bygedra. Die werksaamhede van die BPC en SASO het tot die herstel van veral die swart intelligentsia se geloof in hulleself en dus ook die beginsels van die Swart Bewussynsideologie bygedra. Die besef dat *"it is vital for the Black people to become increasingly conscious of their power"*[47] het 'n vrugbare teelaarde onder hierdie groepe gevind. Die ANC het via Sechaba munt uit die potensieel mobiliserende effek van die Swart Bewussynsideologie onder die intelligentsia probeer slaan deur daarop te wys dat dìt wat deur die ideologie gepropageer is, *"reflect the political line of (the ANC), its deep influence not just on the 'Black Consciousness' movement but on all sectors of the oppressed, and its close links with the masses".*[48]

In latere jare sou hierdie argument selfs verder in Sechaba gevoer word toe daarop gewys is dat die groei van die Swart Bewussynsideologie en die studente-onluste saamgeval het met die internasionale manifestasies van jeugprotes en as sodanig as 'n *"reflection of the development and strength of socialism internationally"* geïnterpreteer kon word.[49]

Die Soweto-onluste van 1976 en die rol wat organisasies wat die Swart Bewussynsideologie ondersteun het, daarin gespeel het, sowel as die gevolge daarvan op die ANC het die volgende fase in Sechaba se beriggewing oor die

*45. B Lapping: Apartheid. A history, p157.*
*46. DA Kotze: African politics in South Africa..., p87.*
*47. Sechaba, March 1974, p10.*
*48. Sechaba, June/July, 1975, p33.*
*49. Sechaba, February 1974, p30.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

ideologie ingelui. Organisasies soos SASO het dit onomwonde gestel dat die ANC geen rol in die onluste gespeel het nie en dat dit slegs Swart Bewussynsgroeperinge was wat met hul slagspreuk *"Africa for the Africans"* daarin geslaag het om iets daadwerkliks ter bereiking van bevryding te vermag.[50] Hierin is SASO deur Motlhabi gesteun. Volgens hom kon geen enkele Swart Bewussyns- of ander organisasie die krediet vir die gebeure in Soweto gedurende 1976 opeis nie, *"though it was undoubtedly a Black Consciousness manifestation"*.[51] Ook die ANC het erken dat organisasies soos SASO wel 'n leidende rol in die onluste gespeel het, maar het beweer dat ANC-lede in die sogenaamde "underground" bedrywig was. Die rol van die Swart Bewussynsideologie was volgens die ANC beperk tot *"a useful tool to sensitize students who were not as politically aware as they should have been"*.[52]

Nadat die aanvanklike euforie rondom die onluste vervaag het, het daar in Sechaba 'n meer kritiese evaluering oor die rol daarin van organisasies soos SASO gevolg. Aanhangers van die Swart Bewyssynsideologie is hiervolgens daarvan beskuldig dat hulle 'n "derde mag" in die bevrydingstryd probeer word het deur hulle ideologie as 'n alternatief tot dit wat die ANC propageer het, voor te hou[53] en dat hulle in die nastrewing van hulle selfsugtige ideale die "ware vyand" uit die oog verloor het.[54] In 'n onderhoud met Oliver Tambo wat gedurende 1977 in Sechaba verskyn het, het die President van die ANC 'n meer gematigde houding teenoor lede van die Swart Bewussynsgeoriënteerde organisasies openbaar. Tambo het verduidelik dat die ANC, veral kort na sy stigting in 1912, klem op die aanwakkering van 'n bewussyn onder sy lede geplaas het en dus inderwaarheid ook "anti-blank" was. Die ANC het egter, aldus Tambo, deur 'n normale ontwikkelingsiklus beweeg en mettertyd tot die besef gekom dat al die land se inwoners deel behoort te vorm van die poging om dit wat verkeerd was, te verander. Volgens Tambo was Swart Bewussyn dus slegs 'n fase in die bevrydingsproses - 'n fase waardeur die ANC reeds beweeg het. Daar is in

---

50. Sechaba, Second Quarter 1977, p28.
51. M Motlhabi: The theory and practice of black resistance to apartheid.., p151.
52. Sechaba, Second Quarter 1977, p28.
53. Ibid., p51.
54. Sechaba, Fourth Quarter 1977, p16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

dié verband selfs daarop gewys dat die inhoud en retoriek van die ANC Youth League se manifes van 1944 talle ooreenkomste met die beginselstandpunte van die Swart Bewussynsgroepering vertoon het.[55] Dit is daarom duidelik dat die ANC deur standpunte soos hierdie te propageer, doelbewus gepoog het om, soos dit verwoord is in 'n transkripsie van 'n uitsending van Radio Freedom wat in Sechaba verskyn het, die aanhangers van die Swart Bewussynsideologie by die praktiese bevrydingspolitiek, maar steeds onder leiding van die ANC, te betrek.[56]

Volgens voormalige lede van Swart Bewussynsgeoriënteerde organisasies wat na die gebeure van 1976 hulle weg na die ANC in die buiteland gevind het, is hul optrede bepaal deur die besef dat slegs die ANC bekend en sterk genoeg was om die Regering aan te durf.[57] Voorts is aangevoer dat die Swart Bewussynsbeweging *"burned itself out because its principles were based on existential reality as opposed to the general laws of historical materialism. (We acknowledge) the progressive nature of the ANC as an advance on the strictures of the Black Consciousness movement..."*[58] Senior ANC-leiers, waaronder Alfred Nzo, het telkens soortgelyke argumente geopper en daarop gewys dat die "rewolusionêre prestige" van die ANC ook 'n invloed op die meeste rekrute van 1976 se besluit om hulle by die ANC aan te sluit, uitgeoefen het.[59]

Nadat organisasies soos SASO en die BPC deur regeringsoptrede lamgelê is, is aanhangers van die Swart Bewussynsideologie in die binneland effektief leierloos gelaat. Dit was eers met die stigting van die Azanian People's Organisation (AZAPO) in die laat sewentigs, met die werksaamhede van die National Forum (NF), 'n sambreelorganisasie vir talle groepe wat hulle met die Swart Bewussynsideologie geïdentifiseer het, in die vroeë tagtigs en spesifiek met dié groepering se publikasie in Junie 1983 van die "Manifesto

---

55. *Sechaba, Fourth Quarter 1977, p11; Sechaba, October 1981, p18. (Hier word daarop gewys dat die inhoud en retoriek van die ANC Youth League se Manifes van 1944 talle ooreenkomste met die beginselstandpunte van die Swart Bewussynsgroepering vertoon het.)*
56. *Sechaba, First Quarter 1978, p5.*
57. *Sechaba, March 1979, p25.*
58. *Sechaba, September 1979, p27.*
59. *Sechaba, October 1979, p18.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


of the Azanian People", dat 'n mate van politieke leiding weer aan die aanhangers van die ideologie verleen is.[60] In dié Manifes is *"racial capitalism"* as die vyand van die onderdruktes geïdentifiseer en het die ondertekenaars daarvan hulle tot die vestiging van 'n *"anti-racist, socialist republic"* verbind.[61] Die ANC het deur middel van Sechaba die Manifes as in kompetisie met die Freedom Charter bestempel en daarom verwerp. Daar is verder aangedui dat die Manifes vanaf kapitalisme direk na sosialisme wou beweeg en sodoende die nasionale bevrydingsrewolusie ignoreer het.[62] Dit was in teenstelling met die "twee-fase rewolusie" wat deur die ANC/SAKP-alliansie gepropageer is. *"This is sheer utopia! These gentlemen were attempting to be more socialist than socialism."*[63] De Jager ondersteun die ANC se oordeel oor die Manifes as hy dit onomwonde stel dat dit *"nie dieselfde historiese relevansie as die (Freedom) Charter (het) nie..."* en wel omdat dit die produk van 'n naweekkonferensie was wat nie werklik demokraties was nie.[64]

Die ANC het, ondanks ideologiese verskille, deurentyd gepoog om nouer skakeling met die Black Consciousness Movement of Azania (BCMA), wat as die buitelandse vleuel van die Swart Bewussynsbeweging bestempel kon word, te bewerkstellig. In sy presidensiële rede tydens die ANC se Nasionale Konferensie te Kabwe gedurende 1985, moes Oliver Tambo egter rapporteer dat al sy organisasie se pogings tot toenadering in hierdie verband gefaal het.[65]

Die ANC se siening van die Swart Bewussynsideologie soos dit in Sechaba gereflekteer is, kan as volg opgesom word: Die ideologie se verskyning was die resultaat van apartheid omdat apartheid die teelaarde vir 'n *"racially based political consciousness"* voorberei het;[66] dit was 'n poging van die

60. *T de Jager: Swart Bewussyn as rewolusionêre filosofie (Ongepubliseerde D Phil, Universiteit van Pretoria), p203.*
61. *Sechaba, July 1985, p2.*
62. *Sechaba, September 1985, p29; Sechaba, July 1985, p7.*
63. *Sechaba, October 1985, p30.*
64. *T de Jager: Swart Bewussyn as rewolusionêre filosofie (Ongepubliseerde D Phil, Universiteit van Pretoria), p203.*
65. *Sechaba, October 1985, p8.*
66. *Sechaba, September 1988, p11.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

swart intelligentsia *"to define themselves in the context of institutionalised racism"* in Suid-Afrika[67] en, ten slotte, dat die belangrikste bydrae daarvan was om 'n politieke bewussyn onder swartes te skep maar dat dié bewussyn nie 'n doel opsigself was nie maar net 'n middel om swartes tot rewolusionêre aksie te mobiliseer.[68]

Die "swakplekke" in die ideologiese onderbou van beide die Afrikanistiese en Swart Bewyssynsideologieë, is by geleentheid van die viering van die vyf en sewentigste herdenking van die ANC gedurende 1987 in Sechaba met die "beproefde" ideologiese beginsels wat deur die ANC voorgestaan is, gekontrasteer. Hiervolgens het die ANC gedurende die voorafgaande 75 jaar drie kenmerke wat hom van al die ander bevrydingsbewegings onderskei het, vertoon. Eerstens het die ANC daarin geslaag om saam met die veranderende eise en omstandighede in Suid-Afrika te verander en aan te pas. Tweedens is daarin geslaag om eenheid, ten opsigte van etniese en ander verskille te bewerkstellig. Derdens was die ANC deel van 'n omvattende internasionalistiese beweging - 'n verbintenis wat hom in staat gestel het om op die steun van ander organisasies en regerings van oor die hele wêreld te reken.[69]

In die ontleding van die ideologieë van kompeterende organisasies, het Sechaba van meet af aan geskiedenis as metode om die juistheid van die ANC se standpunt te "bewys", aangewend. Reeds in 1970 kon Sechaba rapporteer dat: *"(T)here is a growing historical consciousness in the liberation movement of South Africa. This is a result - and also a form - of the ideological class struggle in the country itself."*[70] Met verloop van tyd het dit uit die beriggewing van Sechaba duidelik geword dat die historiese bewustheid van ANC-lede nie net 'n reïnterpretasie van Suid-Afrika se geskiedenis geïmpliseer het nie,[71] maar veral 'n ontdekking van die *"truimph of the ideas of the October Revolution"*.[72] Ook in hierdie opsig is die ANC

---

*67. Sechaba, Third Quarter 1978, p57.*
*68. Sechaba, October 1979, p19.*
*69. Sechaba, January 1987, pp1-3.*
*70. Sechaba, June 1970, p22.*
*71. Sechaba, December 1980, p24.*
*72. Sechaba, Fourth Quarter 1977, p52.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

se verbondenheid aan die "internasionale beweging teen imperialisme" dus herbevestig.

'n Ander metode wat ter bereiking van dieselfde oogmerke deur Sechaba benut is, was om getrou oor ANC-byeenkomste of besluite oor Suid-Afrika te berig. Daar is onder meer uitvoerig oor die organisasie se eerste Konsulterende Konferensie, wat vanaf 25 April tot 1 Mei 1969 te Morogoro in Tanzanië gehou is, verslag gelewer.[73] Alle aspekte rakende die ANC se stryd teen blanke oorheersing, waaronder die beplande intensifisering van die gewapende aanslag, die isolasie van Suid-Afrika en die ANC se alliansies met onder bevrydingsbewegings is tydens die konferensie onder die loep geneem. Ook 'n tweede ontmoeting te Morogoro, wat tussen 17 en 20 Maart 1975 plaasgevind en die vorm van 'n vergrote vergadering van die ANC se NUK aangeneem het, is breedvoerig in Sechaba gedek. Dié ontmoeting het in besonder klem op die hantering van die veranderde situasie in Suider-Afrika na die onafhanklikheidswording van die Portugese kolonies gelê.[74]

Die ANC se tweede Konsulterende Konferensie, wat vanaf 16 tot 22 Junie 1985 te Kabwe, Zambië, plaasgevind het, is op dieselfde wyse deur Sechaba hanteer. Veral die besluite rakende die gewapende stryd, naamlik dat die organisasie die term *"armed seizure of power"* en nie net *"seizure of power"* nie sou gebruik, dat die onderskeid tussen "harde" en "sagte" militêre teikens sou verdwyn,[75] sowel as die organisasie se verbintenis om apartheid *"unworkable"* en die land *"ungovernable"* te maak,[76] het prominensie geniet.

Die ANC se strategiese doelwit met die rewolusie teen blanke oorheersing in Suid-Afrika is progressief na aanleiding van gebeure in Suid- en Suider-Afrika aangepas en verfyn. As vertrekpunt het Sechaba dit gestel dat *"(T)he ANC was conceived as a regional union of anti-colonial forces and had a distinctly continental perspective".*[77] Die grondwet van die organisasie wat in 1958 opgestel is, sowel as die ANC se "Programme of Action" wat in 1949

73. *Sechaba, July 1969, pp2-3; Sechaba, January 1970, p5; Sechaba, March 1970, p3.*
74. *Sechaba, May 1975, pp6-7; pp11-12.*
75. *Sechaba, August 1985, pp1-2.*
76. *Ibid., p5.*
77. *Sechaba, February 1982, p4.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

aanvaar is en waarin die lang termyn strategiese doelwitte van die ANC uiteengesit is, het in dié opsig as oriëntasiepunte gedien. Kortliks het hierdie doelwitte neergekom op die strewe om alle swartes in Suid-Afrika teen onderdrukking te mobiliseer en te verenig, om die belange van swartes te bevorder, om algemene stemreg in 'n verenigde, demokratiese Suid-Afrika te verwerf en mee te werk om die ideaal van die totale bevryding van Afrika te laat realiseer.[78]

Die eerste vermelding van die doelwit met die rewolusie wat in Sechaba verskyn het, het in 1970 verskyn. In die September-uitgawe van daardie jaar is 'n toespraak van TX Makiwane, die destydse hoof van die ANC-afvaardiging by 'n kongres in Rome ter ondersteuning van die bevrydingstryd in die Portugese kolonies in Afrika, aangehaal waarin hy na aanleiding van 'n uitlating van Amilcar Cabral beweer het dat die ANC nie net daarna gestreef het om alle *"foreign troops"* uit Suid-Afrika te verdryf en om kolonialisme te beëindig nie, maar ook om die fondament vir die komende onafhanklikheid van Suid-Afrika te lê en die ekonomiese, sosiale en kulturele bevryding van swartes te bespoedig.[79] In daaropvolgende jare is hierdie doelwitformulering slegs aangepas. Daar is daarop gewys dat die ANC 'n swart nasionalistiese organisasie was en as sodanig die totale bevryding van Afrika van *"international reaction and militarism"* as sekondêre oorweging gehad het.[80] Na die onafhanklikheidswording van die Portugese kolonies het laasgenoemde kwalifisering 'n spesiale betekenis verwerf, deurdat aangedui kon word dat die geskiedenis aan die ANC die *"glorious and noble"* taak toevertrou het om Suid-Afrika te bevry - 'n staat wat as die laaste bastion van rassiste, imperialiste, kapitaliste en teen-rewolusionêres in Afrika beskryf is.[81]

Dit sou eers na 1976 en die inspuiting van 'n vloedgolf nuwe lede en nuwe idees wees dat die ANC sy strategiese doelwit nader sou kon - of wou - omskryf. In 'n toespraak voor die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 26 Oktober 1976, het Oliver Tambo dit duidelik gestel dat die

78. *Sechaba, January 1979, p12; Sechaba, October 1982, pp12-13.*
79. *Sechaba, September 1972, p11.*
80. *Sechaba, May 1972, p9.*
81. *Sechaba, May 1975, p6.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

ANC, as verteenwoordiger van die gekoloniseerde mense van Suid-Afrika, hom die reg toegeëien het om dié land volgens beginsels wat deur die ANC neergelê is, te bevry. Daarom kon Tambo namens die ANC as volg verklaar: *"We fight to transfer political power into the hands of the people."*[82] Gedurende 1978 het 'n bydraer tot Sechaba in 'n resensie oor 'n aantal boeke wat oor die Swart Bewussynsleier, Steve Biko, gehandel het, 'n veel omvattender omskrywing van die ANC se strategiese doelwit verskaf: *"Our strategic goal is seizure of power and forceable transfer of power from the fascist, racist minority into the hands of the democratic majority and the creation of a people's democracy which means and presupposes the all round defeat of the racist, colonialist regime..."*[83]

Gedurende die periode wat tussen die formulering van hierdie doelwit en 1989 verloop het, het dit in Sechaba slegs enkele aanpassings ondergaan. Eerstens is klem daarop gelê dat die politieke bevryding van swartes noodwendig ook met ekonomiese bevryding gepaard moes gaan - 'n situasie wat 'n herverdeling van rykdom impliseer het.[84] Tweedens is aangedui dat die ANC se stryd deel van 'n breër internasionale veldtog teen *"the dark forces of imperialist domination over the world"* was.[85] Derdens is daar gedurende die tagtigerjare groter klem gelê op die feit dat dit waarna die ANC gestreef het, naamlik nasionale bevryding en gelyke regte, slegs die eerste stap op pad na 'n sosialistiese rewolusie en 'n klaslose gemeenskap was. Dit is gestel dat die twee rewolusies *"are as closely knit as Siamese twins. To separate them would need a surgical operation which might kill or cripple both."*[86] Die erkenning van hierdie feit het volgens Mzala, wat gedurende die tagtigerjare 'n gereelde bydraer tot Sechaba was, die korrektheid van die KPSA se sogenaamde "swart republiek"-teorie bewys. Ingevolge daardie teorie sou die vestiging van 'n "swart republiek" die eerste stap op die weg na 'n uiteindelike sosialistiese staatsbestel in Suid-Afrika wees.[87] Mzala het voorts daarop aanspraak gemaak dat die ANC se strategiese doelwit enige onduidelikhede oor presies wat met die rewolusie beoog is, uit die weg

---

*82. Sechaba, Second Quarter 1977, p16.*
*83. Sechaba, Third Quarter 1978, pp58-59.*
*84. Sechaba, September 1981, p6.*
*85. Sechaba, February 1982, p6.*
*86. Sechaba, June 1985, p8.*
*87. Sechaba, October 1985, p25.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

geruim het. Die organisasie het nie bloot daarna gestreef om deur middel van die stryd genoeg druk op die Regering te plaas om hom na die onderhandelingstafel te dwing nie, maar om 'n totale oordrag van mag te bewerkstellig.[88] Hierdie standpunte het, volgens 'n NUK-verklaring oor die toestand in Suid-Afrika teen November 1989, steeds die ANC se strategiese doelwit verteenwoordig.[89]

Die ANC het in 1912 as 'n swart nasionalistiese organisasie tot stand gekom. Teen 1973 het hierdie verbintenis tot swart nasionalisme steeds 'n ere-plek in die organisasie se ideologiese raamwerk beklee en kon 'n leser van Sechaba in 'n brief konstateer dat *"(T)he (ANC) is an African nationalist organisation dedicated to the cause of African liberation and the ultimate destruction of apartheid slavery and the evil forces of white occupation of our country"*.[90] Die plek wat swart nasionalisme in die stryd teen blanke oorheersing vervul het, sou egter na 1978 voortdurend onder die loep geplaas word - veral wat die plek daarvan in verhouding tot minderhede in Suid-Afrika se nasionale gevoelens teenoor die ANC se rol as "medewerker in die internasionale stryd teen kapitalisme" betref het.[91] In Sechaba is dit duidelik gestel dat swart nasionalisme steeds die dryfkrag agter die bevrydingstryd gebly het, veral wat die eerste fase van die twee-fase rewolusie betref het. Daar sou egter deurentyd gewaak moes word teen wat Sechaba die *"reformist trend"* in swart nasionalisme genoem het, naamlik daardie standpunt wat deur organisasies soos die PAC gepropageer is en eksklusiwiteit en nie eenheid nie in die hand gewerk het.[92] Die sogenaamde *"healthy trend"* in swart nasionalisme is na bewering deur die ANC verteenwoordig, *"a healthy nationalism which is directed against national oppresion and racism for national independence"*.[93] As sodanig sou dit nie met die heengaan van apartheid verdwyn nie maar altyd (hoewel in 'n ander vorm) bly voortbestaan.

Die swart nasionalisme wat deur ANC-leiers, waaronder Albert Lutuli nagestreef is, het dit ten doel gehad om alle mense in Suid-Afrika rondom

88. *Sechaba, August 1989, p24.*
89. *Sechaba, November 1989, p4.*
90. *Sechaba, October - December 1973, p54.*
91. *Sechaba, Third Quarter 1978, p6.*
92. *Sechaba, November 1980, p5.*
93. *Ibid.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die beginsels van vryheid en eenheid in een land te verenig.[94] Dit kon dus beskryf word as *"exactly the renunciation of black racialism"*.[95] Dit het mettertyd een van die fondamente van ANC-beleid geword en die "vyande" van die organisasie is as gevolg hiervan aan die idees wat verkondig is uitgeken en nie aan hulle velkleur nie.[96] Hierdie nasionalisme is, veral in die tagtigerjare, in Sechaba met 'n "rewolusionêre" karakter beklee.[97] Daar is in dié verband aangedui dat moderne swart nasionalisme en sosialisme op ongeveer dieselfde tydstip in Suid-Afrika ontwikkel het en in 1928 in die KPSA se "swart republiek"-teorie vir die eerste keer in verhouding tot mekaar gestel is.[98] Die kruisbestuiwing wat as gevolg hiervan plaasgevind het, het volgens Thomazile Botha van die ANC tot die groei van klassebewustheid en die gepaardgaande afswering van eng etniesgebonde nasionalisme in Suid-Afrika gelei.[99]

Omdat die ANC homself as die draer van die swart nasionalistiese vaandel beskou het, kon verwag word dat hy 'n hoë premie op die skep van eenheid van die onderdruktes, met homself as leier, sou plaas. Hoewel verwysings hierna in Sechaba tot 1967 teruggespeur kan word,[100] het die ANC eers gedurende die tagtigerjare in alle erns 'n propagandaveldtog in dié verband geloods. Uit Sechaba blyk dit dat met "eenheid" enersyds bedoel is dat die ANC as 'n eenheid en eendragtig moes optree maar ook, andersyds, dat eenheid met ander organisasies wat hulle met die bevrydingstryd geïdentifiseer het, nagestreef moes word.[101]

Wat die eerste tipe eenheid betref, is dit gestel dat die Regering gepoog het om verdeeldheid in ANC-geledere te kweek en dat die organisasie dus teen *"an ideological trend contrary to the interests of genuine liberation"* moes bly waak.[102] Dit het egter nie beteken dat nuwe idees summier as teen-

---

*94. Sechaba, November 1982, p26.*
*95. Sechaba, December 1982, p13.*
*96. Sechaba, October 1986, p25.*
*97. Sechaba, April 1981, p25.*
*98. Sechaba, December 1982, pp21, 26.*
*99. Sechaba, November 1987, p14 (Onderhoud met Thomazile Botha, ANC/UDF-aktivis.)*
*100. Sechaba, March 1967, pp10-11 (Haal uit 'n redaksionele kommentaar van Mayibuye aan.)*
*101. Sechaba, February 1987, p8.*
*102. Sechaba, August 1985, p30.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

rewolusionêr afgemaak kon word nie, maar dat verskille deur openbare debattering, soos dit na bewering deur Sechaba bevorder is, bespreek en leiding op 'n duidelike wyse gebied moes word.[103] Hierdie toedrag van sake is as een van die kenmerke van en redes vir die ANC se voortbestaan bestempel.[104]

Sover dit die tweede tipe eenheid, naamlik tussen organisasies wat teen die blanke minderheidsregering geveg het, betref het, het die ANC van die standpunt uitgegaan dat dit 'n lofwaardige ideaal was, *"but that it is politically dangerous to adopt an attitude which suggests that unity must be established at any price. It...must out of necessity have a definite political basis."*[105] Dit het nie net 'n verbintenis tot die omverwerping van die blanke bewind in Suid-Afrika geïmpliseer nie, maar ook 'n aanvaarding van die basiese ideologiese riglyne van die ANC soos dit in die Freedom Charter uiteengesit is. Hoewel ANC-leiers soos Oliver Tambo by geleentheid beweer het dat nie van mede-bevrydingsbewegings verwag is om die Freedom Charter te ondersteun as 'n vereiste vir samewerking met die ANC nie,[106] het die praktyk die teendeel bewys. Samewerking met die PAC en BCMA is onder meer in Sechaba as onmoontlik beskryf weens dié organisasies se ideologiese standpunte en verklaarde anti-Freedom Charter sentimente.[107] 'n Lewendige debat oor hierdie onderwerp, of te wel *"unity of action"*, het gedurende 1981-82 in Sechaba gewoed.[108] Die stigting van die United Democratic Front (UDF) gedurende Augustus 1983[109] kan in hierdie verband beskou word as 'n poging deur ANC-georiënteerde indiwidue en organisasies om konkrete beslag aan die beginsel van *"unity in action"* te gee. Tydens die stigting van die UDF is dié beginsel dan ook herbevestig toe aangedui is dat 'n politieke program, soos die Freedom Charter, om die lede van 'n front of alliansie saam te snoer, die minimum vereiste was wat die lede daarvan moes aanvaar

---

*103. Sechaba, June 1981, p26.*
*104. Sechaba, January 1987, pp1-2.*
*105. Sechaba, March 1980, p20.*
*106. Sechaba, August 1985, p11.*
*107. Sechaba, June 1985, p9.*
*108. Briewe deur "GJ", Sechaba, April 1981, pp25-27, en "ANC Unit - Western Cape", Sechaba, June 1982, pp31-32, is enkele voorbeelde hiervan.*
*109. B Lapping: Apartheid. A history, pp171-172.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

- *"irrespective of their ideological stand".*[110] Hoewel die ANC van die voordele van eenheid en 'n breë anti-apartheidsfront bewus was, omdat daar dan meer mense by die stryd betrek sou kon word en die steunbasis van die Regering verklein kon word,[111] was die organisasie nie te vinde vir eenheid ten alle koste nie. Dié benadering het die ANC binnelandse en internasionale kritiek op die hals gehaal.

Alvorens aan die ANC se rewolusionêre beleid, sowel as die manifestasie daarvan aandag gegee word, is dit nodig om daarop te wys dat daar in ANC-geledere met verloop van tyd duidelik geformuleerde teoretiese vertrekpunte geïdentifiseer is waarop die rewolusie wat geloods is, gebaseer sou word. Dit is naamlik herbevestig dat die doel van enige rewolusie, wat noodwendig en per definisie 'n totale verandering van die status quo impliseer, die oorname van mag behels het en dat die ANC as 'n rewolusionêre beweging in sy program van aksie aan die mense van Suid-Afrika moes verduidelik hoe dié mag aangewend sou word.[112] As voorvereiste vir die aanpak van die "finale fase" van die rewolusie het Arnold Selby gedurende 1984 in 'n brief aan Sechaba die situasie in Suid-Afrika ontleed. Sy gevolgtrekking was dat die volgende as vertrekpunte vir die rewolusie, wat in 1961 'n rewolusionêre fase binnegegaan het, gedien het en moes dien, naamlik dat daar nog nie 'n Suid-Afrikaanse nasie bestaan het nie; dat die kleurling-, swart- en Indiërgemeenskappe onderdruk is deur 'n blanke minderheid; dat die kleurling-, Indiër- en blanke gemeenskappe uit 'n aantal nasionaliteite en etniese komponente bestaan het; dat die sleutel tot die oplossing van die land se probleme in die nasionale bevryding van die swartes gelê het en dat laasgenoemde die proses van nasiebou aan die gang sou sit.[113] Die taak van die ANC in hierdie proses sou, aldus 'n brief aan die redakteur van Sechaba wees om sy eie steunbasis ideologies te skool en die massa polities op te voed en te mobiliseer: *"It is in the development of the ideological base of the organisation, and the strengthening of their commonality of purpose, that the Democratic Collective decision making process comes into its own."*[114]

---

*110. Sechaba, May 1987, p5.*
*111. Sechaba, January 1989, p24.*
*112. Sechaba, October 1982, p11.*
*113. Sechaba, September 1984, p27.*
*114. Sechaba, March 1980, p20.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die ANC se rewolusionêre optrede sedert 1967 behoort met inagneming van hierdie basiese vertrekpunte bestudeer te word.

As amptelike mondstuk van die ANC, is Sechaba onder meer met die taak toevertrou om die lede en simpatiseerdes van die organisasie ingelig te hou wat die ontplooiing van die ANC se denke en strategie oor die bevryding van Suid-Afrika betref. Ter aanvang is dit dus in Sechaba gestel dat die ANC met die verantwoordelikheid beklee was om die rewolusie in die land te lei. Dit is aanvaar dat geen rewolusie spontaan plaasvind nie, maar die resultaat van deeglike beplanning, kreatiewe leiding en sinvolle koördinasie van wyduiteenlopende aktiwiteite is. Dit ANC is as die enigste organisasie wat aan al hierdie vereistes voldoen het, voorgehou.[115] Dit is verder as 'n feit aanvaar dat Suid-Afrika in 'n gebied geleë was wat teen 1969 nog nie van kolonialisme bevry was nie en dat nasionale bevryding dus die hoofkomponent van die bevrydingstryd moes verteenwoordig. As sodanig het die ANC se stryd bloot 'n voortsetting van verset teen koloniale besetting behels[116] en kon verwag word dat dit 'n uitgerekte oorlog tot gevolg sou hê. Dit het die ANC nie bekommer nie, want *"(t)he fundamental and decisive factor to bear in mind is that the national liberation movement is historically and socially a progressive force fighting for a better life for the people".*[117]

Volgens sy eie oordeel, asook dié van Sechaba, het die ANC weens sy aanvaarding van die leierskap van die rewolusie 'n aantal take gehad. Dit het ingesluit die vermoë om die rewolusionêre situasie in Suid-Afrika voortdurend op te som en die ANC se eie strategie ooreenkomstig aan te pas;[118] om al die organisasies en alle indiwidue in Suid-Afrika onder sy leiding te verenig;[119] om toe te sien dat sy leierskap, hoewel vanuit die buiteland, op die behoeftes van die mense in Suid-Afrika afgespits bly,[120] en dat verseker moes word dat die oorhoofse doel van die stryd, die nasionale bevryding van die swart meerderheid, nooit uit die oog verloor word nie. *"The ANC is irrevocably committed to the struggle of the people to win (their) just*

---

*115. Sechaba, December 1971/January 1972, p24.*
*116. Sechaba, July 1969, pp16-17.*
*117. Sechaba, December 1969, p6.*
*118. Sechaba, July 1969, p21.*
*119. Sechaba, December 1969, pp6, 8.*
*120. Sechaba, September 1971, p6.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*demands but recognise that they must be fought for and won in the context of the fundamental struggle for the transfer of political power to the African majority."*[121]

Dit spreek uit hierdie standpunte, sowel as die volgende opsommende aanhaling uit Sechaba, dat die ANC in die periode voor 1976 'n duidelike beeld gehad het van wat met die "bevrydingstryd" beoog is: *"Our revolution will completely destroy the old state machine in all spheres from bottom to top. The new masters for the new state machine will be drawn from the masses."*[122]

Die gebeure van 1976 het egter 'n nuwe era ingelui en het nuwe, of ten minste aangepaste strategieë vereis. Hierdie feit is tydens 'n NUK-vergadering van die ANC gedurende Julie 1977 onderstreep toe aangedui is dat die organisasie met hernude hoop, ywer, vasberadenheid en selfvertroue vervul is *"under these new conditions of the 'post-Soweto period'..."*[123] Ter aansluiting hierby is dit bekend dat daar byna aksiomaties in versetliteratuur aanvaar word dat die belangrikste gevolg van die gebeure in Soweto en elders gedurende 1976 was dat swartes begin glo het dat alle elemente van blanke oorheersing weggevee kon word - soos dit die geval in die voormalige Portugese kolonies was. Die enigste "vereiste" waaraan voldoen moes word, so is geglo, was om swart eenheid te bewerkstellig.[124] Meer spesifiek is in Sechaba aanvaar dat Soweto *"was indeed to fuel the rehabilitation of the African National Congress"*.[125]

Die gebeure van 1976 is egter eers in 1988 deur Ben Magubane in Sechaba probeer ontleed ten einde dit in 'n ideologiese konteks te probeer plaas. Volgens Magubane was die onluste die gevolg van strukturele ekonomiese wanbalanse en die groei van 'n klassebewustheid in Suid-Afrika. Slegs 'n *"triggering event"* was nodig om die *"social stability or...the social order"* se voortbestaan in die gedrang te bring.[126] Hierdie tipe ontleding was egter die

---

*121. Sechaba, December 1971/January 1972, p20.*
*122. Sechaba, February 1972, p21.*
*123. Sechaba, First Quarter 1978, p1.*
*124. P Colligan: Soweto remembered..., pxiii.*
*125. SM Davis: Apartheid's rebels..., p28.*
*126. Sechaba, June 1988, pp22-23.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

uitsondering. Sechaba en die ANC het die gebeure van 1976 hoofsaaklik benut en nie veel tyd aan 'n verklaring daarvoor afgestaan nie.

Die eerste ongeveer ses jaar na 1976 (tot 1982) het 'n herbesinning deur die ANC van die metodes om die organisasie se strategiese doelwit te laat realiseer, opgelewer. Die strategiese doelwit het onveranderd gebly en het gelui dat *"power to the people is what the struggle is about".*[127] Groter klem is egter gedurende dié tydperk op die klasgefundeerdheid van die rewolusie gelê. Ene Themba Elisha het dit uit Algiers (Algerië) in 'n brief aan Sechaba gestel dat *"(W)e can not have national independence without overthrowing the capitalist nature of our oppression. Consequently, the demise of capitalism presupposes the class struggle and results in a classless society."*[128] Hierin is Elisha deur nog 'n korrespondent ("MK Cadre") gesteun, wat aangevoer het dat die ANC se stryd plaasgevind het in 'n dinamiese periode van die wêreldgeskiedenis - 'n epog wat deur die oorgang van kapitalisme na sosialisme en die voltrekking van sosialistiese rewolusies na afloop van nasionale bevryding gekenmerk is.[129]

In 'n "Discussion Article" wat in die Oktober 1982 uitgawe van Sechaba verskyn het, het ene "BN" dit gestel dat die organisasie politieke en ideologiese sekerheid moes verwerf ten einde te verseker dat die korrekte rewolusionêre strategie gevolg word.[130] Volgens hom het die ANC se rewolusie op die *"twin pillars"* van politieke en ekonomiese emansipasie berus en dat dit dus 'n *"People's revolution, for, by, and on behalf of the people"* was.[131] Hoewel daar voorheen in Sechaba oor die alternatiewe ter bereiking van die *"seizure of power"* gedebatteer was,[132] kan "BN" se artikel as die inleiding tot 'n intensiewe debat oor die onderwerp, wat tot 1989 gewoed het, beskou word. Die kruks van die debat het die potensiaal van onderhandeling of gesprekvoering om 'n skikking met die Regering te bereik, (ter vervanging van, of komplementerend tot die gewapende aanslag) behels.

---

*127. Sechaba, November 1979, p7.*
*128. Sechaba, September 1979, p27.*
*129. Sechaba, May 1982, p10.*
*130. Sechaba, October 1982, p12.*
*131. Ibid., p16.*
*132. Sechaba, November 1979, p7 (Onderhoud met Shun Chetty, 'n swart prokureur in ballingskap.)*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

As sodanig word dit hier ter illustrasie van die aanwending van Sechaba deur die ANC as forum vir debatvoering en politieke opvoeding voorgehou.

Vroeg in 1984 het die eerste skote in die debat geklap: Arnold Selby het dit in 'n brief aan die redakteur gestel dat die ANC se strategiese doelwit, volgens Selby se oordeel, die totale verwoesting van die Suid-Afrikaanse staat veronderstel het.[133] In sy nuwejaarsboodskap vir 1984, het Oliver Tambo 'n soortgelyke onversetlike anti-skikkingshouding ingeneem toe hy opgemerk het dat alle rewolusies verkryging van mag ten doel het en dat die ANC dit slegs sou kon vermag deur die apartheidstaat in sy geheel te vernietig.[134] Gedurende 1985 is die debat deur Mzala en Joe Slovo voortgesit. Mzala het daarop gewys dat die ANC die onmiddellike omverwerping van die Regering geëis het en dat *"this implies that the racist state should be overthrown and the old colonial relationships abolished"*.[135] Slovo het tydens die tweede "Ruth First-gedenklesing" (wat op 2 April 1984 in Maputu ter nagedagtenis aan die sluipmoord op sy vrou plaasgevind het) dieselfde mening gehuldig. Hy het tydens hierdie geleentheid die SAKP se standpunt herbevestig dat Suid-Afrika gely het onder *"colonialism of a special type"*,[136] 'n toestand wat slegs deur middel van 'n "vryheidsoorlog" onder leiding van die ANC en sy alliansievennote herstel kon word en waarin onderhandeling geen plek verdien het nie.

Die enigste stem wat gedurende dié tydperk 'n ander mening as dat slegs 'n volskaalse oorlog bevryding sou bring, gehandhaaf het, het in April 1985 in 'n "Discussion Article" van Alex Mashinini opgeklink. Volgens Mashinini moes die rol van die massa, wat deur middel van 'n insurreksie en die stigting van "People's Committees" tot hul eie bevryding sou bydra, nie genegeer word nie.[137] Soos weldra aangedui sal word, het Mashinini sy standpunt later verder aangepas en hom sodoende die gramskap van meer radikale ANC-lede op die hals gehaal. Reeds in Oktober 1986 en Junie 1987 respektiewelik het

---

*133. Sechaba, February 1984, p29.*
*134. Sechaba, March 1984, p4.*
*135. Sechaba, January 1985, p24 ("Discussion Article", deur Mzala.)*
*136. Sechaba, February 1985, pp8-10.*
*137. Sechaba, April 1985, pp26-29.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

"Mahofisi"[138] en Mzala[139] deur middel van "Discussion Articles" standpunte gestel wat slegs as meer en meer radikaal en pro-geweld geïnterperteer kon word.

Na die verskyning van 'n "Discussion Article" deur Brenda Stalker gedurende November 1987, is die debat met hernude geesdrif aangepak. Stalker het naamlik aangevoer dat dit foutief sou wees, gesien uit beide 'n teoretiese en politieke oogpunt, *"to counterpose 'talks' and 'conquering of state power'"*.[140] In daaropvolgende "Discussion Articles" het sy bygevoeg dat die debat in ANC-geledere oor die spesifieke wyse waarop mag bekom moes word, wat in 1983 begin en deur die besluite van die Kabwe-konferensie van Junie 1985 onderskraag is, prioriteit in die strategiese denke van die organisasie geniet het, maar dat dit die moontlikheid van 'n onderhandelde skikking op die agtergrond gelaat het.[141] Stalker is deur Alex Mashinini ondersteun, wat spesifiek op die moontlikheid van *"partial victories"* ter fasilitering van 'n gefaseerde realisering van die ANC se strategiese doelwit gewys het.[142] Hulle is egter deur 'n aantal (ooglopend) radikale ANC-lede in "Discussion Articles" oor hulle standpunt gepak.

Thando Zuma het Stalker daarop gewys dat enige aanpassing in die ANC se strategie die strategiese doelwit van die organisasie sou aantas.[143] *"The perspective and slogan of People's War must govern our thinking in order to avoid getting bogged down in what are clearly reformist fantasies about 'genuine political solutions'..."*[144] In hulle kritiek op Mashinini, het Sizwe Mkhwanazi en Neil Zumana dieselfde tipe argumente opgehaal: Mkhwanazi het daarop gewys dat die ANC nie die gewapende stryd gevoer het om die Regering (die vyand) na die onderhandelingstafel te dwing nie, maar om 'n

---

*138. Sechaba, October 1986, pp24-25.*
*139. Sechaba, June 1987, p4.*
*140. Sechaba, November 1987, p18.*
*141. Sechaba, November 1984, pp18-19; Sechaba, May 1988, p26.*
*142. Sechaba, August 1988, p27.*
*143. Sechaba, February 1988, pp10-11.*
*144. Sechaba, June 1988, p12.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

magsoorname te bewerkstellig,[145] terwyl Zumana van oordeel was dat *"we have no reason to settle for partial victories"*.[146]

Deur middel van 'n "Discussion Article" wat in die September 1988-uitgawe van Sechaba verskyn het, het ook Ronnie Kasrils tot die debat bygedra. Kasrils het 'n bykans allesoorheersende klem op die rol van MK in die stryd geplaas.[147] Hoewel die strekking van Kasrils se argumente deur ene "Theresa" as deurspek met 'n *"militarist tendency"* beskryf is,[148] is die aantal "Discussion Articles" waarin Kasrils se pro-geweld en anti-onderhandelingstandpunte ondersteun is,[149] 'n aanduiding van wye steun daarvoor in ANC-geledere teen 1989.

Teen Augustus 1989 was dit uit 'n ANC-oogpunt duidelik dat die debat 'n dooie punt bereik het en is besluit om dit te beëindig.[150] Kasrils is om dié rede en waarskynlik uit hoofde van sy senior posisie in die ANC, die geleentheid gegun om die debat op te som en te evalueer. Hoewel Kasrils die moontlikheid van 'n onderhandelde skikking nie totaal verwerp het nie, het hy dit gestel dat dit slegs as 'n resultaat van die gewapende stryd sou kon realiseer. *"If the enemy finds itself with little option but to negotiate...the surest guarantee against a compromise detrimental to the people's interests will be the existence and pressure of the revolutionary army."*[151] Dit is hiervolgens duidelik dat die pro-geweld groepering die debat "gewen" het. Op hierdie noot is dit afgesluit.

Die ANC kon met reg daarop aanspraak gemaak het dat die resultaat van sy politieke beïnvloedings- en opvoedingsproses, wat deur onder meer Sechaba behartig is, in die toekomsvisie van sy lede neerslag gevind het. Uitsprake soos dit in Sechaba vervat is, staaf hierdie aanspraak. Indien 'n aanhaling van

---

*145. Sechaba, January 1989, p23.*
*146. Sechaba, April 1989, p29.*
*147. Sechaba, September 1988, pp4-5 en p8.*
*148. Sechaba, January 1989, p27.*
*149. Sechaba, March 1989, pp22-24, ("Discussion Article" deur Teboga Kgope); Sechaba, June 1989, pp18-21, ("Discussion Article" deur Tsepo Nare); Sechaba, June 1989, pp11-18, ("Discussion Article" deur Mzala).*
*150. Persoonlike mededeling deur Selby Msimang, voormalige redakteur van Sechaba, 1991/02/18.*
*151. Sechaba, August 1989, p29.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Albert Lutuli, wat in die Junie 1967 uitgawe van Sechaba verskyn het, as barometer van ANC-denke oor die ideale resultaat van die stryd met uitsprake gedurende die tagtigerjare vergelyk word, blyk die ontwikkeling wat onder die organisasie se lede plaasgevind het duidelik. Lutuli het in terme van liberale tydgenootlike denke geredeneer en gedroom van 'n kleurblinde Suid-Afrika wat 'n tuiste aan al sy inwoners sou bied.[152] Dié situasie sou volgens die ANC deur middel van 'n "Nasionale Konvensie", waarop al die inwoners van die land proporsioneel verteenwoordig is, bereik kon word.[153]

ANC-lede het teen die tagtigerjare, in ooreenstemming met die ontwikkeling en radikalisering van die organisasie se ideologiese standpunte, 'n minder tegemoetkomende houding ten opsigte van 'n bevryde Suid-Afrika ingeneem. Daar is onder meer voorbrand gemaak vir 'n verhoor soortgelyk aan die Neurenberg-verhore, om "misdade teen die mensdom", waaraan aanhangers van apartheid na bewering skuldig was, te straf.[154] Verder het Mzala in 'n "Discussion Article" 'n fyn uitgewerkte plan, geskoei op die voorbeeld van die Russiese rewolusie, voorgehou waarvolgens die suksesvolle afloop van die rewolusie deur die instelling van 'n "People's Assembly" gevolg sou word.[155] Die toekomsmissie van die ANC as geheel is egter volgens sy eie oordeel bevredigend deur die Freedom Charter en die sogenaamde "Constitutional Guidelines" van 1988 - wat weldra onder die loep kom - verwoord.[156]

Om die implementering van sy toekomsvisie vir Suid-Afrika te fasiliteer, het die ANC sekere strategieë en metodes toegepas en onder andere in Sechaba gepropageer. Een van hierdie strategieë het as die "dual power"-strategie bekend geword. Reeds gedurende 1982 het Alfred Nzo daarop aanspraak gemaak dat die ANC en sy wettige binnelandse manifestasies as 'n alternatiewe mag en vorm van gesag deur die meerderheid mense in die land erken is.[157] In een van sy "Discussion Articles" wat in die April 1985 uitgawe van Sechaba verskyn het, het Alex Mashinini egter vir die eerste

---

*152. Sechaba, June 1967, p13.*
*153. Sechaba, December 1971/January 1972, pp33-34.*
*154. Sechaba, February 1982, pp28-29; Sechaba, July 1984, pp30-31.*
*155. Sechaba, January 1985, pp23-25.*
*156. Sechaba, December 1989, p29.*
*157. Sechaba, October 1982, p4.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

keer die "dual power"-strategie beskryf. Hiervolgens was dit 'n praktiese uitvloeisel van die ANC se verklaarde beleid om apartheid onwerkbaar en die land onregeerbaar te maak. Vir hierdie doel is bestaande stelsels en instellings, soos die ongewilde swart plaaslike owerhede, ondermyn ten einde hulle te vernietig en met "populêre, massagebaseerde liggame" vervang. Die doel was die vestiging van sogenaamde *"no-go-areas"*, waar regeringsondersteuners en -organe dit nie sou waag of sou kon bestaan nie. Die Regering sou dus, volgens ANC-beplanning, mettertyd irrelevant in die oë van die burgery geword het.[158] *"First and foremost, this development signifies the emergence, still embryonic, still incipient, of organs of self-government and popular power."*[159]

In sy nuwejaarsboodskap vir 1986 kon Oliver Tambo die eerste keer amptelik van die bestaan van "dual power"-strukture melding maak en opdrag gee dat die invloed daarvan uitgebrei moes word.[160] In reaksie op Mashinini se April 1985-artikel, waarna hierbo verwys is, het Mzala in die September 1986 uitgawe van Sechaba Tambo ondersteun en vir Mashinini daarop gewys dat "dual power"-strukture reeds 'n gegewe in die land was. Die fokus van dié strukture se optrede moes egter, aldus Mzala, verskuif word van optrede teen owerheidstrukture na die skepping van selfstandige administratiewe en politieke instellings.[161] *"The organs of people's power...should be regarded as historically inevitable, as they are clearly destined to be the embryos of our future democratic state."*[162] Hierdie ontwikkeling is later deur beide Mashinini[163] en Ben Magubane[164] erken en bestempel as die grootste uitdaging wat sedert 1948 aan die blanke heersers gestel is. Die taak van die ANC in die negentigs sou, volgens Oliver Tambo in sy nuwejaarsboodskap vir 1989, wees om toe te sien dat die ANC se beeld as alternatiewe mag, wat deur "dual power"-strukture gerugsteun word, verder uitgebou word.[165]

---

*158. Sechaba, April 1985, pp27-28.*
*159. Ibid., p28.*
*160. Sechaba, March 1986, p9.*
*161. Sechaba, September 1986, p10.*
*162. Ibid., p13.*
*163. Sechaba, May 1987, p3.*
*164. Sechaba, June 1988, p28.*
*165. Sechaba, February 1989, p11.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n Volgende metode wat deur die ANC toegepas is ten einde 'n magsoorname te laat realiseer en wat reeds sydelings aangeraak is, was die gewapende stryd. As 'n rewolusionêre organisasie het die ANC die beginsel wat deur die militêre strateeg, Clausewitz, geformuleer is, naamlik dat *"armed struggle (war) is...a continuation of...politics by violent means"*, onderskryf.[166] Voorts is dit sedert 1961, met die stigting van Umkhonto we Sizwe, duidelik gestel dat die ANC deur die Regering tot gewelddadige optrede gedwing is. Hierdie argument is as volg in Sechaba geregverdig: Nie net is alle vreedsame weë ter aanspreking van die lot van swartes deur opeenvolgende blanke regerings afgesny nie,[167] maar is die land oorspronklik deur blanke setlaars deur middel van die gebruik van geweld in besit geneem en is dieselfde metodes aangewend om besit daarvan te behou.[168] Laasgenoemde verteenwoodig 'n klassieke geval waar Sechaba sy propagandafunksie vervul het deur die geskiedenis aan te pas met die doel om 'n argument te ondersteun. Sodanige subjektief-vertolkde of selfs verdraaide feite is dan aan sy lesers as die waarheid uit 'n ANC-perspektief voorgehou.

Tydens die ANC se Morogoro-konferensie gedurende 1969 is die rol wat die gewapende stryd in die strategie van die ANC sou speel, formeel gedefinieer. Hiervolgens was dié metode as die belangrikste wapen in die bevrydingsbeweging se arsenaal beskou en is voorsien dat dit in samehang met ander metodes, waaronder massaversetaksies, die oorname van mag teweeg sou bring.[169] Gedurende 1971 is hierdie argument selfs verder gevoer toe beweer is dat alle ander metodes slegs komplementêr tot die gewapende stryd sou wees.[170]

Gedurende die tagtigerjare is die ANC se gewapende stryd in Sechaba as 'n "geregverdigde oorlog" (*"just war"*) voorgehou op grond van die argument dat die organisasie deur middel van geweld daarna gestreef het om lyding te verlig, vrede te bewerkstellig en kwansuis geen ander keuse of manier van optrede gelaat is nie.[171] Dié tipe verontskuldiging is aangebied in reaksie op

---

*166. Sechaba, November 1986, p25.*
*167. Sechaba, September 1967, p10.*
*168. Sechaba, July 1969, p16.*
*169. Ibid., p4.*
*170. Sechaba, December 1971/January 1972, p20.*
*171. Sechaba, January 1985, pp19-20.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

die aandrang van veral Westerse lande dat die organisasie geweld moes afsweer en aan onderhandelinge met die Regering moes deelneem.[172] Verder het die ANC se houding jeens geweld teen die middel tagtigs nog in die teken van sy strategieverandering daarrondom wat in 1978 aanvaar is, gestaan. In daardie jaar het 'n ANC-afvaardiging Viëtnam besoek en onder die indruk gekom van die sukses wat aldaar met die strategie van 'n totale *"people's war"* behaal is. Daar is in reaksie hierop besluit dat die ANC met 'n veldtog sou begin om rewolusionêre basisse in die binneland te vestig, die bevolking te mobiliseer en die land onregeerbaar te maak ter voorbereiding van die finale gewelddadige fase.[173] Die implikasies van hierdie taktiese aanpassing is tydens die Kabwe-konferensie in 1985 bekragtig.[174]

Soos hierbo aangedui is, is daar teen die einde van die tagtigerjare 'n lewendige debat oor die meriete van die gewelddadige aanslag teenoor onderhandeling in Sechaba gevoer en is die pro-geweld groepering se siening van die verloop van die stryd oënskynlik as die mees realistiese aanvaar. Teen 1989 is die rol van MK dus steeds as deurslaggewend in die ANC se stryd beskou en is 'n stelling van Oliver Tambo wat reeds gedurende 1970 in Sechaba aangehaal is, ondersteun. Volgens Tambo het die stigting van MK die derde en finale fase in die bevryding van swartes ingelui, na die fases van koloniale besetting wat in 1652 'n aanvang geneem het en die optrede van die ANC tussen 1912 en 1961.[175]

'n Derde strategie wat deur ten minste 'n faksie van die ANC in Sechaba voorgehou is as 'n metode om magsoorname te bewerkstellig, was onderhandeling. Ook hierdie strategie is reeds hierbo sydelings belig. Sedert die ANC hom in die vroeë sestigs tot 'n rewolusionêre aanslag verbind het, tot die middel tagtigs toe die idee van onderhandeling as opsie weer sy verskyning gemaak het, was die ANC se posisie oor die onderwerp bykans onveranderd: *"There is no possibility of securing changes in our country except through revolution."*[176] Dié posisie is tydens die Kabwe-konferensie in 1985 herbevestig en is daar verder aangedui dat onderhandeling slegs oorweeg

---

172. *Sechaba*, *February 1985, p10.*
173. *Sechaba*, *January 1987, p22.*
174. *Sechaba*, *August 1985, pp1-2.*
175. *Sechaba*, *March 1970, p3.*
176. *Sechaba*, *December 1969, p8.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sou word indien dit tot die bereiking van die ANC se strategiese doelwit - die oorname van mag - kon bydra. Gegewe die Botha-regering se afwysende houding jeens die ANC is daardie moontlikheid, en daarmee saam die onderhandelingsopsie, verwerp.[177]

Namate die aandrang in onder andere Sechaba toegeneem het dat die ANC oor die onderhandelingsopsie moes herbesin, het die organisasie sy posisie daaroor duideliker begin formuleer. Dit is onder meer herbevestig dat die gewapende stryd steeds die sentrale posisie in die ANC se strategiese denke beklee het,[178] dat slegs vanaf 'n versterkte steunbasis binne Suid-Afrika onderhandel sou kon word (indien ooit)[179] en dat die ANC oortuig was dat geen regering vrywillig van sy mag sou afstand doen nie.[180] Teenargumente wat in hierdie verband vanuit die ANC se eie geledere geopper is om aan te dui waarom die organisasie behoort te onderhandel, is onder meer dat nie die ANC of die Regering sterk genoeg was om die ander totaal te vernietig nie[181] en dat onderhandeling as strategie net so rewolusionêr was as die strategie van gewelddadige verset wat vir bykans 28 jaar - sonder tasbare resultate - gevolg is.[182]

Ten slotte kan daar, sover dit onderhandeling as strategie betref, volstaan word met die opmerking dat die ANC teen 1989 steeds sy optrede op die bereiking van 'n totale magsoorname gerig het, maar dat hy terdeë bewus was van die internasionale en binnelandse druk op hom om onderhandeling as alternatief 'n regverdige kans te bied. Daarom is daar begin om voorbereidings in hierdie verband te tref - waarvan die opstel van die organisasie se grondwetlike riglyne in 1988 die beste voorbeeld was. Een van die grootste probleme waarmee die ANC - aldus Lodge - rondom onderhandeling gekonfronteer is, was dat dit al moeiliker geword het om tussen onderhandeling as 'n taktiese posisie en as 'n beginselaanpassing te

177. *Sechaba*, August 1985, pp23-24.
178. *Sechaba*, February 1988, p10.
179. *Sechaba*, May 1988, p26.
180. *Sechaba*, June 1988, p29.
181. *Sechaba*, August 1988, p27.
182. *Sechaba*, January 1989, pp29-30.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

onderskei.[183] Die uitklaring van hierdie dilemma sou later een van die ANC se grootste uitdagings verteenwoordig.

Om die plek van die bovermelde strategieë en metodes, sowel as ander strategieë soos die bevordering van die sanksieveldtog en Suid-Afrika se isolasie, in die ANC se optrede aan die lede van die organisasie te verduidelik, het die organisasie die sogenaamde *"four pillars of the revolution"*-teorie ontwikkel. Die vier *"pillars"* is vir die eerste keer formeel deur Oliver Tambo in sy nuwejaarsboodskap vir 1984 as volg beskryf: *"...first, the all-round vanguard activity of the underground structures of the ANC; second, the united mass action of the peoples; third, our armed offensive, spearheaded by Umkhonto we Sizwe; and fourth, the international drive to isolate the apartheid regime and win world-wide moral, political and material support for the struggle."*[184] In sy nuwejaarsboodskap vir die daaropvolgende jaar het hy die pilare as *"interlinked and mutually reinforcing elements"*[185] van die ANC se rewolusionêre aanslag beskryf. Teen 1989 is die vier elemente steeds as die organisasie se taktiese rigtingwysers erken.

Die alliansie tussen die ANC en die SAKP het onvermydelik die ANC se ideologiese uitkyk beïnvloed. 'n Ander faktor wat die organisasie se ideologiese groei tussen 1967 en 1989 beïnvloed het en in Sechaba weerspieël is, was die sosialistiese weg wat die meeste Afrikastate na hulle onafhanklikheidwording ingeslaan het. Veral Tanzanië se propagering van "Afrika-sosialisme" het byval in ANC-geledere gevind.[186] Hoewel die ANC ondanks die latere diskreditering van dié ideologie hom nooit daarvan gedistansieer het nie, het die organisasie se geesdrif daarvoor mettertyd merkbaar gedaal en het die invloed daarvan op die ANC insgelyks getaan. Die invloed van die Marxisties/Leninistiese SAKP op die ANC het daarteenoor progressief toegeneem.

---

*183. T Lodge: "State of exile: The African National Congress of South Africa", in P Frankel, N Pines and M Swilling (eds): State, resistance and change in South Africa, p245.*
*184. Sechaba, March 1984, p4.*
*185. Sechaba, March 1985, p9.*
*186. Sechaba, March 1967, p1; Sechaba, May 1967, pp10-12.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die groeiende invloed van die Marxistiese en kommunistiese ideologieë op die ANC, soos dit in Sechaba waarneembaar is, kan aan die hand van vyf aspekte belig word: Eerstens het die ANC met die verloop van tyd in die gebruik van Marxistiese (SAKP-) retoriek verval. Deur woorde en begrippe soos *"capitalist world"*, *"class struggles"*,[187] die beskrywing van Suid-Afrika as sou dit 'n *"colony of a special type"* wees,[188] die oorheersing van sogenaamde *"state monopoly capitalism"*[189] in die land en die strewe na 'n *"national democratic revolution"*[190] as eerste stap en ter bereiding van die weg na 'n tweede, sosialistiese, rewolusie te gebruik, het die ANC homself omvermydelik in 'n bepaalde ideologiese geselskap laat beweeg. Tweedens is daar deur onder meer Sechaba laat blyk dat die ANC die sogenaamde kommunistiese rewolusionêre teorie, soos dit die eerste keer tydens die Oktober-rewolusie van 1917 in Rusland toegepas is,[191] sowel as die verfyning deur die Komintern van dié strategie, wat in die KPSA se "swart republiek"-teorie vir Suid-Afrika uiting gevind het,[192] aanvaar en ondersteun het.

Derdens het ANC-afvaardigings by meer as een geleentheid die USSR op uitnodiging van daardie land se regering besoek. Voorbeelde was die nie-amptelike besoek reeds in 1927 van die destydse President-Generaal, Josiah Gumede en in 1974 van die toenmalige Sekretaris-Generaal, Alfred Nzo.[193] Sodanige besoeke is deur onder meer dankbetuigings vir die hulp wat aan die ANC gelewer is en lof vir die USSR se staatsbestel gekenmerk - gebeure wat noodwendig vrae oor die ANC se ideologiese voorkeure laat ontstaan het. Vierdens het die ANC gereeld met omsigtigheid probeer aantoon dat die alliansie tussen die ANC en die KPSA en later die SAKP nie 'n *"accident of history"* was nie maar die resultaat van 'n gemeenskaplike verbondenheid aan die ideaal om die status quo in Suid-Afrika omver te werp.[194] Voorts het die ANC, na die mening van lede van die organisasie soos dit in Sechaba gereflekteer is, die beleidstandpunte en ideologie wat die SAKP onderskryf

---

*187. Sechaba, June/July 1975, p24.*
*188. Sechaba, Third Quarter 1978, p4.*
*189. Sechaba, June 1985, pp7-8.*
*190. Sechaba, August 1985, p29.*
*191. Sechaba, June 1970, p22.*
*192. Sechaba, May 1988, p11.*
*193. Sechaba, February 1975, p14; Sechaba, December 1982, p20.*
*194. Sechaba, September 1981, p4.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

het, grootliks ondersteun,[195] terwyl die SAKP op sy beurt bereid was om die ANC se leiding in die stryd te erken.[196] Voeg hierby die feit dat ANC-leiers, waaronder Mandela tydens die Rivonia-verhoor, by herhaalde geleenthede daarop gewys het dat dit slegs die SAKP van al die groepe of partye in Suid-Afrika was wat sedert 1928 ongekwalifiseerde steun aan die ANC gebied het,[197] en dit is duidelik dat die ANC/SAKP-alliansie in die oë van politieke waarnemers soms na meer as 'n alliansie van gerieflikheid gelyk het maar wel die vorm van 'n enkele entiteit aangeneem het. Die oorvleuelende lidmaatskap tussen lede van die twee organisasies verdien ook vermelding in hierdie verband.

Vyfdens, en ten slotte, was die ANC vir die meeste van die hulp wat hy benodig het op die steun van die toenmalige Oosbloklande en die USSR aangewese en dié lande is as sodanig oor die algemeen as die natuurlike bondgenote van die organisasie beskou.[198] Dit het daartoe gelei dat die persepsie ontstaan het dat, om weereens uit Mandela se toespraak tydens die Rivonia-verhoor aan te haal, *"there are many Africans who, today, tend to equate freedom with communism"*.[199]

Die ANC was terdeë bewus van die beskuldigings dat hy 'n lakei van die USSR was.[200] As "verteenwoordiger van die mense van Suid-Afrika" het die ANC hom telkens verplig gevoel om op sodanige beskuldigings te reageer. Dit is onder meer gestel dat die beleid van die organisasie *"have never been, and will never be, determined by developments within the Soviet Union or any other country"*,[201] dat die ANC nog nooit voorgegee het om 'n sosialistiese party te wees nie[202] en dat swartes in Suid-Afrika nog altyd daarvan bewus was dat apartheid - en nie kommunisme nie - hul vyand was.[203] Dit is reeds gedurende 1969 deur Tennison Makiwane, wat destyds verbonde was aan die

---

*195. Sechaba, October 1985, p26.*
*196. Sechaba, August 1987, p24.*
*197. Sechaba, December 1982, p14.*
*198. Sechaba, May 1982, p10.*
*199. Sechaba, August 1981, p2.*
*200. Sechaba, October 1969. p10.*
*201. Sechaba, August 1989, p21.*
*202. Sechaba, July 1987, p11.*
*203. Sechaba, Third Quarter 1976, p26; Sechaba, August 1985, p32.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

ANC se "Department of Information and Publicity", gestel dat die organisasie 'n eie en selfstandige beleid gehad het wat in die Freedom Charter uiting gevind het: *"We have proclaimed it publicly, to the whole world. If this programme is communist - then, Sir, we pleed guilty: We are communists!"*[204] Die laaste argument wat deur die ANC aangewend is in 'n poging om homself van die kommunistiese albatros om sy nek te verlos, was om aan te dui dat die Regering bang was vir die "swart gevaar" en dat hierdie gevaar as selfs nog meer skrikwekkend voorgestel kon word indien dit met die "Rooi gevaar" gekoppel is.[205] Die ANC het daarom aangevoer dat die ANC se beweerde kommunistiese bande 'n verdigsel van die Suid-Afrikaanse regering se propagandamasjien was.

Die volgende aspek van die ANC se ideologiese selfbeeld wat onder die loep kom, is die propagering in onder andere Sechaba van die organisasie van homself as behorende tot die "internasionalistiese" komponent van wêreldpolitiek. Hoewel hierdie siening die ANC ook as 'n "kommunistiese" organisasie mag tipeer - die term "internasionalisme" het met verloop van tyd deel van kommunistiese retoriek geword - en as sodanig deel van die beredenering hierbo kon vorm, word dit afsonderlik bespreek omdat dit teen 1989 'n volwaardige onderafdeling van die ANC se strategiese en taktiese optrede verteenwoordig het.

Een van die bekendste slagspreuke wat sedert die stigting van die ANC 'n ereplek in die organisasie se ideologiese woordeskat ingeneem het, was *"Africa! Mayibuye!"* Deur middel van die slagspreuk het die ANC homself nie net tot die bevryding van Afrika verbind nie, maar volgens Sechaba ook *"with the struggles of the rest of humanity, both in Africa and abroad".*[206] Voorts is aanvaar dat die stryd vir Suid-Afrika, weens die land se strategiese ligging, noodwendig 'n internasionale karakter sou hê en dat die ANC met die strategiese belange van "imperialisme", wat Suid-Afrika as die sleutel tot Afrika en die bewaker van die Kaapse seeroete beskou het, rekening sou moes hou.[207]

---

*204. Sechaba, October 1969, p12.*
*205. Sechaba, August 1981, p1.*
*206. Sechaba, August 1984, p7.*
*207. Sechaba, December 1984, pp3-4.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die ANC is reeds gedurende 1953 by monde van Mandela tot die internasionale stryd teen die "imperialisme en onderdrukking" van die Westerse moondhede - onder leiding van die VSA verbind. In sy presidentsrede voor die Transvaalse streek van die ANC in daardie jaar, het Mandela op die verwantskap tussen nasionale bevryding, internasionale solidariteit en wêreldvrede gewys.[208] By verskeie geleenthede daarna het die ANC deur middel van onder andere Sechaba hernude klem op sy verantwoordelikheid jeens die *"development of the world-wide revolutionary and progressive movement"*,[209] sowel as die werkers van die wêreld[210] om apartheid te vernietig en die blanke minderheidsbewind omver te werp, geplaas. Dit is aanvaar dat die organisasie se primêre taak steeds die suksesvolle deurvoer van die nasionale bevrydingstryd behels het.[211] Terselfdertyd is organisasies soos die Swart Bewussynsgroepe, wat kwansuis in hulle optrede hul internasionale verantwoordelikhede geïgnoreer het, skerp daaroor gekritiseer.[212]

Die ANC se verbintenis tot sy internasionalistiese rol is gedurende die tagtigerjare herbevestig. Hierdie verbintenis is egter nie verder ontleed en gedefinieer nie en daar is volstaan met die opmerking dat die ANC aan die stryd sou deelneem totdat die anti-imperialistiese rewolusie wêreldwyd met sukses bekroon is[213] en dat sy internasionalistiese karakter een van die organisasie se kenmerke geword het.[214]

Gedurende die tydperk tot 1976 is beriggewing in Sechaba, sover dit blankes betref het, deur 'n duidelike anti-blanke sentiment gekenmerk. Dit is onomwonde gestel dat die vyand van die swartes in Suid-Afrika die blankes was[215] en dat die stryd tussen die twee bevolkingsgroepe nie net tot botsings tussen teenstrydige sienswyses beperk was nie, maar veral om die verowering en behoud van politieke en ekonomiese mag gewentel het. As sodanig sou die

208. Sechaba, January 1984, p18.
209. Sechaba, November 1968, p14.
210. Sechaba, May 1972, p9.
211. Sechaba, July 1969, p22.
212. Sechaba, October 1972, p22.
213. Sechaba, March 1984, p12.
214. Sechaba, January 1987, p2.
215. Sechaba, December 1971/January 1972, p4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

stryd noodwendig op 'n gewelddadige wyse beslis moes word.[216] Hoewel dank uitgespreek is teenoor blankes wat die ANC gesteun het, is dit beklemtoon dat die ANC die bevrydingstryd gelei het en dat voorsien is dat die rewolusie as sodanig deur swartes gelei sou word.[217]

Na 1976 en veral gedurende die tagtigerjare is die blank-swart dualisme toenemend vanuit 'n links-radikale of kommunistiese oogpunt gekenmerk. Dit is onder meer gestel dat die onderdrukking van swartes die gevolg van kapitalisme en nie rassisme was nie. Klem is ook gelê op die feit dat die ANC reeds tydens die Morogoro-konferensie in 1969 sy deure vir blankes oopgegooi het. Die organisasie se vroeëre anti-blanke standpunt is verder aangepas om aan te dui dat blankes deel van die rewolusionêre leierskap kon word, maar gegewe die swart meerderheid in die land sou laasgenoemde bevolkingsgroep noodwendig getalsgewys domineer.[218] Die bestaan van rassediskriminerende wette in hierdie nuwe ideologiese atmosfeer is verklaar deur daarop te wys dat rassevooroordeel 'n houding is wat deur 'n "uitbuitersklas" gepropageer word ten einde ander klasse te stigmatiseer en kapitalistiese eksploitasie te regverdig.[219]

Enige poging om "apartheid te hervorm" of om sogenaamde klasgefundeerde bevoordeling voort te sit, waaronder die 1983-grondwet, is sonder meer deur die ANC verwerp. Die instelling van daardie grondwet is inderwaarheid aangewend as 'n kwessie waarrondom ontevrede Suid-Afrikaners gemobiliseer en die ANC se eie voorstelle (die Freedom Charter) verpopulariseer kon word.[220] Latere pogings deur die Regering om, aldus die ANC, blanke bevoorregting onder die dekmantel van terme soos "groeps- of minderheidsbeskerming" te probeer verseker, is ook verwerp. Volgens die ANC sou dit onmoontlik wees om ooreen te kom volgens watter kriteria minderhede gedefinieer kon word[221] en is aangedui dat alle sodanige groepe deur die aanhef tot die Freedom Charter tevrede gestel behoort te wees sover dit die beskerming van hulle minderheidsregte betref. (Die aanhef lui as

*216. Sechaba, June 1972, p9.*
*217. Sechaba, February 1973, p20.*
*218. Sechaba, June 1981, pp26, 28.*
*219. Sechaba, January 1983, p19.*
*220. Sechaba, April 1983, p21.*
*221. Sechaba, August 1987, p27.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

volg: *"...that South Africa belongs to all who live in it, black and white..."*[222])

As alternatief tot die bestaande orde in die land en in reaksie op Regeringsinisiatiewe, het die ANC oor jare heen 'n aantal inisiatiewe van sy eie geloods of bestaande inisiatiewe herbeklemtoon. Dit sluit in klem op die Freedom Charter, die organisasie se grondwetlike riglyne, die Harare-deklarasie en die minder bekende Lusaka-manifes. Die bekendmaking en propagering van die inhoud en moontlike implikasies van die suksesvolle implementering van die beginsels soos dit in dié inisiatiewe uiteengesit is, het 'n belangrike deel van Sechaba se werksaamhede verteenwoordig.

- Die Lusaka-manifes is gedurende 1969 in die Zambiese hoofstad opgestel. Die opstellers van die Manifes, te wete 'n aantal lande in Suid-, Sentraal- en Oos-Afrika, het daarin 'n aantal voorwaardes vir gesprekvoering met die Suid-Afrikaanse regering en die voorgestelde verloop van die politieke normaliseringsproses in die lande van Suider-Afrika uiteengesit. Suid-Afrika en Portugal se bekende standpunte in hierdie verband, waarvolgens enige gesprekvoering met bevrydingsbewegings verwerp is, is deur die opstellers van die Manifes geïnterpreteer as verdere rede waarom verskerpte hulp aan die bevrydingsbewegings verleen moes word. Die ANC het sy steun aan dié dokument toegesê.[223]

- Gedurende Augustus 1988 is die *"Declaration of the OAU Ad-hoc Committee on Southern Africa on the question of South Africa"* in Harare, Zimbabwe, aanvaar.[224] Die dokument het in die omgangstaal as die Harare-deklarasie bekend geword en het die moontlike verloop van 'n onderhandelingsproses tussen die Suid-Afrikaanse regering en die bevrydingsbewegings wat hom opponeer het, gevisualiseer. Dit kan as die ANC se antwoord op eise dat hy tot onderhandeling met die

---

222. *FA van Jaarsveld (red): Honderd basiese dokumente..., p251.*
223. *Sechaba, April 1987, p2.*
224. *Sechaba, October 1989, pp2-5 (Volledige weergawe van die Deklarasie.)*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Regering moes instem, beskou word en het as sodanig teen 1989 steeds die organisasie se strategiese denke oorheers.

- In sy nuwejaarsboodskap vir 1989 het Oliver Tambo bekendgemaak dat die ANC 'n stel grondwetlike riglyne opgestel het wat vir bespreking vrygestel en onder die mense van Suid-Afrika versprei is.[225] Die agtergrond tot die riglyne is in 'n toespraak voor 'n groep Afrikaanse regslui en akademici gedurende Januarie 1989 in Harare deur Zola Skweyiya verduidelik. Volgens Skweyiya is 'n "Constitutional Committee" (waarvan Skweyiya die voorsitter was) gedurende Januarie 1986 deur die ANC in die lewe geroep met die doel om konstitusionele opsies en modelle vir 'n post-apartheid Suid-Afrika te ondersoek.[226] Die grondwetlike riglyne was die produk van die komitee se ondersoek en is in Januarie 1988 voltooi. Benewens die strategiese oorwegings wat tot die opstel daarvan aanleiding gegee het, het die ANC ook die volgende taktiese doelwitte daarmee probeer bereik: Dit moes as 'n *"morale booster"* en ideologiese instrument dien, druk op die Regering verhoog, die situasie in Suider-Afrika opsom, die ANC se post-apartheidvisie bekendstel en bowenal 'n algemene konstitusionele debat stimuleer.[227] Veral die laaste aspek is beide in verklarings deur die ANC[228] en in briewe aan Sechaba,[229] as van deurslaggewende belang bestempel. Sechaba sou hierin as een van die belangrikste kommunikasiekanale tussen die ANC se leierskorps en sy steunbasis figureer.

- In eie geledere het die Freedom Charter egter ongetwyfeld die meeste respek van al die ANC se inisiatiewe geniet. Dié toedrag van sake is in Sechaba gereflekteer. Die ANC se erns wat die bereiking van die ideale van die Freedom Charter betref, word gereflekteer in die feit dat die organisasie hom in sy grondwet, wat gedurende 1958 hersien is, daartoe verbind het.[230] Die feit dat die dokument die resultaat was

---

225. *Sechaba, February 1989, p6.*
226. *Sechaba, June 1989, pp2, 4.*
227. *Ibid., pp6, 10.*
228. *Sechaba, August 1989, p6.*
229. *Sechaba, October 1989, p29 (Brief deur Arnold Selby.)*
230. *Sechaba, January 1979, p12.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


van uitgebreide konsultasie en insetlewering nadat al die mense van die land gevra is om die aard van 'n "apartheidvrye" Suid-Afrika te beskryf,[231] is as prysenswaardig en 'n keerpunt in die ontwikkeling van politieke denke in ANC-geledere beskou.[232]

Tydens beide sy Morogoro-konferensie in 1969[233] en Kabwe-konferensie in 1985,[234] het die ANC bevestig dat die Freedom Charter die organisasie se politieke program was en as sodanig alle strategiese, taktiese en ideologiese besluite en optrede van die organisasie ten gronde gelê het en sou lê. Ook by ander geleenthede is dit gestel dat die ANC geglo het dat die Charter 'n oplossing vir die land se probleme, wat na die ANC se oordeel deur apartheid teweeggebring is, gebied het.[235]

By monde van Sechaba het die ANC egter deurentyd, onder meer by wyse van 'n aanhaling van Mandela wat uit 1956 dateer, daarop gewys dat die Freedom Charter *"is by no means a blue-print for a socialist state..."*,[236] maar dat dit ideologies gesproke wel die ANC aan die kant van die meerderheid mense in die wêreld in hul stryd teen imperialisme geskaar het.[237] In 'n debat wat gedurende die middel tagtigerjare in Sechaba gewoed het in reaksie op AZAPO se bekendstelling van die sogenaamde "Azanian Manifesto", het ANC-lede bogenoemde aspekte beklemtoon en herhaal dat die Freedom Charter bloot die doelwitte van die rewolusie en die aspirasies van die mense van Suid-Afrika bevat het. *"It is therefore a mirror of a South Africa yet to be won"* en slegs 'n *"nasionaal demokratiese dokument."*[238] Tydens dieselfde debat is die Charter die ANC se *"Northern Star, an ideological lighthouse"*[239] genoem, is dit bevestig dat dit ook die basis

---

*231. Sechaba, May 1987, p21.*
*232. Sechaba, Third Quarter 1978, p3.*
*233. Sechaba, July 1969, p11.*
*234. Sechaba, August 1985, p6.*
*235. Sechaba, December 1969, p8, Sechaba, Third Quarter 1978, p5.*
*236. Sechaba, April 1981, p26.*
*237. Sechaba, June 1985, p7.*
*238. Sechaba, July 1985, p6.*
*239. Sechaba, August 1985, p30.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

van die SAKP se kort termyn optrede verteenwoordig het,[240] maar dat dit getrou aan die ANC se demokratiese tradisie nie as 'n ideologiese muilband gedien het nie maar ruimte vir dinamiese ontwikkeling gelaat het.[241] As sodanig is die ANC na bewering in staat gestel om deur 'n enkele politieke program vir beide die nasionaal demokratiese en die klasse en sosialistiese dimensies van sy stryd teen blanke oorheersing te beplan.[242]

Die laaste aspek met betrekking tot die Freedom Charter wat hier vermelding verdien, is dat die steun wat daarvoor onder ANC-lede geheers het, progressief toegeneem het en teen 1985, met ander woorde na die loodsing van die UDF en die suksesvolle optrede van dié organisasie, 'n ongeëwenaarde hoogtepunt bereik het. Hierdie steun is onder meer by wyse van 'n brief aan die redakteur in Sechaba gedemonstreer. In dié brief het Arnold Selby sy steun vir die ANC se grondwetlike riglyne uitgespreek, maar daarop gewys dat *"the shaping of a new constitution is unthinkable without taking into account the Freedom Charter".*[243] Hierin is hy deur Kader Asmal, in sy kapasiteit as ANC-lid met heelwat invloed op die ANC se konstitusionele visie, ondersteun.[244]

By minstens twee geleenthede tussen 1967 en 1989 was die ANC verplig om, ondanks sy verklaarde demokratiese verbondenheid, teen van sy lede op te tree weens daardie lede se bevraagtekening van die organisasie se ideologiese fondamente. Die eerste sodanige manifestasie van interne verdeeldheid het in 1976 tot uitbarsting gekom toe agt lede van die ANC uit die organisasie geskors is. Die sogenaamde *"Gang of 8"* het kapsie teen die invloed van blankes en kommuniste in die ANC se leierskorps gemaak, was ongeneë om aan ANC-aktiwiteite deel te neem en het sonder sanksie van die organisasie opgetree.[245] *"To say you are a member of an organisation but you do not want to participate in its activities is the height of disloyalty and dishonesty.*

---

240. *Sechaba, September 1985, p30.*
241. *Sechaba, October 1985, p30.*
242. *Ibid., p9.*
243. *Sechaba, October 1989, p29.*
244. *Sechaba, December 1989, p29.*
245. *Sechaba, Second Quarter 1976, pp40-41.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*There are no sleeping partners in a national liberation struggle..."*[246] - aldus 'n ANC-verklaring oor die insident wat gedurende 1976 in Sechaba gepubliseer is.

Ook tydens die Kabwe-konferensie in 1985 is 'n aantal ANC-lede uit die organisasie geskors. Hierdie persone se griewe het om ontevredenheid met die ANC se kapasiteit om as leier van die bevrydingstryd op te tree - gegewe sy nasionalistiese karakter - gewentel. Daar is aangevoer dat die ANC as 'n werkersorganisasie herstruktureer moes word. Die beswaarde "ultra-linkses" het hulleself as *"The Marxist Workers' Tendency (MWT) within the ANC"* beskou en is op grond van hulle dislojaliteit geskors.[247]

In antwoord veral op die laasgenoemde kritiek uit eie geledere het Sechaba daarop gewys dat die ANC homself nooit as 'n werkersorganisasie voorgehou het nie en dat sy politieke program soos in die Freedom Charter vergestalt, nie 'n sosialistiese dokument was nie.[248] Hoewel kritiese selfevaluering aangemoedig is en die behoefte aan deurlopende selfondersoek veral in die lig van die implikasies van die USSR se kennismaking met *"perestroika"* en *"glasnost"* herbevestig is,[249] het die ANC as 'n rewolusionêre organisasie en teiken vir optrede van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte, deurentyd daarteen moes waak dat onnodige interne verdeeldheid nie bevorder word nie. Die vermoede het bestaan dat die Regering ideologiese en ander vorme van interne spanning probeer bevorder het om die ANC te ondermyn.[250]

Teen 1989 is 'n nuwe dimensie by die ANC se strategiese en taktiese optrede gevoeg toe die organisasie begin het om homself onder andere in Sechaba as 'n omgewingsbewuste organisasie voor te hou. Deur hierdie optrede het die organisasie nie net gepoog om munt uit die wêreldwye besorgdheid oor besoedeling en omgewingsbewaring te slaan nie, maar ook om die Regering as onbesorgd oor die kwessie te tipeer. *"Apartheid kills in innumerable ways, and big business has innumerable ways in seeking its profits at the expense*

---

*246. Ibid., p41.*
*247. Sechaba, August 1985, pp18-22, 24.*
*248. Sechaba, May 1985, p22.*
*249. Sechaba, July 1989, pp29-30.*
*250. Sechaba, August 1985, p30. ("Discussion Article" deur Mzala.)*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

*of human life...A new and terrifying dimension has been added to the lives of all our people...massive destruction of the environment."*[251] Daar kon dus verwag word dat die ANC in daaropvolgende jare hierdie tipe argumente toenemend sou aanwend om veral blanke Suid-Afrikaners teen die "gevoellose" Regering te mobiliseer.

Ter afsluiting kan gekonstateer word dat die ANC sy strategiese doelwit en ideologiese uitkyk sedert 1912 tot die bevrediging van die meerderheid van sy lede aangepas en oorgedra het. In sy rapportering oor die ANC se ideologiese standpunt, 'n standpunt wat in 1983 in 'n brief aan Sechaba as 'n *"ideology of liberation"* en *"an inherent force"* beskryf is,[252] was Sechaba volgens sy eie oordeel, sowel as dié van sy korrespondente, dermate suksesvol dat die organisasie se binnelandse steun as gevolg daarvan 'n hupstoot gekry het. Briewe van lesers van die blad is geplaas met die uitdruklike doel om reaksie te ontlok.[253] Hierdeur, sowel as met die plasing van sogenaamde "Discussion Articles",[254] is daar volgens alle aanduidings daarin geslaag om ANC-lede polities op te voed en die organisasie se leierskap op hoogte van standpunte op haarwortelvlak te help hou.

In sy propagandaveldtog het die ANC by monde van onder andere Sechaba effektief daarin geslaag om die ANC-SAKP-alliansie as die kruisvaarders van die "progressiewe, demokratiese magte" van Suid-Afrika in hulle veldtog teen die "duistere magte van reaksionêre rassisme" voor te stel. Internasionale sowel as plaaslike simpatie is ten koste van die Suid-Afrikaanse regering vir die ANC-SAKP-alliansie gewen. In hierdie proses het Sechaba van beproefde propagandategnieke gebruik gemaak. Teen 1989 was die gevolg hiervan dat die ANC se strategiese doelwitte bekend was en ondersteuning geniet het, terwyl die beeld van die Regering dermate deur effektiewe propaganda geskaad was, dat hy deur die res van die wêreld en die meerderheid Suid-Afrikaners verwerp is.

---

*251. Sechaba, November 1989, p21.*
*252. Sechaba, June 1983, p24. (Brief deur ene "IW".)*
*253. Sechaba, January 1981, p25.*
*254. Sechaba, April 1985, p18.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK SES

## SECHABA SE ONTLEDING VAN AFRIKANERS EN DIE APARTHEIDSTELSEL

Die ANC het sy propaganda-organe nougeset aangewend om die Suid-Afrikaanse regering as raer van die apartheidstelsel en die belangrikste ondersteuners van die Regering, naamlik Afrikaanssprekende blanke Suid-Afrikaners - 'n groep mense wat deur die ANC kortweg "Afrikaners" genoem is - in die oë van ander Suid-Afrikaners sowel as die internasionale gemeenskap te isoleer en verdag te maak. Namate die intensiteit van die ANC se stryd teen blanke oorheersing toegeneem het, het die organisasie talle nuwe strydmetodes wat daardeur tot sy beskikking gestel is, vindingryk aangewend. Dié nuwe geleenthede het ook implikasies vir die propaganda-aanslag ingehou. Een van die belangrikste van hierdie nuwe geleenthede het meer geredelike toegang tot internasionale verhoë behels.

Die tagtigerjare het 'n opbloei in die ANC se benutting van internasionale verhoë ter disseminering van sy anti-regering-standpunte opgelewer. Tydens sodanige geleenthede is onder meer daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse en Israelse regerings veel in gemeen gehad het deurdat beide 'n beleid van interne kolonialisme toegepas het,[1] dat die "apartheidstaat" figuurlik gesproke 'n tronk vir die meerderheid van sy inwoners was[2] en dat die regering-van-die-dag in Suid-Afrika reeds meermale deur die internasionale gemeenskap as onwettig verklaar is.[3] Ook meer "polities-georiënteerde" byeenkomste, waaronder dié van die Onverbonde Lande in Harare in September 1986[4] en die "Socialist International" in Stockholm in Junie 1989[5], is ter bereiking van

---

1. *Sechaba*, February 1983, pp23-29 (ANC-referaat voor 'n VN-gereëlde konferensie, getiteld: "Zionism and Apartheid: Wedded ideologies", Genéve, Switserland, Desember 1982.)
2. *Sechaba*, March 1988, pp20-25 (Toespraak deur Oliver Tambo voor 'n ANC-gereëlde konferensie, getiteld: "People's of the world united against apartheid for a democratic South Africa", Arusha, Tanzanië, 1-4 Desember 1987.)
3. *Sechaba*, December 1989, pp26-29 (Toespraak deur Kader Asmal voor 'n Wêreldraad van Kerke gereëlde konferensie in Harare, Zimbabwe, September 1989.)
4. *Sechaba*, November 1986, pp2-4.
5. *Sechaba*, August 1989, pp2-4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

dieselfde oogmerke ingespan. Oor al hierdie byeenkomste is breedvoerig in Sechaba verslag gelewer.

Sechaba het in sy beriggewing van gebeure in Suid-Afrika nie geskroom om die internasionale gemeenskap mee te deel dat die Suid-Afrikaanse regering 'n "bedreiging vir wêreldvrede" en spesifiek vir Afrika ingehou het nie. Veral die militêre dimensie van die Regering se optrede teen die ANC in die sogenaamde Frontliniestate is veroordeel en boonop as doelbewuste destabilasie bestempel.[6] Sodanige optrede, wat volgens Sechaba gewoonlik onder die dekmantel van "optrede teen kommunisme" uitgevoer is, is met die VSA se betrokkenheid in Viëtnam vergelyk en gelykgestel.[7]

Daar is verder aangevoer dat Suid-Afrika se noue bande met die Weste 'n militêre en ekonomiese bedreiging vir Afrika ingehou het: *"The South African white minority regime has over the past few years matured to become a full-fledged member of the imperialist conspiracy..."*[8] Die redes hiervoor was, aldus Sechaba, dat die Weste Suid-Afrika as van militêr-strategiese belang beskou het.[9] Hierdie belang het na bewering daartoe gelei dat Suid-Afrika omskep is in 'n *"gigantic aircraft carrier...in the Indian Ocean"*.[10] Benewens militêre hulp uit amptelike oorde, is beweer dat bekende fascistiese organisasies, waaronder Europese Neo-Nazi-partye en die Ku Klux Klan in die VSA, die Suid-Afrikaanse regering gehelp het om die ANC in die buiteland te terroriseer.[11]

Buiten die militêre belangrikheid van Suid-Afrika vir die Weste, het Sechaba daarop gewys dat die land ook ekonomies-gesproke 'n belangrike rol te speel gehad het. Die Weste was onder meer van die grondstowwe van die sub-kontinent afhanklik.[12] 'n Verdere aspek wat die Weste in Suid-Afrika belang laat stel het, was die feit dat swart arbeid goedkoop, in oorvloed beskikbaar en ontneem van kollektiewe bedingingsmag was.[13] 'n Gee-en-neem-situasie

---

*6. Sechaba, August 1989, p2.*
*7. Sechaba, January 1971, p9.*
*8. Sechaba, July 1970, p8.*
*9. Sechaba, June 1980, p14.*
*10. Sechaba, February 1975, p9.*
*11. Sechaba, April 1988, p15.*
*12. Sechaba, April 1988, p15.*
*13. Sechaba, First Quarter 1978, p40.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

het sodoende tot stand gekom: *"Foreign capital...provided the regime with the means to build up, sustain, finance and feed its repressive machinery, in return for vast profits - super-profits for the collaborators with apartheid."*[14]

Ten einde die steun wat aan Suid-Afrika deur sy Westerse bondgenote gelewer is, te neutraliseer en om die ideaal om Suid-Afrika totaal geïsoleer te kry, te realiseer, het die ANC Sechaba benut om internasionale steun te probeer werf. Waarskynlik die suksesvolste metode wat van meet af in hierdie verband gevolg is, was om aan te dui dat apartheid nie net 'n interne Suid-Afrikaanse aangeleentheid was nie, maar *"an insult and an injury to non-Whites, not only in South Africa but everywhere"*.[15] Op hierdie wyse is effektief gespeel op die sensitiwiteit wat in die Weste ten opsigte van rassediskriminasie bestaan het en kan aanvaar word dat die ANC teen die tagtigerjare reeds daarin geslaag het om Suid-Afrika as die sogenaamde *"seed-bed of international racism"*[16] geëtiketteer te kry. Op dieselfde wyse is die beweerde pro-Nazi sentimente van onder meer premier Vorster uitgebuit om internasionale steun te verwerf.[17] Die mate waartoe die ANC se veldtog in hierdie verband met sukses bekroon is, spreek duidelik uit 'n artikel wat gedurende Desember 1989 in Sechaba verskyn het. Daarin is onder meer aangedui dat apartheid reeds in meer as 250 VN-resolusies, twee multi-laterale verdrae, internasionale konvensies, waaronder 'n protokol tot die Geneefse Konvensie, sowel as vier uitsprake van die Wêreldhof aangespreek en veroordeel is.[18]

Wat betref die Suid-Afrikaanse regering se optrede jeens Afrika, het die ANC by monde van Sechaba gepoog om enersyds aan te dui wat die doel van sodanige optrede was en, andersyds, waarom dit teengestaan moes word. Volgens Sechaba het die Regering 'n tweeledige strategie in sy kontak met Afrika gevolg. Aan die een kant is gepoog om veral die aangrensende onafhanklike Afrikastate tot "kliënte" te relegeer wat, ekonomies en militêr gesproke, ondergeskik aan Suid-Afrika sou wees ten einde hulle steun aan die bevrydingsbewegings af te sny. Aan die ander kant sou die suksesvolle

---

*14. Sechaba, September 1985, p24.*
*15. Sechaba, January 1967, p7.*
*16. Sechaba, December 1979, p15.*
*17. Sechaba, January 1967, p7.*
*18. Sechaba, December 1989, p26.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

implementering van dié strategie nie net tot die ondermyning van die moreel van die "onderdruktes" bydra nie, maar ook om die vestiging van sogenaamde bufferstate tussen die Republiek en die vyandiggesinde swart state ten noorde van hom te fasiliteer.[19] Die implikasies van hierdie beleid is in Sechaba beskryf as *"a policy of external aggression whose aim is the re-colonisation of Africa"*.[20]

Die metodes wat volgens die ANC deur die Regering aangewend is ten einde sy doelwitte in Afrika te laat realiseer, is as omvattend beskryf. *"It has used both the carrot and the stick..."*[21] Die "wortel" is deur ekonomiese hulp of beloftes van ekonomiese hulp verteenwoordig,[22] terwyl die "stok" onder andere Suid-Afrika se gewapende optrede teen die ANC en sy ondersteuning van UNITA in Angola en RENAMO in Mosambiek ingesluit het en sonder skroom ingespan is.[23] Hierdie werkswyse is volgens Sechaba gedurende die PW Botha-era duidelik in die sogenaamde "Nasionale Veiligheidsdoktrine" uitgespel en was 'n sekuriteitsgedomineerde denkrigting wat gedurende die laat sewentigerjare in dokumentvorm gekonkretiseer het. Ten einde daardie argument te staaf, het Sechaba aangehaal uit 'n evaluering van die Nasionale Veiligheidsdoktrine deur prof MH Louw, voormalige direkteur van die Instituut vir Strategiese Studies aan die Universiteit van Pretoria. Daarvolgens het Suid-Afrika hom die reg voorbehou om die vermoë daar te stel *"to withstand challenges to our own territorial integrity and political and socio-economic order as well as to exert pressure on other, mostly weaker states, to make their behaviour consonant with our interests"*.[24] (Hierdie aspek word hieronder verder belig.) Met laasgenoemde in gedagte, het Sechaba tot die gevolgtrekking gekom dat die siening van die Frontliniestate dat hulle in 'n onverklaarde oorlog met Suid-Afrika betrokke was, geregverdig was.[25] Die ANC het inderdaad op 'n effektiewe wyse daarin geslaag om internasionale persepsies oor gebeure in Suider-Afrika en in Suid-Afrika self te beïnvloed deur aan te dui dat die Regering se optrede inherent gewelddadig was[26] en

---

19. Sechaba, September 1971, pp2, 4.
20. Sechaba, Fourth Quarter 1978, p47.
21. Sechaba, April 1982, p1.
22. Sechaba, September 1971, p2.
23. Sechaba, August 1981, p1.
24. Sechaba, June 1982, p24.
25. Sechaba, August 1985, p11.
26. Sechaba, February 1984, p8.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

slegs deur gekoördineerde internasionale strafmaatreëls beëindig kon word. Die ANC se strategie teen die Regering se Afrikabeleid was dus daarop gemik om te verhoed dat 'n "Pax Pretoriana" in Suider-Afrika tot stand kom[27] - 'n verwikkeling wat verreikende strategiese en taktiese implikasies vir die ANC sou kon inhou.

Die sewentiger- en tagtigerjare het drie onderskeibare pogings deur die Suid-Afrikaanse regering om sy betrekkinge met Afrika te verbeter, opgelewer. Die eerste van dié inisiatiewe het kort na die bewindsaanvaarding van John Vorster in 1966 manifesteer en het as die "uitwaartse beleid" bekend geword. Die ANC het egter die volgende definisie aan die beleid geheg: *"The 'outward or northward policy' is a neocolonialist device to expand and spread the ideological and financial interests of South-Africa and international finance, to subvert economic and political independence and support for the national liberation struggle."*[28] Die redes wat deur blanke politici ter verduideliking van die beleid voorgehou is, naamlik dat geglo is dat blankes 'n beskawingsrol in Afrika te speel gehad het,[29] is dus verwerp. Die ANC het by Afrikastate gepleit om nie deur Suid-Afrika se toenadering geflous te word nie, aangesien beide die "wortel" en die "stok" op die totale onderwerping van Afrika aan die Republiek sou uitloop.[30] Reeds in sy uitgawe van September 1972 kon Sechaba na aanleiding van 'n aankondiging dat die Malgassiese Republiek alle kontak met Suid-Afrika opgeskort het, aankondig dat die veldtog teen die "uitwaartse beleid" geslaag het.[31]

Die tweede Suid-Afrikaanse inisiatief om op geformaliseerde wyse kontak met Afrika te bewerkstellig, het kort na die val van die Portugese ryk in Afrika gedurende 1974 'n aanvang geneem.[32] *"The most dangerous and carefully planned diversionary strategy and tactic ever conceived by racist circles in South Africa supported by international imperialism is the present talk of 'détente'..."*[33] Die ANC het geoordeel dat op die "détente"-beleid besluit is

---

27. *Sechaba, August 1988, p7.*
28. *Sechaba, July 1970, p9.*
29. *Sechaba, October 1971, p8 (Aanhalings van dr Nico Diederichs, P W Botha en dr Connie Mulder.)*
30. *Sechaba, April 1972, p15.*
31. *Sechaba, September 1972, p16.*
32. *Sechaba, May 1975, p4.*
33. *Ibid., pp15-16.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


om Afrikastate en die OAE te verdeel,[34] maar veral om Suid-Afrika se ekonomiese invloed uit te brei.[35] Benewens hierdie redes het die ANC Afrikastate gemaan om nie aan Suid-Afrikaanse toenaderings gehoor te gee nie omdat détente met Afrika nie gelyksoortige inisiatiewe in dié land self opgelewer het nie en omdat die onafwendbare einddoel van die beleid 'n nuwe vorm van kolonialisme in Afrika sou oplewer.[36]

Gedurende 1988 het Sechaba aangedui dat die Suid-Afrikaanse regering se derde poging om in dialoog met Afrika te tree, begin het. Daar is aangedui dat ook daardie inisiatief net vir "eksterne verbruik" bedoel was. Voorts was dit na bewering daarop gemik *"to win the legitimacy and respectability which is denied to him by the overwhelming majority of our people"*.[37] As sodanig is die inisiatief as soortgelyk aan die abortiewe vorige inisiatiewe afgemaak en is daarop gewys dat daar geen manier was waarop die permanente oorlewing van blanke oorheersing in Suid-Afrika verseker kon word nie.[38] Ook dié inisiatief was, soos in Sechaba voorspel is, tot mislukking gedoem. Dit is opmerklik dat die ANC teen hierdie tyd reeds so seker van sy eie posisie in Afrika was, dat relatief min tyd en plek aan die bestryding van die Regering se pogings tot dialoog afgestaan is.

In sy beriggewing oor aspekte rakende Afrikaners, het Sechaba op die tipering van Afrikaners as rassiste en as teen die stroom van wêreldmening gekonsentreer. In hierdie proses is 'n karikatuur geskep wat oënskynlik met sukses as verteenwoordigend van alle Afrikaners voorgehou is. In 'n toespraak voor die Algemene Vergadering van die VN op 26 Oktober 1976, het Oliver Tambo hierop gesinspeel toe hy as volg opgemerk het: *"In the eyes of the White colonisers, the black people of South Africa exists merely as beasts of burden. Their life purpose is to serve fully and without question the interests of the white colonial master...What distinguished South Africa from the rest of the world is that its rulers have chosen to put themselves outside the bounds of this great humanity."*[39] Suid-Afrika is dus as 'n unieke

---

34. Ibid., p14.
35. Sechaba, First Quarter 1978, p44.
36. Sechaba, June/July 1975, pp3-4.
37. Sechaba, November 1988, p8.
38. Ibid.
39. Sechaba, Second Quarter 1977, pp9-10.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


oorblyfsel uit die koloniale era voorgehou, *"a relic soon to be swept away by the people of Africa".*[40]

Deur Afrikaners daarvan te beskuldig dat hulle steeds 'n "Boere-mentaliteit" in hulle kontak met swartes openbaar het,[41] het Sechaba probeer aandui dat 'n vorm van koloniale of rasgebaseerde oorheersing steeds in Suid-Afrika van krag was. 'n Ondersoek na die tronkstelsel in die land wat in Sechaba gepubliseer is, is onder meer ter ondersteuning van bogenoemde aangewend. Daarin is byvoorbeeld daarop gewys dat *"a harsh and brutal penal system is part of a wider system, that of the organised terrorism of the state, which is kept in power by threats, intimidation and murder".*[42] Dié stelsel, wat na bewering deur Afrikaners opgebou is om hulle selfsugtige doelwitte na te streef, is ook in Sechaba bespreek. Dit is onder meer as verteenwoordigend van *"unfettered racism"*[43] beskryf, terwyl daarop gewys is dat die meeste Afrikaners se geloof dat swartes inherent minderwaardig was, daarin te onderskei was.[44] Van die skerpste kritiek teen Afrikaners in hierdie verband is deur 'n mede-Afrikaner, Breyten Breytenbach, in Sechaba uitgespreek toe hy beweer het dat die Afrikanerdom op 'n massa negatiewe idees, waaronder Calvinisme, isolasionisme en vrees, gebaseer was. *"For they (Afrikaners se voorsate) weren't missionaries but for the most part land- and powerhungry European rejects."*[45]

Die siening wat onder sommige Afrikaners geheers het waarvolgens hulle hulself as 'n uitverkore volk beskou het, is ook in Sechaba gekasty. Daar is aangevoer dat hierdie opvatting gebruik is om swartes te beroof en te verslaaf,[46] maar ook dat dit Afrikaners die vryheid van denke ontneem het wat op sy beurt die integrasie van die "volk" by die res van Suid-Afrika bemoeilik het.[47] Die oorsaak van hierdie toestand is as 'n *"deceitful and perverted version of Calvinism"*[48] beskryf wat deur die werking van isolasie

---

*40. Sechaba, February 1981, p3.*
*41. Sechaba, November 1981, p1.*
*42. Sechaba, January 1984, p29.*
*43. Sechaba, September 1979, p13.*
*44. Sechaba, October 1970, p13.*
*45. Sechaba, April 1970, p14.*
*46. Sechaba, July 1971, p19.*
*47. Sechaba, April 1970, p15.*
*48. Sechaba, Second Quarter 1977, p10.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

tot 'n brutale vorm van "baasskap" omvorm is.[49] Hierin is die ANC deur onder meer OF Williams ondersteun. Williams wys verder daarop dat die rol wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk op bykans alle vlakke van die land se administrasie en regering gespeel het, tot gevolg gehad het dat teen die laat tagtigerjare *"in large measure, the future of South Africa lies in the hands of this church"*.[50] Een van die beste bewyse, aldus Sechaba, van die Afrikaner se isolasionistiese bestaan, was in sy geskiedenisbeskouing herkenbaar. *"Their basic problem is that today, in 1970 they are still busy fighting the Battle of Blood River...the Anglo-Boer War...they are completely oblivious of the reality that we are now living in the Second Half of the 20th Century..."*[51]

Die gevolge van die apartheidstelsel op Afrikaners kon volgens Sechaba die maklikste in die sielkundige toestand van daardie persone bestudeer word. In Sechaba is daar byvoorbeeld van die *"Republic of Schizophrenia"* gepraat.[52] Dit was na bewering 'n land waar die meeste blankes soos volstruise hulle koppe onder sand begrawe het[53] en waar gesprekke oor politiek vermy is: *"South Africans are completely brainwashed. They don't talk about anything except rugby and servant trouble. That's why sport is so important to them."*[54]

Die slotsom waartoe gekom is, sover dit die algemene tipering van Afrikaners betref, was dat Afrikanerdom tot ondergang gedoem was.[55] Die redes vir die voorsiene ondergang was nie net in die uitgediendheid van die opvattings van blanke baasskap geleë nie, maar ook in die feit dat die verpolitiseerde swart bevolking teen 1988 die blanke minderheidsregering se reg om te regeer bevraagteken het en tot die gevolgtrekking gekom het dat dit 'n onwettige bestel was[56] - aldus Sechaba.

---

49. *Sechaba, November 1969, p9.*
50. *OF Williams: The religious rationale of racism, in S Prakash Sethi (ed): The South African quagmire..., p154.*
51. *Sechaba, May 1970, p23.*
52. *Sechaba, November 1969, p9.*
53. *Sechaba, October 1972, p7.*
54. *Sechaba, October 1970, p14.*
55. *Sechaba, April 1970, p17.*
56. *Sechaba, October 1988, p2.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Een van die suksesvolste strategieë wat deur die ANC in Sechaba met betrekking tot Afrikaners gevolg is, was om Afrikaners as Nazi-gesindes voor te hou. 'n Skynbaar weldeurdagte argumentasielyn het dié strategie gekenmerk. So byvoorbeeld is selfs probeer om die redes waarom Afrikaners pro-Nazi-sentimente kon koester, te verklaar. Hiervolgens is aangevoer dat *"if one considers the very weak White minority in an African environment...one sees that to maintain their regime, Nazism was obligatory...It is only this form of absolute domination...which can assure the survival of the system..."*[57] Voorts is aangevoer dat apartheid 'n vorm van Nazisme was en as sodanig as waarborg en ideologiese raamwerk gedien het waarbinne die sistematiese ekonomiese uitbuiting van swartes en bevoorregting van 'n minderheid blankes kon geskied.[58]

Bogenoemde strategie is 'n uitstekende voorbeeld van 'n geval waar die ANC sy propaganda-aanslag ooreenkomstig die moontlikhede wat die tydsgees gebied het, aangepas het. Die organisasie het naamlik die anti-rassistiese en anti-Nazi-sentimente wat gedurende die laat sestigerjare in veral Europa geheers het, effektief uitgebuit deur in sy propagandaveldtog teen die Suid-Afrikaanse regering op dié se beweerde pro-Nazi sentimente te konsentreer.

Laasgenoemde argument is verder uitgebou toe beweer is dat die blanke minderheidsregering in Suid-Afrika deel van 'n internasionale pro-fascistiese beweging was. As sodanig is daar in Sechaba beweer dat fondse kort voor die val van Hitler na onder meer Suid-Afrika gesmokkel is waar dit aangewend is om nywerhede mee te vestig waarbinne aan voormalige Nazi's werk voorsien is.[59] Veral die Vorster-regering is as *"dedicated disciples of Hitler"*[60] beskryf wat Suid-Afrika 'n toevlugsoord vir aanhangers van Nasionaal-Sosialisme uit beide Latyns-Amerika[61] en Europa[62] gemaak het. Daar is verder aangevoer

---

*57. Sechaba, November 1967, p8.*
*58. Sechaba, July 1970, p8.*
*59. Sechaba, September 1967, p16.*
*60. Sechaba, October - December 1974, p18.*
*61. Sechaba, First Quarter 1977, pp57-63.*
*62. Sechaba, December 1967, p11.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dat veral Neo-Nazi-organisasies in Europa op hulle beurt 'n propaganda-veldtog ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse regering volgehou het.[63]

Premier Vorster se beweerde pro-Nazi sentimente, wat tot sy verbintenis met die Ossewabrandwag teruggespeur kan word, is optimaal deur Sechaba uitgebuit.[64] Die feit dat Vorster dit meermale duidelik gestel het dat hy nie van plan was om hom van sy verlede te distansieer nie,[65] het as olie op die ANC-vuur gedien. In latere jare is ander vooraanstaande Afrikanerpolitici, waaronder die latere Suid-Afrikaanse staatspresident dr Nico Diederichs,[66] ook as Nazi-gesind uitgekryt, terwyl dieselfde lot die SAUK (wat aan Nazi-Duitsland se propaganda-radiostasie, "Radio Ziessen" (sic),[67] gelykgestel is) toegeval het. Hierdie strategie was egter grotendeels tot die tydperk voor 1976 beperk.

Benewens die identifisering van Afrikanerleiers en instellings as synde pro-Nazi te wees, het die ANC by monde van Sechaba ook gepoog om aan te dui dat die meeste Afrikaners dieselfde toegeneëntheid tot fascisme getoon het. Vir hierdie doeleindes is onder meer berigte dat Hitler se verjaardag op 20 April 1967 deur 'n groep Afrikaners in Johannesburg herdenk is,[68] as "bewys" voorgehou. Die feit, aldus Sechaba, dat talle "Boere" wou hê dat Hitler die Tweede Wêreldoorlog moes wen, is ook as veelseggend beskou.[69] Uitsprake deur Afrikaner-leiers, waaronder Vorster en BJ Schoeman, waarin hulle na bewering aangedui het dat die Christelik-Nasionalisme wat deur die Nasionale Party voorgestaan is nie veel van Fascisme in Mussolini se Italië en Nasionaal- Sosialisme in Hitler se Duitsland verskil het nie,[70] is beskou as deurslaggewende bewys dat die Nasionale Party Nazi-georiënteerd en Afrikaners die *"spiritual children of Hitler"*[71] was. Sodanige "ooreenkomste" is soms ook in akademiese studies van Suid-Afrika se politieke geskiedenis

---

*63. Sechaba, November 1967, p8.*
*64. Sechaba, November 1967, p9; Sechaba, January 1967, p7.*
*65. Sechaba, December 1967, p11.*
*66. Sechaba, April 1975, pp19-20.*
*67. Sechaba, June 1969, p16.*
*68. Sechaba, July 1967, p9.*
*69. Sechaba, October 1970, p14.*
*70. Sechaba, May 1985, p13.*
*71. Sechaba, February 1986, p19.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

getref. So byvoorbeeld het Lapping beweer dat Verwoerd se optrede en denke betreffende swartes sterk aan dié van Hitler rakende Jode herinner het.[72]

In Sechaba is ook meermale vergelykings tussen gebeure in Suid-Afrika en Nazi-Duitsland getref. Benewens retoriek, waaronder uitlatings dat apartheid *"the most vicious form of fascism since Hitler's Germany"*[73] was en dat die praktyk in die Suid-Afrikaanse samelewing 'n verdeling tussen 'n "meesterras" en "untermenschen"[74] opgelewer het, is 'n aantal beweerde ooreenkomste tussen die twee lande se heersers en stelsels ook geïdentifiseer. Hiervolgens het beide 'n volksgebaseerde nasionalisme propageer; geglo dat hulle deur God verkies is om 'n taak te verrig; na suiwerheid van bloed gestreef; geglo dat hulle 'n meesterras ("herrenvolk") was; 'n arbeidsbeleid gevolg wat onder meer die dra van 'n bewysboek ("pas") genoodsaak het; staatsekuriteit verabsoluteer; 'n uitgebreide netwerk informante en 'n buite verhouding groot geheime polisiemag gevestig; 'n anti-liberale houding ingeneem; propagandategnieke vervolmaak;[75] teen kommunisme te velde getrek; 'n segment van hulle bevolkings, hetsy Jode of swartes, van hulle burgerskap ontneem; onderwys rasgebaseerd gemaak; werkreservering toegepas; sosiale skeiding afgedwing; regte, waaronder dié op eiendom, vakbonde, spraak en beweging ingeperk of vernietig en *"demographic engineering"* (gedwonge verskuiwings) teweeggebring.[76] Dit is in Sechaba onomwonde gestel dat die NP-regering deur middel van die apartheidbeleid dieselfde oogmerke nagestreef het as dit wat in Nazi-Duitsland deur middel van konsentrasiekampe en gaskamers probeer bereik is[77] en dat dit die ganse mensdom se verantwoordelikheid was om, soos tydens die Tweede Wêreldoorlog, teen enige manifestasie van Naziïsme oorlog te verklaar.[78]

Volgens Sechaba het die Nazi-kenmerke van die blanke minderheidsregering die doodsklok vir die bewind help lui. Nie net sou so 'n Suid-Afrika nie in Afrika geduld word en die teiken van die gekombineerde aanslae van die

---

*72. B Lapping: Apartheid. A history, p131.*
*73. Sechaba, March 1975, p2.*
*74. Sechaba, July 1986, p2.*
*75. Sechaba, October 1971, pp14-15.*
*76. Sechaba, October 1983, pp6,8.*
*77. Sechaba, Third Quarter 1978, p27.*
*78. Sechaba, May 1983, p13.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

mense van Afrika en die res van die wêreld word nie,[79] maar moes die idee van 'n "meesterras" vroeër of later *"erode the character of the white community itself, driving it more and more into isolation from the rest of mankind, into the narrow confines of intolerance even towards its own racial group".*[80] Die apartheidstaat het volgens hierdie redenasie dus die kiem van sy eie ondergang gedra.

Die ANC het meermale daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse regering propaganda benut het in 'n poging om sy voortbestaan te probeer verseker. Sodanige optrede is as 'n tipe geweld, *"a form of violence committed against the soul and mind...as ruthless and efficient as a unit of combat troops, with as devastating an effect"*[81] beskryf. Die doelwit wat deur middel van hierdie strategie nagevolg is, was, soos dit uit Sechaba se beriggewing onderskei kan word, vierledig: Eerstens is die benutting van propaganda en die uitoefening van drakoniese beheer oor die pers deur die Suid-Afrikaanse regering as een van die kenmerke van 'n outokrasie geïdentifiseer. Slegs dit wat as in die onderdrukker se belang beskou is, is wêreldkundig gemaak.[82] Tweedens is aangevoer dat die Regering propaganda benut het om sy moorddadigheid (*"genocidal acts"*) teenoor swartes te probeer verdoesel.[83] Derdens het die Regering sy beheer oor die media kwansuis probeer aanwend om "hervorming" in 'n aanvaarbare vorm te bemark met die oog daarop om sy bande met die res van Afrika te versterk.[84] Ten slotte is aangevoer dat propaganda ingespan is met die doel *"of making the oppressed and exploited more docile and amenable to control by the ruling class".*[85] Laasgenoemde argument is in vroeër uitgawes van Sechaba selfs sterker gestel toe beweer is dat die apartheidbewind onderwys en die media aangewend het met die doel om swartes te indoktrineer deur versigtig gesifte inligting aan hulle op te dis[86] - 'n taktiek waarvan een van die doelwitte na bewering was *"(to) teach Blacks to hate other Blacks..."*[87] Sodoende is onder meer gepoog om die

---

79. *Sechaba, December 1969, p7.*
80. *Sechaba, Fourth Quarter 1977, p39.*
81. *Sechaba, February 1988, p24.*
82. *Sechaba, June 1969, pp17-18.*
83. *Sechaba, April 1987, p7.*
84. *Sechaba, First Quarter 1978, p44.*
85. *Sechaba, February 1988, p24.*
86. *Sechaba, July 1982, p9.*
87. *Sechaba, Third Quarter 1976, p20.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

tuislandgedagte meer aantreklik vir swartes te maak - aldus Sechaba.[88] Leonard was egter die mening toegedaan dat die Regering deur middel van sy beheer oor die media eerder daarna gestreef het om die sogenaamde totale aanslag-strategie meer aantreklik vir Suid-Afrikaners te maak.[89]

Voortvloeiend uit die bovermelde doelwitte wat die Regering na bewering deur sy beheer oor die media nagestreef het, het Sechaba aangedui dat dit algemeen aanvaar word dat persvryheid en politieke vryheid (of demokrasie) hand aan hand gaan. Die afwesigheid van persvryheid in Suid-Afrika is daarom as 'n simptoom van die algemene onvrye politieke situasie in die land voorgehou.[90] Die bestaan van regeringsgesinde monopolieë wat die media in Suid-Afrika beheer het, is in hierdie verband uitgesonder as 'n bydraende faktor.[91] Ander kommentators, waaronder Anthony Heard, het ook hierdie aspek as kommerwekkend uitgesonder en gewaarsku dat dit tot 'n *"gray uniformity"*, met al die gepaardgaande negatiewe politieke en ander gevolge daarvan, sou lei.[92]

Die implikasies van hierdie toedrag van sake was volgens Sechaba tweeledig. Enersyds is die kredietwaardigheid van die Suid-Afrikaanse media in die oë van die meerderheid Suid-Afrikaners, sowel as die internasionale gemeenskap, ondermyn.[93] Andersyds, en selfs meer belangrik, moes die "inligtings-hongerdieet" waaraan Suid-Afrikaners onderwerp is, noodwendig tot die groei van ekstremisme en a-sosiale optrede, waarby slegs die Regering kon baat, gelei het. *"This becomes dangerous when truth and falsehood are manipulated at will as the occasion arises, and the old principle of Josef Goebbels...that the best lies are made from half-truths, is put into practice."*[94] Die mate waartoe hierdie regeringstrategie met sukses bekroon is, was, soos dit uit Sechaba blyk, 'n bron van kommer vir die ANC.[95] Om daardie rede is enige

---

88. *Ibid*.
89. *R Leonard: South Africa at war..., p216.*
90. *Sechaba, July 1982, p9.*
91. *Sechaba, April 1989, pp13-14.*
92. *AH Heard: The press in South Africa: Twilight of freedom?, in S Prahash Sethi (ed): The South African quagmire..., p260.*
93. *Sechaba, April 1987, p10.*
94. *Sechaba, February 1988, p24.*
95. *Sechaba, February 1985, p4.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

nuwe maatreëls wat op byvoorbeeld strenger mediabeheer gedui het, skerp veroordeel.

Teen 1989 was die posisie in Suid-Afrika sover dit die media betref het, dus vir die ANC onaanvaarbaar. Daar is, opsommenderwys, in Sechaba aangedui dat die pers deur meer as een honderd wette en regulasies aan bande gelê is en daarom onder direkte owerheidsbeheer gebuk gegaan het. *"(T)he effect of these laws is that the press publishes only what the regime allows it to publish."*[96] Die feit dat die Regering nooit sover gegaan het as om byvoorbeeld sensors in koerante se kantore te plaas nie, het egter volgens Heard *"scope for creative decisionmaking by those editors who care or dare to try"*, gelaat.[97]

Die ANC het die Nasionale Party (wat gedurende die sestiger en sewentigerjare as die manifestasie van Afrikaner-nasionalisme beskou is) deur 'n anti-Afrikaner bril bestudeer. Die beeld van Afrikaners en die NP wat in Sechaba die wêreld ingestuur is, was onvleiend[98] en het die ANC se ontleding van die politieke situasie in Suid-Afrika ten grondslag gelê. Volgens hierdie ontleding is die toestand in die land deur die teenwoordigheid van 'n bevoorregte blanke minderheid en 'n *"colonially oppressed"* swart meerderheid gekenmerk[99] - 'n toedrag van sake wat Suid-Afrika teen 1981 as die laaste "koloniale moondheid" op die kontinent uitgewys het.[100] As sodanig het die ANC aanvaar dat die blanke minderheidsbewindhebbers die land regeer en die meerderheid onderdruk het met die doel om klassieke koloniale oogmerke te verwesenlik, te wete die vestiging van 'n kultuur van ekonomiese uitbuiting, politieke dominasie en kulturele meerderwaardigheid.[101]

Ter aanspreking van die probleem wat as kolonialisme gediagnoseer is, het die ANC aangedui dat die enigste oplossing in die totale vernietiging van die

---

*96. Sechaba, April 1989, p12.*
*97. AH Heard: The press in South Africa: Twilight of freedom?, in S Prahash Sethi (ed): The South African quagmire..., p257.*
*98. Sechaba, March 1967, p1.*
*99. Sechaba, December 1969, p7.*
*100. Sechaba, February 1981, p3.*
*101. Sechaba, November 1981, p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



apartheidstelsel gelê het. Apartheid is as onhervormbaar tipeer.[102] In sy "Strategy and Tactics"-dokument van 1969 het die ANC hierdie opvatting verwoord deur dit onomwonde te stel dat hoewel Suid-Afrika nie 'n kolonie was nie, dit in die oë van die meerderheid van sy inwoners die meeste eienskappe van 'n klassieke kolonie vertoon het. *"It follows from this characterisation...that our struggle has as one of its main features a deep anti-colonial content."*[103]

'n Aspek wat nou met bogenoemde verband hou, was die ANC se aansprake dat hy in 'n stryd met die Suid-Afrikaanse "regime" verkeer het omdat die Afrikaners rassiste was. Ook in hierdie geval het die ANC heersende sentimente benut deurdat effektief op die Westerse wêreld se afkeur in kolonialisme gespeel is. In ANC-propaganda is Suid-Afrika uitgebeeld as uit pas met die gangbare openbare mening in die wêreld.

In ANC-geledere, soos dit in Sechaba gereflekteer is, is daar by minstens twee geleenthede gepoog om die begrip "rassisme" te definieer. Tambo het tydens 'n byeenkoms byeenkoms in Nederland in Junie 1980 die volgende definisie aan die hand gedoen: *"In its extreme forms, racism is an institutionalised system of inequality between people who differ in genetic origin, skin colour and other inherited physical traits."*[104] Die tweede definisie is in 1981 in 'n "Discussion Article" deur "Joe Koloi", 'n ANC-lid in Dar-es-Salaam, voorgehou: *"Race prejudice is a social attitude propagated among the public by an exploiting class for the purpose of stigmatising some group as inferior so that the exploitation of the group or its resources (or both) may be justified..."*[105] Teen die agtergrond van hierdie en soortgelyke definisies, het Sechaba sy ontleding van rassisme onderneem.

Volgens die ANC het rassisme sy oorsprong gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu in Wes-Europa gehad. In daardie gebied is teorieë oor die beweerde biologiese en sosiale minderwaardigheid van swartes geformuleer in 'n poging om koloniale praktyke te regverdig. Die logiese gevolg van sodanige

---

*102. Sechaba, June/July 1975, p3.*
*103. Sechaba, October 1982, p11.*
*104. Ibid., p20.*
*105. Sechaba, January 1983, p19.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

denkrigtings was dat later geglo is dat blankes (Wes-Europeërs) die reg en plig gehad het om die suiwerheid van hulle ras te beskerm - selfs al het dit menseslagtings geïmpliseer.[106] Hierdie toedrag van sake is vererger nadat die rassistiese idees met godsdienstige argumente gesanksioneer is.[107] Die propageerders van rassisme in Suid-Afrika, wat volgens Sechaba die Afrikaners was, het uit bogenoemde "teoretiese bronne" geput ten einde die apartheidstelsel te probeer rasionaliseer.[108] Die blanke minderheidsregering het egter vir 'n nuwe inset tot die teoretiese verwysingsraamwerk van rassisme gesorg deurdat vrese betreffende die "swart gevaar" aan vrese vir die "Rooi gevaar" (kommunisme) gekoppel is.[109] Vanweë hierdie en soortgelyke praktyke is die Suid-Afrikaanse regering as 'n integrale deel van die "reaksionêre en imperialistiese wêreld" tipeer,[110] is daarop gewys dat rassisme wigte tussen state en indiwidue indryf[111] en as sodanig 'n bedreiging vir wêreldvrede ingehou het.

Die prentjie van Afrikaners as die belangrikste ondersteuners van apartheid wat uit Sechaba se ontleding van rassisme gevorm is, was een van 'n groep mense wat ter bereiking van ideologiese, ekonomiese, kulturele en ander doelwitte, op 'n diskriminerende wyse teen swartes opgetree het.[112] Die wortel van die kwaad is dus as politieke magsbeheptheid geïdentifiseer en die *"barbaric, brutal and savage myth"*, bekend as rassisme,[113] is na bewering deur Afrikaners ingespan om mag te bekom en te behou. In hierdie proses is die toepassers, sowel as die slagoffers van rassisme, van hulle mensheid ontneem, *"locking them into the vile relationship of master race and untermenschen..."*[114]

Die redes wat deur blanke suprematiste aangevoer is om hulle dade te probeer rasionaliseer, waaronder die argument dat blankes 'n

---

*106. Sechaba, July 1986, p3; Sechaba, October 1983, p4; Sechaba, November 1980, p20.*
*107. Sechaba, July 1986, p3.*
*108. Ibid., pp2-3.*
*109. Sechaba, August 1981, p1.*
*110. Sechaba, October - December 1974, p17.*
*111. Sechaba, July 1986, p2.*
*112. Sechaba, January 1983, p20.*
*113. Sechaba, October - December 1974, p20.*
*114. Sechaba, July 1986, p2.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

beskawingsverpligting jeens "Naturelle" gehad het, is by monde van Oliver Tambo in 'n toespraak in Kuala Lumpur op 5 Mei 1986 verwerp.[115] Inderwaarheid het Tambo reeds in Junie 1980 in Nederland die doel waarvoor rassisme in Suid-Afrika ingespan is, as volg verklaar: Eerstens om die besetting van die land te regverdig; tweedens om die onteiende inheemse bevolking tot arbeiders ter bevordering van die ekonomiese posisie van die koloniseerders te omvorm en, derdens, *"to legitimise the exclusive concentration of political power in the hands of the colonial and settler oligarchy"*.[116]

Ondanks pogings om hulle optrede te regverdig, het die praktiese toepassing van die idees van blanke supramatiste volgens Sechaba die mensdom in die algemeen en Suid-Afrika in besonder geskaad. As rede hiervoor is aangevoer dat rassisme mure tussen rasse gebou en tot haat en uitbuiting gelei het.[117] Rassisme, so is in Sechaba beweer, was dus nie net 'n outonome sosiale fenomeen nie, maar 'n produk en 'n reflektering van uitbuitende sosiale verhoudinge, 'n wyse waarop sodanige verhoudinge tot uiting kom, sowel as 'n metode om die status quo te verdedig en die voorsetting daarvan te probeer verseker.[118] Die ANC se stryd daarteen het volgens sy eie oordeel primêr op die ideologiese terrein gelê.[119] Omrede rassisme as deel van die Suid-Afrikaanse staat beskou is en dié staat wêreldvrede bedreig het,[120] het die ANC hom geregtig gevoel om vir internasionale hulp in sy stryd teen blanke oorheersing en rassisme te pleit. Internasionale samewerking teen Suid-Afrika, gekoppel aan die geloof in ANC-geledere dat rassisme, kapitalisme en imperialisme *"are dying systems which have no place in the development of human society"*,[121] was volgens Sechaba voldoende bewys dat apartheid sou faal.

Apartheid het die fokus van die meeste aandag van Sechaba verteenwoordig. In sy beriggewing oor hierdie onderwerp het Sechaba 'n hele aantal metodes

---

*115. Sechaba, July 1986, p3.*
*116. Sechaba, November 1980, p21.*
*117. Sechaba, Third Quarter 1976, p25.*
*118. Sechaba, November 1980, p20.*
*119. Sechaba, January 1983, p20.*
*120. Sechaba, October 1983, p5.*
*121. Sechaba, October - December 1974, p19.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

en invalshoeke benut. Vervolgens word die ontleding van apartheid aan die hand van 'n verskeidenheid temas, soos dit in Sechaba manifesteer het, bespreek.

- Definisie: 'n Verskeidenheid definisies van apartheid is deur medewerkers tot Sechaba geformuleer. Hierdie definisies kan in minstens vier kategorieë verdeel word. Eerstens is 'n aantal definisies wat apartheid as die resultaat van 'n historiese proses voorgestel het, voorgehou. In 'n "Discussion Article" het Mzala apartheid onder meer beskryf as *"the outcome of a process of historical development which has led to the entrenchment of White settler colonial domination".*[122] Mandela het apartheid in 'n boodskap wat na bewering gedurende 1980 uit die tronk op Robbeneiland gesmokkel is, beskryf as die vergestalting van die reste van opeenvolgende *"white supremacist rulers"* in Suid-Afrika.[123] Tweedens is apartheid as die gekonsentreerde uitdrukking van 'n wêreldwye kanker, bekend as rassisme, bestempel.[124] Derdens is beweer dat apartheid 'n spesiale vorm van geweld was[125] wat, in die woorde van president Robert Mugabe van Zimbabwe, die menswaardigheid van beide die onderdrukkers (blankes) en onderdruktes (swartes) misken het.[126] Ten slotte is apartheid beskryf as 'n *"form of capitalist state power in the hands of an internally based White minority"*,[127] wat dus volgens die kolonialistiese model op die politiese, maar veral ekonomiese eksploitasie van swartes gemik was.[128] In 'n toespraak in Nieu-Delhi, Indië, in 1978 het Alfred Nzo laasgenoemde opvatting rakende apartheid ondersteun toe hy die ideologie beskryf het as 'n poging *"(to reduce the) indigenous African majority both in social practice and in law to the state of chattels, permitted only to exist as long as they produce wealth for the consumption of this white minority..."*[129] Hierin is die ANC deur ander

---

*122. Sechaba, August 1987, p25.*
*123. Sechaba, August 1980, p2.*
*124. Sechaba, July 1986, p5.*
*125. Sechaba, August 1980, p2.*
*126. Sechaba, November 1986, p3.*
*127. Sechaba, April 1986, p21 ("Discussion Article", deur Alex Mashinini.)*
*128. Sechaba, September 1985, p24; Sechaba, July 1980, p24.*
*129. Sechaba, Fourth Quarter 1978, p47.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


politieke historici, waaronder Moodie, ondersteun. Volgens Moodie was die rassebeleide van opeenvolgende blanke regerings in Suid-Afrika *"based on the determination of white South Africans to retain all political power and so to prevent economic competition from black Africans".*[130]

- Doel: Volgens die ANC was die belangrikste doel van apartheid om blanke oppergesag en die permanente eksploitasie en dominasie van swartes te bewerkstelling.[131] Dit is gedoen deur swartes in Suid-Afrika se status deur middel van die tuislandbeleid tot "buitelanders" te reduseer en die blanke minderheid tot 'n de jure-meerderheid te verhef.[132] Ten minste twee addisionele sekondêre oogmerke wat die blanke minderheidsregering na bewering met apartheid gehad het, is ook geïdentifiseer. Die eerste hiervan was die opvatting dat met apartheid gepoog is om 'n "teen-rewolusionêre bolwerk", gemik teen swart bevrydingsbewegings, te vestig[133] met die verdere implikasies dat binne- en buitelandse kritici van die Regering tevrede gestel kon word, dat die bevrydingsbewegings van hulle buitelandse donateurs en ondersteuners vervreem en geïsoleer kon word en die balkanisasie van Suid-Afrika as 'n gegewe aan die internasionale gemeenskap voorgelê kon word.[134] Die tweede en laaste sekondêre doelwit met apartheid was, aldus die ANC, ekonomies gefundeerd. Hiervolgens is gepoog om *"the good life for the few and maximum profits with minimum effort"*[135] te verseker en is apartheid as in diens van kapitalisme tipeer.[136]

- Kenmerke: Uit 'n ANC-oogpunt het apartheid, breedweg gesproke, beide 'n fundamentele en 'n oppervlakkige dimensie gehad. Enersyds is die stelsel deur byvoorbeeld aanvalle op die Frontliniestate gekenmerk. Dit is as 'n fundamentele aspek bestempel is. Andersyds is apartheid

---

*130. TD Moodie: The rise of Afrikanerdom..., p260.*
*131. Sechaba, July 1986, p5.*
*132. Sechaba, September 1982, p1.*
*133. Sechaba, April 1972, p16.*
*134. Sechaba, April 1975,p3.*
*135. Sechaba, December 1980, p13.*
*136. Sechaba, November 1969, p9.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

as oppervlakkig bestempel omdat swartes byvoorbeeld nie in dieselfde hysbak as hulle blanke landgenote kon inklim nie.[137] Spesifieke kenmerke van apartheid is ook geïdentifiseer. So byvoorbeeld is beweer dat dit die resultaat van Afrikaner-nasionalisme, 'n oordrewe republikeinse strewe en sterk ideologiese, etniese en kulturele bande onder Afrikaners was.[138] Daar is ook meermale daarop gewys dat laasgenoemde "boustene" van apartheid in rassemeerderwaardigheid uiting gevind het - 'n verwikkeling wat Afrikaners na bewering in opposisie tot die res van die wêreld geplaas het.[139] Moodie handhaaf in hierdie verband dieselfde standpunt as die ANC as hy verwys na die beweerde geloof onder Afrikaners in die *"unquestioned superiority of white civilization'"*.[140] Ekonomiese bevoordeling van blanke Suid-Afrikaners, Westerse kapitaliste en sogenaamde swart *"stooges"* in diens van beide, is as die rasionaal agter, sowel as 'n kenmerk van apartheid uitgewys.[141] As sodanig was dit volgens die ANC te verwagte dat die stelsel op die gebruik van geweld gegrond was en dat geweld as die uitstaande kenmerk van apartheid bekend geword het.[142]

- Tipering: Soos dit uit Sechaba blyk, het swartes apartheid beskou as 'n verfynde vorm van kolonialisme waarin hulle geen grondwetlike regte gehad het nie en as vreemdelinge in hulle geboorteland behandel is.[143] Die ondersteuners van die apartheidstelsel in die algemeen en die Afrikaners in besonder is as neo-kolonialiste tipeer wat die metodes, gebaseer op geweld, sowel as die oogmerke van daardie era onderskryf het.[144] Hierdie oogmerke, naamlik ekonomiese en politieke onderdrukking en uitbuiting,[145] is volgens die ANC deur middel van 'n reeks wette gekodifiseer[146] en het dit weldra as "apartheid" bekend geword. Apartheid is, soos hierbo aangedui is, deur die ANC as 'n

137. *Sechaba, August 1985, p12.*
138. *Sechaba, July 1984, p20.*
139. *Sechaba, Second Quarter 1977, p10; Sechaba, December 1979, p14.*
140. *TD Moodie: The rise Afrikanerdom..., pp260-261.*
141. *Sechaba, December 1980, p13.*
142. *Sechaba, April 1979, pp19-22.*
143. *Sechaba, August 1987, p25.*
144. *Sechaba, August 1986, p4.*
145. *Sechaba, July 1968, p17.*
146. *Sechaba, January 1984, p29.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


variant van fascisme bestempel. Sechaba het reeds in 1969 aangedui dat 'n staat wat daardie ideologie onderskryf het, *"can no longer be tolerated in a resurgent Africa"*.[147]

- Geskiedenis: Met die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 was apartheid, aldus die ANC, *"a somewhat nebulous concept designed to cover up naked racism and elevate it to the rarified atmosphere of political philosophy. From time to time long tracts were churned out expanding voluminously on apartheid as being in keeping with 'natural law', as being based on the word of God..."*[148] Voorts was dit na bewering op ideologiese en kulturele gemeenskaplikhede gebaseer en is martelaarsfigure, waaronder Paul Kruger, ook benut om nasionalisme aan te wakker met die doel om apartheid onder Afrikaners te verpopulariseer.[149] 'n Volgende argument wat benut is om die oorsprong van apartheid te probeer verklaar, was om aan te dui dat post-1948-regerings in Suid-Afrika bloot die de facto-situasie in die land voor 1948 deur middel van wetgewing geformaliseer het.[150] (Rhoodie en Venter se standpunt dat apartheid die resultaat van 'n kristalisering van 'n gemeenskaplike benadering tot rassedifferensiasie was en daarom tot ver in Suid-Afrika se geskiedenis teruggespeur kan word, ondersteun hierdie standpunt van die ANC.[151]) In dieselfde trant is daar in Sechaba daarop gewys dat daar 'n hoë mate van kontinuïteit in opeenvolgende blanke minderheidsregerings se rassebeleide voor en na 1948 te bespeur was[152] en is apartheid as bloot 'n bevestiging van kolonialisme bestempel. Ter ondersteuning hiervan is ook aangedui dat dieselfde metodes wat deur koloniale heersers benut is (gebaseer op geweld),[153] asook dieselfde ekonomies-gebaseerde motiewe as wat wêreldwyd vir kolonialisme bestaan het,[154] apartheid onderlê het.

---

147. Sechaba, December 1969, p7.
148. Sechaba, May 1969, p4.
149. Sechaba, July 1984, p20.
150. Sechaba, November/December 1970, pp36-37.
151. NJ Rhoodie and HL Venter: Apartheid, a socio-historical exposition..., p242.
152. Sechaba, First Quarter 1976, p19.
153. Sechaba, October - December 1974, p17.
154. Sechaba, May 1983, pp15-16; Sechaba, July 1984, p20.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

- Teorie en praktyk van apartheid: Volgens die ANC het apartheid beide 'n teoretiese en 'n praktiese aspek verteenwoordig. Die teoretiese gedeelte het as "afsonderlike ontwikkeling" bekend gestaan, terwyl die manifestering van rassistiese praktyke, wat teen alle nie-blankes gemik was, die praktiese sy van apartheid ten toon gestel het.[155] Die ideologiese of teoretiese beskouing is as so oud as Suid-Afrika self beskryf.[156] Daar is voorts beweer dat apartheid benut is om die "rewolusionêre gees" onder swartes te temper[157] en dit as sodanig 'n vorm van *"internal or domestic colonialism"* was.[158] Die ANC het by monde van Sechaba onder meer die volgende vier kwalifiserings van die teoretiese begronding van apartheid voorgehou:

  - *"It is a strict ideology of white supremacy and racial segregation whose logical end, genocide, is tempered by the need to feed of black labour."*[159]

  - *"It is a carefully planned and systematically prosecuted criminal conspiracy...whose basic economic objective is the ruthless exploitation of the African people, whose military and political aim is the defence of imperialism."*[160]

  - *"Apartheid is a scheme, a device and a machinery for keeping a White minority in political and economic power in South Africa."*[161]

  - *"(Apartheid is) a false racist philosophy which seeks to disguise murderous practices with a mantle of divine inspiration and natural law."*[162]

---

155. Sechaba, December 1967, p10.
156. Sechaba, March 1973, p17.
157. Sechaba, June 1973, p18.
158. Ibid., p18.
159. Sechaba, August 1969, p23.
160. Sechaba, July 1970, p8.
161. Sechaba, Special Issue, ongedateer, (ongeveer 1971), p6.
162. Sechaba, Fourth Quarter 1977, p33.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Daar is verder aangevoer dat die ideologie van apartheid die teoretiese manifestasie van vrees onder blankes (veral Afrikaners) was[163] en dat wette benut is om daardie vrees te besweer en blankes se bevoorregte posisie te probeer verseker.[164] 'n Laaste metode wat na bewering deur blankes benut is om apartheid teoreties te probeer rasionaliseer, was om ondersoek in te stel na enige ander voorbeelde in die wêreld waar rassewrywing voorgekom het ten einde te "bewys" dat apartheid die "ideale" oplossing was.[165]

Sover dit die ontmaskering van die praktiese manifestasies van apartheid betref, het Sechaba 'n aantal metodes benut. Daar is onder meer deur van praktiese voorbeelde gebruik te maak, klem gelê op die "wreedheid" van apartheid soos dit manifesteer het in gedwonge verskuiwings,[166] herklassifikasie van persone,[167] selektiewe aanpassings in die apartheidbeleid om die selfsugtige doelwitte van die blanke bewindhebbers te fasiliteer, soos die toestemming van die Regering in 1967 dat swart besoekers uit Malawië saam met blankes kon tee drink,[168] die aandklokreël wat op swartes in sommige "blanke" gebiede van toepassing was,[169] sowel as instromingsbeheer ten opsigte van swartes.[170] Daar is ook in hierdie verband daarop gewys dat die praktiese toepassing van apartheid die ware ekonomiese aard daarvan, naamlik dat dit *"a net of laws and control mechanisms for the maintenance of a cheap labour system"*[171] was, weerspieël het. Die gevolge van apartheid, wat noodwendig al die sfere van nie-blankes se daaglikse bestaan geraak het,[172] het na bewering nie net swartes se

---

163. Sechaba, July 1969, p21.
164. Sechaba, June 1973, p18; Sechaba, June 1970, p2.
165. Sechaba, May 1969, p4.
166. Sechaba, April 1971, p4.
167. Sechaba, February 1967, p8.
168. Sechaba, May 1967, pp2-3.
169. Sechaba, December 1967, p9.
170. Sechaba, August 1968, p8.
171. Sechaba, June 1973, p18.
172. Sechaba, may 1967, p14.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


menswees aangetas nie,[173] maar ook blankes in die oë van die wêreldgemeenskap as minderwaardig tipeer.[174]

- Kwesbaarheid van apartheid: Reeds in sy uitgawe van Maart 1973 het daar in Sechaba 'n berig verskyn waarin beweer is dat apartheid onwerkbaar was omdat dit deur Afrikaners self gesaboteur is: *"They talk of complete separation and development of different groups, but they deprive others of means towards development."*[175] Teen 1985 het die situasie in Suid-Afrika reeds so verander dat die ANC daarop kon wys dat die apartheidstelsel dermate kwesbaar geword het, dat dit slegs deur middel van die ontplooiing van soldate in stand gehou is. Die gevolgtrekking is gemaak dat die blanke minderheidsbewind *"is even more vulnerable than many people tended to believe this far"*.[176]

- Apartheid het gefaal: Apartheid het volgens die ANC gefaal omdat die voorstanders daarvan teenstrydige elemente met mekaar probeer versoen het. Enersyds is probeer om geografiese skeiding en afsonderlike ontwikkeling met ekonomiese integrasie in een stelsel te akkommodeer.[177] Andersyds is wat as *"the historically impossible"* beskryf is nagestreef, te wete die oorheersing van die swart meerderheid in die land deur 'n rasgebaseerde blanke minderheid met ekonomiese eksploitasie as doel.[178] Die gevolg hiervan was dat verwarring in blanke geledere ontstaan het omdat hulle *"cannot satisfy both the dictates of white domination and the requirements of black, democratic rule..."*[179] Pogings deur die blanke minderheidsregering om apartheid in reaksie op bogenoemde te probeer hervorm, is konsekwent deur die ANC as futiel afgemaak.[180] Daar is byvoorbeeld teen die einde van die tagtigerjare aangedui dat die inisiatief vir die vestiging van 'n nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika in die hande van die

---

173. *Sechaba, February 1972, p21; Sechaba, Third Quarter 1976, p26.*
174. *Sechaba, December 1967, p11.*
175. *Sechaba, March 1973, p18.*
176. *Sechaba, January 1985, p27.*
177. *Sechaba, August 1973, p8.*
178. *Sechaba, April 1970, p14.*
179. *Sechaba, June 1973, p6.*
180. *Sechaba, July 1986, p5; Sechaba, February 1987, p23.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

swart meerderheid gelê het en nie meer in die Regering se hande nie.[181] Die swart meerderheid het dus, aldus Sechaba, apartheid verwerp.[182] *"The apartheid regime of terror has lost political control over the overwhelming majority of the black masses of our country. The masses do not accept the authority and the legitimacy of the White minority regime."*[183] Dit was, uit 'n ANC-oogpunt, die de facto-situasie en die Regering se reaksie daarop was om Suid-Afrika oorlogsgereed te kry. Omdat die Regering nie daarin kon slaag om die land regeerbaar te hou nie, moes hy hom noodgedwonge tot outokratiese beheer wend.[184] Die kenmerke van dié "oorlogvoorbereidings" was volgens Sechaba drieledig: Eerstens is die ekonomie op 'n oorlogsgrondslag geplaas; tweedens het die staatsbeheerde media 'n oorlogpsigose aangeblaas en, derdens, is die parlement se besluitnemingsbevoegdhede deur sekurokratiese instellings, waaronder die Staatsveiligheidsraad, oorgeneem.[185] Sodanige voorbereidings is by 'n latere geleentheid beskryf as *"a desperation that is as vicious as it is characteristic of a regime in its death throes"*.[186] Gesien teen hierdie agtergrond het Sechaba reeds gedurende 1973 uit 'n VN-verslag oor Suid-Afrika aangehaal waarin aangedui is dat apartheid nie 'n oplossing vir die land se probleme gebied het nie.[187] Teen 1989 kon die ANC op die instelling van opeenvolgende noodtoestande in Suid-Afrika wys as die finale "bewys" dat die Regering implisiet erken het dat apartheid gefaal of onwerkbaar geword het.[188]

- Internasionale afkeur in apartheid: In 'n artikel wat gedurende Augustus 1967 in Sechaba verskyn het, is aangedui dat apartheid in 'n vroeëre VN-debat oor Suid-Afrika onder meer beskryf is as *"abhorrent"*, *"toxic"*, *"thoroughly repugnant"*, *"inhuman"*, *"fundamentally immoral"*, *"a catalyst*

181. Sechaba, July 1986, p28.
182. Sechaba, August 1980, p2; Sechaba, February 1989, p3.
183. Sechaba, February 1987, p3.
184. Sechaba, July 1988, pp13-14; Sechaba, February 1987, p4.
185. Sechaba, July 1984, p24.
186. Sechaba, February 1989, p3.
187. Sechaba, August 1973, p9.
188. Sechaba, August 1989, p5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*for violence"* en *"the negation of all social purpose".*[189] Apartheid is ook meermale deur die VN as 'n sogenaamde misdaad teen die mensdom verdoem.[190] 'n Russiese akademikus het gedurende 1974 in 'n artikel wat in Sechaba publiseer is, laasgenoemde aanklag selfs verder gevoer deur aan te dui dat *"the development of modern society will be impossible unless (apartheid) is eliminated".*[191] Volgens Motlhabi was selfs die latere herbenaming van "apartheid" na "afsonderlike ontwikkeling" in hierdie verband onsuksesvol. Dié stap was volgens hom slegs daarop gemik om die skade wat die apartheidsideologie Suid-Afrika internasionaal gesproke berokken het, te probeer ondervang.[192]

- Gevolge van apartheid: Volgens die ANC het die toepassing van apartheid in Suid-Afrika gevolge ingehou wat beide internasionaal en plaaslik gevoel is. Hiervolgens het die land 'n *"laboratory and nursery of international racism"*[193] geword wat uiteindelik tot nadeel van die hele wêreld sou strek. In Suid-Afrika self het apartheid na bewering tot "progressiewe onderontwikkeling" gelei wat in lyding, siekte en armoede onder swartes manifesteer het.[194] Daardie toedrag van sake moes noodwendig in politieke ontevredenheid uitmond. Gegrond op hierdie en soortgelyke argumente het Sechaba reeds gedurende 1968 voorspel dat apartheid en die aanhangers daarvan 'n onsekere toekoms binne gegaan het.[195] Die feit dat dieselfde argument gedurende 1988[196] en 1989[197] rondom verkiesings op onderskeidelik plaaslike en nasionale vlak opgehaal is, werp egter 'n skadu oor die ANC se dreigemente in daardie verband.

Een van die kenmerkendste fisiese eienskappe van die apartheidstelsel was ongetwyfeld die daarstelling van 'n aantal geografiese eenhede, bekend as

---

*189. Sechaba, August 1967, p1.*
*190. Sechaba, November 1986, p3.*
*191. Sechaba, July 1974, p21.*
*192. M Motlhabi: The theory and practice of Black resistance to apartheid..., p9.*
*193. Sechaba, December 1979, p14.*
*194. Sechaba, July 1981, p15.*
*195. Sechaba, August 1968, p7.*
*196. Sechaba, December 1988, pp2-5.*
*197. Sechaba, August 1989, p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

tuislande of "bantustans" waarin beplan is dat die onderskeie swart volke in Suid-Afrika gevestig sou word. Sechaba het die tuislandgedagte, waarin 'n skyn van devolusie van mag na swartes na bewering probeer skep is, as *"the latest in a series of frauds going back to 1884"*[198] beskryf. Die teoretiese begronding vir die vestiging van tuislande is deur Sechaba tot die werksaamhede van die Tomlinson-kommissie van 1951[199] en *"Afrikanerdom's first sophisticated leader, Verwoerd..."*[200] teruggespeur. Oor die doelwitte wat deur middel daarvan nagestreef is, het Sechaba oor die jare heen 'n aantal alternatiewe voorgehou. Daar is onder meer beweer dat opeenvolgende blanke regerings deur die skepping van tuislande probeer het om swartes in afgebakende gebiede byeen te bring met die oog op ekonomiese uitbuiting;[201] om swartes te verdeel en dus te verswak deur hulle in 'n aantal "state" in te forseer; om bevrydingsbewegings, waaronder die ANC, se invloed op die massa te probeer teenwerk;[202] om die wêreldmening, veral soos dit in die VN en die OAE vergestalt is, rakende die lot van swartes om die bos te probeer lei;[203] om swartes in sogenaamde "blanke" gebiede politieke regte te ontsê;[204] om Suid-Afrika uit die greep van internasionale isolasie te probeer bevry; om die OAE te probeer verdeel;[205] om swart werkers van werkgeleenthede te ontsê en om die proses van nasiebou in Suid-Afrika te verhinder deur klem op verdelende faktore soos etnisiteit te lê.[206] Die praktiese gevolg van die toepassing van die tuislandbeleid was dat vier vyfdes van die bevolking in een agste van die grondgebied inforseer is en dat dit "afsonderlike ontwikkeling" genoem is.[207] Volgens die ANC was dié beleid *"an even more brutal form of oppression than straight forward baasskap..."*[208] Dit is ook 'n kunsmatige beleid genoem wat van bo afgedwing is[209] en gebaseer was op stamverskille wat eensydig as kulturele verskille tipeer is. Voorts is swartes nooit in die proses geraadpleeg nie en is historiese realiteite ook

---

*198. Sechaba, February 1969, p3.*
*199. Sechaba, May 1969, p4.*
*200. Sechaba, November 1969, p9.*
*201. Sechaba, July 1968, p7.*
*202. Sechaba, April 1972, p16.*
*203. Sechaba, November/December 1974, p23.*
*204. Sechaba, August 1973, p9.*
*205. Sechaba, May 1975, p15.*
*206. Sechaba, September 1982, pp1-2.*
*207. Sechaba, April 1972, p16.*
*208. Sechaba, November 1969, p9.*
*209. Sechaba, March 1973, p19.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

negeer.[210] Ander tekortkominge van die stelsel wat in Sechaba bespreek is en wat dit na bewering tot mislukking gedoem het, was dat tuislande geen oplossing vir die behoeftes van kleurlinge en Indiërs gebied het nie, dat dit nie swartes buite tuislande kon akkommodeer nie en dat apartheid politieke bedrog was omdat dit slegs die politieke oogmerke van die Nasionale Party versinnebeeld het terwyl dit as die kitsoplossing vir al die land se sosio-politieke vraagstukke voorgehou is.[211] Die bekendste kritiek teen die tuisland-idee was ongetwyfeld dat dit onrealisties was om te verwag dat 70% van die land se bevolking op 13% van Suid-Afrika se grondgebied geakkommodeer moes word.[212]

Soos reeds sydelings aangedui is, het die ANC die mening gehuldig dat die blanke minderheidsregering op die benutting van geweld as opsie staatgemaak het om sy voortbestaan te probeer verseker. Volgens die organisasie was geweld 'n kenmerk in Suid-Afrika sedert die blanke volksplanting in 1652. Wat gevolg het was die *"brutal and savage invasion and wars of aggression and genocide by white pirates and robbers against our people..."* - aldus 'n ANC-verklaring voor die sesde Pan-African Congress in Dar-es-Salaam in 1974[213]. Veral gedurende die tagtigerjare is in Sechaba beweer dat vrees 'n kenmerk van die situasie in Suid-Afrika was: Enersyds het blankes grensplase verlaat uit vrees vir MK;[214] andersyds het dié vrees tot desperate optrede, in die vorm van rasgebaseerde maatreëls teen swartes aanleiding gegee. Sodanige maatreëls, waaronder die instelling van noodtoestande en die ontplooiing van sogenaamde *"death squads"*, is bestempel as desperate en gewelddadige pogings om swartes te intimideer en regeringsopponente te elimineer.[215]

Sover dit geweld betref, het Sechaba blankes tipeer as 'n vreesbevange groepie wat deur middel van 'n veldtog om hulleself te bewapen, sowel as deur haatgevulde toesprake vanaf preekstoele en in klaskamers, probeer het

---

*210. Sechaba, Fourth Quarter 1977, p35.*
*211. Sechaba, First Quarter 1976, 22-23.*
*212. B Lapping: Apartheid. A history, p128.*
*213. Sechaba, October - December 1974, p16.*
*214. Sechaba, December 1982, p1.*
*215. Sechaba, October 1988, p2; Sechaba, February 1987, p4.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


om hul volksgenote tot eensgesinde optrede teen swartes op te sweep.[216] Veral na die val van die Portugese ryk is daardie beeld van blankes met hernude ywer oorgedra.[217] Die tagtigerjare het 'n intensifisering van hierdie veldtog opgelewer. Blankes is onder meer as mense wat hulleself aan gruweldade skuldig gemaak het, met die doel om 'n gediskrediteerde ideologie te probeer verdedig, voorgehou.[218] In hierdie proses is selfs kinders na bewering nie ontsien nie.[219] Verder is die land, volgens Sechaba, in 'n tronk omskep, *"its administration, courts and regulations tailored to maintain and intensify White domination by every conceivable means"*.[220]

Die Suid-Afrikaanse regering is voorts tipeer as 'n lakei van "internasionale imperialisme" met die doel om Suid-Afrika tot 'n ekonomiese en militêre bastion van Westerse moondhede in die Suidelike halfrond te omskep.[221] Die Suid-Afrikaanse regering se eie lang termyn doelwit, te wete die uitwissing van die nasionale bevrydingsbeweging, is ook op hierdie wyse aangespreek[222] - 'n feit wat na bewering nie ongesiens by die mense van Afrika verbygegaan het nie, ondanks pogings om sodanige optrede onder die dekmantel van "verdediging teen barbarisme" te verberg.[223] Die strategie wat, aldus Sechaba, in die sestigerjare gevolg is sover dit gewelddadige Suid-Afrikaanse optrede teen Afrika betref het, het berus op die aannames dat "blanke Suid-Afrika" se voortbestaan gekoppel was aan die sukses al dan nie van pogings om die bevryding van Afrika van Suid-Afrika se voordeur weg te hou deur die Portugese kolonies, Suidwes-Afrika en Rhodesië as bufferstate te beskou.[224] Teen die sewentigerjare het die Suid-Afrikaanse regering volgens Sechaba vertrou dat antisiperende militêre optrede ("hakkejagoperasies") die gewensde resultate sou lewer[225] en dat aggressiewe optrede Suid-Afrika se buurstate sou oortuig om nie hulp aan die ANC te lewer nie.[226] Teen die tagtigerjare het die Regering, aldus Sechaba, gepoog om 'n weergawe van die

*216. Sechaba, August 1967, p1.*
*217. Sechaba, October - December 1974, p20.*
*218. Sechaba, August 1986, p4; Sechaba, July 1988, p14.*
*219. Sechaba, November 1987, pp25-26.*
*220. Sechaba, February 1989, p3.*
*221. Sechaba, February 1975, p9.*
*222. Sechaba, April 1967, p11.*
*223. Sechaba, April 1979, p21.*
*224. Sechaba, January 1969, p13.*
*225. Sechaba, September 1971, p4.*
*226. Sechaba, November/December 1975, pp5-6.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Monroe-leer in Suider-Afrika te probeer toepas[227] deur aan te dui dat die reg voorbehou word om teen state in die gebied op te tree wat Suid-Afrika se veiligheid kon bedreig. Ter ondersteuning hiervan het die Regering na bewering gepoog *"to reduce every issue into a global east-west conflict"*[228] in 'n poging om Suid-Afrika aan Westere moondhede voor te hou as 'n onmisbare strategiese bondgenoot en leweransier van grondstowwe.[229]

Ook in Suid-Afrika self is daar volgens Sechaba 'n gewelddadige strategie gevolg met die doel om apartheid en die voorregte vir blankes wat daarmee gepaard gegaan het, voort te sit.[230] Namate die aanslag teen die blanke minderheid in intensiteit toegeneem het, het die invloed van die sekurokrate na bewering ook toegeneem. Teen 1979 was daardie invloed reeds so groot dat bykans alle polities-belangrike posisies - aldus Sechaba - in die hande van die militêre was.[231] Veral die bewindsaanvaarding van PW Botha, met die gepaardgaande vestiging van die sogenaamde "Nasionale Veiligheidsdoktrine", het volgens die ANC daartoe bygedra dat die Weermag omskep is vanaf 'n *"tool of government to the central force within government"*.[232] Hierdie doktrine was gebaseer op 'n strategie wat oorspronklik deur 'n Franse generaal, André Beaufré, ontwikkel en in 'n boek getiteld: Introdution á la Strategie opgeneem is. Dit was gegrond op die oorlogservaringe van Brittanje, Frankryk en die VSA in onderskeidelik Maleisië, Algerië en Viëtnam.[233] Die kernelemente van die strategie was dat alle middele in diens van teen-rewolusionêre optrede gestel moes word en dat die *"battleground...lies in the hearts and minds of the people"*.[234] Die "Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel" wat die gevolg hiervan was, is gedurende die tagtigerjare aan diepgaande ondersoek in Sechaba onderwerp. Die stelsel is beskryf as 'n *"government in the shadows"*[235] waarvan die doel was om die gruwels van apartheid te verdoesel.[236] Die kenmerke van dié "totale aanslag"-strategie was volgens die

---

*227. Sechaba, March 1983, p22.*
*228. Sechaba, July 1982, p24.*
*229. Sechaba, June 1980, p15.*
*230. Sechaba, July 1969, p21.*
*231. Sechaba, December 1979, p18.*
*232. Sechaba, April 1980, p21.*
*233. R Leonard: South Africa at war..., p199.*
*234. SM Davis: Apartheid's rebels..., p159.*
*235. Sechaba, January 1988, p26.*
*236. Sechaba, June 1988, p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

ANC onder meer dat dit aan totale militêre beheer gegrens het,[237] dat regeringsfunksies gesentraliseer en onder beheer van die Staatsveiligheidsraad geplaas is,[238] dat militêre beheer deur middel van 15 interdepartementele komitees gehandhaaf is[239] en dat die magte van beide die parlement en die kabinet sodoende gerysmier is.[240] Hierdie redenasie het Sechaba tot die gevolgtrekking gelei dat daar in Suid-Afrika nie eers meer sprake van parlementêre demokrasie vir blankes was nie.

Uit berigte wat in Sechaba verskyn het, kan 'n prentjie oor die beeld van blankes uit die perspektief van swartes gevorm word. Hiervolgens was blankes teen 1970 besig om deur onder meer wetgewing die land oorlogsgereed te maak,[241] om wapens onder hulle kleurgenote te versprei[242] en om in 'n staat van fisiese en geestelike beleg te verval.[243] Die laaste fase in blankes se voorbereidings op oorlog of geweld teen swartes is volgens Sechaba deur die daarstelling van die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel ingelui. Een van dié stelsel se kenmerke was naamlik dat al die staat se hulpbronne in diens van die Weermag gestel is in sy sogenaamde teen-rewolusionêre optrede. Vir hierdie doel is daar volgens Sechaba 'n pakt tussen die militêre establishment en kapitaliste in Suid-Afrika gesluit waardeur beide partye bevoordeel is[244] deurdat politieke mag in die hande van die militêre owerhede gesentreer is en maatreëls daargestel is om grondstowwe en mannekrag aan sogenaamde monopolitiese bedrywe beskikbaar te stel.[245]

Die staatmasjinerie wat in die binneland benut is ten einde die swart bevolking tot oorgawe te probeer "terroriseer", het volgens Sechaba velerlei vorme aangeneem. So byvoorbeeld is die administratiewe masjinerie van die apartheidstelsel, bestaande uit staatsaangestelde kommissarisse, magistrate, regters, hoofmanne en kapteins, na bewering benut om swartes te

---

*237. Sechaba, February 1981, p5.*
*238. Sechaba, March 1982, p20.*
*239. Sechaba, June 1983, p22.*
*240. Sechaba, December 1983, p13.*
*241. Sechaba, August 1968, p7.*
*242. Sechaba, May 1970, p23.*
*243. Sechaba, October 1970, p14.*
*244. Sechaba, June 1982, pp20-22.*
*245. Sechaba, March 1982, pp20-21, Sechaba, July 1984, p24.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

terroriseer.[246] Ook die regstelsel, die Polisie en die Weermag se rolle is in hierdie verband uitgesonder.[247] Meer subtiele metodes wat, volgens die ANC, teen swartes gebruik is, het die gebruik van sogenaamde "vigilante"-groepe,[248] sowel as "moordbendes" (*"death squads"*)[249] teen swart regeringsopponente ingesluit, terwyl die grootskaalse vernietiging van swart gemeenskappe deur byvoorbeeld gedwonge verskuiwings ook uitgesonder is.[250]

Volgens Sechaba was die blanke minderheidsregering ondanks sy benutting van geweld tot ondergang gedoem[251] - veral omdat *"(T)hey're marching against the flood of history"*.[252] Daar is aangevoer dat swartes tot die besef gekom het dat die apartheidstelsel op die rûe van swart werkers tot stand gekom het[253] en dat die ideologie, omdat dit onversetlike standpunte en posisionering tot gevolg gehad het,[254] saam met die manifestasies daarvan nie hervormbaar was nie maar omvergewerp sou moes word.[255]

Die ANC was die mening toegedaan dat die apartheidsideologie swaar op ekonomiese beweegredes gerus het. So byvoorbeeld is die Nasionale Party se oorwinning in die verkiesing van 1948 aan 'n klasse-alliansie tussen blanke boere en werkers en die groeiende Afrikaner-bourgeoisie toegeskryf.[256] Sedert 1948 het die ekonomiese posisie van Afrikaners dermate verbeter dat hulle 'n betekenisvolle persentasie van die ekonomie beheer het[257] - 'n situasie wat volgens Sechaba deur onder meer onmenslike optrede, soos die weerhouding van gelyke onderwysgeleenthede aan swartes,[258] teweeggebring is. In die praktyk is swartes dus, aldus Sechaba, met 'n ideologie gekonfronteer waarvan die logiese eindproduk - die uitwissing van swartes - slegs deur die behoefte aan swart arbeid getemper is.[259]

---

*246. Sechaba, February 1969, p10.*
*247. Sechaba, September 1985, p1.*
*248. Sechaba, August 1986, p25.*
*249. Sechaba, December 1987, pp20-26.*
*250. Sechaba, April 1979, p20.*
*251. Sechaba, January 1961, p13.*
*252. Sechaba, October 1970, p14.*
*253. Sechaba, July 1980, p30; Sechaba, March 1983, p8.*
*254. Sechaba, August 1989, p10.*
*255. Sechaba, April 1979, p22.*
*256. Sechaba, May 1983, p15.*
*257. Sechaba, December 1983, p12.*
*258. Sechaba, January 1983, p16.*
*259. Sechaba, August 1969, p23.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die doel met die aanwendig van die ekonomie ter onderskraging van die apartheidsideologie was volgens die ANC geleë in opeenvolgende Afrikaner-oorheersde regerings se strewe om materiële welvaart vir blankes te verseker.[260] Hieruit het dit gevloei dat swartes die slagoffers van massa-verarming geword het[261] en is tot die gevolgtrekking gekom dat die *"extreme exploitation of labour is the raison d'etre of this system"*.[262] Die feit dat sewe monopolistiese sakegroepe na bewering die Suid-Afrikaanse ekonomie teen 1989 beheer het, is deur die ANC voorgehou as 'n verdere argument om aan te dui dat die land se hele ekonomie gesentraliseerd was[263] en dat dit die optimale eksploitasie van veral swart werkers vergemaklik het. Die ANC het in hierdie verband reeds gedurende die vroeë sewentigs aangedui dat die posisie van 'n indiwidu in Suid-Afrika se ekonomie *"hinges on the colour of the skin and has placed the entire African population at the economic beck and call of this White minority..."*[264] Praktiese metodes wat deur die blanke minderheidsregering aangewend is om dié doelwit te verwesenlik, het volgens 'n SACTU-verklaring wat gedurende 1973 in Sechaba verskyn het onder meer die toepassing van werkreservering en die trekarbeiderstelsel ingesluit.[265]

Die Suid-Afrikaanse regering het volgens die ANC ook die ekonomie as 'n drukmeganisme - beide intern en ekstern - benut. Wat die interne dimensie hiervan betref, is aangevoer dat die toepassing van apartheid tot 'n konstante verlaging van swartes se lewenstandaarde gelei het en dat hulle daardeur geforseer is *"(to) accept whatever work (they are) offered and must agree to be sent wherever it is deemed necessary"*.[266] Die eksterne dimensie van dié strategie het in Suid-Afrika se optrede teenoor sy buurstate manifesteer. Sodanige optrede is naamlik in 1972 vanweë Suid-Afrika se militêre en ekonomiese krag aan dié van 'n koloniale moondheid gelyk gestel[267] wat daarna gestreef het om veral die sogenaamde Frontliniestate afhanklik van

*260. Sechaba, July 1969, p21.*
*261. Sechaba, November/December 1972, p23.*
*262. Sechaba, June/July 1975, p3.*
*263. Sechaba, August 1989, p10.*
*264. Sechaba, Special Issue, ongedateer (ongeveer 1971), p6.*
*265. Sechaba, May 1973, pp13, 15-16.*
*266. Sechaba, First Quarter 1978, p40.*
*267. Sechaba, November/December 1972, p24.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Suid-Afrika te hou.[268] Hierdie teorie is ook deur ander navorsers onderskryf. So byvoorbeeld het Austin dit beskryf as *"a vision of peace and plenty under a Pax Pretoriana"*.[269]

Opeenvolgende blanke minderheidsregerings se propagering van die "vryemarkstelsel" is in Sechaba as deel van 'n strategie om apartheid se voortbestaan te verseker, bestempel.[270] Die beskerming van blankes se bevoorregte posisie is dus as kenmerk van die ekonomiese beplanning van die Regering beskou. Daar is ook aangedui dat, paradoksaal tot sy verbintenis tot die vryemarkstelsel, die Regering teen die tagtigerjare 'n belangrike ekonomiese rol as belegger, werksverskaffer, en so meer gespeel het en vir tot 50% van alle beleggings verantwoordelik was.[271] Ten einde hierdie rol, sowel as die bevoorregting wat blankes geniet het, te probeer beskerm het die Regering volgens die ANC nie geskroom om alle middele tot sy beskikking, insluitende die afkondiging van noodtoestande, te benut nie.[272] Die ANC het dit as een van sy doelwitte gestel *"to radically alter the status quo with regard to this issue..."*[273] Ter bereiking hiervan is aangedui dat alle metodes, insluitende burgerlike verset en boikotte, aangewend sou word.[274] Teen die middel tagtigerjare was die ANC daarvan oortuig dat die ekonomiese krisis in Suid-Afrika, waaronder swartes na bewering die meeste gely het,[275] so diepliggend was dat slegs 'n fundamentele ekonomiese en sosiale herstrukturering 'n uitweg gebied het.[276] Die rede vir die "ondergang" van die "apartheidsekonomie" was volgens Sechaba dat die faktore wat tot die groei van die ekonomie aanleiding gegee het, te wete onderdrukking van swartes, rasgebaseerde wetgewing en 'n sameleweing verdeel langs rasselyne, teen 1989 verdere groei verhoed het deurdat daar nie in die nuwe behoefte na 'n opgeleide werkersklas voldoen kon word nie.[277] Ten slotte is klem gelê op die feit dat die land se ekonomiese probleme die gevolg was van die

---

268. *Sechaba, August 1988, p3.*
269. *D Austin: Chatham House Papers. South Africa 1984, p47.*
270. *Sechaba, June 1982, p20.*
271. *Sechaba, December 1982, p12.*
272. *Sechaba, October 1986, p10.*
273. *Sechaba, December 1979, p15.*
274. *Sechaba, March 1985, p13.*
275. *Sechaba, March 1983, p8.*
276. *Sechaba, October 1986, p11.*
277. *Sechaba, August 1989, p10.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


toepassing van kapitalisme in Suid-Afrika[278] en dat swartes dus nie skuld gehad het daaraan nie.

Die siening wat in ANC-geledere jeens blankes in die algemeen en Afrikaners in die besonder, sowel as die apartheidsbestel geheers het, kan ook aan die hand van beriggewing oor spesifieke temas soos dit in Sechaba manifesteer het, nagespeur word. Sodanige kwessie-gerigte artikels is meermale benut om aanvalle op die apartheidsbestel en Afrikaners te loods. 'n Aantal kwessies wat in hierdie verband benut is, word vervolgens onder die loep geneem.

- Grond: Die ANC was die mening toegedaan dat grondhonger onderliggend was aan al die land se probleme.[279] Deur swartes se reg op grondbesit dermate in te perk dat hulle geforseer was om as verarmdes hulle arbeid aan te bied in diens van blankes, is verseker dat swartes, aldus die ANC, in die koloniseerders se ekonomiese en administratiewe masjinerie ingesuig is.[280]

- Regstelsel: Veral gedurende die laat tagtigerjare het die ANC heelwat klem op Suid-Afrika se regstelsel geplaas. Die stelsel is as in diens van apartheid, ter verdediging van blanke voorregte tipeer en daarom as "onwettig" bestempel.[281] Daar is voorts aangevoer dat regters in Suid-Afrika deur die Staatspresident, wat die hoof van wat die ANC as 'n "onwettige" regering beskou het, aangestel is; dat hulle wette toegepas het wat deur 'n "onwettige" parlement aanvaar is; en dat hulle uitsprake gelewer het wat op getuienis gebaseer was wat deur middel van marteling verkry is.[282] Daarbenewens was bykans alle regters en staatsaanklaers blank,[283] wat die ANC tot die gevolgtrekking gelei het dat swartes nie geregtigheid in Suid-Afrikaanse howe kon verwag nie.

---

*278. Sechaba, March 1985, p13.*
*279. Sechaba, June 1973, p3.*
*280. Sechaba, March 1972, p16.*
*281. Sechaba, October 1988, p3.*
*282. Sechaba, September 1989, p26.*
*283. Sechaba, January 1989, p26.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

- Onderwys: Die Christelik-Nasionale onderwysstelsel wat op blankes van toepassing was, is beskryf as *"training (Whites) as 'n masterrace to occupy the highest ranks in the economy".*[284] Ter ondersteuning van hierdie argument is in Sechaba aangevoer dat swart onderwys daarop afgestem was om blanke oppergesag te help verseker deur aan swartes minderwaardige onderwys te bied.[285]

- Tronke en die doodstraf: Uit 'n ANC-oogpunt is dit algemeen aanvaar dat die Suid-Afrikaanse regering tronke gebruik het as fasiliteite waarin politieke opponente gemartel en uit die samelewing verwyder is.[286] Verder is tronke na bewering benut as reservoirs vir slawe-arbeid en het dit as sodanig die aard van die samelewing waarin dit bestaan het, weerspieël.[287] In hierdie verband was die volgehoue toepassing van die doodstraf volgens die ANC ook veelseggend. Die bewering dat Suid-Afrika teen 1989 vir ongeveer die helfte van alle teregstellings ter wêreld verantwoordelik was, was volgens Sechaba aanduidend daarvan dat die doodstraf 'n metode soortgelyk aan gedwonge verskuiwings, instromingsbeheer en geboortebeperking was wat aangewend is om swartes te probeer uitwis[288] of om hulle tot onderdanigheid te intimideer.[289]

- Gesondheid: In Sechaba is meermale aangedui dat voorkombare siektes soos masels en tuberkulose duisende swartes in die tuislande afgemaai het en dat dit 'n bevestiging was van die ANC se siening dat die *"social and economic system of apartheid is incompatible with the attainment of good health and eradication of disease for the majority".*[290] Daar is verder beweer dat die gesondheidsorg wat in Suid-Afrika aan swartes gebied is, die teenoorgestelde was van wat nodig was en dat in elke opsig minderwaardig aan blankes se gesondheidsorg was.[291] Daar is ook beweer dat mediese voorwendsels

284. *Sechaba, June 1986, p6.*
285. *Sechaba, January 1982, p16.*
286. *Sechaba, November 1986, p3.*
287. *Sechaba, January 1984, p29.*
288. *Sechaba, September 1984, p24.*
289. *Sechaba, May 1984, p1.*
290. *Sechaba, March 1987, p6.*
291. *Sechaba, February 1986, p8*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


soms aangewend is as *"an act of genocide against the masses"*. In hierdie verband is veral geboortebeperkingsprogramme veroordeel.[292]

- Godsdiens: Uit artikels wat in Sechaba verskyn het, blyk dit dat die ANC oortuig was dat blankes geglo het dat blanke oorheersing in Suid-Afrika met die wil van God geskied het.[293] Hierin is die organisasie deur onder meer Vernon February ondersteun. February het naamlik aangevoer dat die Afrikaners hulleself as 'n "Herrenvolk" beskou het en dat Paul Kruger slegs een van vele Afrikaner heldefigure was wat na Afrikaners as 'n "Verbondsvolk" verwys het.[294] In Sechaba is aangevoer dat blankes hulle magsposisie deur middel van geweld verwerf het maar terselfdertyd swartes gemaan het om geweld af te sweer omdat dit kwansuis onchristelike optrede verteenwoordig het.[295] Ten slotte is daarop gewys dat dit 'n kenmerk van rassiste - volgens die ANC se oordeel het dit die meeste blankes in Suid-Afrika ingesluit - was dat hulle ontken het dat swartes ook na God se beeld geskape is[296] en hulle dus by implikasie as "untermenschen"[297] beskou en dienooreenkomstig behandel het.

- Ontug: Volgens die ANC is die Ontugwet aanvaar met die doel om die "blanke ras" te beskerm, om te verhoed dat die kleurlingbevolking groei en om kontak met swartes te voorkom omdat hulle as inherent minderwaardig beskou is. Dit is as *"Nazi-derived theories"* bestempel.[298] In Sechaba is selfs sover gegaan as om te beweer dat sodanige blanke denke aanduidend was van 'n geloof in veral Afrikanergeledere dat swartes "diere" was.[299]

- Blanke werkers: Die ANC was die mening toegedaan dat die apartheidsbestel vir sy voortbestaan tot 'n groot mate van blanke

---

292. *Ibid., p11.*
293. *Sechaba, November 1969, p9; Sechaba, November 1980, p22.*
294. *V February: The Afrikaners of South Africa, p146.*
295. *Sechaba, July 1980, p25.*
296. *Sechaba, July 1986, p3.*
297. *Ibid., p2.*
298. *Sechaba, June 1970, pp3-4.*
299. *Sechaba, October 1970, pp13-14.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

werkers se steun afhanklik was. Om daardie rede het die organisasie aanvaar dat die Regering alles in sy vermoë sou doen om 'n hoë lewenstandaard vir blanke werkers te verseker met die gevolglike negering van die belange van swart werkers.[300]

- Swart jeug: *"The way a society treats its children is one of the sharpest reflections of its true nature. The apartheid system and all its ramifications militates not only against the children's well-being but against their very survival."*[301] Hierdie opvatting, soos dit Sechaba gerapporteer is, weerspieël die ANC se siening van die lot wat swart kinders in Suid-Afrika te beurt geval het. Daar is verder aangedui dat dié kinders se lewens versuur is deur vrees, armoede, honger, aanhouding as kriminele en uitbuiting as slagoffers van slawe-arbeid of hongerlone.[302]

- Indiërs: Die ANC het daarop gewys dat die Nasionale Party se verkiesingsmanifes van 1948 Indiërs as 'n *"foreign and outlandish element which is unassiminable"* beskryf het.[303] Hierdie rassistiese houding is volgens die ANC slegs aangepas nadat 'n behoefte na Indiërs se geskoolde arbeid ('n kapitalistiese behoefte) ontstaan het.[304]

Soos dit uit 'n berig wat in die November 1980 uitgawe van Sechaba verskyn het afgelei kan word, het die ANC die doel van die Regering se optrede teen anti-regeringsaktiviste en -organisasies ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom dat die oogmerke met sodanige optrede in ses kategorieë ingedeel kon word:

- Vernietiging of kniehaltering van organisasies deur middel van aanhoudings, inperkings, verbannings en dies meer.
- Bemoeiliking van werksaamhede deur middel van beperkings op vergaderings en publikasies.
- Fisiese optrede teen persone by vergaderings en protesoptogte.

---

300. *Sechaba, June 1970, p14.*
301. *Sechaba, November 1987, p23.*
302. *Ibid.*
303. *Sechaba, September 1979, p13.*
304. *Ibid.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

- Benutting van onderdrukkende wette.
- Indirekte druk teen betrokkenes, byvoorbeeld deur middel van onderwysowerhede teen deelnemende onderwysers.
- Intimidasie en dreigemente deur middel van die media en deur toegang tot die pers te verhinder.[305]

Met die instelling van 'n noodtoestand gedurende die middel tagtigerjare het die Regering volgens die ANC nie net sy finale kaart in bogenoemde verband gespeel nie, maar ook erken dat hy deur volgehoue druk tot die toepassing van 'n *"military dictatorship"* gedwing is.[306] In Sechaba is gewaarsku dat daardie verwikkeling vir swartes beteken het dat meer "verdwynings" en polisiewreedhede en minder persvryheid verwag moes word.[307]

Ander regeringsinisiatiewe, waaronder veral pogings tot hervorming van die apartheidstelsel, is eweneens aan skerp kritiek in Sechaba onderwerp. Sover dit die Regering se doel met hervorming betref het, het Sechaba oor jare heen gespekuleer dat daar minstens sewe doelwitte identifiseerbaar was:

- Tevredestel van die openbare mening: Reeds gedurende 1968 is in Sechaba aangedui dat die NP-regering *"is fond of making empty gestures which have the aim of placating public opinion at home and abroad..."*[308] In latere uitgawes is opeenvolgende blanke minderheidsregerings se pogings om apartheid te hervorm onder meer beskryf as 'n *"glossy public relations exercise"*,[309] 'n *"gigantic and fraudulent exercise to improve the image of apartheid"*[310] en pogings om die instelling van sanksies teen Suid-Afrika te probeer verhoed.[311]

- Verwarring onder swartes te probeer saai: Volgens die ANC het die Regering nie net op geweld staatgemaak om apartheid se voortbestaan te probeer verseker nie, maar ook op die verspreiding van *"reformist*

---

305. Sechaba, *November 1980, p9.*
306. Sechaba, *February 1987, p4.*
307. Sechaba, *September 1985, p1.*
308. Sechaba, *July 1968, p16.*
309. Sechaba, *December 1980, p1.*
310. Sechaba, *March 1980, p5.*
311. Sechaba, *December 1987, p3.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


*illusions"*[312] waardeur gepoog is om swartes te mislei, verwar en te verdeel.[313]

- Beskerming van blankes se voorregte: Die ANC was die mening toegedaan dat alle sogenaamde hervormings, selfs die skrapping van wette wat byvoorbeeld werkreservering gewettig het, se doel was om blanke belange te dien.[314] Ook latere, meer fundamentele maatreëls, waaronder die voorgestelde implementering van die driekamer parlementêre stelsel,[315] is oor dieselfde kam geskeer.

- Instandhouding van apartheid: Die ANC het met verwysing na opeenvolgende blanke verkiesingsuitslae in Sechaba aangedui dat dit sy siening dat die meeste blankes in Suid-Afrika apartheid ondersteun het, bevestig.[316] Daarom is aanvaar dat die Regering se konstitusionele maneuvers dit ten doel gehad het om mag in die hande van blankes te hou[317] en dat enige *"so called change that is made is designed not to eliminate apartheid, but to preserve it and strengthen its essence".*[318]

- Ekonomiese redes: Reeds in sy uitgawe van Augustus 1973 het Sechaba aangevoer dat die Suid-Afrikaanse ekonomie se behoefte aan geskoolde en semi-geskoolde arbeid die Regering genoop het om tentatiewe en ad hoc-aanpassings aan onder meer instromingsbeheermaatreëls, wat 'n kernbousteen van apartheid was, te maak.[319] Teen die tagtigerjare het die groeiende Afrikaner-middelklas sy steun tot sodanige oproepe gevoeg[320] en is die Regering dus onder groter druk geplaas om aanpassings aan apartheid aan te bring - aldus Sechaba.

- Hervormings as deel van die "totale strategie": Volgens 'n vooraanstaande ANC-lid, Pallo Jordan, in 'n toespraak wat hy in

---

312. Sechaba, May 1975, p4.
313. Sechaba, August 1980, p2.
314. Sechaba, November/December 1972, p23.
315. Sechaba, May 1979, p1; Sechaba, March 1980, p5.
316. Sechaba, July 1987, p7.
317. Sechaba, February 1989, p5.
318. Sechaba, December 1980, p1.
319. Sechaba, August 1973, p8.
320. Sechaba, January 1980, p3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Desember 1983 in Amsterdam, Nederland gelewer het en waaroor in Sechaba se uitgawe van Februarie 1984 rapporteer is, het die Regering teen 1983 'n sogenaamde totale strategie teen die swart bevrydingsbewegings gevolg. Daardie strategie is as 'n *"counter-revolutionary grand design"*[321] beskryf. Die Regering se voorgestelde konstitusionele hervormings is volgens Jordan deur die ANC beskou as die binnelandse faset van die totale strategie wat in samehang met die eksterne faset, naamlik aggressie teen Suid-Afrika se buurstate,[322] op die likwidering van veral die ANC gemik was.

- Hervormings as die resultaat van druk deur die ANC: Teen die einde van die tagtigerjare het die ANC daarop aanspraak gemaak dat die Suid-Afrikaanse regering nie meer op dieselfde wyse as voorheen kon regeer nie.[323] Hervorming of "magsdeling" is na bewering in daardie kringe gepropageer as 'n *"desperate strategy for survival"*.[324] Die "krediet" vir hierdie toedrag van sake is namens die ANC deur Sechaba opgeëis.[325]

Ook wat die kenmerke van opeenvolgende blanke bewinde se hervormingspogings betref, was die ANC uitgesproke. Daar is onder meer aangedui dat sodanige berekende maatreëls dit in den brede slegs ten doel gehad het om deur middel van wette die beweging van swartes tot tuislande te beperk; om swartes se eksploitasie beter te reguleer; om politieke en militêre mag in blanke hande te hou;[326] om deur gesofistikeerde manipulering van sogenaamde kulturele en ander verskille 'n wig tussen swartes in te dryf.[327] As sodanig is dit beskryf as *"a package deal made up...of items which are designed to imprint race domination finally and irreversably into South Africa's social fabric"*.[328]

---

*321. Sechaba, February 1984, p8.*
*322. Ibid.*
*323. Sechaba, August 1985, p12.*
*324. Sechaba, November 1987, p11.*
*325. Sechaba, December 1981, p1.*
*326. Sechaba, October 1980, p1.*
*327. Sechaba, June 1983, p24.*
*328. Sechaba, February 1985, p5.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Die ANC se oordeel rakende hervormings was, soos verwag kon word, kras. Daar is onder meer reeds gedurende 1975 aangevoer dat die NP-regering *"has no intention whatever to make any meaningful effect to change its ideology which is based four-square on apartheid"*.[329] By latere geleenthede is in Sechaba beweer dat Suid-Afrika onder Nasionale Party-regerings dieselfde pad gevolg het as Portugal onder Marcello Caetano en Rhodesië onder Ian Smith deur met *"meaningless and inconsequential"*[330] hervormings te volhard; dat apartheid nie *"cosmetic surgery"* nodig gehad het nie maar totaal vernietig moes word;[331] dat daar onder elke beweerde hervormingstap 'n *"new, more repressive, albeit streamlined and modernised method of control"*[332] verskuil was en dat sneller opeenvolgende pogings tot hervorming tekens was van 'n bewind in krisis wat deur middel van ideologiese oëverblindery sy posisie wou verbeter.[333] Die ANC was daarvan oortuig dat geen blanke regering teen 1989 die wil of die vermoë gehad het om fundamentele verandering in Suid-Afrika teweeg te bring nie[334] want, soos dit in die Oktober 1985-uitgawe van Sechaba gestel is, *"(s)urely the apartheid state cannot dismantle apartheid"*.[335]

Gesien teen hierdie agtergrond en met die oortuiging dat die Botha-regering se toepassing van die totale strategie teen 1983 die invloed van die parlement aan die behoeftes van sekurokrate ondergeskik gestel het, het die ANC redeneer dat die hervormingsbeleid in die teenoorgestelde rigting as ware demokratiese akkommodering beweeg het - selfs vir blankes.[336] Om daardie rede is die beleid as gedoem beskou en kon dit hoogstens die bevryding van swartes uitstel en nie verhoed nie - aldus Sechaba.[337] Wat die situasie van die NP-regering uit 'n ANC-oogpunt verder kompliseer het, was dat hervormingstappe wat oor dekades toegepas is, klaarblyklik nie by alle

---

*329. Sechaba, March 1975, p3.*
*330. Sechaba, June 1980, p1.*
*331. Sechaba, June 1983, p25.*
*332. Sechaba, August 1986, p9.*
*333. Sechaba, May 1988, p12.*
*334. Sechaba, November 1989, p3.*
*335. Sechaba, October 1985, p1.*
*336. Sechaba, December 1983, p13.*
*337. Sechaba, August 1973, p9.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



blankes byval gevind het nie en in 1982 selfs tot 'n skeuring in die Party gelei het.[338]

Daar kan ten slotte, wat hierdie aspek betref, 'n duidelike ontwikkelingspatroon in ANC-denke onderskei word. Daar is naamlik gedurende die sewentiger- en vroeë tagtigerjare klem gelê op die fisiese bedreiging wat blankes in Suid-Afrika in die oë gestaar het,[339] sowel as die reaksie uit blanke geledere wat hierdeur ontlok is en rondom die rol, posisie en invloed van kommuniste in die ANC sentreer het.[340] Teen die einde van die tagtigerjare is die fisiese aanslag teen Suid-Afrika skynbaar as 'n gegewe beskou en is toenemend op die sielkundige aanslag op veral die Afrikaner-politieke establishment, soos dit in die NP manifesteer het, gekonsentreer met die doel om dit te verdeel[341] en die reeds bestaande vrees-psigose verder te stimuleer. 'n Interessante waarneming uit ANC-geledere rakende die Regering se beweerde krisisbestuurstrategie was dat daar in regeringskringe op een van twee wyses op 'n krisis reageer is: Daar is of op verskerpte onderdrukking, of op die instelling van kommissies van ondersoek staatgemaak. Van sodanige kommissies is dan, volgens die ANC, verwag om regeringsoptrede te regverdig of om beoogde optrede met 'n skyn van wetenskaplike ondersoek te beklee.[342] Die werksaamhede van onder meer die sogenaamde Wiehahn- en Riekert-kommissies van ondersoek, wat gedurende die laat sewentigerjare ondersoek na arbeids- en ander rasverwante aangeleenthede ingestel het, is in hierdie verband as voorbeelde voorgehou.[343] Voorts is die toenemende belangrikheid waarmee dié kommissies, asook ander akademiese dinkskrums en adviesrade beklee is, voorgehou as bewyse daarvan dat *"White parliamentary democracy has become an increasingly superfluous appendage in the maintenance of apartheid rule"*.[344]

Volgens die ANC het opeenvolgende blanke regerings 'n duidelike strategie in hulle hantering van swartes gehad. Die doel van hierdie strategie was na

---

*338. Sechaba, January 1983, p12.*
*339. Sechaba, Third Quarter, 1977, p36.*
*340. Sechaba, September 1986, p18.*
*341. Sechaba, February 1987, p4.*
*342. Sechaba, July 1983, p22.*
*343. Sechaba, September 1979, pp10-11; Sechaba, August 1979, pp3-7.*
*344. Sechaba, June 1983, p22.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

bewering primêr om blanke oorheersing te probeer verseker en dus die "onafwendbare" uit te probeer stel.[345] Die sekondêre en eksterne oogmerk van die Regering se optrede is geïdentifiseer as sou dit teen die OAE gemik gewees het. Daar is hiervolgens gepoog om eenheid in Afrikageledere deur middel van diplomatieke inisiatiewe[346] en ekonomiese en militêre druk te verbreek.[347] As voorbeeld van bogenoemde is die sogenaamde Nkomati-verdrag, wat in 1984 tussen Suid-Afrika en Mosambiek gesluit is, voorgehou en is aangedui dat sodanige verdrae die verdere bonusse vir die Regering ingehou het dat die ANC geïsoleer en die prestige van die sogenaamde Frontliniestate benut is om Suid-Afrika se internasionale isolasie te omseil en legitimiteit te verwerf.[348]

Sover dit die binnelandse strategie van die Regering betref het, is in Sechaba aanspraak gemaak dat die Regering vanaf die middel-tagtigerjare op groot skaal van sogenaamde vigilantes gebruik gemaak het om sy "vuil werk", naamlik fisiese optrede teen non-konformerende swartes, te doen.[349] Daar is onomwonde aangedui dat die ANC oortuig was dat die SAP en SAW direk by die aktiwiteite van hierdie vigilantes betrokke was[350] en dat sodanige aktiwiteite deur die staat se propagandamasjien as sogenaamde swart-teen-swart-geweld voorgehou is.[351] Gegewe daardie toedrag van sake was die organisasie seker dat die blanke bewind nie van plan was om met swartes in gesprek te tree of om apartheid betekenisvol te hervorm nie. *"On the contrary, everything this regime does is directed at the destruction of the national liberation movement, the suppression of the democratic movement and the entrenchment and perpetuation of the apartheid system of White minority domination."*[352]

---

345. Sechaba, *February 1975, p10;* Sechaba, *November 1988, p8.*
346. Sechaba, *May 1975, p14.*
347. Sechaba, *First Quarter 1978, p44;* Sechaba, *August 1988, p3.*
348. Sechaba, *May 1984, p3.*
349. Sechaba, *August 1986, pp25-28.*
350. Sechaba, *December 1987, p24.*
351. Sechaba, *January 1988, p22.*
352. Sechaba, *December 1987, p3.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Uit Sechaba se beriggewing vanaf 1967 oor die onderwerp kan afgelei word dat die ANC se siening van die Regering se strategie in drie tydsgebonde fases verdeel kan word. Die eerste fase het ongeveer met die val van die Portugese ryk in Afrika in 1974 ten einde geloop toe Suid-Afrika se pogings om homself deur middel van bufferstate van gebeure in die res van Afrika te isoleer, in die war gestuur is.[353] 'n Ander kenmerk van die blanke bewind se optrede in hierdie periode was pogings om die "uitwaartse beleid" aan Afrika verkoop te kry.[354] Die tweede fase is deur gebeure in 1976 ingelei en het tot ongeveer 1988 geduur. Die kenmerke van Regeringsoptrede in hierdie tydperk was pogings om onder meer die ANC fisies uit te wis, druk wat in hierdie verband op Suid-Afirka se buurstate geplaas is[355] en pogings om swartes deur middel van vigilantes en oppervlakkige hervormings te verdeel.[356] Die derde en laaste fase het in 1988 'n aanvang geneem toe die Regering volgens die ANC pogings van stapel gestuur het om "vrede" met swartes in Suid-Afrika te sluit ten einde die permanente oorlewing van blankes in Suid-Afrika te probeer verseker.[357] Die gevolgtrekking waartoe SEchaba gekom het sover dit die Regering se toenemend verdedigende houding betref het, was dat *"(t)he...regime has lost the strategic initiative. That initiative is now in our hands"*,[358] 'n situasie waarin die Regering as die de facto-opposisie opgetree het terwyl die "demokratiese beweging" onder leiding van die ANC sake dikteer het.[359] Gesien teen hierdie agtergrond is alle pogings deur die blanke minderheidsregering om die strategiese inisiatief te herwin as doodgebore beskryf.[360]

Enige tekens van verdeeldheid in blanke en veral in Afrikanergeledere, is aan noukeurige ontleding in Sechaba onderwerp. Reeds in 1967 is byvoorbeeld berig oor spekulasie in Suid-Afrika dat Hendrik Verwoerd se sluipmoord die werk van agente onder leiding van John Vorster was.[361] Die sogenaamde Inligtingskandaal wat gedurende 1977 op die lappe gekom het, is enersyds om

---

*353. Sechaba, January 1969, p13.*
*354. Sechaba, July 1970, p9.*
*355. Sechaba, November, 1979, p18.*
*356. Sechaba, January 1979, p1.*
*357. Sechaba, November 1988, p8.*
*358. Sechaba, March 1986, p3.*
*359. Sechaba, August 1987, p31.*
*360. Sechaba, November 1987, p12.*
*361. Sechaba, March 1967, p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

dieselfde rede as bogenoemde benut. Daar is onder meer beweer dat PW Botha *"relatively innocuous exposures of state corruption"* aangeblaas het met die doel om eerste minister te word.[362] Andersyds is aangedui dat sodanige skandale tekenend was van konflik tussen sogenaamde verligtes en verkramptes in NP-geledere.[363] Benewens hierdie redes het Sechaba gedurende die tagtigerjare minstens vier ander redes vir die groeiende verdeeldheid onder Afrikaners en blankes in die algemeen identifiseer:

- Klassestryd: Daar is beweer dat die stryd tussen verligtes, wat telkens meer gegoede blankes was en verkramptes, wat meerendeels armer blankes was 'n manifestasie van 'n klassestryd onder blankes[364] en dat die blanke werkersklas uiteindelik die ergste geknou sou word.[365] Selfs die wegbreking uit die Nasionale Party van regsgesinde Afrikaners onder leiding van Andries Treurnicht en die totstandkoming van die Konserwatiewe Party is aan die hand van hierdie argument verklaar[366] en is beweer dat die KP nie noodwendig 'n reaksie op PW Botha se beleidsrigting was nie maar *"a logical progression of apartheid"*.[367]

- Hervorming: Die ANC het beweer dat die inwerkingstelling van die driekamer parlementêrestelsel die argitek van apartheid, HF Verwoerd, finaal in onguns laat verval en daarmee saam 'n persentasie konserwatiewe Afrikaners permanent van die hoofstroom van Afrikanerdom vervreem het.[368] In Sechaba is voorspel dat hierdie sogenaamde *"die-hard racists"* op 'n kruistog vertrek het met die doel om hulle voorregte en die eksploitasie van swartes te probeer voortsit.[369]

- Sanksies: In Sechaba is aangedui dat die spreekwoordelike "Afrikaner laer" tradisioneel op sy sterkste was wanneer die dreigement van sanksies afwesig was. Teen 1988 was sanksies egter 'n realiteit en het

362. *Sechaba, May 1983, p21.*
363. *Sechaba, January 1980, p3.*
364. *Ibid.*
365. *Sechaba, April 1981,p4.*
366. *Sechaba, April 1982, pp28-29.*
367. *Sechaba, December 1988, p4.*
368. *Sechaba, July 1984, p19.*
369. *Sechaba, March 1985, pp10-11.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

dit na bewering tot *"the break-up of the White power structure"* gelei.[370]

- Suid-Afrikaanse realiteite: Oliver Tambo het in sy nuwejaarsboodskap vir 1987 beweer dat 'n beduidende aantal blankes teen 1987 besef dat apartheid gedoem was. Hy het bygevoeg dat dit daartoe aanleiding gegee dat blanke leiers tot die besef gebring is dat hulle nie meer op die ongekwalifiseerde steun van hulle steunbasisse kon staatmaak nie.[371]

Sover dit al die aangevoerde redes betref het, het die ANC die "krediet" vir die verdeeldheid in blanke geledere opgeëis.[372] *"The mountain is moving, and it is we who, through our struggle, are moving it...It is our struggle which has brought it about."*[373] Gesien teen hierdie agtergrond kon Tambo in sy nuwejaarsboodskap vir 1988 met reg aanvoer dat die blanke minderheid in Suid-Afrika soos nog nooit vantevore nie verdeel was en dat blanke eenheid minstens nie op die kort termyn bereik sou kon word nie.[374]

Ten slotte het die ANC by talle geleenthede in Sechaba argumente geformuleer om redes aan te dui waarom die Suid-Afrikaanse regering onwettig was. Hierdie redes kan in twee kategorieë verdeel word, te wete daardie redes wat op internasionale reg en konvensies berus het en argumente wat op die ontplooiing van die de facto-situasie in Suid-Afrika geskoei was.

Onder die eerste kategorie het die ANC reeds gedurende 1973 vyf redes identifiseer, naamlik dat internasionaal aanvaar is dat geen regering wat op tirannie staatgemaak het om te regeer, erken kon word nie; dat die Suid-Afrikaanse regering erkende rassistiese praktyke gevolg en propageer het en dit teenstydig met die VN se handves was; dat die Regering massamoord (*"genocide"*) teen sy swart burgers toegepas het en dit teenstrydig met VN-konvensies was, en dat Suid-Afrikaanse regerings oor jare heen bewys het dat hulle bereid was om aggressie teen buurlande te pleeg en sodoende 'n gevaar

---

*370. Sechaba, August 1988, p4.*
*371. Sechaba, February 1987, p4.*
*372. Sechaba, August 1979, p1; Sechaba, March 1986, p2.*
*373. Sechaba, April 1982, p29.*
*374. Sechaba, March 1988, p7.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

vir vrede in Afrika, sowel as wêreldvrede was.[375] As sodanig is dus beweer dat Suid-Afrikaners onder internasionale reg die reg gehad het om die Regering omver te werp.

Die tweede kategorie het verskeie argumente ingesluit, waaronder bewerings dat apartheid 'n misdaad teen die mensdom was[376] (wat die Regering se legitimiteit in die gedrang gebring het); dat die meerderheid Suid-Afrikaners die Regering verwerp het omdat hulle nie inspraak in die verkiesing daarvan gehad het nie;[377] dat die blanke bewind deur geweld op swartes af forseer is en dus onwettig was,[378] en dat apartheid die swart meerderheid hulle reg tot selfdeterminasie ontneem het.[379] Die gevolgtrekking wat in hierdie verband gemaak is, was dat *"(a)rising out of the status of illegitimacy of the apartheid regime, individuals are freed of the obligations and bounds that normally emerge from citizenship"*.[380]

Teen die einde van die tagtigerjare het die ANC seker genoeg van sy saak gevoel om daarop aanspraak te maak dat die meeste Suid-Afrikaners apartheid verwerp het,[381] dat die res van die wêreld die ANC se beskuldiging dat die Regering onwettig was ondersteun het[382] en dat die regstatus van die Regering reeds aan soveel ondersoeke onderwerp is dat die "onwettige status" daarvan bykans universeel aanvaar is.[383] Die ANC se oplossing vir die "probleem" was dat die Regering vernietig moes word ten gunste van *"a democratically constituted government that can justly claim authority because it is based on the will of all the people"*.[384]

Soos dit uit Sechaba se beriggewing oor blankes in die algemeen en Afrikaners in die besonder, sowel as oor die apartheidbestel blyk, het die ANC heelwat aandag aan daardie onderwerpe afgestaan. In hierdie proses het

375. *Sechaba, September 1973, pp5-6.*
376. *Sechaba, October 1984, p31.*
377. *Sechaba, October 1988, p2.*
378. *Sechaba, September 1989, p24.*
379. *Sechaba, December 1989, p27.*
380. *Ibid., p28.*
381. *Sechaba, August 1989, pp10-11.*
382. *Sechaba, October 1988, p4.*
383. *Sechaba, December 1989, p27.*
384. *Sechaba, March 1987, p1.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

die organisasie Sechaba as sy amptelik mondstuk benut om ANC-opponente in die politieke magspel in Suid-Afirka aan sy steunbasis voor te stel, verdag te maak en as feilbaar en vol gebreke voor te hou. Die sukses waarmee hierdie strategie bekroon is spreek duidelik uit die feit dat Afrikaners teen 1989 nie net onder ANC-gesindes in die binneland nie, maar bykans universeel met agterdog bejeën is, terwyl ANC-ondersteuners en ANC-gesinde organisasies in beide die binne- en buiteland met groeiende selfvertroue en meer en meer kragdadig opgetree het.

Een van die belangrikste gevolge van die ANC se optrede in hierdie verbandm, en daarom een van die belangrikste "suksesse" van Sechaba, was dat dit tot die verdieping van die polarisasie onder Suid-Afrikaners bygedra het. Van Zyl Slabbert noem die pole wat sodoende tot stand gekom het die slagoffers van *"revolutionary romanticism"* teenoor die propageerders van die *"swart gevaar"*. Die implikasies hiervan was dat die beeld wat deur die ANC deur middel van onder meer Sechaba help vorm is, een was wat swartes onder die indruk van 'n onafwendbare, glorieryke rewolusie gebring het en blankes se bestaande vrese jeens swartes herbevestig het.[385] Sodoende is die rewolusionêre klimaat in Suid-Afrika verhoog en omdat dìt een van die ANC se doelwitte was, moet die organisasie en sy amptelike mondstuk Sechaba met 'n "sukses" gekrediteer word.

---

*385. F van Zyl Slabbert and D Smuts (eds): The system and the struggle, pp48-53.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK SEWE

## SLOTBESKOUING

Hoewel daar in 1987, met die herdenking van Sechaba se twintigste bestaansjaar, daarop geroem is dat die blad se redaksionele beleid in die voorafgaande twee dekades onveranderd gebly het,[1] het Sechaba homself in dié verband weerspreek. Teen 1978 is dit steeds, soos in die eerste uitgawe in 1967,[2] gestel dat die mobilisering van internasionale steun 'n hoë prioriteit van die blad was,[3] terwyl daar in die gedenkartikel gedurende 1987 bloot beweer is dat die ANC deur middel van Sechaba gepoog het om die beleid van die ANC en die toestande in Suid-Afrika bekend te maak - met oënskynlik ewe veel klem op die bereiking van oorsese en plaaslike lesers.[4] 'n Aspek wat hierdie dualisme verder laat verdiep en daarop dui dat die ANC teen die tagtigerjare veel meer klem op die gebruik van Sechaba as politieke opvoedingsinstrument geplaas het as wat oorspronklik beoog is, is die feit dat die organisasie volgens sy eie oordeel teen die middel sewentigerjare onder die indruk van die potensiële invloed van propaganda gekom het.[5]

Die gevolg van hierdie klemverskuiwing was dat Sechaba toenemend 'n forum vir die voer van rewolusionêr-verwante debatte geword het. Volgens Sechaba was dié ontwikkeling onvermydelik, gesien in die lig daarvan dat die ANC daarop aanspraak gemaak het dat dit 'n *"Parliament of the People"* was wat alle Suid-Afrikaners by die "demokratiese proses" wou betrek.[6] Die uiteinde van dié "politieke opvoedingsproses" was dat Sechaba hom toenemend met die "internasionale beweging teen imperialisme" begin identifiseer het[7] en teen 1989 as sodanig erken was.

As metodes om aan te toon tot watter mate sy boodskap met sukses oorgedra is en om sodoende 'n massa-bewustheid oor sy rol te vestig, het

---

*1. Sechaba, May 1987, p27.*
*2. Sechaba, January 1967, p1.*
*3. Sechaba, Third Quarter 1978, p44.*
*4. Sechaba, May 1987, p27.*
*5. Sechaba, Fourth Quarter 1976, pp38-39.*
*6. Sechaba, January 1982, p26.*
*7. Sechaba, May 1987, p28.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Sechaba veral vier weë gevolg. Die eerste hiervan was om gestorwe voormalige redaksielede van die blad as martelaarsfigure voor te hou. Die bekendste voorbeeld hiervan is 'n artikel wat gedurende 1987 oor 'n voormalige redakteur van Sechaba, MP Naicker, verskyn het.[8]

'n Tweede metode wat gevolg is, was om oor toekennings wat aan Sechaba of sy redaksielede gemaak is, verslag te lewer. So byvoorbeeld is breedvoerig berig oor toekennings wat gedurende 1971 deur die "International Organisation of Journalists" (IOJ) aan MP Naicker en Sechaba gedoen is. Volgens die sitaat by die toekenning is Sechaba vereer vir sy bydrae tot "vrede, vryheid, en demokrasie".[9] Gedurende 1980 het Sechaba ook die "Julius Fucik Medal of Honour", wat vernoem is na 'n Tsjeggiese martelaar wat in 1943 deur die Nazis vermoor is, van die IOJ ontvang[10] - 'n gebeurtenis wat weereens breedvoerig gedek is.

'n Volgende metode wat veral in die vroeë stadia van Sechaba se bestaan aangewend is, was om verslag te lewer oor die verhoogde aantal kopieë van Sechaba wat gedruk is, sowel as verslae van lesers van die blad wat hulle tevredenheid met die kwaliteit daarvan uitgespreek het. Dit is gestel dat Sechaba deur verskeie vooraanstaande biblioteke as 'n *"authentic source of information"* oor Suid-Afrika beskou is.[11] Ook op internasionale gebied is gewag van Sechaba se beweerde invloed en sukses gemaak. 'n Boodskap van 'n swart Amerikaanse burgerregteleier, Claude Lightfoot, dien hier ter stawing. Volgens Lightfoot het swart Amerikaners vroeër nie veel begrip vir die stryd in Suider-Afrika getoon nie. *"Sechaba helped to change this considerably."*[12]

Die vierde metode wat deur Sechaba aangewend is in 'n poging om die betekenis van sy rol in die stryd te belig, was om internasionale steun vir die ANC te werf. Soos reeds vermeld is, het die monstering van internasionale steun veral in die begin jare hoë prominensie in Sechaba geniet. *"In doing so we hope that sufficient indignation will be aroused*

8. *Sechaba, May 1987, p29-30.*
9. *Sechaba, December 1971/January 1972, p38.*
10. *Sechaba, April 1980, p1.*
11. *Sechaba, December 1969, p24.*
12. *Sechaba, August 1972, p20.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


*throughout the world to support the struggle of the oppressed people against apartheid and for democracy and freedom in South Africa."*[13] 'n Verdere (en minder bekende) metode waardeur internasionale solidariteit bekom is, het op 27 Junie 1978 materialiseer toe die eerste uitgawe van Sechaba in Italiaans in Rome bekend gestel is.[14] Die sukses al dan nie van dié projek is onbekend.

Uit die aard van die doel waarvoor Sechaba aangewend is, kon verwag word dat enige negatiewe publisiteit oor die blad self nie sonder meer daarin vermeld sou word nie. Die enigste sodanige voorbeeld het gedurende 1968 plaasgevind toe berig is dat premier Leabua Jonathan van Lesotho 'n kopie van Sechaba in die openbaar verbrand en dit as *"the most notorious of Communist literature that entered this country"* beskryf het.[15] Selfs uit dié potensieel skadelike insident het die ANC egter propaganda-voordeel probeer put: Nie net is Jonathan se daad as *"indeed regrettable"* en 'n *"scandalous act"* beskryf nie, maar is hy gewaarsku dat hy hom nie met aksies moet besig hou wat sy land die gramskap van die *"whole of progressive mankind"* op die hals sou haal nie.[16]

Die belangrike rol wat Sechaba as propaganda- en kommunikasiemiddel in die ANC se strategiese mondering vertolk het, begin stadig maar seker bekend word. Ellis en Sechaba (laasgenoemde is die skuilnaam van 'n beweerde SAKP-lid) se karakterisering van Sechaba as sou dit onder meer *"one of the main vehicles for the all-important national question"* wat gedurende die tagtigerjare in ANC-geledere gewoed het, gewees het,[17] is 'n voorbeeld van hierdie nuwe erkenning van die blad se rol in die ANC se stryd teen blanke oorheersing.

Ander navorsers het reeds telkens gewys op die mobiliseringsrol wat Sechaba binne Suid-Afrika gespeel het. Terekhov beweer in hierdie verband dat

---

*13. Sechaba, September 1969, p20.*
*14. Sechaba, Third Quarter 1978, p44.*
*15. Sechaba, October 1968, p9.*
*16. Ibid.*
*17. S Ellis and T Sechaba: Comrades against apartheid..., p88.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Sechaba sedert 1967 in die voorste linie teen rassisme geveg het.[18] Party waarnemers oordeel dat die invloed van Sechaba egter groter in die buiteland was[19] waar dit prominent was in die ANC se pogings om Suid-Afrika geïsoleer te kry.[20] Hoe dit ook al sy, die rol wat Sechaba gespeel het begin stelselmatig, nadat die publisering daarvan gestaak is, aan die lig kom.

Een van die belangrikste redes waarom die rol wat Sechaba vertolk het vir 'n lang tydperk onbesing gebly het, is dat die Suid-Afrikaanse Regering doeltreffend teen die blad opgetree het. Sodanige optrede het gewissel vanaf ignorering en diskreditering tot onderdrukking daarvan. Die metodes wat aangewend is om die blad te onderdruk is bekend. 'n Voorbeeld van effektiewe diskreditering van Sechaba het gedurende November 1987 voorgekom. In daardie maand het die Regering toestemming verleen dat die Suid-Afrikaanse media uit 'n hoofartikel van Sechaba kon aanhaal. In daardie artikel is onder meer kommentaar gelewer oor die ontmoeting tussen 'n groep blanke Suid-Afrikaners en 'n ANC-afvaardiging wat kort te vore in Dakar, Senegal, plaasgevind het. Die gevolg van hierdie Regeringsoptrede was dat groot gewag in die blanke pers van die ANC se beweerde anti-blanke en anti-onderhandelingstandpunte, soos dit uit Sechaba aangehaal is, gemaak is.[21] Die reaksie van die Sowetan daarop was egter verteenwoordigend van die swart pers se siening op sodanige optrede. Daarvolgens is die Regering se optrede as arbitrêr verwerp en is aangedui dat die Sowetan nie deel sou hê aan die disseminering van Regeringspropaganda nie.[22]

'n Gebrek waaraan Sechaba mank gegaan het en wat die impak wat hy beide nasionaal (veral onder blankes) en internasionaal (veral in Westerse lande) kon gehad het, verklein het, was die feit dat die SAKP volgens alle aanduidings heelwat invloed op beide die inhoud en samestelling van Sechaba gehad het. Die blote feit dat SAKP-lede veral vanaf die Morogoro-konferensie 'n leidende rol in ANC-bedrywighede gespeel het en dat Sechaba in die Duitse

---

*18. L Terekhov: "Sechaba. 20 Years of struggle for freedom", in Africa and Asia Today, No 3, 1987.*
*19. New Nation, 20/7/1990: "Sechaba's future uncertain".*
*20. L Terekhov: "Sechaba. 20 Years of struggle for freedom", in Africa and Asia Today, No 3, 1987.*
*21. The Citizen, 18/11/1987: "ANC only interested in transfer of power - Bureau".*
*22. Sowetan, 19/11/1987: "Comment".*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Demokratiese Republiek gedruk is, veroorsaak dat dit feitlik vanselfsprekend die geval was. Bevindinge van Ellis en Sechaba in hierdie verband bevestig hierdie aanduiding.[23]

Tog kan die afleiding gemaak word dat die ANC Sechaba op 'n effektiewe wyse aangewend het - dit ten spyte van finansiële en logistieke probleme, sowel as die verbod waaraan die blad as publikasie van 'n verbanne organisasie in die binneland van Suid-Afrika onderworpe was. Die invloed van die blad op die internasionale terrein was volgens alle aanduidings substansieel. Die invloed wat op die bevrydingstryd binne Suid-Afrika uitgeoefen is, was volgens alle aanduidings ook betekenisvol. Relevante onderwerpe is deur die blad gedek met die doel om die bevrydingstryd onder die ANC se steunbasis te verpopulariseer en aan te moedig.

Soos meermale aangedui is, bestaan daar egter nie betroubare metodes om die propaganda- of beïnvloedingseffek van organe soos Sechaba met sekerheid te toets nie. Die feit dat die blad klandestien die land ingesmokkel en sirkulasiesyfers op ANC-beweringe en -skattings gebaseer is, bemoeilik die situasie verder.

Sechaba kan as 'n tipiese voorbeeld van hoe 'n propagandablad deur 'n rewolusionêre organisasie bedryf is, voorgehou word. Die inhoud van die blad het die stempel van propaganda gedra. Dieselfde boodskap is onder meer oor en oor herhaal. Voorts het die ANC-leierskap geen geheim daarvan gemaak dat Sechaba die organisasie se belangrikste propagandamiddel was nie. Die belangrikste voordeel wat die ANC teen 1989 uit Sechaba kon put, was egter dat dit soveel emosionele steun uit swart geledere vir die ANC verseker het.

Deurdat die Polisie Sechaba op groot skaal gebruik het in hofsake waarin beweerde ANC-lede tereg gestaan het, die feit dat die blad 'n verbode publikasie was en die verbintenis van Sechaba aan die ANC, wat as organisasie teen 1989 met heelwat aansien binne en buite Suid-Afrika beklee was, het die aansien van die blad onder swartes verder verhoog. Daar kan ook aangevoer word dat geen indringende studie van die geskiedenis van die

*23. S Ellis and T Sechaba: Comrades against apartheid..., p88.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ANC sedert 1967 volledig kan wees sonder om van Sechaba as bron gebruik te maak of minstens van die organisasie se amptelike orgaan kennis te neem nie.

Dit blyk dat Sechaba 'n duidelike begrip van sy doelwitte en prioriteite gehad het en dat daar nie gehuiwer is om dié doelwitte ooreenkomstig die ANC se taktiese en strategiese klemverskuiwings aan te pas nie. Volgens sy eie oordeel was Sechaba, ondanks aanvanklike finansiële tekortkominge, suksesvol in die taak waarvoor hy geloods is. Omdat die blad 'n propaganda-orgaan was, behoort sodanige aansprake met omsigtigheid benader te word en kan slegs die praktyk as maatstaf geneem word in die beoordeling van Sechaba se effektiwiteit.

Daar bestaan aanduidings dat die ANC die teikengehoor waarop Sechaba in Suid-Afrika gerig was, bereik het. Die sukses waarmee veldtogte wat op daardie gehoor gerig was bekroon is, staaf hierdie bewering. Die ANC het sy amptelike mondstuk, Sechaba, dus oorwegend suksesvol in sy stryd teen blanke oorheersing benut.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## BRONNELYS

### I. *REGERINGSPUBLIKASIES*

- *RP 74/1983:* Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, Pretoria, 1983

### II. *PERIODIEKE PUBLIKASIES*

- *The Citizen*, 18/11/1987
  11/10/1990
- *New Nation*, 20-26/7/1990
  8-14/2/1991
- *Sechaba*, Januarie 1967 - Desember 1989
- *Sowetan*, 19/11/1987
- *The Star*, 7/5/1990
- *Weekend Argus*, 5/5/1990

### III. *TYDSKRIFARTIKELS*

- *ADAM, H* A false lament. The ANC mourns the GDR. *Die Suid- Afrikaan*, April - Mei 1991
- *HASTINGS, A* The Christian Churches and liberation movements in Southern Africa. *African Affairs*, Vol 80, July 1981

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- *SILVERSTEIN, B* — Toward a science of propaganda. *Political Psychology. Journal of the International Society of Political Psychology*, Vol 8, No 1, 1987

- *TEREKHOV, L* — Sechaba: 20 Years of fighting for freedom. *Asia and Africa Today*, No 3, 1987

IV. *LITERATUUR*

- *ANON* — Pers, propaganda en openbare mening, Leiden, 1956

- *ANON* — Selected writings on the Freedom Charter 1955 - 1985. A Sechaba commemorative publication, London, 1985

- *ANON* — The Kairos Document. Challenge to the Church! A Theological Comment on the political crisis in South Africa, Johannesburg, 1986

- *ANON* — The Road to Damascus. Kairos and Conversion, Johannesburg, 1989

- *AUSTIN, D* — Chatham House papers 26. South Africa 1984, London, 1985

- *BOESAK, AA* — Farewell to innocence. A social-ethical study on Black Theology and Black Power, New York, 1976

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


- *BROWN, RM* — Theology in a new key. Responding to liberation themes, Philadelphia, 1978

- *COLLIGAN, P* — Soweto remembered. Conversations with Freedom Fighters, New York, 1981

- *DAVIS, SM* — Apartheid's rebels. Inside South Africa's hidden war, London 1987

- *DE JAGER, T* — Swart Bewussyn as rewolusionêre teorie. Ongepubliseerde D Phil, Universiteit van Pretoria, 1989

- *DU BOIS, NW* — Die massamedia en demokrasie in etnies-heterogene samelewings. Ongepubliseerde MA, Universiteit van Pretoria, 1985

- *ELLIS, S and SECHABA, T* — Comrades against apartheid. The ANC and the South African Communist party in exile, London, 1992

- *ELLUL, J* — Propaganda. The formation of men's attitudes, translated by Konrad Kellen and Jean Lerner, New York, 1965

- *FEBRUARY, V* — The Afrikaners of South Africa, London, 1991

- *FRANKEL, P, PINES, N, and SWILLING, M (eds)* — State, resistance and change in South Africa, Beckenham, 1988

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

- *GERHART, GM* — Black power in South Africa. The evolution of an ideology, London, 1978

- *GOBA, B* — An agenda for Black Theology: Hermeneutics for social change, Johannesburg, 1988

- *GROBLER, J* — A decisive clash? A short history of Black protest politics in South Africa, 1882 - 1976, Pretoria, 1988

- *GUTIERREZ, G* — A Theology of Liberation. History, politics and salvation, translated and edited by Sister Caridad Inda and John Eagleson, New York, 1988

- *HENDRICKS, JP* — From moderation to militancy: A study of African leadership and political reactions in South Africa, 1936 - 1960. Unpublished PHD, University of Michigan, 1983

- *HERBSTEIN, D* — White man, we want to talk to you, London, 1978

- *HEYNS, JA* — Teologie van die rewolusie, Kaapstad, 1975

- *IRION, FC* — Public opinion and propaganda, New York, 1950

- *JOWETT, GS and O'DONNELL, V* — Propaganda and persuasion, Beverly Hills, 1986

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- *JUNIOR, RF* — Class and nationalism in South Africa: A study in the radicalisation of Black politics (1652 - 1976). Unpublished Ph.D, University of Notre Dame, 1981

- *KARIS, T and CARTER, GM (eds)* — From protest to challenge. A documentary history of African politics in South Africa 1882 - 1964. Volume 2: Hope and challenge 1935 - 1952, Stanford, 1973

- *KARIS, T, CARTER, GM and GERHART, GM (eds)* — From protest to challenge.A documentary history of African politics in South Africa 1882 - 1964. Volume 3: Challenge and violence 1953 - 1964, Stanford, 1977

- *KATZ, E and SZECSKÖ, T (eds)* — Mass media and social change, London, 1981

- *KATZ, D, CARTWRIGHT, D, ELDERSVELD, S and LEE, AM (eds)* — Public opinion and propaganda, New York, 1954

- *KOTZE, DA* — African politics in South Africa 1964 - 1974. Parties and issues, Pretoria, 1975

- *LAPPING, B* — Apartheid. A history, London, 1986

- *LARSON, CU* — Persuasion. Reception and responsibility, Belmont, 1989

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


- *LEONARD, R* South Africa at war. White power and the crisis in Southern Africa, Westport, 1983

- *LERNER, D* Paper bullets. Great propaganda posters in full color, Axis and Allied countries World War II. With an essay on psychological warfare, London, 1980

- *LODGE, T* Black politics in South Africa since 1945, London, 1983

- *MACKENZIE, AJ* Propaganda boom, London, 1938

- *MALAN, JC* Propaganda en oorreding. Ongepubliseerde MA, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1973

- *MANGENA, M* On your own. Evolution of Black Consciousness in South Africa/ Azania, Braamfontein, 1989

- *MEER, F* Higher than hope. "Rolihlahla we love you", Braamfontein, 1988

- *MILBURN, MA* Persuasion and politics. The social psychology of public opinion, Belmont, 1991

- *MOODIE, DT* The rise of Afrikanerdom. Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion, London, 1975

- *MORGENTHAU, HJ and* Politics among nations. The struggle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


*THOMPSON, KW* — for power and peace, sixth edition, New York, 1985

- *MOTLHABI, M* — The theory and practice of Black resistance to apartheid. A social-ethical analysis, Johannesburg, 1984

- *MURTY, BS* — The international law of propaganda. The ideological instrument and world public order, New Haven, 1989

- *NIMMO, DD and SANDERS, KR (eds)* — Handbook of political communication, London, 1981

- *NOLUTSHUNGU, SC* — Changing South Africa. Political Considerations, Manchester, 1982

- *ODENDAAL, A* — Black protest politics in South Africa to 1912, Claremont, 1984

- *POOL, I de S, FREY, FW, SCHRAMM, W, MACCOBY, N and PARKER, EB (eds)* — Handbook of communication, Chicago, 1973

- *PRAKASH SETHI, S (ed)* — The South African quagmire. In search of a peaceful path to Democratic Pluralism, Cambridge, Massachusetts, 1987

- *QUALTER, TH* — Opinion control in the democracies, London, 1985

- *RANUGA, TK* — Marxism and Nationalism in South Africa (Azania): A comparative and critical analysis of the ideological

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


conflict and consensus between Marxism and Nationalism in the ANC, the PAC and the BCM, 1920 - 1980. Unpublished Ph.D, Brandeis University, 1982

- *RHOODIE, NJ and VENTER HJ* — Apartheid. A socio-historical exposition of the origin and development of the apartheid idea, Pretoria, 1959

- *ROLOFF, ME and MILLER, GR (eds)* — Persuasion: New directions in theory research, London, 1980

- *SCHRAMM, W (ed)* — Mass communications, Chicago, 1960

- *SCHRAMM, W and ROBERTS, DF* — The process and effects of mass communication, revised edition, London, 1974

- *SUTTNER, R and CRONIN, J (eds)* — 30 Years of the Freedom Charter, Johannesburg, 1986

- *VAN JAARSVELD, FA (red)* — Honderd Basiese Dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648 - 1961, Goodwood, 1980

- *VAN VUUREN, DJ, WIEHAHN, NE, LOMBARD, JA and RHOODIE, NJ (eds)* — Change in South Africa, Durban, 1983

- *VAN ZYL SLABBERT, F and SMUTS, D (eds)* — The system and the struggle. Reform, Revolt and Reaction in South Africa, Johannesburg, 1989

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

- *WAINWRIGHT, E and WAKABAYASHI, B (eds)* — South Africa: Reform and Revolution. Papers from a conference of the South African PWPA, held in Sandton, South Africa, April 7 - 10, 1988, Johannesburg, 1988

- *WALKER, C* — Women and resistance in South Africa, Cape Town, 1991

- *WELLS, JC* — The History of Black Women's struggle against Pass Laws in South Africa, 1900 - 1960. Unpublished Ph.D, Columbia University, 1982

V. *PERSOONLIKE MEDEDELING*

- Onderhoud met Selby Msimang, die laaste redakteur van *Sechaba*, op 1991/02/18 in die ANC se "Department of Information and Publicity" se kantore in Johannesburg

VI. *DIVERSE*

- *GROBLER, JEH* — "Die rol van bevrydingsteologie in politieke aktivisme in Suid-Afrika en Nicaragua: 'n Histories-vergelykende analise", referaat gelewer by die tweede jaarlikse konferensie van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, RAU, 18 Januarie 1990

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# OPSOMMING

## SECHABA AS MONDSTUK IN DIE ANC SE STRYD TEEN BLANKE OORHEERSING, 1967-1989

**Kandidaat:** Johan Jacobs
**Departement:** Geskiedenis
**Promotor:** Dr JEH Grobler
**Mede-promotor:** Prof WA Stals
**Graad:** D.Phil

Nadat die ANC in 1960 verbode verklaar en sodoende gedwing is om ondergronds te beweeg, het die organisasie se leierskap in ballingskap tot die besef gekom dat die loodsing van 'n propaganda- en kommunikasiemiddel noodsaaklik geword het. Daar is tot die besef gekom dat so 'n propagandamondstuk 'n noodsaaklike wapen in die arsenaal van enige bevrydingsbeweging verteenwoordig het. As gevolg hiervan is 'n maandblad getiteld Sechaba (of "nasie" in Sotho) gedurende Januarie 1967 die eerste keer gepubliseer. Dit het internasionaal as die ANC se amptelike mondstuk bekend geword. Die laaste uitgawe van Sechaba het in Desember 1990 verskyn.

Die blad het van meet af aan met praktiese probleme te kampe gehad. Die belangrikste hiervan was dat dit in die voormalige Duitse Demokratiese Republiek gedruk was (en dus ver van die situasie in Suid-Afrika verwyder was), sowel as die feit dat die ANC konstant deur gebrekkige finansies geteister is.

Gemeet aan die kenmerke van tradisionele propaganda, kan Sechaba op grond van sy inhoud, styl en samestelling as 'n tipiese propagandablad beskryf word.

Daar is aanvanklik gemeen dat Sechaba die ANC se internasionale stem sou verteenwoordig. In hierdie verband is die blad doeltreffend benut in die veldtog om Suid-Afrika geïsoleer te kry. Politieke gebeure gedurende die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


sewentigerjare in Suid-Afrika het egter daartoe aanleiding gegee dat Sechaba se fokus na Suid-Afrika self verskuif het. Dit het nuwe uitdagings, maar ook verdere probleme vir die ANC beteken deurdat die blad op groter skaal die land in gesmokkel moes word. Dié probleem is bevredigend oorkom.

In die binneland is Sechaba benut om onder meer steun vir die ANC onder vroue, die jeug en studente te werf. Dit is gedoen deur byvoorbeeld op swart nasionalisme en swart teologie klem te lê. Die blad is ook benut om veldtogte, waaronder die popularisering van die Freedom Charter, te loods, die ANC se strategie en ideologiese doelwitte bekend te stel en die apartheidstelsel en Afrikaners te ontleed.

Volgens die ANC, sowel as in Sechaba se eie oordeel het die blad die take waarvoor hy gestig is, suksesvol aangepak en afgehandel. Geen wetenskaplike metodes bestaan om die ANC se aansprake te toets nie. Tog kan gekonstateer word dat daar getuienes bestaan, waaronder die feit dat Sechaba die bekendste propagandabron van al die bevrydingsbewegings in Suid-Afrika was, wat daarop dui dat die ANC se aansprake nie totaal ongegrond was nie.

Die ANC het sy amptelike mondstuk, Sechaba, dus met redelike sukses in sy stryd teen blanke oorheersing aangewend.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SUMMARY

**SECHABA AS OFFICIAL ORGAN IN THE ANC's FIGHT AGAINST WHITE SUPREMACY, 1967-1989**

Candidate : Johan Jacobs
Department : History
Promotor : Dr JEH Grobler
Co-promotor : Prof WA Stals
Degree : D.Phil

After the ANC was banned in 1960 and was thus forced to move underground, the organisation's leadership in exile realised that a propaganda and communication organ had to be launched as matter of priority. This realisation was founded on the belief that a propaganda mouthpiece played an important role in any liberation movement's endeavours. The result of this was the launching of a monthly journal called Sechaba (or "nation" in the Sotho language) during January 1967. The journal was internationally recognised as the ANC's official mouthpiece. The last issue of Sechaba was published in December 1990.

From the start, Sechaba experienced practical problems. The most important of these were that it was printed in the former German Democratic Republic (far removed from the situation in South Africa) and that the ANC constantly experienced financial difficulties.

It can be stated that in style, content and composition Sechaba exhibited all the characteristics of traditional propaganda. Sechaba was thus a typical propaganda journal.

It was originally envisaged that Sechaba would represent the international voice of the ANC. In this regard, the journal played an important role in the campaign to isolate South Africa. Political developments in South Africa during the seventies forced the ANC to shift the focus of Sechaba to South

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024

Africa's domestic audience. This created new challenges but also further problems for the ANC - especially since that meant that more copies of the journal had to be smuggled into South Africa. This problem was solved satisfactorily.

In South Africa Sechaba was used, amongst other things, to canvass support for the ANC among the youth, students and women. This was done by harping on themes such as black nationalism and black theology. The journal was also used to propagate campaigns (one of which was the campaign to popularise the Freedom Charter), to introduce to South Africans the strategy and aims of the ANC and to analyse the system of apartheid and Afrikaners in general.

In the ANC's, as well as Sechaba's own estimation, the journal accomplished the tasks that it was launched to address. No scientific methods are available to test these statements. It can, however, be stated that there is evidence to show that the ANC's claims are not totally groundless. The fact that Sechaba was the best known source of propaganda among those of all the liberation movements operating in South Africa is but one example of this.

It may therefore be stated that the ANC used its official organ, Sechaba, with reasonable success in its fight against white supremacy.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2024